# DIE BESTUDERING

van

# BEPAALDE KARAKTEREIENSKAPPE

in verband met

# SEKERE PROFESSIES.

deur

CATHARINA PETRONELLA CALITZ B.A.,H.O.D.,M.Ed.

'n PROEFSKRIF AANGEBIED ter GEDEELTELIKE NAKOMING van die VEREISTES vir die GRAAD

DOCTOR EDUCATIONIS

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT vir C. H. O.

PROMOTOR: PROFESSOR dr. H. J. J. BINGLE.

NOVEMBER 1958.

## VOORWOORD.

Wanneer daar in verband met suksesvolle beoefening van 'n beroep gepraat word, of dit nou 'n leek of kenner op opvoedkundige gebied of belanghebbende in en by die nywerhede is, word die mening gelug dat persoonlikheid en karakter 'n baie belangrike rol speel. Hierdie mening word nie net algemeen gehuldig nie, maar die belangrikheid daarvan spreek duidelik uit die ondersoeke op sielkundige sowel as opvoedkundige gebied, uit eksperimente en aanpassingskale in die nywerheidswêreld, uit ondersoeke deur Geesteshigiëne Verenigings en organisasies. Die belangrikheid van die verband tussen persoonlikheid en karakter en die professies dring ook na vore as ons die sporadiese ondersoeke op hierdie gebied nagaan. Hierdie rol wat persoonlikheid en karakter in verband met die professies speel, is nie net vanuit die ekonomiese oogpunt gesien belangrik nie, maar ook vanuit die opvoedkundige. Dit is ook om laasgenoemde rede dat die skryfster haar die gedeeltelike bestudering van hierdie probleem soos verder uiteengesit word, as taak gestel het.

Die ondersoek het gestrek vanaf Januarie 1951 tot Junie 1952. Die geraadpleegde werke rakende die opstel van die lys van eienskappe dateer tot 1951. Werke wat na die tyd verskyn het en geraadpleeg is, is gedoen met die oog op die verwerking van die resultate.

Die skryfster is ten volle bewus daarvan dat hierdie studie nie die laaste woord oor die onderhawige vraagstuk gespreek het nie. Hier word gepoog om slegs een benaderingskant van die probleem daar te stel.

Die studie word streng tot karaktereienskappe beperk, en daarom is belangrike vraagstukke soos o.a. die in verband met intelligensie en bekwaamheidsvereistes heeltemal buite bespreking gelaat.

Om die probleem in sy regte perspektief te sien word in die inleidende afdeling A, eerstens, kortliks 'n oorsig gegee van wat ons onder persoonlikheid, karakter, temperament en beroep verstaan. Die doel is nie om 'n eie oorspronklike mening te formuleer nie, maar om baie kortliks die beskouing wat hier as uitgangspunt aanvaar is, te omlyn. Omdat die vraagstuk omtrent persoonlikheid, karakter en temperament omvangryk is, en slegs die daarstelling van die benaderingskante etlike honderde bladsye sou beslaan, is die omlyning ook baie ingeperk. In die eerste plek is die filosofiese aspek as sodanig feitlik uitgeskakel, en net die psigologies-opvoedkundige aspek aangestip. Ook die suiwer sielkundige beskouing is net aangeraak waar dit o.i. lig werp op die empiries-opvoedkundige terrein. Heel kort is daar by die beroep stilgestaan. Om ons doel te bereik, moes daar van bestaande metingsmetodes gebruik gemaak word, en daarom geniet die metingsmetodes aandag in hoofstuk II.

Die tweede deel, afdeling B, behels die eie ondersoek. Hier het ons die doelstelling, die metode gevolg om die gegewens te bekom, asook die metode gevolg by die verwerking van die resultate. Daarna volg die gegewens, die bespreking, die implikasies daarvan en die gevolgtrekkings.

Dit is verder my aangename taak om die persone sonder wie se hulp hierdie studie nooit die lig sou kon sien nie, te bedank. In die eerste plek my dank aan al die proefpersone wie se intense belangstelling en medewerking vir my 'n aansporing in alle opsigte was. In die tweede plek persone en vriende wie se aanmoediging ten tye toe tyd en werksomstandighede uiters moeilik was, die enigste rede was waarom daar nie tou opgegooi is nie. In besonder wil ek hier die naam van dr. J.L. du Toit noem. Derdens word dr. J.M. de Wet vir hulp verleen om geskikte formules te vind vir die statistiese berekeninge genoem. Ten laaste maar beslis die allermeeste, professor dr. H.J.J. Bingle wat tussen al sy veelvuldige werksaamhede nog tyd afgesonder het om te ageer as promotor. Sy breë kennis, insig, aanmoediging en leiding was 'n ware steunpilaar.

Die skryfster.

ZASTRON.
11 November 1958.

# INHOUDSOPGAWE

## AFDELING A.

BLADSY

## HOOFSTUK I.


| | |
|---|---|
| Persoonlikheid, Karakter, Temperament en Beroep | 1 - 42 |
| 1 Algemeen | 1 |
| 2 Persoonlikheid | |
| (a) Gedragpsigologie | 2 |
| (b) Hormiese beskouing | 2 - 3 |
| (c) Diepte Sielkunde | 3 - 5 |
| (d) Gestaltsielkunde | 5 - 6 |
| (e) Dink-wilsielkunde | 6 - 7 |
| (f) Tipe - Sielkunde | 7 - 24 |
| (i) Morfologiese | 8 |
| (ii) Fisiologiese-Biologiese grondslag | 9 - 11 |
| (iii) Sheldon | 11 - 13 |
| (iv) Eidetiese Tipe | 13 |
| (v) Jung se Introverte - Ekstroverte | 13 - 14 |
| (vi) Spranger : Tipologie | 14 - 17 |
| (vii) Klages se Indeling | 17 - 19 |
| (viii) Szondi | 19 - 21 |
| (ix) Die Christelike Beskouinge | 21 - 24 |
| (x) Samevatting | 24 - 25 |
| 3 Karakter | 26 - 32 |
| (a) Inleiding | 26 |
| (b) 'n Paar spesifieke beskouinge oor karakter | 26 - 31 |
| (i) Gedragsielkunde | 26 - 27 |
| (ii) Hormiese Beskouing | 27 - 28 |
| (iii) Karakter as Inhibisie | 28 |
| (iv) Waar nie tussen Persoonlikheid en Karakter onderskei word nie | 29 |
| (v) Karakter as waardegerig | 29 |
| (a) Kerschensteiner, Utitz en Spranger | 29 - 30 |
| (b) Die Christelike denkrigting | 30 - 31 |
| (vi) Samevatting | 31 - 32 |
| 4 Temperament | 32 - 35 |
| (a) Inleiding | 32 |
| (b) Algemene Opvattinge | 32 |
| (c) Spesifieke Beskouinge | 33 |
| (i) Ewald | 33 |
| (ii) McDougall | 33 - 34 |
| (d) Samevatting | 34 - 35 |
| 5 Beroep | 36 - 42 |
| (a) Inleiding | 36 |
| (b) Beroep | 36 - 37 |
| (c) Beroepskeuse | 37 |
| (d) Beïnvloedingsfaktore | 38 - 42 |
| (i) Die Jeugdige en die Beroep | 38 - 39 |
| (ii) Omgewingsfaktore | 39 - 41 |
| (iii) Wilsfaktor | 41 |
| (iv) Persoonlikheid en Karakter | 41 - 42 |
| (e) Samevatting | 42 |

BLADSY

H O O F S T U K II 43 - 77

A Meting : Persoonlikheid en Karakter 43 - 59

1 Inleiding 43
2 Metingsmetodes 43 - 59

(a) Waarneming 43 - 44
(b) Skattingskale 45 - 46
(c) Die Grafiese skaal 46
(d) Meting van Persoonlikheid op grondslag van gedrag 46 - 47
(e) Fisiologiese en Biochemiese grondslae 47 - 50
(f) Indiwiduele Metodes 51 - 56

(i) Onderhoud as Metingsmetode 51
(ii) Woord-assosiasie Toets 51 - 52
(iii) Projeksie-toetse 52 - 56

(g) Die Questionnaire 56 - 58
(h) Die Battery toetse 58 - 59
(i) Samevatting 59

B Meting van Persoonlikheids- en Karaktereienskappe in verband met die professies 59 - 75

1 Inleiding 59 - 61
2. Bingham se ondersoek 61 - 68
3 Nel, Die Psigologie van die Onderwyser 68 - 75

C Samevatting 75 - 77

A F D E L I N G B

H O O F S T U K III 78 - 90

A Probleemstelling 78 - 79

(a) Doelstelling 78
(b) Professies 78 - 79

B Metode 79 - 84

1 Die keuse van die metode van Ondersoek 79
2 Die Opstelling van die vraelys 79 - 83
3 Proefnemer en Proefpersone 83 - 84

C Algemene Opmerking oor die gegewens 84 -

1 Beantwoording van vraelys 84 - 85
2 Beïnvloedingsfaktore 85 - 86
3 Interpretasie Moontlikhede 86 - 90

H O O F S T U K IV 91 - 162

A Regsprofessie 91 - 106

1 Inleiding 91
2 Bevindinge Ppe groep 1 91 - 96
3 Bevindinge Ppe groep 2 96 - 99
4 Samevatting van Ppe groep 1 en 2 99 - 103
5 Eienskappe Bygevoeg deur Ppe self 103 - 104
6 Meninge van Ppe 104 - 105
7 Samevatting 105 - 106

B Mediese Professie 107 - 120

1. Inleiding 107
2. Bevindinge ppe groep 1 107 - 112
3. Bevindinge ppe groep 2 112 - 116
4. Samevatting van ppe groep 1 en 2 116 - 117
5. Eienskappe bygevoeg deur ppe self 117 - 119
6. Meninge van ppe 119 - 120
7. Samevatting 120

C Rekenmeesters 121 - 134

1. Inleiding 121
2. Bevindinge ppe groep 1 121 - 126
3. Bevindinge ppe groep 2 126 - 129
4. Samevatting van ppe groep 1 en 2 129 - 133
5. Eienskappe bygevoeg deur ppe self 133 -
6. Meninge van ppe 133 - 134
7. Samevatting 134

D Onderwysprofessie 135 - 148

1. Inleiding 135
2. Bevindinge ppe groep 1 135 - 140
3. Bevindinge ppe groep 2 140 - 143
4. Samevatting van ppe groep 1 en 2 143 - 147
5. Eienskappe bygevoeg deur ppe self 147 - 148
6. Meninge van ppe 148
7. Samevatting 148

E Predikante 149 - 162

1. Inleiding 149
2. Bevindinge ppe groep 1 149 - 153
3. Bevindinge ppe groep 2 154 - 156
4. Samevatting van ppe groep i en 2 156 - 159
5. Eienskappe bygevoeg deur ppe self 159 - 161
6. Meninge van ppe 161 - 162
7. Samevatting 162

H O O F S T U K V 163 - 213(b)

IMPLIKASIES

A Algemeen 163
B Ooreenkomste en Verskille 163 -

1. Ooreenkomste 163
2. Verskille 163
3. Ooreenkomste en verskille vergelykend 163 - 205

(a) Regsprofessie en Mediese Professie 205 - 206
(b) Regsprofessie en Rekenmeesters-Professie 206 - 207
(c) Regsprofessie en Onderwysprofessie 207
(d) Regsprofessie en Predikante 207 - 208
(e) Mediese professie en Rekenmeestersprofessie 208 -
(f) Mediese professie en Onderwysprofessie 208 - 209
(g) Mediese professie en Predikante 209
(h) Rekenmeestersprofessie en Onderwysprofessie 209 - 210

(i) Rekenmeestersprofessie en Predikante 210 - 211
(j) Onderwysprofessie en Predikante 211

4. Hoë Korrelasiefaktore en nie-duidendheid van verskille 211 - 213(b)

HOOFSTUK VI 214 -

OPVOEDKUNDIGE IMPLIKASIES

1 Algemeen 214 - 215
2 Die Betekenis vir die opvoeding in die algemeen 216 - 219
3 Implikasies in verband met Beroepsvoorligting 219 - 224

GRAFIEKE

I - IV Stand van al 14 eienskappe vir al 5 professies 173 - 176
V - XVIII Stand van elke eienskap apart vir al vyf professies vir al vier grade 177 - 190
XIX - Stand van elke eienskap vir al vier grade vir al vyf professies 191 - 204

TABELLE

Aantal 72

BYLAE

1 Voorbeeld van vraelys uitgestuur

BIBLIOGRAFIE (i) - (iv)

# A F D E L I N G   A

## HOOFSTUK I

## I N L E I D I N G

### I. Persoonlikheid, karakter, temperament en beroep.

#### 1) Algemeen.

Die doel van hierdie ondersoek is om na te gaan tot watter mate bepaalde karaktereienskappe met bepaalde professies geassosieer kan word, en daarom is dit noodsaaklik om kortliks uiteen te sit wat onder die begrippe persoonlikheid, karakter, temperament en beroep verstaan word.

Aangesien hierdie vraagstuk vanuit die opvoedkundige aspekte daarvan bestudeer word, sal die klem by die omskrywing van bostaande begrippe vanuit daardie hoek benader word en nie soseer vanuit die suiwer filosofiese en psigologiese nie maar hoofsaaklik vanuit die opvoedkundig-sielkundige dus. En tog kan nie altyd van die filosofiese en psigologiese benadering heeltemal verby gekom word nie.

#### 2) Persoonlikheid.

Dit val moeilik om die begrip "persoonlikheid" te bepaal, te definieer of selfs te omskryf. Die aanwesigheid van die "persoonlikheid" is onafskeidbaar van wat daaronder verstaan word. Dit beteken dat daar eers 'n beskouing oor wat onder "persoonlikheid" verstaan word, geformuleer moet word voordat die aanwesigheid van "persoonlikheid" vasgestel kan word. M.a.w. die metode vir die bepaling van persoonlikheid is die omskrywing daarvan, en juis die omskrywing is so moeilik. Daar is etlike filosofiese beskouinge waarvan geen twee tot dieselfde slotsom geraak nie. En so is dit ook met die psigologiese beskouinge gesteld, elkeen hou ook sy eie mening daarop na. Dan is daar nog die filosofies-psigologiese beskouinge, en ander omskrywings wat nie onder 'n spesifieke vakwetenskap ingedeel kan word.

Histories wissel die gedaante van omskrywing van persoonlikheid ook. Die vroegste omskrywinge was hoogs subjektief[1], terwyl die resente beskouinge die meer objektief wetenskaplike beklemtoon.

Die benaderingsmetodes by die bestudering van die bepaling van persoonlikheid onderskei drie hoofrigtings, eerstens die ontleding en meting van die onderdele waarvan die somtotaal dan die geheel uitmaak, tweedens die totaliteitsbeskouinge en derdens verskeie metodes wat nie onder die eerste of tweede ingedeel kan word nie. Hierdie uiteenlopende persoonlikheidsbeskouinge berus op die verskillende persoonsverklaringe,

---

1) Tracy, the Psychology of Adolescence, 121 - 122.
Morrison, Basic Principles in Education, 232 - 233.
Schwezinger, Heredity and Invironment, 93.
Utitz, Charakterologie, 259.

en al laat ons alle filosofiese beskouinge links lê, as ook die psigologiese kan ons nog by die opvoedkundige sielkunde hoofsaaklik drie persoonsverklaringe wat as grondslae vir die persoonlikheidsbeskouinge dien, onderskei. Eerstens het ons die beskouinge waar die persoonsverklaringe op die ewolusie teorie berus; die tweede is filosofies-antropologies en die derde is die christelike grondslag. Laat ons dan kortliks 'n paar van die persoonlikheidsverklarings van nader beskou. Hoewel dit hier gaan om die opvoedkundig-sielkundige opvatting, moet ons terug gaan tot die sielkundige omdat die opvoedkundig-sielkundige slegs die toepassing van die suiwer sielkunde is.

(a) Gedragpsigologie.

Gedragpsigologie omskryf persoonlikheid as 'n georganiseerde stelsel van handeling, gewoontes, ideale, d.i. sosiale eise, houdings en doelstellings van die indiwidu as deel van die maatskappy. Persoonlikheid is dus die produk van die omgewing met sy bepaalde ideale, houdings en doelstellings soos Symonds[1] dit as volg uitdruk : "A rich, stimulating, social adequate environment leads to one kind of conduct; a a povertystricken, squalid, harsh or cruel environment leads to another kind of conduct. So important is the environment that it can be used to help evaluate or even predict conduct. Delinguency flourishes in one kind of environment, good citizenship in another. Pupils coming from good homes with thoughtful parental supervision, attending good schools with an atmosphere of social coöperation, and having access to adequate churches and playgrounds, are almost certain to exhibit desirable characteristics". Kortom, persoonlikheid is dus 'n wye begrip waarvan die kern, nl. die enkelvoudige refleks en drie oorgeërfde emosies: vrees, woede en liefde, die belangrikste prikkel is die sosiale omgewing. Die ontwikkeling van persoonlikheid is 'n proses, waar daar nie tussen mens of dier onderskei word nie, van kondisionering en rekondisionering ter gewoontevorming. Daar is geen duidelike onderskeiding tussen wat onder persoonlikheid en wat onder karakter verstaan moet word.

Hierdie beskouing onderskei homself van die volgende, nl. die Hormiese in die sin dat daar wel tussen mens en dier onderskei word, asook tussen persoonlikheid en karakter.

(b) Hormiese beskouing.

Die Hormiese sielkunde aanvaar 'n dinamiese grondslag en wel die instinkteleer vir die verklaring van persoonlikheid. Die belangrikste eksponent van hierdie denkrigting is Mc.Dougall[2]. Instinkte is oorgeërfde psigofisiese disposies met drie aspekte. Eerstens het ons die kenaspek wat die prikkel waarneem; tweedens die strewingsaspek wat die bewegingsuitvoer, en die veranderinge in die situasie teweegbring; derdens lê daar tussen die kenaspek

---

1) Symonds, Diagnosing Personality and conduct, 12 - 13.
2) Mc Dougall, An introduction to Social Psychology, 25 - 28.

en die strewingsaspek die kern, d.i. die emosie of gevoelsaspek. Instinkte is die essensiële bronne, of aangebore magte van alle denke en handeling en dus van die persoonlikheid.

"The human mind has certain innate or inherited tendencies which are the essential springs or native powers of all thought and action and are the bases from which character and will of individuals and nations gradually developed under the guidance of the intellectual faculties".[1]

Daar is altesame twaalf instinkte, elkeen met die drie genoemde kenmerkende aspekte. Uit hierdie instinkte ontwikkel Mc.Dougall verskillende sentimente, en van hierdie sentimente is die sentiment van selfrespek die belangrikste. Laasgenoemde sentiment speel ook die belangrikste rol in selfbeheersing, die sedelike, prestasie, liefde, haat en patriotisme. Die sentiment van selfrespek word opgebou uit die twee belangrikste gedragsbepalende instinkte, n.l. selfverheffing en selfonderwerping. Verder is ook aangebore 'n magswil en 'n ewewigsbepalende mag wat die eienskap besit om die meerderheid in andere raak te sien en sig te onderwerp. Om hierdie selfrespek op te bou, moet die mens lank en baie leer. Persoonlikheid is dus opgebou uit sentimente met selfrespek as die oorheersende. Belangrik is die gedagte dat sentimente nie 'n verbinding van twee of meer instinkte is nie, maar al die instinkte wat 'n sentiment opbou word onderdele van 'n geheel wat nie as 'n samestelling nie, maar as 'n totaliteit fungeer, en waar verskillende emosies saamvloei. Die ontwikkeling van die selfrespek geskied deur wisselwerking tussen indiwidu en sosiale omgewing wat o.a. insluit: mense, godsdiens en etiese onderrig, letterkunde, geskiedenis, ens.

By die ontleding van persoonlikheid toon Mc.Dougall[2] drie aspekte aan, n.l. (i) Disposisie wat aangebore is en bestaan uit die somtotaal van die instinkte. (ii) Temperament, dit is die gevolge van die chemiese veranderinge in die liggaam op die psigiese lewe, baie belangrik is veral die afskeidings van die buislose kliere. (iii) Karakter wat bestaan uit die samestelling van neigings opgebou uit die disposisie en temperament. (iv) "Temper" d.i. die manier waarop die instinkte reageer. Alle gedrag is dus doelnastrewend en het 'n energiebron. Die ontwikkeling van persoonlikheid is dus doelgerig, en die kern van persoonlikheid oorgeërf.

(c) Dieptesielkunde.[3]

Die Dieptesielkunde het drie hoofvertakkinge. Eerstens het ons die psigo-analitiese persoonlikheidsverklaring. Hierdie verklaringe omvat lywige ingewikkelde uiteensettinge waarvan sommige sterk metafisies gekleurd is. Kortliks kom die uiteensetting van persoonlikheid hierop neer: Daar word in die eerste plek 'n

1) Mc.Dougall, An Introduction to Social Psychology, 25 - 2
2) Mc.Dougall, An Introduction to Social Psychology, 351 - 450.
3) Bogenoemde is opsommende verwerking van al die opvattinge weergegee in die bronne genoem in die bibliografie met Freud, Adler en Jung as hoof eksponente.

bewuste en 'n nie-bewuste onderskei. Die nie-bewuste bestaan uit 'n primêre en 'n sekondêre onbewuste. Die primêre onbewuste is aangebore. Die sekondêre onbewuste word gevorm deur verdronge materiaal wat met mekaar verbind om komplekse te vorm. Die komplekse is belangrike dryfvere in persoonlikheid. Die kern van die persoonlikheid is dus die primêre onbewuste met die libido, d.i. die seksinstinkenergie, die ego, die selfbehoudinstink, die sensuur, die lusbeginsel en die Ego-Ideaal. Daar is verskillende ontwikkelingsfases en stadia wat die indiwiduele persoonlikheidsverskille moet verklaar. Kortom, persoonlikheid is in sy kern die primêre onbewuste, en die groei tot 'n volwasse persoonlikheid afhanklik van die stadium en die graad van die ontwikkeling van die Ego en seksinstinkte asook die Ego-Ideaal.

Die Indiwidual-psigologie, die tweede vertakking van die Dieptesielkunde, neem as uitgangspunt vir sy persoonlikheidsbeskouing die gemoedsgesteldheid. Daar is 'n strewe na die volmaakte wese. Die strewe het ook ten doel die verkryging van mag oor die omgewing. In sy kern berus die beskouing op die beginsel van 'n fisiese of psigiese minderwaardigheidskompleks waarvoor gekompenseer moet word. Daar is 'n gedurige strewe na volmaaktheid. Die kompensasie verloop nie altyd harmonies nie. Die psigiese kompensasie-aktiwiteit word die magsgevoel genoem. Die kompensasiereaksies verskil op grond van die gewaande minderwaardigheid wat volgens Adler, die grondlegger van hierdie rigting, gewoonlik in die seksorgane skuil. Die kompensasiereaksies is die ontwikkelingskoers van die persoonlikheid. Die verskil in die gewaande minderwaardigheid asook die verskil in die kompensasiereaksies verklaar die indiwiduele verskille.

Vir Adler is die strewe na volmaaktheid by albei sekse 'n strewe na ware manlikheid. By die vrou is die skeppingsdrang die essensiële, terwyl die man liefs eksperimenteer en soek na die wette wat oor homself heers. Kenmerkend van die manlike persoonlikheid is sekerheid, meerderwaardigheid en selfrespek. Belangrik is ook die gedagte dat die psigiese kenmerke van hierdie sekse nie suiwer is nie. Daar word bv. by die man vroulike en by die vrou manlike kenmerke gevind. Hierdie gedagte berus natuurlik op 'n fisiologies aanvaarde feit.

Vir die analitiese sielkunde[1]), die derde vertakking van die Dieptesielkunde, bestaan daar in elke indiwiduele gees reaksies op prikkels. Hierdie potensiële reaksies het geen verband met die indiwidu se ervaring of omgewing nie, alhoewel die potensiële reaksies deur die ervaring en omgewing omvorm kan word. Hierdie potensiële reaksies is die primitiewe voorvaderlike ervaring, is oorgeërf, verskil onderling asook van indiwidu tot indiwidu. Die onderlinge verskil verklaar die indiwiduele persoonlikheids- en gedragsverskille. Die analitiese sielkunde aanvaar ook 'n onbewuste. Hierdie onbewuste sluit alles in wat nie bewus is nie. Hierdie onbewuste word verder in twee gedeel, eerstens het ons die persoonlike onbewuste wat alles wat vergeet of onderdruk is, insluit;

1) Jung, volgens bibliografie.

tweedens die kollektiewe onbewuste wat 'n oorgeërfde psigiese funksie beklee, en waarvan die inhoud sterk mitologies gekleurd is. Die funksie van die onbewuste is grotendeels kompenserend of aanvullend van aard namate die bewuste te kort skiet. Laasgenoemde is 'n belangrike feit in soverre dit die ontwikkeling van die persoonlikheid raak, want hoe eensydiger die bewuste deel van die persoonlikheid is, des te meer word dit deur die onbewuste aangevul; en hierdie aanvulling kan uiteindelik tot dissosiasie van persoonlikheid lei, omdat, hoewel die bewuste en onbewuste aanvullend fungeer, die een tog ook die teenstelling van die ander is. Persoonlikheidsontwikkeling berus dus op potensiële reaksies wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die indiwiduele persoonlikheidsverskille, d.w.s. die kern van persoonlikheidsverskille word oorgeërf.

Samevattend kan ons sê dat die Dieptesielkunde 'n diepgaande persoonlikheidsbeskouing daarstel. Die aanvaarding van die onbewuste, en die invloed daarvan op die persoonlikheid en persoonlikheidsontwikkeling is van baie waarde, asook die gedagte dat persoonlikheid opvoedbaar is. Baie belangrik is die feit dat 'n deel van die onbewuste oorgeërf word, en dat juis hierdie aangebore deel van die onbewuste die grondslag van die indiwiduele persoonlikheidsverskille is. Ook moet die invloed wat die verwerfde onbewuste op die persoonlikheidsonwikkeling het, beklemtoon word. Kenmerkend van die Dieptesielkunde is die dualistiese beginsel. Psigo-analise stel die lusbeginsel teenoor die werklikheidsbeginsel; Indiwidual psigologie die minderwaardigheid teenoor die strewe na meerderwaardigheid, die hoofsaaklik manlike teenoor die hoofsaaklik vroulike. Die analitiese sielkunde plaas die introverte tipe teenoor die ekstroverte tipe, die belewing na buite teenoor die belewing na binne.

(d)4 Gestaltsielkunde[1].

Die Gestaltsielkunde slaan 'n heeltemal nuwe rigting in. Hierdie denkrigting gaan van die standpunt uit dat feite altyd kwantitatief sowel as kwalitatief is, en alle dinge het sin of betekenis. Die organisme reageer nie op plaaslike prikkels deur middel van plaaslike en onafhanklike reaksies nie. Die reaksie is eerder 'n antwoord op 'n hele patroon van prikkels. Die antwoord self is 'n samehangende onverdeelbare proses, 'n funksionele geheel wat by ervaring daarvan eerder 'n sintuiglike beeld voortbring as 'n mosaïek van plaaslike gewaarwordinge. 'n "Gestalt" is 'n innerlike georganiseerde sinvolle geheel, en elke onderdeel ontleen sy betekenis aan daardie geheel, en al die dele staan terselfdetyd met mekaar in verband. Hierdie verband is hoofsaaklik ruimtelik. Daar is 'n duidelike ruimtelike verband tussen die afsonderlik waarneembare dinge, en elke ervaring het 'n funksionele grondslag.[2]

---

1) Van Schilfgaarde dr, P., Gestalt Psychologie Wolfgang Köhler, 161 - 172.
Koffka K., Principles of Gestalt Psychology, 17.
Köhler W., Gestalt Psychology, 161.

2) Köhler W., Gestalt Psychology, 161.

Die Gestalt-sielkunde se gedragsverklaring berus op die feit dat die mens 'n deel van die geheel, die gemeenskap, vorm. Die Gestalt-sielkunde noem die gemeenskap egter die sosiologiese groep, en hierdie sosiologiese groep het sy ontstaan in die psigologiese groep wat op sy beurt ontstaan het uit die Ego. Die Ego, die liggaam, is 'n ervaring, 'n sigbare ding in dieselfde sin as 'n boek of 'n potlood dit is. Hierdie liggaam, die ego, is dan ook 'n "Gestalt".1) Hierdie ego beslaan 'n eie vlak, en die samesmelting met ander vlakke geskied nie voor die tweede lewensjaar nie. Die Ego vorm die grondslag van die ontwikkeling van die persoonlikheid. Tweedens is die Gestaltopvatting dinamies.2) Daar is 'n dinamiese verhouding tussen die dele van die geheel. Hierdie verhoudinge brei hulle deurlopend en aaneengeslote deur die hele proses uit, en altyd in funksionele betrekkinge. Gestaltsielkunde omskryf persoonlikheid dan ook as volg:3) "When we speak of personality, we think as a rule of the Ego within its culture, i.e., determined by its social framework."

Gestaltsielkunde het egter baie min aandag aan die direkte verklaring van persoonlikheid en persoonlikheidsontwikkeling gegee. Kortliks kom die persoonlikheidsbeskouing hierop neer, nl. die optrede van die persoonlikheid vorm 'n dinamiese geheel, dit is 'n eenheid waarvan die onderdele nie apart nie, maar in diens van die geheel saamwerk en optree. Die geheel omvat ook meer as net 'n opsomming van die eienskappe van die onderdele. Die ontwikkeling van die persoonlikheid moet gesien word as ontwikkeling toegespits op die totaliteits-situasie. Belangrik in hierdie verband is die verklaring van die leerproses, nl. leer geskied deur middel van insig en nie met gedurige herhaling soos die Gedragpsigologie beweer nie. Persoonlikheid moet dus as 'n dinamiese totaliteit gesien word, en die grondslag van die leerproses is insig. Hierdie verklaring van die leerproses toegespits op die persoonlikheid, gee ons 'n insig in die totale en skielike persoonlikheidsverandering as gevolg van een of ander gebeure of ervaring; hoewel dit nie verklaar waarom 'n gedragspatroon waarvan die verkeerdheid en onwenslikheid baie duidelik ingesien word tog nog herhaal word nie. Belangrik is ook die beginsel dat die persoonlikheidsontwikkeling as geheel, en in samewerking van die onderdele in diens van die geheel gesien moet word, wat vir ons beteken dat al die prosesse in die menslike ontwikkeling saamwerk tot die vorming van die persoonlikheid.

(e) 6 Dink-wilsielkunde.

Vir die Dink-Wilsielkunde4) is die grondslag van persoonlikheid die opvatting van die "onaanskoulike wete". So weet ons dat ons 'n persoonlikheid besit, dit kan egter nie waargeneem word nie, asook die inhoud daarvan

1) Köhler W., Gestalt Psychology, 164, 166.
2) ibid 105.
3) Koffka K., Principles of Gestalt Psychology, 676.
4) Külpe "Vorlesungen über die Psigologie", bls. 45,46.

bepaal word nie. Die gedrag by die mens en by die kind verskil van die gedrag by die dier.1) Die intellektuele ontwikkeling is 'n sterk stukrag by die persoonlikheids-ontwikkeling. Die gedrag van die mens word volgens hierdie rigting verklaar met "Ek wil". Volgens die Dink-Wilsielkunde is die hoër geesteslewe dus die grondslag van die persoonlikheid.

Die waardevolle van hierdie denkrigting is dat (i) daar onderskei word tussen gedrag by die dier en gedrag by die kind, die mens; (ii) persoonlikheid as 'n totaliteitsbegrip gesien word; (iii) die persoonlikheid besit word, waargeneem kan word, dog die inhoud daarvan nie bepaal kan word nie; (iv) die grondslag van die persoonlikheid die hoër geesteslewe is.

6. Samevatting

As ons bogenoemde uiteenlopende verklaringe vergelyk, vind ons tog ooreenkomste. In die eerste plek aanvaar die beskouinge 'n erflikheidsmassa, hoewel daar groot verskille bestaan in wat hierdie erflikheidsmassa nou wel alles insluit. Tweedens erken al die beskouinge die invloed van die omgewing, maar ook hier is die onderlinge verskille baie groot. Derdens word die opvoedbaarheid van persoonlikheid aanvaar, hoewel daar groot onderlinge verskille bestaan oor die metode van die opvoeding van die persoonlikheid. Vierdens word indiwiduele verskille erken, hetsy op grond van oorerwing of latere ontwikkeling. Opsommend kan ons sê dat vir bogenoemde beskouinge persoonlikheid 'n wordende proses is, voortgroeiend uit 'n oorgeërfde massa wat deur die omgewing beïnvloed word, met indiwiduele verskille, en in 'n hoë mate opvoedbaar.

Daar is egter nog verskeie ander belangrike uiteensettings wat die aandag vereis, voordat ons tot 'n eie slotsom kan geraak. Veral twee, nl. die Tipe-Sielkunde en die Christelike beskouing vereis breedvoeriger bespreking.

(f) Tipe-Sielkunde.

Die tipe-sielkunde bestudeer die mens as tipe. Die metode is dié van veralgemening. Daar is twee belangrike hoofrigtings, nl. Karakterologie en Psigo-grafie. Laasgenoemde gaan om die bestudering van die tipiese persoonlikheid bv. die kranksinnige, en kan dus vir ons studie buite rekening gelaat word. Die studie van tipologie wil verskeie persoonlikheids- of karaktertipes daarstel. Daar word egter nie altyd tussen persoonlikheid en karakter onderskei nie en soms word die terme selfs verwarrend gebruik. Die indelings waartoe ons ons beperk is die tipe-indelings met 'n fisiologiese en 'n biologiese grondslag, die Eidetische tipe van Jaensch, die teenstellende tipes en etlike ander wat onder geen spesifieke hoof ingedeel kan word nie. Sommige word breedvoeriger as andere bespreek na gelang van die betekenis vir die studie.

1) ?

(i) Die morfologiese indeling.

Die morfologiese[1)] indeling sluit twee hooftipes in, nl. diegene wat in vergelyking met die arms en bene 'n klein romp het, en die teenoorgestelde, nl. diegene met 'n groot romp, maar van wie die ander ledemate nie eweredig ontwikkel is nie. Hierdie twee tipes toon 'n fundamentele verskil in temperament, terwyl eersgenoemde groep ook geestelik hoër as die tweede staan.

Die korrelasiefaktor tussen persoonlikheid en morfoligiese indeks[2)] asook die korrelasiefaktor tussen temperamentele[3)] verskille en morfologiese indeks is egter baie laag. Verder laat hierdie indeling belangrike feite in verband met persoonlikheid soos intelligensie, emosionele stabiliteit, temperament en die studie van die menslike gees, buite rekening. Dit is dan ook om laasgenoemde rede dat hierdie beskouing as grondslag van persoonlikheid as ontoereikend beskou word.

Twee spesifieke indelings wat hier genoem kan word, is dié van Lombroso[4)] en Katherine Blackford[5)]. Eersgenoemde hou hom spesifiek besig met 'n kriminele tipe, en is om hierdie rede vir ons nie van belang nie.

Katherine Blackford se stelsel omhels diagramme en portrette met duidelike belyning van die kop en gelaatstrekke. Onderaan elkeen is 'n verduidelikende opskrif. Op grond hiervan onderskei sy haar Blonde-Brunette tipe en is baie beslis in haar uitspraak soos blyk uit die volgende: "In brief, always and everywhere, the normal blond has positive, dynamic, driving, aggressive, domineering impatient, active, quick, hopeful, speculative, changeable, and variety-loving characteristics; while the normal brunette has negative, static, conservative, imitative submissive, cautious, painstaking, patient, plodding, slow, deliberate, serious, thoughtful, specializing characteristics"[6)]. Daar is egter geen wetenskaplike bewyse waarop hierdie beskouing aanspraak kan maak nie. Verder is daar o.i. geen werklike verskil tussen hierdie twee tipes nie, en laat ons dit daar as slegs 'n uiters oppervlakkige beskouing.

---

1)a. Lombroso C., Crime, its causes and remedies.
  b. Kretschmer E., Körperbau and charakter.
  c. Kroh O., Entwicklungspsychologie des Grundschulkinders.
  d. Sheldon W.H., The Varieties of Temperament. A Psychology of constitutional Differences.
     Sheldon W.H., The Varieties of Human Physique, an introduction to constitutional Psychology.

2) Heidbreder, Journal of abnormal and Social Psychology No. 22, 243 - 258.
   Naccarati and Garett, The Influence of Constitutional Factors on Behavior, Journal of Experimental Psychology, No. 6, 455 - 465.

3) Garett & Kellog, The Relation of Physical Constitution to general Intelligence, Social Intelligence, Emotional stability, Journal of Experimental Psychology, No. 11, 113 - 129.

4) Lombroso C., Crime, its Causes and Remedies.

5) Blackford K.M.H., Reading Character at Sight.
   Blackford and Newcomb, The Job, The Man, The Boss.

6) Blackford K.M.H., Reading Character at Sight, 144.

(ii) . Tipes met die Fisiologiese-Biologiese as grondslag.

Hieronder is o.i. die belangrikste indelings dié van Kretschmer[1]), Kroh[2]) en Sheldon[3]) 'n leerling van Kretschmer. Kretschmer en Kroh se indelings word vergelykend bespreek, en dié van Sheldon kortliks afsonderlik.

(a) Kretschmer en Kroh.

(i) Clyclothym.

Die liggaamsbou : As die persoon oud word, is die gestalte inmekaar gekrimp, die nek is kort en sink met die loop van jare tussen die skouers in, terwyl die borsmate uitsit, die maag is opvallend groot en die borsmate ook, die skouerbreedte is matig. Arms, hande en bene is betreklik maer, terwyl die onderdeel van die romp geneig is om te vet te wees. Die gesig is breed en weekvormig, die profiel is reëlmatig, en die vooraangesig het die vorm van die vlak van 'n vyfhoek.

Die normale psigiese toestand van hierdie groep is in die eerste plek gesellig, goedhartig, vriendelik en gemoedelik. Hierdie groep is taamlik onafhanklik van stemming en tempo. 'n Tweede groep se gevoelslewe is opgewek, humoristies, lewendig en driftig; terwyl die derde groep stil en kalm is. Laasgenoemde neem alles swaar op en is week. Diegene wie se gevoelslewe onder die eerste en tweede groep val, is besonder sterk aanspreekbaar. Hulle is nie spesifiek droefgeestig nie, maar hulle gevoel vir die droewige word maklik gewek. Diegene wat hipomanies geneig is, toon 'n oordrewe waaksame belangstelling wat egter van korte duur is. Diegene geneig tot depressie toon 'n gelykmatige, langsame tempo, maar reageer tog direk op elke prikkel. Hierdie tipe, na watter kant daar ook al geneig mag word, toon 'n gebrek aan taaiheid, konsekwentheid en deursettingsvermoë.

Hierdie cyclothyme groep het Kretschmer onderverdeel in :

(i) Die praatsiek opgeruimde.
(ii) Die kalme humoriste.
(iii) Die stil gemoedsmens.
(iv) Die gemaklike genieters.
(v) Die daadkragtige praktiese mens.

Om rede die mate van ooreenstemming en, terwille van vergelyking, kan ons kortliks die kenmerke van Kroh se syclothyme kindertipe noem :

Lewendig en oop, is bereidwillig om skool toe te gaan, maar gee geen voorkeur aan bepaalde vakke nie, die gedagtes kan maklik afgelei word. Hulle reageer goed op uiteenlopende prikkels en besit dus 'n groot aanpassingsvermoë; hulle slaan maklik oor van een onderwerp op 'n ander, en verbind sonder veel inspanning 'n geestelike

---

1) Kretschmer E., Körperbau und Charakter.
2) Kroh O., Entwicklungspsychologie des Grundschulkinders.
3) Scheldon W.H., The Varieties of Temperament. A Psychology of Constitutional Differences.
Scheldon W.H., The varieties of Human Physique, An introduction to constitutional Psychology.

funksie met 'n motoriese. Hulle neem maklik waar, maar is oor die algemeen oppervlakkig, omdat die konsentrasievermoë labiel is. Hulle het 'n ruim opmerksaamheidsfeer wat gewoonlik baie objekte insluit. Hulle neem veral kleure in, en onaangename ervaring word maklik oorkom. Die belangstelling is gewoonlik prakties en aktief. Hierdie tipe verbind dinge maklik, alhoewel iets hulle telkens "byval", maar dit is gewoonlik assosiatief en nie saaklik bepaald nie. Hierdie tipe is nie altyd skerp genoeg in sy kritiek nie, eis nie altyd verantwoording van die self nie, en is dus eerder 'n praktiese as 'n beginsel mens. Hierdie tipe se emosies word maklik opgewek. Hulle is goedmoedig, hou lewendig verband met die omgewing en is gou weer goeie vriende.

(ii) <u>Schizothym</u>.

Gesien vanuit die gesigspunt van die liggaamsbou het ons hier drie groepe of tipes.

(a) Leptosome of astheniese tipe : smal, maer en lank gebou; die nek en ledemate is lank, die skouers en bors is smal, die neus steek skerp vorentoe uit, die onderkaak is ingedruk, die vooraangesig is platgedruk en eiervormig. Die normale psigiese toestand is: ongesellig, stil, teruggetrokke, ernstig, geen sin vir humor nie, sonderling.

(b) Die atletiese tipe : robuust gebou, breë skouers en bors met smal heupe, die spiere is kragtig en die beenstelsel grof. Die gesig is lank, die ken sterk en hoekig. Die gesig is vol maar nie week nie, die vooraangesig is lang-eiervormig. Die normale psigiese toestand : skugter, skaam, fyngevoelig, gevoelig en soms geneig tot kortgebondenheid, senuweeagtig, opgewonde, die natuur- en boekevriend.

(c) Diplastiese tipe : die verskillende kenmerke loop hier deurmekaar, abnormale lengte, sekere dele toon 'n neiging om te vet te wees - infantalisme. Die normale psigiese toestand : gedwee, goedmoedig, eerlik, onverskillig, stomp en dom.

Tussen die atletiese tipe en die Diplastiese tipe is daar 'n duidelike teenstelling, nl. psigiese oorgevoeligheid en psigiese ongevoeligheid.

Die schizothyme groep word verder onderverdeel in :

(i) Die deftige fynsinniges.
(ii) Die idealiste vir wie die wêreld vreemd is.
(iii) Die koel here-geaardhede en egoïste.
(iv) Die droës en laamsakkiges.

Ons let weer by vergelyking op Kroh se schizothyme tipe : terughoudend, dikwels sku, altyd versigtig maar tog nie lafhartig nie. Belangstelling is gespesialiseerd. Selfs op gebiede waar hy nie so goed presteer nie is hy pligsgetrou en presies. As hy innerlik met 'n saak besig is, bly hy graag daarby, en gaan dit moeilik om hom af te lei. Hy vind dit moeilik om oor te slaan na iets anders. Die aandag word moeilik verdeel en die konsentrasievermoë is goed. Waarneming is noukeurig en afsonderlikhede word maklik ingeprent, omdat hierdie tipe

maklik analiseer. Hy neem eerder vorm as kleur in. Dit gaan moeilik om 'n onaangename ervaring af te skuif, en is eerder geneig om dit te bewaar as gevolg waarvan hy 'n star indruk maak. Hy kan nie improviseer nie, en die onvoorbereide oorrompel hom maklik. Hierdie tipe is hoogs krities en sal geen losse verbinding aanvaar nie. Hy is geneig tot strengheid, konsekwensie en is beginselvas, maak moeilik maats en het net 'n paar intieme vriende, is geneig tot alleenloop en is minder sosiaal.

Die ooreenkomste en verskille tussen die indeling van Kretschmer aan die een kant en dié van Kroh aan die ander kant spreek duidelik genoeg, en bewys terselfde tyd hoe moeilik daar tussen duidelik omlynde tipes onderskei kan word. Breedvoerige bespreking van die ooreenkomste en verskille val buite ons bestek, en word slegs 'n algemene opmerking aangeraak, nl. in hoeverre Kretschmer se indeling wetenskaplik deur ander ondersoeke bevestig is, en dan is dit duidelik dat etlike ondersoeke[1] die gegewens bevestig, maar benadruk dat die uitsonderings belangrik is, en dat die korrelasie heelwat te wense oorlaat.

(iii) <u>Sheldon</u>.[2]

Sheldon het geen vasomlynde tipe nie, maar sy beskouing gaan uit van die standpunt dat die liggaamsbou meer as 'n mengeling van komponente beskou moet word. Kortliks samevattend onderskei Sheldon drie fundamentele komponente waar onder komponente liggaamlike eienskapkomplekse verstaan word. Die onderlinge verhouding van hierdie komponente bepaal die liggaamstipe. Die drie komponente of liggaamlike eienskapkomplekse noem hy die endomorfologiese, mesomorfologiese en ektomorfologiese tipes. Hierdie terme het betrekking op die verskeie stadia in die embrionale ontwikkeling.

Die liggaamsbou van die endomorfologiese groep word gekenmerk deur die sagte afgeronde vorme van die verskillende dele van die liggaam. Die maag is groot en sterk ontwikkel, die spierstelsel darenteen swak en min ontwikkel. Kenmerkend van die mesomorfologiese groep is die domineering van die spierweefsel en been, hulle is swaargeboude mense met 'n reghoekige voorkoms, die vel is stewig en rus op 'n swaar laag bindweefsels. Die ektomorfologiese word gekenmerk deur die reguit lyne van die liggaamsbou, asook die broosheid daarvan. As ons die drie groepe vergelyk toon die huid van die ektomorfologiese groep die grootste oppervlakte vir gevoeligheid.

Elkeen van bogenoemde groepe word onderling in sewe grade verdeel. Met die syfer, 1, dui Sheldon aan dat die komponent, d.i. liggaamlike eienskapkompleks, glad nie aanwesig is nie. Namate die syfers styg word die kenmerke al duideliker totdat met die syfer, 7, die spesifieke kenmerke ekstrimisties oorheersend is. Op hierdie manier kom Sheldon tot 'n groot aantal gedifferensieërde tipeonderskeidings. Sheldon onderskei verder groepe van

1)a. Farr C.B., Bodily Structure, Personality and Reaction Types, American Journal of Psychiatry, Nr. 7, 231 - 244.
b. Mohr G.J. and Gundloch R.H., The Relation between Physique and Performance, Nr. 10, 177 - 157.
c. Wertheimer F.I., and Hesketh F.E., The Significance of the Differences.

2)a & b. Op. Cit. Sheldon bl. 9.

geestelike eienskappe en hierdie eienskappe is fundamenteel, nl. viscerotoniese, somatoniese, cerebrotomiese. Die geestelike eienskappe word ook in sewe grade ingedeel. Skematies kan ons die indeling as volg voorstel:

| Liggaamlike voorkoms | Geestelike kenmerke. |
|---|---|
| endomorfologiese | viscerotoniese |
| mesomorfalogiese | somatoniese |
| ektomorfologiese | cerebrotoniese. |

Waar die viscerotoniese komponent of eienskappe kenmerkend oorwegend is, toon die persone 'n behoefte om een te wees met die omgewing. As hulle op 'n hoë kulturele ontwikkelingspeil staan, gaan daar baie warmte en diepte van hulle uit, hulle het 'n sterk behoefte aan liefde en waardering. Hierdie mense hou van sekerheid, en as hulle eenkeer 'n gewoonte gevorm het, leer hulle dit moeilik af, en hulle onderdruk nie graag hulle emosies nie. Hulle hou nie van liggaamlike inspanning nie, hulle klou aan die verlede vas, en verkies om vroeg te gaan slaap.

Persone by wie die somatoniese komponent oorweeg, hou daarvan om liggaamlik aktief te wees, hulle oorwin graag hindernisse wat fisies uit die weggeruim kan word. Hulle spring vroeg op, hou van baie lawaai asook van ritmiese en krygsmusiek, dans graag en loop graag risikos. Hulle leef slegs in die hede.

Waar die cerebrotoniese eienskappe oorweeg, kry ons 'n heel ander beeld. Tiperend is hier die psigiese gespannenheid. Hulle aandag is altyd op iets gerig, en veral op die toekoms. Hulle slaap lig, droom dikwels, hou van laatslaap en presteer saans die beste. Hierdie tipe toon selfs weerstand teen gewoontevorming. Hulle streef na 'n hoë mate van persoonlike vryheid en is oorgevoelig vir geluide. Hulle bekamp self hulle eie persoonlike moeilikhede, en hulle gedrag kan moeilik voorspel word.

Sheldon self toon hoë korrelasiefaktore tussen die liggaamlike eienskappe en die geestelike eienskappe van sy groepe. Ander wetenskaplike bewyse vir hierdie indeling is nie raakgeloop nie.

Teen die tipe-indeling op fisiologies-biologiese grondslag en veral teen Kretschmer in besonder opper Langeveld[1]) die volgende beswaar: "De cyklothymen zijn klaarblijkelijk geen in-zich-gesloten type, worden zelf door andere, niet door Kretschmer gedetermineerde eigenschappen, gedifferentieerd. Hetzelfde geldt voor de tweede groep, waar de verhoudingen nog ingewikkelder worden, doordat hier een "masker" koelheid voorwenden,

---

1) Langeveld M.J., Inleiding tot de Studie der paedagogische Psychologie, 369.

vurige bewogenheid verbergen kan. Wat getoond en wat verborgen wordt, zal in hoge mate afhankelijk zijn van karakterogenetische faktoren." Hoewel Sheldon se gradering 'n verbetering is, is dit ook nie omvattend nie. Die fisiologies-biologiese tipe-indeling hou nie genoegsaam rekening met belangrike beïnvloedingsfaktore soos ouderdom en omgewing nie. Dit is duidelik af te lei dat die begrip geestlik meer omvat as die temperamentele waarvoor die afskeidings van die hoofsaaklik buislose kliere verantwoordelik is. Sonder verdere wetenskaplike bewyse en ondersoek kan hierdie indeling nie as volmondig aanvaar word nie. Daar is ook nog nie bewyse van die prognostiese waarde van hierdie indeling nie en juis dit is vir ons doel belangrik. Waardevol is egter die beklemtoning van die eenheid van liggaam en gees en die onderlinge inwerking op mekaar, asook die grondgedagte dat by die ontwikkeling van die persoonlikheid die fisiologies-biologiese 'n belangrike rol speel, en gedeeltelik verantwoordelik is vir indiwiduele verskille.

(iv) Eidetiese tipe - Jaensch[1].

Jaensch se tipe-indeling berus op subjektiewe aanskouingsbeelde wat na willekeur opgeroep kan word. Die eienskap om sulke beelde op te roep toon indiwiduele graadverskille en belangstelling speel hierin 'n belangrike rol. Daar behoort meer meisies as seuns tot hierdie tipe. Die vorming van wat Jaensch eidetiese beelde noem, is 'n verskynsel kenmerkend tussen die jare 12 en 14, wat gewoonlik gedurende die puberteitsjare verdwyn. Die eienskap, nl. om die genoemde beelde op te roep is ook afhanklik van die reaksies van sekere chemiese stowwe. So bv. verdwyn die eienskap sodra kalsium toegedien word.

Jaensch onderverdeel sy eidetiese tipe weer in twee groepe, nl. die B-tipe wat gekenmerk word deur hulle fyn vel, skitterende oë en lewendige geaardheid. Die T-tipe se oë is dieper in die kop en is ook nouer. Laasgenoemde se geaardheid is depressief en hulle is geneig tot angstoestande. Die eidetiese beelde by die B-tipe is lewendig, behou die oorspronklike kleure, is subjektief en kan maklik gewysig word. Die beelde by die T-tipe is star, vlak, kom dikwels in komplimentêre kleure voor, en dit is of die gevoel by die proefpersoon gewek word, asof die beelde hulle aan hom opdring.

Besware wat hier voor die handliggend is, is dat die eienskappe waarop die tipering berus slegs in 'n baie geringe mate dominerend is, eidetiese aanleg is fundamenteel afhanklik van uitwendige oorsake en verder van opvoedings- en onderwysmetodes. Hierdie indeling het verder hoofsaaklik betrekking op voor-puberteitsouderdom, en is geen algemeen kenmerkende eienskap van die menslike persoonlikheid nie.

(v) Jung[2] se introverte-ekstroverte tipes.

Hierdie tipe-indeling berus op die analitiese psigologiese beskouing soos in 'n voorafgaande paragraaf

1) Jaensch E.R., Eidetic Imagery.
2) 'n Samevatting soos verstaan uit al die werke deur Jung genoem in die bibliografie.

uiteengesit. Die grondgedagte is dat die funksie van die onbewuste krotendeels kompenserend of aanvullend van aard is namate die bewuste te kort skiet en hoewel die bewuste en onbewuste aanvullend fungeer, is die een tog ook die teenstelling van die ander. Die ontwikkeling van die introverte of ekstroverte persoonlikheidstipe word dus bepaal deur die sterkte van die interbeïnvloeding van die onbewuste en bewuste. Jung bring die innerlike lewe en die belewing na buite in verband met mekaar. Leef die persoon na buite gekeer, het ons die ekstroverte tipe. By die ekstrovert is die ontwikkeling gerig op die objek die sterkste. Die handeling word gerig op reële dinge. Dit is die praktiese mens. Hierdie tipe doen moeilik van 'n uitwendige aktiwiteit afstand. Die ekstrovert handel vinnig, gewoonlik sonder om te dink.

Vir die introvert is die buitewêreld vreemd, hy verwaarloos die sosiale kontakte en verpligtinge en daar bestaan die moontlikheid van vereensaming. Die introvert probeer deur redenering sy handeling tenminste teenoor homself regverdig.

Uit die aard van die indeling is dit duidelik dat daar 'n reeks van indiwiduele verskille moet wees. Aan die een kant het ons die ekstrimisties ekstroverte-tipe wat graderend oorgaan tot die ekstrimisties introverte-tipe aan die ander kant. So 'n indeling, hoewel insiggewend, is prakties tog ontoereikend, en kan vir ons doel slegs as moontlik rigtinggewend dien, maar nie sonder meer as afdoende aanvaar word nie.

(vi) <u>Spranger[1] se Tipologie.</u>

Spranger se tipologie is 'n direkte uitvloeisel van sy mens- en waardebeskouing, en het as grondslag die geesteswetenskaplike benadering in die psigologie en stel die totaliteitsbeginsel voorop. Die mens word beskou as 'n geesteswese strewend na die verwesenliking van lewenswaardes, en moet verstaan word waar Spranger onder "Verstehen" verstaan: "Geistige Zusammenhänge in der Form objektiv gültiger Erkenntnis als sinvoll auffassen."[2] D.w.s. 'n proses kan alleen begryp word as 'n verwesenliking van 'n doel wat altyd 'n waarde of waardes is. Om tot die geestelike kern van die persoonlikheid deur te dring, moet die mens gesien word as 'n lid van die waardewêreld.[3] Die onderskeid tussen mens en dier is dan ook dat eersgenoemde kan onderskei tussen goed en kwaad. Die mens is dus 'n sedelike en waardebepalende wese. Die persoonlikheid word gevorm deur die belewing en nastrewing van waardes, en hierdie waardes rig al sy gedragsuitinge, sy denke, sy gevoel en sy wil. Weet ons wat die mens waardeer, kan ons by benadering bepaal hoe en wie hy is, wat sy gedragsuitinge moontlik sal wees, en in watter beroepsrigting hy moontlik sal belangstel.

---

1) Spranger, Lebensformen.
   Spranger, Psychologie des Jugendalters.
2) Spranger, Psychologie des Jugendalters.
3) ibid.

Spranger onderskei verder 'n subjektiewe gees en 'n objektiewe gees[1], albei waardewêrelde; eersgenoemde bevat die waardes wat binne die indiwiduele mens bestaan, d.w.s. die indiwiduele geesteshoudings; die objektiewe gees bevat die waardes buite en bo die indiwiduele mens, d.w.s. die totale geesteslewe van die mensheid. Spranger stel ses waardegebiede daar, nl. Staat, Ekonomie, Gemeenskap, Wetenskap, Kuns en Godsdiens. Al ses waardes is in elke indiwidu werksaam, maar een waardesoort oorheers en beïnvloed die houding van die indiwidu ten opsigte van die ander waardegebiede. Die indiwiduele waardes is : ekonomie, wetenskap, kuns en religie, en die sosiale waardes is : politiek en die gemeenskap. Skematies kan ons die ses tipes as volg voorstel: [2]

| Kultuurwaarde. | Lewensvorm. | Karakteristiek. |
|---|---|---|
| Wetenskap | Teoretiese mens | hy dink. |
| Ekonomie | Ekonomiese mens | hy werk. |
| Kuns | Estetiese mens | hy geniet. |
| Politiek | Magsmens | hy heers. |
| Gemeenskap | Sosiale mens | hy dien. |
| Godsdiens | Religieuse mens | hy aanbid. |

Die kenmerke van die ses tipes stel Spranger as volg[3]:

(a) Die teoretiese mens:

"Der theoretische Sinn wurzelt in der allgemeinen Identität des intendierten Gegenstandes,"[4] - die teoretiese mens is dus tipies wetenskapsmens. Hy analiseer, sistematiseer, sintetiseer en staan gewoonlik hulpeloos teenoor die praktiese lewe. Spranger onderskei hier verder die suiwer ervaringsteoretikus en die bespiegelende. Die teoretiese mens heg weinig waarde aan aardse goedere en lewensgenot, die kuns val buite sy gesigskring, hy is nie aan sy medemens gebonde nie, en voel hom hoogstens tuis in 'n gemeenskap van geesterverwante; hy is ook geen magsmens nie. Op die terrein van die godsdiens is daar twee groepe, eerstens die positiviste wat godsdiens as verouderd beskou en daarteen in verset kom, en tweedens diegene wat glo aan 'n hoogste waarde, maar dit wil bereik langs die weg van die rede.

(b) Die ekonomiese mens.

Spranger omskryf hierdie tipe as volg: [5]"Der ekonomische Mensch im allgemeinsten Sinne ist derjenige der in allen Lebensbeziehungen den Nützlichkeitswert vorrausstellt." Vir hierdie tipe moet alles bruikbaar wees. Hy stel net belang in die wetenskap in soverre dit nuttig aangewend kan word. Die kuns is 'n handelsartikel; ook sy medemens, die sosiale, het vir hom slegs nuttigheidswaarde; die politiek d.i. mag, is nader aan hom want om rykdom te bekom, moet konkurente beveg en uitgeroei word. Ook die godsdiens het ekonomiese waarde "ohne das tägliche Brot wäre überhaupt sein Leben. denkbar".[6]

1) Bigot, Kohnstamm en Palland, Leerboek der Psychologie, 421.
2) ibid., 238.
3) Spranger, Lebensformen, 109 - 263.
4) ibid., 41.
5) ibid., 148.
6) ibid., 155.

(c) Die Estetiese mens.

Hierdie tipe staan buite die werklike lewe, maar oorsien terselfde tyd die lewe in al sy nuanse. Hierdie indrukke van die lewe kom, na persoonlike belewing daarvan, weer tot uitdrukking. Hierdie tipe word onderverdeel in drie groepe, nl.

(i) Die impressioniste wat die uiterlike indrukke van die lewe intens geniet, en by wie die innerlike vormende krag ontbreek.

(ii) Die Ekspressioniste wat so sterk vanuit hulle eie gevoelswêreld lewe dat hulle aan elke indruk 'n subjektiewe kleur gee.

(iii) Die klassieke tipe by wie die indrukke en die eie innerlike lewe in ewewig is.

Die estatiese mens het 'n afkeur in die wetenskaplike, en die ekonomiese misken die wese van die kuns, en hoewel nie onsosiaal nie, is die estetiese mens geneig tot afsondering en is die medemens eerder 'n voorwerp van estetiese genot. Hierdie tipe besit weinig mensekennis. Die magsgevoel is innerlik. God is vir hierdie tipe die hoogste vormende krag, en skoonheid het die hoogste waarde.

(d) Die sosiale mens.

Kenmerkend van die sosiale mens is sy oorgawe aan en meegevoel met sy medemens. Sy diepste gevoel is liefde wat voortspruit uit die gevoel dat alle lewe met mekaar verwant is. Die liefde kan gerig wees op 'n beperkte gemeenskap of op 'n enkele indiwidu. Dit sien ander mense as volg: 1)"In der vollendeten Liebe versinken die Schranken der Individuation. Ichgefühl und Dugefühl, Selbstheit und Selbtentäusserung, Freiheit und versicht fallen in ihr durchaus Zusammen. Es ist ein anderes Selbst, das liebt, als das begehrliche und selbtsüchtige; es ist ein überich, das sich im Du bereichert wiederfindet."

Vir die sosiale mens bevat die wetenskap te veel saak en te min siel. Kennis bring hoogmoed wat die liefde verdryf. Die koue objektiwiteit van die wetenskap is ook teenstrydig met die gees van die liefde. Die mens moet begryp word en daarmee moet gepaard gaan simpatie en vergifnis. Soms is daar 'n tragiese teenstrydigheid tussen waarheidsliefde en regverdigheid aan die een kant en opregte liefde aan die ander kant, omdat waarheid gewoonlik 'n liefdelose element bevat. Hierdie tipe stel alleenlik belang in die ekonomiese in soverre dit ooreenkom met liefdadigheidsaktiwiteite. Die jaloerse neiging van die estetiese is moeilik te versoen met die altruïstiese van die sosiale mens. Die sosiale mens erken slegs die mag van die liefde. Die oorgang tot die godsdiens is maklik en die sosiale mens soek die hoogste waarde in die siel van die medemens.

---

1) Spranger, Lebensformen, 195.

(e) Die Magsmens.

Die magsmens word gekenmerk deur die wil om te heers en te oorheers, en stel die ander waardegebiede van die lewe in diens van sy magswil. Realisme is die grondmotief van die magsmens. Daar is egter nie die suiwer objektiewe siening soos by die wetenskap nie. Rykdom is vir die magsmens onontbeerlik, want dit maak hom nie alleen vry van die dwang van die natuur nie, maar verskaf hom ook 'n belangrike politieke middel. Sy rykdom verkry hy deur dwang en beïnvloeding. Hy wend ook die kuns aan om mag uit te oefen. Daar is geen oorgawe aan andere nie, en die magsmens ken nie die liefde van die sosiale lewensvorm nie. Op die terrein van die godsdiens neem die magsmens dikwels die houding in dat hy handel volgens goddelike opdrag.

(f) Die Religieuse Mens.

"Der Kern der Religiosität muss in dem Suchen nach dem höchsten wert des Daseins gesehen werden."[1] Kenmerkend is 'n onrustige gemoed en 'n algemene gevoel van ontevredenheid. Daar is 'n gedurige verlang na rus, verlossing en saligheid. Die religieuse mens is óf 'n immanente mistikus, óf 'n transendente mistikus. Tussen hierdie twee uiterstes lê 'n tussentipe, die dualistiese tipe waarin albei grondvorme teenwoordig is. Die oorgrote meerderheid val onder hierdie tipe wat alle lewenswaardes sien as weë om tot God te kom. Die waardesisteem van die religieuse mens omvat alle waardegebiede. In die wetenskaplike denke sien hy nuwe en egte bronne van religieuse ervaring, maar die totale waarde-ingesteldheid van die religieuse mens berus op geloof en vertroue en nie op kennis nie. Die ekonomiese word aanvaar in soverre dit in diens van die godsdiens staan - alle aardse goedere word aanvaar as komende uit die hand van God. Kuns word aanvaar as 'n middel deur God daargestel. Die sosiale is naverwant aan die religieuse mens omdat hy hom nie van die gemeenskap mag skei nie. Die religieuse mens is op verskillende maniere aan die magsidee verbonde. Eerstens skaar hy hom by God as medevegter teen die sondige wêreld, of tweedens onderwerp hy hom geheel en al aan die gesag van God. Die magsidee blyk ook uit die opvatting om deur die gebed die krag van die siel te versterk. Die magsidee spreek ook uit die oorlogsvoering terwille van die godsdiens.

Omtrent hierdie tipes waarsku Spranger[2] self dat dit ideale tipes is, en nie in die werklike lewe aangetref word nie.

(vii) Klages[3] se indeling.

Klages gebruik die term, karakter, in dié sin en betekenis as wat daar tot hiertoe onder die begrip

1) Spranger, Lebensformen, bl. 238.
2) Spranger, Lebensformen.
3) Klages F., Die Grundlagen der Charakterkunde, S. Hirzel, Zürich, 9de druk 1948.

persoonlikheid verstaan is, en daarom word dit dan ook onder hierdie hoof bespreek.

Klages se uitgangspunt is antropologies. Hy stel "siel" (lewe) en "gees" teenoor mekaar in 'n polêre verhouding. Die "gees" gaan uiteindelik onder in die "siel" die donker moederskoot en die oorsprong van alle drif, daardie donker drang wat ons laat lewe. Tussen hierdie "gees" en "siel" bestaan 'n diepgaande antagonisme, dit is die manlike teenoor die vroulike. Ons het hier die drang na selfbehoud teenoor die drang na oorgawe. Hierdie selfde antagonisme vind ons in die "wil" en die "gevoel" d.w.s. selfstandigheid en afhanklikheid. Ons het dan by Klages die volgende teenstellings: die "gees" teenoor die "siel", die "wil" teenoor die "gevoel", die egoïstiese strewe na selfbehoud teenoor die altruïstiese strewe na oorgawe. Verder berus die indeling op vier fundamentele begrippe, naamlik materie, kwaliteit, struktuur en wat Klages tektoniese eienskappe noem d.w.s. die harmoniese of nie-harmoniese samestelling van die persoonlikheid.

Stof of materie omvat volgens Klages alle aanleg, vermoë en talent op al drie die gebiede nl. intellek, gevoel en wil. Onder struktuur moet, volgens Klages, verstaan word die verhouding tussen die aandrywende en remmende kragte of die weerstand. Hierdie "verhouding" kom min of meer ooreen met wat ons gewoonweg onder temperament verstaan. Hierdie "verhouding" is belangrik as bydraende faktor in soverre dit die snelheid waarmee 'n handeling plaasvind bepaal m.a.w. bepaal of 'n handeling vinnig of langsaam gaan wees. Hierdie "verhouding" stel verder vas of 'n handeling talmend of beslis, konstant of skommelend gaan wees.

Wat die kwaliteit of aard van "karakter" d.i. persoonlikheid betref, gaan dit om die dryfvere waaruit die gerigtheid spruit - Klages omskryf hierdie gerigthede egter nie. Die werklike persoonlikheid is eintlik 'n innerlike stryd tussen twee gerigthede, en in hierdie dryfvere lê die drifte opgesluit. Onder tektoniese eienskappe verstaan Klages wat gewoonweg met die terme harmoniese persoonlikheid, gesplete persoonlikheid en onsamehangende persoonlikheid aangedui word.

In die materie van die persoonlikheid onderskei Klages verder geheue en herinneringsvermoë elkeen met eienskappe wat tot sigself beperk is. Verder moet ons nog onderskei die toestande waaronder waarneming plaasvind, en die geestelike voorwaardes waaronder dit omskep word.

Samevattend leer Klages onderskei: [1]"den Stoff oder das insgesamt der persönlichen Gaben (des Verstandes, des Gefühls, des Willens), das Gefüge oder das Insgesamt der Anlagen des Persönlichen Mittels, das die Verlaufsform der Innenvorgänge bestimmt, endlich die Artung oder das Insgesamt der persönlichen Triebfedern, wafür auch zu sagen Gefühlsanlagen. Die Eigenschaften des Stoffes sind Mengeneigenschaften,

---

1) Klages F., op. cit. bl. 53.

des Gefüges Verhältniseigenschaften, der Artung Richtenseigenschaften . . . . Da tritt uns denn sogleich mindenstens noch eine Gruppe echter charaktereigenschaften nahe, nämlich die auf Zusammenstimmung oder Nichtzusammenstimmung der übrigen sich beziehende Gruppe von Eigenschaften des Baues oder der Tektonik".

Na 'n ingewikkelde stelsel van formules met plus- en minusberekenings het Klages drie struktuurgroepe daargestel. Eerstens die vol-leeg groep wat berus op die vermoë om voorstellings te veraanskoulik. Tweedens die lig-swaar groep wat berus op die mate van vlugheid van die voorstellings en hoe standhoudend die voorstellings is. Derdens die diep-vlak groep wat afhanklik is van die opvattingsrigting, en hoe die waarneming innerlik verwerk word.

Wat Klages se indeling betref, is dit eerstens nie duidelik wat met gerigthede bedoel word nie. Ook is dit nie duidelik of hierdie dryfvere waarde gerig is of nie. Belangrik is egter dat persoonlikheid potensieel oorgeërf word.

Die doelwit by al die genoemde tipe-indelings is 'n soeke na patrone van ooreenkomste en verskille. Die vraag bly egter in hoeverre so 'n tipe-indeling geslaagd sal wees. Volgens die paar hier bo bespreek, is dit duidelik dat daar nog glad nie eenstemmigheid bereik is nie. Die rede hiervoor is dat die tipe-indelings op die psigologiese mensbeskouinge berus, en daar ook nog glad nie eenstemmigheid in hierdie verband bereik is nie.

Elke tipe-indeling op sigself is glad nie altyd stükhoudend en logies nie, en bewys die uitsonderinge moeilik die reël. Die verskille tussen die indelings as sulks is meer en groter as die ooreenkomste, en hoewel sommige van die tipe-indelings waardevol is, en elkeen belangrike waarhede beklemtoon, is geeneen 'n afdoende en omvattende verklaring nie. Die verskeidenheid van tipe-indelings is op sigself reeds 'n bewys daarvoor. Die algemene gevolgtrekking wat uit al hierdie indelings gemaak kan word, leer eerder dat die mens nooit as 'n suiwer tipe aanvaar kan word nie.

(viii) Szondi.[1]

Szondi onderskei in die eerste plek tussen instink en drif. Volgens hom is die drif reeds bewus gerig, die instink nie. Die drif lê in werklikheid tussen die liggaamlik verankerte instink en die bewuste wil. Die stoflike, die materie, van alle drifte is liggaamlik van oorsprong, word oorgeërf en moet in die gene gesoek word. Die gene bepaal die aard van die drif, en die drifgene word oorgeërf van geslag tot geslag. Aan hierdie drifgene koppel Szondi drifhandelinge waarvolgens hy bepaalde strewings wat kenmerkend vir bepaalde families is, verklaar. Ooreenkomstig met Freud verklaar Szondi dat dit kenmerkend van die drifte is dat hulle 'n vroeëre toestand probeer herstel.

Szondi se uitgangspunt is dus biologies, en hy heg

1) Szondi L., Experimentelle Triebdiagnostik, Bern, 1947.

baie waarde aan die rol van die resessiewe gene wat in werklikheid verdronge oorgeërfde voorvaderlike konflikke is, en hulself as latente erfeienskappe laat geld. Met hierdie gedagte as grondslag word hier dus aanvaar dat die mens met 'n bepaalde lewensplan in die wêreld kom, maar die mens bly egter verantwoordelik vir sy eie doen en late. Dit stem dus ooreen met die Bybelse waarheid van voorbeskikking en vrye wil.[1]

Szondi onderskei drie lae in die onbewuste. Die heel boonste laag is die persoonlike onbewuste, dit is die persoonlike verdronge. Die tweede laag noem hy die familiêre onbewuste, dit is die verdronge behoeftes van die voorgeslagte, en sou voorgeslagtelike onbewuste miskien 'n pasliker benaming wees. Die onderste laag is die kollektiewe onbewuste. Hierin vind ons die oermenslike verdronge materiaal, dit is dan ook die algemeen menslike.

Die voorgeslagtelike drifbehoeftes kan gesublimeer word, en wel in die sin dat dit gesosialiseerd en gehumaniseerd raak deurdat die persoon 'n beroep as sjirurg of slagter kies. Hierdie oorgeërfde voorgeslagtelike onbewuste kan dus verreikende invloed uitoefen, en kan selfs die beroepskeuse bepaal.

Op grond van die biologiese ooreerwingsleer aanvaar Szondi dus dat daar wel so iets kan bestaan as 'n selfstandige oorgeërfde aanleg van persoonlikheid wat terselfde tyd die grondslag van die indiwiduele persoonlikheidsverskille asook van die ooreenkomste vorm.

Die bron van die drifte is die drifgene. Die drif self is gekompliseerd en in werklikheid die resultaat van 'n mengsel van drifbehoeftes waarin allerlei teenstrydighede opgesluit lê. Hier onderskei die dier hom dan ook van die mens in dié sin dat die dier reeds by geboorte 'n voltooide drifmengsel ontvang het en die mens nie. Die mens moet die mengsel self tot stand bring, en die manier waarop hierdie totstandbrenging geskied, asook die tydstip is afhanklik van die erflike faktore en veral van die Ek.

Szondi onderskei vier drifte :

(a) S-Vector of seksuele drif.
(b) P-Vector of etiese drif.
(c) Sch-Vector of Ek drif.
(d) C-Vector of kontaktdrif.

Elke drif is opgebou uit twee driffaktore wat weer elkeen op sy beurt saamgestel is uit twee driftendensies. Daar is dus altesame sestien driftendensies, agt driffaktore en vier drifvectore.

Die ontwikkelingsneiging van die persoonlikheid is dus afhanklik van die sterkte van die driffaktore. Die sterkte van die driffaktore word in drie grade ingedeel, nl. die uiters positiewe waar die persoonlikheid ernstig tot die sielsieke neig, die fisiologies normale en die uiters negatiewe waar die drif gesosialiseerd en gesublimeerd is. Die driffaktore word verder beïnvloed deur die leeftyd, beroep, milieu en begaafdheid.

---

1) Esser P.H., Karakterkennis en Neurosenleer, deel II bls. 107.

Persoonlikheid het dus volgens Szondi 'n oorgeërfde onbewuste massa bestaande uit die voorvaderlike en oermenslike verdronge stof wat as predestinasie faktor 'n rol speel, sowel as 'n persoonlike verdronge onbewuste. Daar is vier drifvectore, agt driffaktore en sestien driftendensies. Die graadsterkte van die driffaktore oefen 'n belangrike invloed uit op die ontwikkeling van die persoonlikheid. Die omgewings- en opvoedingsfaktore stel en bepaal die keuse van die ontwikkeling van die driffaktore.

Belangrik vir ons in hierdie beskouing is die gedagte omtrent die oorgeërfde potensiële persoonlikheid en die predestinasie; asook die poging wat hierdie beskouing aanwend in die vraag nl. waarom persone onder dieselfde omgewings- en opvoedingsomstandighede tog verskillende persoonlikhede ontwikkel, te beantwoord. Hier word die potensiële persoonlikheidsverskille in die oorgeërfde massa gesoek. 'n Soortgelyke gedagte vind ons by Homburger terug. Interessant is ook die verklaring omtrent die invloed van die voorgeslagtelike onbewuste op die beroepskeuse. Belangrik is ook dat ons hier 'n beskouing het wat die hormiese beskouing, die dieptesielkunde en die totaliteitsbenadering van die Gestaltsielkunde as 'n eenheid saamsnoer, asook die feit dat Szondi onderskei tussen die gedrag by die mens en gedrag by die dier, en ook tussen die menslike en dierlike oorerwingsmassa.

(ix) <u>Die Christelike beskouinge.</u>

Die christelike beskouinge bied 'n onderlinge verskeidenheid met groter en geringe verskille sowel as ooreenkomste wat hoofsaaklik op die terrein van die filosofie gesoek moet word. Die twee belangrikste is sekerlik die Rooms-katolieke aan die een kant en die Calvinistiese aan die ander kant. Omdat ons ons moet beperk, sal slegs hierdie twee rigtings dan ook baie kortliks afsonderlik bespreek word.

Die grond verskil, betreffende persoonlikheidsverklaring, tussen die Rooms-katolieke en die Calvinistiese beskouing berus hoofsaaklik op die filosofiese persoonsverklaring, en die psigologiese aanvaarding daarvan wat in die opvoedkundige toepassing daarvan 'n wye uiteenlopenheid toon.

(a) <u>Die Rooms-katolieke beskouing.</u>

In die eerste plek aanvaar die Rooms-katolieke denker 'n persoonlike God wat die mens geskape het as 'n totaliteitswese met liggaam, siel, gees, verstand en 'n vrye wil. Dit is dan ook omdat die mens verstand en vrye wil besit dat hy wesenlik van selfs die hoogste vorm van dierlike lewe verskil. Kenmerkend van die menslike siel is dat die gedurig na geluk wat bereik kan word in die eenwording met die bonatuurlike, streef.

Die begrip persoonlikheid veronderstel, volgens Rombouts,1) in die eerste plek 'n persoon. Persoonlikheid sluit dan ook die persoon met al sy liggaamlike,

1) Rombouts J.M., Persoonlijkheid, bls. 182.

verstandelike en gemoedseienskappe in. Persoonlikheid omvat verder die persoon met al sy latente en manifeste vermoëns, strewings en herinnerings. Die werklik essensiële in die persoonlikheid is die bewuste waarnemings-Ek. Belangrik is egter die bewering dat ons nie in persoonlikheid 'n enkelvoudig, samehangend en onveranderlike geheel hoef te sien nie. Hierin sien ons baie duidelik die teenstellingsbeginsel waar ons die bonatuurlike teenoor die natuurlike; die goeie teenoor die slegte het.

Die hoogste persoonlikheidsontwikkeling veronderstel eenwording met die Skepper, die herstel van die bonatuurlike wat nog in die wese van die mens geleë is. In persoonlikheidsontwikkeling word die geestelike waardes hoër gestel as die natuurlike waardes. Persoonlikheid is in werklikheid waardegerig met die religieuse doelstelling as die alles omvattende. Hierdie denkrigting onderskei nie spesifiek tussen persoonlikheid en karakter in dié sin dat ons daaruit kan aflei dat daar psigologies 'n verskil tussen persoonlikheid en karakter is wat hom onderskei van enige van die ander denkrigtings nie.

Belangrik in hierdie beskouing is die eenheidsbeginsel; dat die mens wesenlik verskil van die dier; dat persoonlikheid die hele mens insluit asook die grondliggende dualisme in die persoonlikheid.

(b) Die Calvinistiese beskouing.

Daar is etlike voorstanders van die Calvinistiese denkrigting. Ons beperk ons egter baie kortliks tot slegs 'n paar met uitsondering van die beskouing deur Coetzee, uiteengesit. Laasgenoemde uiteensetting word effens breedvoeriger bespreek omdat ons ons, vir soverre dit hierdie studie raak, met genoemde beskouing vereenselwig.

Waterinck[1] onderskei tussen persoonlikheid in die algemeen, waar persoonlikheid neerkom op die indiwiduele mens, en persoonlikheid in die spesiale sin, waaroor hy hom asvolg uitlaat: "Persoonlijkheid in speciale zin is de mens, die beantwoordt aan de eis van een interne economische organisatie waarbij het innerlijk ik als subject van alle handelingen zowel in de innerlijke huishouding als naar buiten tredend in drieërlei verhouding zich evenwichtig gelden laat. Deze drie verhoudingen zijn die van: kennen, zich wijden en heersen."[2] As kenmerkend van die interne organisasie van die begaafde persoonlikheid noem hy eerstens dat die begaafde persoonlikheid die waarde en die krag van die verhoudinge en die spanninge wat daar tussen die eie aanleg en die sosiale eise ontstaan, begryp. Tweedens beheers die persoonlikheid sy drifte deur die-"ek". Derdens vloei daar 'n kontinuïteitsbewussyn deur al sy handelinge. Vierdens is baie belangrik dit wat Waterinck spontane aandrif noem. Vyfdens aanvaar die begaafde persoonlikheid 'n lewensplan.

Volgens Langeveld[3] is persoonlikheid nie slegs

1) Waterinck J., De mens in het Bedrijf.
2) Waterinck J., op. cit. bls. 28.
3) Langeveld M.J., Inleiding tot de Studie der Paedagogische Psychologie, Bls. 134 - 135.

doelgerig nie, maar ook in staat tot selfbeskouing en selfbewussyn, en gee ook aan homself rekenskap van die lewende sedelike kragte wat in hom werk.

Vir Kohnstamm[1] is die selfbewussyn die eintlike wese van die persoonlikheid.

Samevattend vind ons dat as persoonlikheid in die lig van die Calvinistiese beskouing ondersoek word, die uitgangspunt die begrippe die "ek", die persoon, die persoonlikheid en karakter is.

Coetzee[2] wys daarop dat die "Ek" die draer van die menslike aktes is, dit is die hoogste synsvorm, die gees, en die aanduiding van die menslike persoon. Die begrip "persoon" word ook vereenselwig met die diepere of innerlike "ek". Verder is die "persoon" die selfbewussyn, die onsterflike siel, die gees. Die persoon is die eintlike kern, die eintlike bewus-handelende subjek in die mens. Die persoon is die draer van die persoonlikheid. Die persoon is die subjek wat dink, wat voel, wat strewe, maar dit is meer as net denking, voeling, strewing. Coetzee verstaan onder persoonlikheid "'n georganiseerde en tot selfbewussyn gekome siel."[3] Kenmerkend van die persoonlikheid is eerstens eenheid, organisasie, samehang, harmonie; tweedens selfbewussyn waar die instinktiewe, die emosionele en die sensoriese tot bewustheid en klaarheid gekom het. Die uitgangspunt is dat die siel deur God geskape is, 'n selfstandigheid "met eie, in sy hele natuur en wese liggende funksies, strewinge, kragte wat ons in die bewussynslewe sien optree en dus daaruit kan leer ken."[4]

Persoonlikheidsontwikkeling veronderstel die vorming en ontwikkeling van persoonlikheidstrekke wat Coetzee op grond van motiewe in drie hoofgroepe indeel nl. die persoonlike, die sosiale en religieuse. Hy aanvaar, soos andere, 'n geërfde massa as grondslag van die persoonlikheid. Die uitwendige faktore, fisiologiese en biologiese invloede is verder die voorwaardes waaraan die ontwikkeling van persoonlikheidskenmerke onderhewig is, en wat genoemde ontwikkeling in 'n bepaalde rigting stuur. Coetzee[5] geraak tot die slotsom dat persoonlikheid as sodanig nie aan die mens gegee is nie, maar dat hy daartoe kom. Dit is nie 'n gawe nie, maar 'n taak van die mens. By sy geboorte besit die mens reeds 'n ek; daar is reeds dan in hom aanwesig 'n eenheid, wat al die funksies dra en waarin al die tendense rus. Die "ek" lê in die middelpunt van die persoonlike bestaan, en van die middelpunt werk dit uit na alle dele van die omtrek. Die mens is 'n "ek" en daardeur reeds in kern 'n persoonlikheid, maar hy moet dit ook nog word in sy verskyning, in sy openbaring na buite. Potensieel is die mens 'n eenheid, maar hy moet dit ook aktueel word: "persoonlikheid wees is in 'n sekere sin alleen 'n gawe, in soverre die mens as 'n ek gebore word, maar in 'n belangrike opsig

---

1) Kohnstamm, Ph., Persoonlijkheid in Wording, bls. 73, 71, 520.
2) Coetzee J.Chris., Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, bls. 198.
3) bls. 198.
4) ibid. bls. 199 - 200.
5) ibid. bls. 199 - 200.

is dit 'n taak, in sover die mens daarna moet jaag en streef."1) Die belangrikste persoonlikheidstrekke is onafhanklikheid, selfonderwerping, introvensie, ekstrovensie en "happiness". Die hoogste in rangorde is egter die religieuse ontwikkeling waarin die persoonlikheid volkome integrasie vind.

(x) Samevatting.

Samevattend vind ons dat ons hier met verskeie hoofdenkrigtings wat elkeen op sy beurt weer onderling sterk verskille toon, te doen het. Ons onderskei eerstens twee hoofgroepe nl. dié denkrigtinge waar daar onderskei word tussen mens en dier, met die skeppingsteorie as grondslag, aan die een kant, en dié denkrigtinge waar die grondslag van die beskouinge die ewolusieteorie is, aan die ander kant. Daar is egter etlike beskouinge wat nòg onder die een nòg onder die ander groep val.

Tweedens vind ons dat in die ouere beskouinge 'n duideliker skeidslyn spreek tussen twee rigtings nl. dat persoonlikheid die somtotaal van 'n aantal persoonlikheidstrekke is aan die een kant, en die totaliteitsbegrip aan die ander kant, as in die meer resente beskouinge -

"In recent years various approaches to personality have too much depended on assumptions of fixed traits and fixed needs. This led to measurement procedures that do not include reference to the social stimulus conditions under which the traits or needs will be expressed."2)

Derdens aanvaar al die denkrigtings 'n erflikheidsmassa, sommige in 'n meerdere ander in 'n mindere mate. Die verskil in die denkrigtings is egter skerper waar dit die beïnvloedingsfaktore geld, en waar die klem dan deur sommige meer op oorerwing en deur andere weer meer op omgewing gelê word, en veral die sosiale. Hierdie feit spreek duidelik uit die voorafgaande uiteensettings en besonder skerp uit die heel jongste waar tot die slotsom geraak word: "Personality is the continuity of functional forms and forces manifested through sequences of organized regnant processes and overt behaviors from birth to death. The functions of personality are: to allow for the periodic regeneration of energies by sleep; exercise its processes; to express its feelings and valuations; to reduce successive need-tensions; to design serial programs for the attainments of distant goals; to reduce conflicts between needs by following schedules which in an harmonious way of life; to rid itself of certain persisting tensions by restricting the number; of lowering the levels of goods to be attained; and finally to reduce conflicts between personal dispositions and social sanctions, between the vagaries of antisocial impulses and the dictates of their superego by successive compromise formations, the trend of which is towards a wholehearted emotional identification with both the conserving and creative forces of society."3)

1) Coetzee op. cit. bls. 199 - 200.
2) The American Psychologist, Volume 6, Number 9, art. "A Theoretical Framework for Personality and Social Behavior"- Sears R.R. 1953.
3) Kluckhahn C., and Murray H.A., Personality in Nature, Society and Culture, bls. 49.

Die filosofies-antropologiese beskouinge benadruk die mensbeskouing, en die calvinisties-christelike beklemtoon veral die religieuse as die sterkste en noodsaaklikste beïnvloedingsfaktore by die vorming van die persoonlikheid, en dit is veral die gewete wat 'n baie belangrike rol speel.

Vir ons doel aanvaar ons sonder voorbehoud in algemeen die calvinistiese beskouing van persoonlikheid, soos uiteengesit in die voorafgaande bladsye, en in besonder dié van Coetzee. Persoonlikheid veronderstel in die eerste plek 'n mens geskape deur God en derhalwe in sy wese verskillend van die dier. As skepsel van God geplaas in die skepping voldoen dit aan die eenheid- en veelheidbeginsel. Hierdie mens ontvang verder 'n erflikheidsmassa wat sekere perke aan die persoonlikheidsontwikkeling en die onwikkelingskoers stel. Omgewings- en opvoedingsfaktore is die vormende invloede by die persoonlikheidsontwikkeling, met die religieuse motief as die belangrikste. Persoonlikheid is 'n integrerende geheel waar die afsonderlike persoonlikheidstrekke gesien moet word as die veelheid in die eenheid. Persoonlikheid as sulks is nie aan die mens gegee nie, slegs die kern, die ek, is by geboorte aanwesig. Persoonlikheid is in werklikheid 'n taak aan die mens opgelê om verwerf te word. Persoonlikheid veronderstel dus in die eerste plek 'n persoon en word gekenmerk deur twee tipies-menslike kenmerke, nl. eenheid en organisasie, en selfbewussyn. Onder persoonlikheid word daar verstaan 'n georganiseerde en tot selfbewussyn gekome siel. Daar is verskillende kenmerkende persoonlikheidstrekke waarvan die belangrikste in drie hoofgroepe ooreenkomstig die dryfvere ingedeel kan word nl. die persoonlike d.w.s. in die verhouding tot die self, die sosiale en die religieuse. Die algemene persoonlikheidstrekke is: onafhanklikheid, selfvertroue, selfbeheer, selfhandhawing, selfonderwerping, introvensie en ekstrovensie en wat Coetzee "Happiness" noem; maar spesifiek moet genoem word leierskap, skranderheid, deursettingsvermoë en geloof. Genoemde trekke is dan ook vir ons studie baie belangrik het sy as algemeen of meer spesifiek.

3) Karakter.

a. Inleiding.

Sodra ons ons self afvra wat onder karakter verstaan word, is dit dadelik duidelik dat; nieteenstaande daar heelwat oor hierdie vraagstuk geskryf is, daar nog glad nie eenstemmigheid bereik is nie. Daar is net soveel uiteensettings as wat daar lewensbeskouings is, en hierdie uiteensettings toon weer onderling ernstige en verreikende verskille. 'n Breedvoerige antwoord op bogenoemde vraag is hier nie ter sake nie. In hierdie paragraaf word daar slegs na karakter verwys in soverre dit lig werp op die beantwoording van 'n tweede vraag: In hoeverre word daar tussen karakter en persoonlikheid onderskei? Dit val ook by die beantwoording van hierdie vraag al dadelik op dat daar geen eenstemmigheid is nie, en ook geen duidelike onderskeid getrek word nie. Baie denkers onderskei tussen persoonlikheid en karakter, andere onderskei glad nie, vir sommige is karakter en persoonlikheid sinoniem.

'n Ander probleem wat hier ondervind word, is dat die woord "karakter" heelparty betekenisnuanses openbaar. Dit reik vanaf 'n hoogswetenskaplike begrip tot die mees oppervlakkige gebruik in die volksmond. Sommige verstaan onder "karakter" slegs 'n "goeie karakter", ander onderskei weer tussen "goeie" en "slegte" karakter waar die maatstawwe "sleg" en "goed" baie rekbaar is. Vir party word onder karakter verstaan dit wat sedelik goed is.

In hierdie paragraaf word daar dus kortliks ingegaan op die wyse waarop daar tussen persoonlikheid en karakter onderskei word, omdat dit vir ons doel belangrik is. Daar sal ook getrag word om dit, sover moontlik, in dieselfde orde te doen as persoonlikheid behandel is.

b. 'n Paar spesifieke beskouinge oor karakter.

(i) Gedragsielkunde.

Die grondbeginsels by die uiteensetting van karakter is dieselfde as wat ons onder persoonlikheid bespreek het. As gevolg van kondisionering en rekondisionering word uiteindelik 'n aantal gewoontes aangeleer. Hierdie gewoontes is die grondslag van gedrag, en vorm in werklikheid die karakter. Die norm by die gewoontevorming is die maatskappy. Karakter is dus bepaalde gedragspatrone ooreenkomstig die wette, sosiale konvensies en sedelike beskouinge van die groep of gemeenskap soos Schwesinger[1] dit uitdruk: "Character as a term is sometimes used as denoting that field of human behavior which involves conformity to conventions, ethical and moral standards."

Die algemene besware wat onder persoonlikheid geopper is, kan hier ook ingebring word en word derhalwe nie herhaal nie.

Gedragspsigologie onderskei wel tussen persoonlikheid en karakter, en wel in dié sin dat persoonlikheid 'n breër

1) Schwesinger Gladys C., Heredity and Environment, bls. 94.

begrip is as karakter. Persoonlikheid omvat meer en sluit meer in as karakter. Karakter vorm 'n onderdeel van persoonlikheid. By monde van Symonds[1] word daar as volg onderskei: "In general CHARACTER refers to the habits and skills with which one faces life's situations, particularly such as are social, and has special reference to the organization and consistency of conduct.

PERSONALITY refers to a more complete description of the constitutional make-up, including physique, intelligence, temperament and character. More specifically it sometimes refers to the adequacy of personal adjustments, also especially in social relationship."

In die eerste plek is die nadruk wat gelê word op die rol wat die sosiale, die maatskappy, speel in geval van karakter sowel as persoonlikheid, opvallend. In die tweede plek is dit duidelik dat daar 'n groot mate van rekbaarheid toegelaat word. Belangrik is dat daar wel tussen persoonlikheid en karakter onderskei word, dat die onderskeiding hier duidelik stel dat karakter 'n enger begrip as persoonlikheid is, dat karakter 'n deel van die persoonlikheid vorm, en dat karakter in werklikheid 'n eienskap van die persoonlikheid uitmaak.

(ii) <u>Die Hormiese Sielkunde.</u>

Net soos persoonlikheid word karakter, volgens hierdie denkrigting, opgebou uit verskillende sentimente. McDougall,[2] die belangrikste verteenwoordiger van hierdie denkrigting, redeneer as volg: Begeertes en impulse is identies, dit is die strewingsneiging van ons instinkte en speel veral op die gebied van blote sintuiglike waarneming 'n rol. Die georganiseerde stelsel van hierdie neigings gerig op 'n verskeidenheid van voorwerpe ter verwesenliking van verskeie doeleindes wat in verband met die voorwerpe staan, vorm karakter. M.a.w. karakter is 'n stelsel van doelgerigte strewingsneigings. Die karakter kan betreklik eenvoudig of kompleks wees, dit kan harmonieer of nie harmonieer nie, mag hoofsaaklik op 'n hoër of laer doel gerig wees. Vir McDougall is die beste karakter 'n komplekse, sterk harmoniërende wat gerig is op die verwesenliking van die hoër doeleindes of ideale van die lewe. Genoemde doeleindes word in geval van karakter deur die sosiale, die maatskappy, en in geval van sedelike karakter deur die sosiale sowel as 'n persoonlike ideaal, daargestel. McDougall druk dit as volg uit: [3]"We have seen that desires are identical with the impulses, the conative tendencies of our instincts, working on the plane of imagination rather than of mere sense-perception. The organized system of these tendencies, directed upon a variety of objects and toward the realization of various goals connected with these objects, constitutes what we call character. Character is the system of directed conative tendencies. It may be relatively simple or complex; it may be firmly or loosely knit; it may be directed in the main toward lower or toward higher goals.

---

1) Symonds P.M., Diagnosing Personality and Conduct. bls. 560.
2) McDougall W., An Outline of Psychology, bls. 417.
3) ibid. bls. 417.

Character of the finest type is that which is complex, strongly and harmoniously organized, and directed toward the realization of higher goals or ideals. Such character may be attained by the indiwidual whose intellect is relatively simple and ordinary. But the better organized and richer the intellect, the more efficiently will character work toward the realization of its goals." Karakterontwikkeling veronderstel verder, volgens McDougall, die deurloop van al sewe stadia in ewolusie.[1]

McDougall onderskei verder nog sedelike karakter waar die sentiment van selfrespek by uitstek die belangrikste rol speel. Volgens hom is die wil handelende karakter, die gewete sedelike karakter - "'The Will' is character in action; and 'Conscience' is moral character."[2]

Volgens McDougall lê die onderskeid tussn persoonlikheid en karakter daarin, eerstens dat persoonlikheid 'n wyer begrip as karakter is, dat persoonlikheid meer insluit as karakter. Tweedens is daar meer sentimente op die spel in geval van persoonlikheidsontwikkeling as in geval van karakterontwikkeling; derdens het karakter ook 'n sterk sedelike kleur, en is dit juis hier waar die wil en die gewete in aanmerking kom.

Onder karakter kan ons dieselfde besware inbring as wat onder persoonlikheid aangevoer is. Belangrik vir ons is dat hier wel onderskei word tussen persoonlikheid en karakter, en wel dat karakter as 'n gedeeltelike eienskap van die persoonlikheid gesien moet word.

(iii) <u>Karakter as Inhibisie</u>.

Vir Roback[3] is karakter 'n psigo-fisiese "disposisie" wat feitlik staties is. Verder vind hy 'n regulerende beginsel wat die instinktiewe impulse onderdruk, d.w.s. wat sorg vir die inhibisie. Wat met hierdie "regulerende beginsel" bedoel word, word nie spesifiek genoem nie, en dit word ook nie heeltemal duidelik uit die uiteensetting nie. Omdat karakter volgens hierdie beskouing nie die etiese sy van gedrag is nie, kan die regulerende beginsel ook geen spesifieke of algemene norm wees nie, teoreties kan dit wel enigiets wees t.w. ook 'n bende kode. Onder karakter moet hier dan verstaan word hoe goed of sleg die instinktiewe impulse geïnhibeer word. Roback se definisie van karakter lui as volg: "An enduring psychophysical disposition to inhibit instinctive impulses in accordance with a regulative principle."[4]

Belangrik vir ons is dat ook hier tussen persoonlikheid en karakter onderskei word. Karakter is baie duidelik 'n onderdeel van die persoonlikheid. Karakter is meer beperk. "Character is that part of the personality which remains after the cognitive, affective and physical qualities have been abstracted. Character, then, covers the volitional and inhibitary phases of behaviour, and yet is dependant on intelligence to a large extent and is affected by temperament in some measure."[5]

1) McDougall W. op. cit. bls. 449.
2) McDougall W. op. cit. bls. 442.
3) Roback A.A., The Psychology of Character.
4) Roback A.A., op. cit. bls. 450.
5) Roback A.A., op. cit. bls. 160.

(iv) Denkrigtings wat nie tussen persoonlikheid en karakter onderskei nie.

Onder hierdie hoof word eerstens die suiwer biologies georiënteerde beskouing[1] waar daar glad nie tussen persoonlikheid en karakter onderskei word nie genoem. Hierdie beskouing is dus vir ons van geen betekenis nie. Tweedens het ons die Dieptesielkunde en die Gestaltsielkunde. Albei hierdie denkrigtings het geen spesifieke karakterbeskouing nie, en onderskei ook nie tussen die begrippe persoonlikheid en karakter nie. Derdens val onder hierdie hoof die tipe-indelings en wel diè van Katherine Blackford, Kretschmer, Kroh, Jaensch en Klages. Die indeling van Blackford kan streng gesproke nòg onder persoonlikheid nòg onder karakter geplaas word omrede die oppervlakkigheid daarvan. Kretschmer se indeling spreek aan die een kant meer as persoonlikheidsbeskouing tot ons, dog aan die ander kant word daar onder hierdie indeling sowel as onder dié van Kroh tipe-beskrywende eienskappe genoem wat ons meer geneig voel om as karaktereienskappe te aanvaar. Nieteenstaande laasgenoemde feit plaas ons genoemde indelings eerder onder persoonlikheid as onder karakter. Hoe dit ook al sy wat vir ons belangrik is, is die feit dat hier nie tussen persoonlikheid en karakter onderskei word nie. Dieselfde geld ook vir die indeling van Heymans en Hugo. Die indeling van Jaensch behels o.i. geen karaktereienskappe nie.

Die indeling van Klages staan bekend as karakterkunde. By die bestudering van genoemde uiteensetting blyk dit asof hieronder die persoonlikheidstruktuur gesien moet word. Karakter het vir Klages hier ongeveer dieselfde betekenis as wat ons tot hiertoe aan persoonlikheid geheg het. Klages onderskei ook nie tussen persoonlikheid en karakter nie.

(v) Karakter as waardegerig.

Onder hierdie hoof val hoofsaaklik eerstens Kerschensteiner,[2] Utitz[3] en Spranger[4] en tweedens die christelike denkrigting.

(a) Kerschensteiner, Utitz en Spranger.

Kerschensteiner onderskei in die eerste plek 'n psigo-fisiese karakteraanleg of indiwidualiteit wat bestaan uit die hoëre en laere funksies van die mens. Daar kan eers van karakter sprake wees as daar eenheid in bogenoemde indiwidualiteit gekom het. Onder karakter verstaan Kerschensteiner bestendigheid van gees waar vaste beginsels elke wilsdaad bepaal. "Wir meinen darunter jene beharrliche Verfassung der Seele, wonach jeder Willensakt durch dauernd in ihr aufgerichtete Grundsätze oder maximum eindeutig bestimmt ist."[5] Kerschensteiner onderskei

---

1) Coghill G.E., The Biological Basis of Conflict in Behavior.
2) Kerschensteiner G., Charakterbegriff und Charaktererziehung, bls. 2.
3) Utitz E., Charakterologie, bls. 301.
4) Spranger E., op. cit.
5) Kerschensteiner G., op. cit. bls. 2.

verder tussen karakter en sedelike karakter, en laasgenoemde noem hy persoonlikheid.

Bogenoemde beskouing is veeleer meer filosofies as psigologies, dog oefen opvoedkundig invloed uit. So is dan ook etlike andere indiwiduele beskouinge wat hier buite rekening gelaat word. Utitz word slegs genoem omdat hy onderskei tussen persoonlikheid en karakter asook karakter as psigologies waardegerig bestempel. Volgens Utitz is karakter die strewende persoonlikheid in sy geheel. "Wir können davon nicht abgehen, dass der Charakter verstanden werden muss aus seinem Telos, seiner Finalität, und aus seinen formalen und materialen Momenten unter Berücksichtigung der äusseren Umstände."[1]

Spranger se karakterbeskouing is waardegerig, maar wat Spranger hier met karakter aandui behoort o.i. eerder tuis onder 'n persoonlikheidsbeskouing. Spranger onderskei dan ook nie tussen persoonlikheid en karakter nie.

(b) <u>Die Christelike denkrigting</u>.

Langeveld[2] onderskei nie tussen persoonlikheid en karakter nie. Karakter omskryf hy as volg: "Het karakter bevat een constitutieve en een resultatieve factor. Wij vatten "karakter" dus nie op als "het verworvene" alleen, noch als het in aanleg gegevene alleen. Karakter is de grond van gedrag, welke als individuele eenheid tot stand komt in de opvoeding van een gegeven aanleg."

Kohnstamm, een van die calvinisties-christelike denkers weer onderskei wel. Hy aanvaar in die eerste plek drie demensies en tweedens die karakterverandering in elkeen van die drie demensies. Verder onderskei hy tussen goeie en slegte, sterk en swak en tussen edel en vulgêre karakters. "Het verschil tuschen goed en slecht karakter het betrekking daarop of wij als richting-gevende en over ons handelen beslissende waarde die kiezen, die wij naar onz diepste inzicht niet alleen als de subjectief meest verkieslijke, maar als de objectief-hoogste affirmeeren. De tegenstelling vulgair-edel ten slotte heeft betrekking op de vraag of iemand alleen de lagere of ook de hoogere waardegebieden kennt. . . . men kan dus van drieërlei scherp te onderscheiden qualificatie in de karakterbeoordeeling spreken die betrekking hebben a. op het vermogen tot aanschouwen der waardegebieden, b. op de keuze daartuschen (gerichtheid van den wil) en c. op de vastheid van het besluit dier richting"[3] Karakter is dus 'n enger begrip as persoonlikheid, karakter vorm 'n onderdeel van persoonlikheid, karakter is 'n gedeeltelike uitlewing van persoonlikheid.

Volgens Waterinck[4] word die karakter in die mens geken deur dit wat hy doen. In die ontwikkeling van die karakter ken hy agt velde. In hierdie velde lê die motiewe wat die karakterontwikkeling bepaal. Die normale karakter vind

---

1) Utitz E., op cit. bls. 301.
2) Langeveld M.J. Inleiding tot de Studie der Paedagogische Psychologie. bls. 290.
3) Kohnstamm Ph., Persoonlijkheid in Wording, bls. 84.
4) Waterink J., Theorie der Opvoeding, bls. 428 - 441.

êrens tussen die uiterstes in hierdie velde sy ewewig. Verder het ons in karakterontwikkeling agtereenvolgens onderstaande elemente: 1)

1. Karakter kwaliteit wat Waterink "de zedelijke tendenz" noem.
2. Spesifieke begaafdheid.
3. Karakterstruktuur waaronder ingesluit word affektiwiteit, temperament en uitingsvermoë.
4. Die opbou van die karakter.
5. Die aspek van die karakter.

By Krakter gaan dit vir Waterink verder om drie bepalinge, eerstens hoe reageer ek as die buitewêreld na my toe kom, tweedens hoe gaan ek uit na die buitewêreld, en derdens hoe is ek na die kontak met die buitewêreld. Karakterbeskouing is afhanklik van persoonlikheidsbeskouing. Die onderskeid tussen karakter en persoonlikheid bestaan in die eerste plek daarin dat karakter 'n enger begrip as persoonlikheid is, en tweedens is karakter bydrae d tot die persoonlikheid. "Het woord 'karakter' duidt aan de kleur van de persoonlijkheid. Het karakter geeft aan de persoonlijkheid dat eigene waardoor de persoonlijkheid te midden van anderen zich op zijn wijze in onderscheiden verhoudingen in onderscheiden intensiteit kan openbaren."2)

Samevattend onderskei Coetzee3) tussen persoonlikheid en karakter as volg. Karakter en persoonlikheid behoort bymekaar, persoonlikheid kan nie sonder karakter bestaan nie, al is die persoonlikheid sleg gevorm en verkeerd ontwikkel, en al het dit 'n slegte of gebrekkige karakter. So ook blyk uit die volksmond dat iemand geen persoonlikheid is nie, al het hy die beste karakter. "Iemand is dan ook nooit 'n karakter nie, maar hy het 'n karakter, en iemand het nie 'n persoonlikheid nie, maar hy is 'n persoonlikheid met sekere kwaliteite. Die persoonlikheid is dus iets wat is of bestaan, 'n substansiële struktuur wat ontstaan as die samehang van ons psigiese lewe ten gevolge van die kwalitatiewe en formele invloede, waarvan karakterkwaliteite seker die belangrikste is."4)

(vi) Samevatting.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die beskouinge in twee hoofgroepe ingedeel kan word. Eerstens het ons die karakterkunde en tipologie wat algemeen gesproke, volgens ons uiteensetting, eerder as 'n persoonlikheidsuiteensetting beskou kan word, en wat net soos twee sielkundige denkrigtings nl. die Dieptesielkunde en die Gestaltsielkunde nie tussen persoonlikheid en karakter onderskei nie.

Die ander hoofgroep omvat die beskouinge wat wel duidelik tussen persoonlikheid en karakter onderskei, en wel op grond daarvan dat persoonlikheid 'n wyer begrip as karakter is, dat karakter as onderdeel tot die persoonlikheid behoort, en dat die een nie sonder die ander kan bestaan nie.

---

1) Waterink J., Hoofdlijnen der Zielkunde, bls. 200 - 202.
2) Waterink J., Theorie der opvoeding, bls. 428.
3) Coetzee, J. Chris., Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, bls. 228.
4) Coetzee, op. cit. bls. 228.

Ons wil aansluit by laasgenoemde groep en wel op grond van die onderskeid wat daar tussen persoonlikheid en karakter in die algemeen getrek word. Nog nader sluit ons aan by die christelike, en in besonder die calvinistiese uiteensetting omrede die lewensbeskouing waar ruimte in die eenheid vir 'n veelheid toegelaat word. Ons aanvaar dus 'n wye begrip persoonlikheid. In karakter kan bepaalde karaktertrekke onderskei word, maar karakter self is meer as net 'n blote opsomming van losstaande karaktertrekke.

4) Temperament.

(a) Inleiding.

Temperament is 'n algemeen aanvaarde dog uiters duistere begrip. Daar is in perspektief gesien min psigologiese denkers wat 'n verklaring probeer gee; terwyl sommige dit uiters versigtig en andere dit soms taamlik oppervlakkig hanteer.

In hierdie paragraaf gaan dit kortliks om wat onder temperament verstaan word, en hoe daar tussen temperament, karakter en persoonlikheid onderskei word. Eerstens word 'n paar algemene verklarings genoem, tweedens geniet twee spesifieke uiteensettings kortliks die aandag.

(b) Algemene opvattinge.

Daar is die omskrywings vir wie temperament en emosies sinoniem is. Andere verwar die begrippe temperament en karakter. Die populêre mening onderskei tussen karakter en temperament op grond daarvan dat die woord "karakter" gebruik word as daar gepraat word van persone wat in een of ander rigting presteer het, terwyl aangeneem word, dat elke mens sonder uitsondering temperament besit. Temperament dien oor die algemeen 'n sosiale doel, terwyl karakter die mens as 'n krag in homself daarstel. So omskryf Roback[1] temperament as die somtotaal van ons strewingseienskappe soos dit op ander 'n indruk maak. Temperament sluit nie intelligensie of wil in nie; terwyl laasgenoemde nl. intelligensie asook wil deur sy karakteromskrywing ingesluit word. Sommige beskouinge sien in temperament die psigo-fisiese apparaat van die persoon[2]; terwyl andere die nadruk op die chemiese afskeidings laat val.

Nadat ons heelwat gelees het, kom ons tot die gevolgtrekking dat die meeste uiteensettings onderskei tussen karakter en temperament waaruit duidelik blyk dat temperament hoofsaaklik fisiologies-biologies verklaar moet word, en belangrik is in soverre dit 'n duidelike invloed uitoefen op die ontwikkeling van karakter. Temperament is tot 'n groot mate begrens, kan nie veel gewysig word nie en word hoofsaaklik oorgeërf. Karakter aan die ander kant is minder begrens, moet ontwikkel word, en is in 'n hoë mate afhanklik van faktore buite die fisiologies-biologiese samestelling van die mens.

---

1) Roback A.A., The Psychology of Character, bls. 155

2) Rombouts J.M., Persoonlijkheid, bls. 35.

(c) Spesifieke beskouinge.

(i) Ewald.[1]

Volgens Ewald handhaaf die liggaamselle self outomaties die energiekonstantheid van die liggaam. Hierdie poging tot handhawing veroorsaak energiespanning, en hierdie energiespanning noem Ewald biotonus. Parallel met hierdie biotonus loop die kurwe van die psigiese energiespanning wat Ewald temperament noem. Ewald korreleer hier temperament as die psigiese sy met biotonus as die biologiese sy. Temperament is dus 'n indiwiduele komplekse verskynsel van spanning, spanningswisseling, ontspanning en die daaruit voortvloeiende ander verskynsels. Temperament is verder afhanklik van inwendige afskeidings; dit is 'n totale struktuur met 'n onderlinge ewewigsituasie; dit bly binne bepaalde grense en daar is geen radikale wysiginge nie.

Om te onderskei tussen karakter en temperament voer Ewald ons na die struktuur-kwaliteite van die senustelsel, met die brein as hoofsetel. Hier ontstaan bepaalde psigiese korrelasies wat Ewald karakter noem. Die verskil tussen karakter en temperament volgens hierdie beskouing, is dat karakter 'n baie groter mate van plastisiteit besit as temperament, karakter kan groter en radikaler wysiginge ondergaan, is sterk afhanklik van uiterlike invloede en tot 'n groot mate verwerf.

Omrede die sterk fisiologies-biologiese verklaring van temperament, kan hier nie verder daarop ingegaan word daar dit ons na heeltemal ander terreine voer. Ons kan egter nie die verklaring dat die belangrikste karaktersetel die harsings is, aanvaar nie. Belangrik is egter die gedagte dat temperament 'n opsigselfbestaande, hoewel nie onafhanklik nie, eienskap van die persoonlikheid en karakter is, dat dit fisiollgies-biologies-psigies gefundeerd is, weinig veranderlik is en beperkende en bepalende invloed uitoefen op wat ons onder persoonlikheid en karakter verstaan.

(ii) McDougall.[2]

Volgens McDougall is temperament die sigbare geestelike uitwerking van die metaboliese, die chemiese veranderinge wat die liggaam as geheel sowel as die afsonderlike liggaamlike organe, weefsels en kliere gedurig ondergaan. Dit is verder duidelik dat chemiese stowwe genoemde veranderinge kan veroorsaak deurdat dit deur middel van die bloedstroom die brein en die breinprosesse affekteer en dientengevolge dit geestelike prosesse. Sommige chemiese stowwe tas die hele senustelsel, andere tas dit slegs gedeeltelik, aan wat beteken dat die veranderinge in die geestelike prosesse ook sal verskil. Behalwe die chemiese stowwe wat van buite af in die bloedstroom gestuur kan word, is daar ook inwendige afskeidings. Volgens McDougall is dit moontlik dat alle liggamsweefsels deur middel van chemiese afskeidings die aard van die temperament kan bepaal, wat egter baie duidelik is dit, dat

1) Ewald G., Temperament und Charakter, bls. 15 - 186.
2) McDougall W., An Outline of Psychology, bls. 354.

afskeidings van die buislose kliere sterk bepalende faktore in die aard van die temperament is. 'n Ander belangrike feit in hierdie verband is dat genoemde afskeidings as bepalende en beïnvloedingsfaktore verskil van indiwidu tot indiwidu. Hierdie feit verklaar dan ook die indiwiduele temperamentele verskille. Die bepalende faktore van temperament word dus hoofsaaklik fisiologies-biologies oorgeërf.

"[1]Enough has been said to show that temperament is a complex resultant of many factors, each of which is in the main natively determined, though susceptible in various degrees to modification by environmental influences and mental discipline. The mental development of the individual is constantly biassed in this or that direction by the peculiarities of his temperament; the trend of the selective activity of the mind, in all its processes of assimilation, discrimination, apperception, and habit formation, is largely determined by temperament; so that indivituals, similarly endowed as regards disposition and intellectual capacities, would develop very differently if they were of widely different temperament. Temperament largely influences the growth both of intellect and of character."

"Temperaments being resultants of so many diverse factors, it necessarily follows that the temperament of any man cannot be adequately characterized by one or a few adjectives."

Volgens genoemde denker oefen temperament 'n belangrike invloed uit op die persoonlikheids- sowel as die karakterontwikkeling. Daar word ook tussen karakter en temperament onderskei. In die eerste plek is temperament 'n enger begrip as karakter, en is temperament slegs 'n bepalende faktor in die ontwikkeling van karakter. In die tweede plek is temperament fisiologies-biologies georiënteerd, karakter doelnastrewend en waardigerig met die sosiale en persoonlike ideale as ontwikkelingsbepalende norme.

Die christelike[2] beskouinge onderskei tussen karakter en temperament. Volgens hierdie denkers is die temperament die aangebore, die oorgeërfde, die biologies georiënteerde en aan die temperament kan nie veel verander word nie. Temperament is 'n baie belangrike oorgeërfde bepalingsfaktor in karakter.

(d) <u>Samevatting</u>.

Samevattend is dit duidelik dat temperament, karakter en persoonlikheid wel afsonderlike begrippe is, dog nie onafhanklik van mekaar bestaan nie. Temperament is fisiologies-biologies georiënteerd, en word oorgeërf, en hoofsaaklik op grondslag daarvan indiwidueel verskillend. Dit oefen belangrike invloed uit op die ontwikkeling van karakter en persoonlikheid.

---

1) McDougall W., op cit. bls. 358.
2) Samevatting soos uitgetrek uit die werke van Kohnstamm, Pfahler, Baumgarten en Coetzee soos weergegee in die Bibliografie.

Temperament is 'n enger begrip as karakter wat op sy beurt weer 'n enger begrip as persoonlikheid is. Temperament is 'n belangrike, hoofsaaklik oorgeërfde element in karakter en persoonlikheid.

Onder persoonlikheid verstaan ons dus 'n wye begrip met verskillende aspekte. Ons het in die eerste plek aangebore, oorgeërfde beïnvloedingsfaktore, en in die tweede plek omgewingsfaktore. Persoonlikheid omvat en sluit karakter en temperament in. Ons kan samevattend as volg onderskei tussen persoonlikheid, karakter en temperament. Die mens is geskape deur God en verskil wesenlik van die dier; so ook verskil die kind van die volwassene. By die geboorte van die kind is daar bepaalde predisposisies, oorgeërf van die ouers en voorouers, aanwesig. Hierdie predisposisies of potensialiteite word deur twee hoofgroepe gekenmerk, eerstens die algemeen menslike en tweedens die spesifiek kenmerkende wat verder onderverdeel kan word in rasse en indiwiduele kenmerke. Eersgenoemde sowel as laasgenoemde is opvoedbaar, en beklemtoon laasgenoemde die indiwiduele verskille. Word albei genoemde rigtings waardegerig het ons karakter, terwyl die temperament die tempo van die reaksies van die indiwidu op die buitewêreld en omgekeerd nl. die gevolge van die reaksie van die buitewêreld op die indiwidu bepaal.

Karakter word dus hoofsaaklik verwerf, karakter is die resultaat van opvoeding of die gebrek aan opvoeding. Karakter is sterk sedelik gekleurd.

Net soos die begrip persoonlikheid karakter as deel daarvan insluit, omsluit die persoonlikheidstrek die karaktereienskap. So bv. versterk die karaktereienskap akkuraatheid die persoonlikheidstrek : selfvertroue; maar akkuraatheid op sigself verseker nog geen selfvertroue nie; so ook versterk die karaktereienskappe hardwerkendheid en leierskap die persoonlikheidstrek : selfhandhawing.- Die beginsel van die veelheid in die eenheid waarna hoër op in die teks verwys is.-

Uit ons beskouing is dit dus duidelik dat die karakter en die karaktereienskap die verwerfde is. Dit beteken dat die kind in die opvoeding die karaktereienskappe kan aanleer, die besitting van sy persoonlikheid kan maak. Dit is dan ook juis hierdie aspek nl. dat karaktereienskappe verwerf kan word wat ons die ondersoek tot karaktereienskappe laat beperk het.

Nou dat ons onderskei het tussen persoonlikheid, karakter en temperament pas dit om kortliks stil te staan by die vraag : Wat word onder beroep in die algemeen verstaan?

4. Beroep.

(a) Inleiding.

Die beroepspsigologie is betreklik jonk en gebore uit die behoefte van die tyd. Na die industriële omwenteling, die wydvertakte ontdekkings en die vooruitgang gemaak op tegniese gebied en op die gebied van die konkrete wetenskappe was die wagwoord : produksie so hoog as moontlik met produksiekoste so laag as moontlik. Spoedig is besef dat die goed toegeruste masjinerie sonder die geskikte menslike hulp van geringe waarde is, en dat genoemde ideaal slegs dan bereik sal word as die regte mens op die regte plek is. Die eerste poging tot rasionalisasie van die menslike metodes is teen die einde van die 19e eeu deur F.W. Taylor[1] aangewend. Hierdie stelsel spruit voort uit kapitalistiese materialisme en die mens word slegs as 'n masjien beskou. Dit was ook die oorsprong van die waarheid dat wanneer die indiwidu goed aangepas is by sy werk, dit die indiwidu, die gemeenskap, kultuur en volk bevoordeel.

Die grondlegger van die moderne beroepspsigologie is die Duitser, Hugo Münsterberg.[2] Daarna het industriële psigologie met rasse skrede vooruitgegaan, en is ook die beroepe ten opsigte van die maatskaplike en ekonomiese lewe ingesluit. Sedertdien dateer ook die benaming beroepspsigologie wat meer omvattend as industriële psigologie is. Dit is veral vanaf die begin van die 20e eeu dat die menslike faktore in die beroep nl. belangstelling, motiewe wat 'n persoon aanspoor, en die geesteseienskappe wat nodig is om sukses te behaal aandag geniet het.[3]

(b) Beroep.

Onder dié begrip vind ons uiteenlopende beskouings sowel as betekenisnuanse verskille. Vir sommige draai die beroep slegs om die onmiddellike behoeftes van die indiwidu en val die nadruk hoofsaaklik op lewensonderhoud,[4] terwyl ander die beroep in diens van die gemeenskap stel.[5] Vir Coetzee[6] berus die beroepsbeskouing by die lewens- en wêreldbeskouing en is van beslissende betekenis vir die grootwordende mens. Volgens Utitz[7] moet daar tussen beroep en sake-onderneming onderskei word en is die beroep óf 'n gedwonge of 'n vrywillige middel om van te leef, of 'n middel om te lewe soos die mens wens om te lewe. So is daar mense wat vir geen beroep geskape is nie, terwyl daar aan die anderkant uiterste beroepsuitblinkers is. Daar kan ook tussen beroep, roeping en beroepsbewustheid onderskei word. Onder beroep word dan verstaan die lewensonderhoud, roeping sou dan dui op die spesifieke persoon bedoel vir 'n spesiale taak waarvoor slegs hy geroepe is, waarin hy lewenslank

---

1) Smith May; An Introduction to Industrial Psychology, bls. 9.
2) Professor te Harvard Universiteit.
3) Kitson H.D., The Psychology of Vacational Adjustment, bls. 1.
4) Findlay J.J. Foundations of Education, bls. 47.
5) Barschak Erna, Die Idee der Berufsbildung und Ihre Einwirkung auf die Berufserziehung im Gewerbe, bls. 109.
6) Coetzee, op. cit. bls. 218.
7) Utitz, op. cit. bls. 318.

staan en waaraan hy hom geheel en al toewy, gaan hy sover in sy toewyding dat hy deur persoonlike bydrae tot die bevordering van die beroep doelbewus bydra, het ons beroepsbewustheid.

Onder die professie kan dus al drie grade verstaan word waar die nadruk meer op een graad val of al drie grade sterk kan beklemtoon. Die eerste belangrike vereiste vir die professies is opleiding na matrikulasie en gewoonlik universitêre opleiding. Die verstandelike peil sal dus in die algemeen bo die gemiddelde moet wees. Omdat die professies nie altyd bestendig is nie bv. 'n onderwyser kan predikant word, 'n advokaat kan regter word, verplig die professies verder 'n wye algemene lewensagtergrond, 'n hoëre opvoeding en meer as net spesifieke vakkennis. Verder vind ons dat daar 'n baie groot mate van onbekendheid omtrent die omstandighede waaronder die professie uitgeoefen mag word, is. So bv. kan 'n onderwyser na die stad of platteland gaan. Die sosiale eise is by die uitoefening van die professie hoog en verander gedurig, daarom kan die vasstelling van moontlike karaktereienskappe miskien aanpassing vergemaklik.

(c) Beroepskeuse.

Oor die beroepskeuse in die algemeen is daar heelwat geskryf, maar oor die keuse met betrekking tot die professies baie min. Die begrip beroepskeuse sluit beroepsleiding in, dit omvat die beroepswens, die beroepsbegeerte en die beroepsbesluit. Beroepskeuse kan van twee kante benader word. Eerstens kan die vraag gestel word : Moet die indiwidu se hele persoonlikheid, karakter, intelligensie en neiginge aan die beroep beantwoord? Hierdie benadering veronderstel 'n reeds gevormde, volwasse persoonlikheid en karakter. Hier word die aanpassing van die beroep by die persoonlikheid benadruk. Hierdie gedagte is essensieel by die professies en veral waar dit gaan om 'n hoër trap in dieselfde professie, bv. waar 'n onderwyser 'n hoofonderwyser word of 'n advokaat 'n regterskap aanvaar. 'n Breedvoerige bespreking sal ons te ver van ons doel wegvoer en daarom laat ons dit daar. Tweedens vra ons onsself af: Moet die indiwidu sy persoonlikheid, karakter en neiginge wat 'n bepaalde rigting toon in die beroep laat inleef om sodoende 'n werklik volwasse persoonlikheid met 'n vaster karakter te word? Hierdie vraag veronderstel 'n rypende persoonlikheid en karakter en gaan dit om die aanpassing van persoonlikheid en karakter by die beroep. Hierdie benaderingskant het die jeugdige in die oog wat juis 'n belangrike kant van die vraagstuk is, want dit is die jeugdige wat die beroep kies, die jeugdige met bepaalde wordende persoonlikheidstrekke en karaktereienskappe wat hier die aandag moet geniet. Dit is dus paslik dat 'n paar belangrike beïnvloedingsfaktore by die beroepskeuse by die jeugdige baie kortliks in oënskou geneem word. Onder hierdie beïnvloedingsfaktore wil ons insluit: (i) die jeugdige se beroepshouding, aanleg, liggaamlike, sosiale, ekonomiese en omgewingsfaktore, (ii) Persoonlikheid en karakter.

(d) Beïnvloedingsfaktore.

(i) Die jeugdige en die beroep.

In die karakterisering van die jeugdige en sy beroepsbelangstelling het ons hoofsaaklik twee bevindings wat feitlik lynreg teenoor mekaar staan. Aan die een kant word beweer dat ons by die jeugdige 'n algemene ontwaking van 'n beroepsbelangstelling vind, by sommige is dit van algemene aard, by die meerderheid egter tree een bepaalde rigting van belangstelling wat met hul begaafdheid ooreenstem, duidelik te voorskyn.[1] Die objektiewe beroepsbeskouing gaan nou oor na die subjektiewe.[2] Hierteenoor het ons die mening dat die jeugdige self nog nie weet wat hy wil nie, dat die oorgrote meerderheid geen bepaalde beroepsrigting het nie, en slegs die uitsondering en enkeling duidelikheid het omtrent die toekomstige beroepsrigting. Hoffman[3] wil dan ook weet hoe die jeugdige wat gedurig rondgeslinger word en geen sekerheid omtrent homself het nie, wel sekerheid omtrent sy beroepsbelangstelling en beroepskeuse kan hê.

Die jeugdige se hele beskouingslewe bestaan slegs nog uit vrae, wense, en ideale wat hy streef om te verwesenlik. Sy beroepsdenke is nie so nugter soos dié van die volwassene nie, maar vaag, onseker romanties gekleurd, geïdealiseerd, 'n moontlike weg ter verwesenliking van die self en die Ek-bevinding. Dit is dan ook belangrik dat die jeugdige glad nie dieselfde opvatting as die volwassene omtrent die beroep het nie. Laasgenoemde feit bemoeilik dan ook beroepsleiding by die jeugdige. Verder speel aanleg; liggaamlike geskiktheid of ongeskiktheid; sosiale, omgewing en ekonomiese faktore; kanse en seks 'n belangrike rol by die beroepskeuse van die jeugdige. Die wesenlike verskil tussen die seun en die dogter beïnvloed hier ook die beroepsdenke. Vir die seun beteken die beroep die toekoms in die volle sin van die woord; vir die dogter is die beroep 'n tydelike heenkome, 'n tussenpouse.

Onder aanleg hier bo genoem moet net die algemene verstandelike bekwaamheid verstaan word. Aangesien intelligensie soveel omvat en soveel verskillende aspekte het, wil ons hier net volstaan met die algemeen aanvaarde verstandspeil in die professies wat die I.K. bo 125[4] stel.

Die jeugdige hou nie altyd rekening met sy aanleg nie, aan die anderkant kan 'n hoë I.K. nie altyd sukses in 'n professie waarborg nie; daar is ander faktore soos bv. die wil, persoonlikheidstrekke en karaktereienskappe wat 'n belangrike rol speel. Vir ons doel aanvaar ons egter dat die jeugdige of persoon wel die vereiste verstandspeil besit, en is die belangrike vraag nou die karaktereienskappe.

---

1) Brooks F.D., The psychology of adolescence, bls. 298.
2) Keyter J. de W., Opvoeding en Onderwys, bls. 83.
3) Hoffman W., Die Reifezeit, bls. 16.
4) Groenewald A.J., Handleiding in Beroepsvoorligting, bls. 63.

Belangstelling, 'n belangrike faktor by die beroepskeuse, word by die jeugdige meer prakties, dog daar word nie altyd verband gehou met belangstelling en bekwaamheid nie. Die belangstelling van die jeugdige verander maklik, ons vind nie altyd konstantheid in belangstelling nie. Die jeugdige se belangstelling is selde definitief, meestal vaag en soms vind ons glad geen belangstelling nie.

Daar is ook nog die invloed van die onbewuste op die beroepskeuse en Szondi[1] ken hieraan 'n ereplek toe. Volgens hom kan die familiêre onbewuste gesublimeer word, en hierdie sublimering spreek duidelik in die beroepskeuse. So bv. word 'n sadisties familiêre onbewuste gesublimeer en die gevolg is dat die beroep van sjirurg of slagter gekies word. Ook ander beskouinge benadruk die invloed van die onbewuste op die persoonlikheid, en derhalwe ook op die beroepskeuse. Hoever die invloed strek asook graadsterkte van die invloed is onbekend, want die invloed van die onbewuste op die beroepskeuse lê in die dinamiese strewings daarvan en is dus hoofsaaklik indirek.

(ii) Omgewingsfaktore.

Waar omgewingsinvloed in oënskou geneem word, moet ons altyd onthou dat ons hier te doen het met regstreekse en onregstreekse invloed, en is dit uiters moeilik om altyd 'n besliste skeidslyn te trek.

In die vroegste tydperk was beroep en arbeid feitlik sinoniem, en is die arbeid deur die slawe verrig. Gedurende die christelike middeleeue het die stand die beroep bepaal. Hierdie toestand het bly voortbestaan tot die Franse rewolusie. Vandag word beweer dat daar vir almal gelyke kanse gebied word, 'n bewering waarop baie uitsonderings aangetoon kan word, bv. die sosiale posisie van die ouer of ander familiebetrekkinge, die kerkverband, eksterne faktore en politieke beskouinge.

Bavinck[2] beweer dat die omgewing waarin die kind gebore word feitlik die keuse van die beroep bepaal. "In de werklijkheid gaat het veeleer zoo toe, dat een kind in eene bepaalde omgewing geboren en opgevoed, allengs neiging gaat gevoelen voor een of ander vak, dat in zijne omgeving uitgeoefend word" - 'n waarheid wat in die algemeen toegepas word. Hierdie waarheid val veral sterk op waar daar nie besondere belangstelling getoon word nie. Ons vind ook selde dat kinders van ouers wat professies beklee hulle buite die professies waag. Die sterkste invloed van die omgewing is die onbewuste, onregstreekse beïnvloeding van die denkrigting van die kind, wat reeds vanaf die vroegste lewensjare van die kind geskied. Die stedelike en plattelandse omgewing oefen elk dan ook 'n eiesoortige invloed uit. Die geboorteland met sy kulturele agtergrond skep besliste handelings : In sekere streke kan selfs 'n bepaalde beroepsmentaliteit vasgelê word.[3]

---

1) Vgl. Hoofstuk I.
2) Bavinck H., De Opvoeding der Rijpere Jeugd, bls. 174.
3) Groenewald A.J., Handleiding in beroepsvoorligting, bls. 99.

Huisgesin



Met betrekking tot die onmiddellike invloed van die omgewing is dié van die huisgesin baie belangrik. Hier het ons twee uiterstes met graadverskille tussenin. Aan die een kant kry ons absolute vryheid sonder enige belangstelling aan die kant van die ouer; aan die ander kant ouers wat reeds by die geboorte van die kind 'n bepaalde beroep kies en waar dit ook die enigste keuse bly. 'n Sterk beïnvloedingsfaktor is die voorbeeld van die ouers en ander lede van die gesin. Die posisie wat die kind in die huisgesin beklee, oefen invloed uit op die beroepskeuse. Die oudste kind kan deur opoffering of oorheersing gelei word; die derde kind in die gesin toon soms 'n neiging tot minderwaardigheid wat by die beroepskeuse blyk. Die geslag moet in aanmerking geneem word. Soms is die beroepskeuse by die jeugdige 'n ontvlugting van die gesinsbande, en soms 'n ontvlugting van die werklikheid. Die houding teenoor die ouers beïnvloed die beroepskeuse al na gelang dit objektief in verset tot uiting kom, of uit gedweë gehoorsaamheid die ouerlike keuse volg, of die ouerlike keuse volg omdat dit die enigste en maklikste weg is. Belangrik is ook die ouer se houding teenoor die beroepskeuse van die jeugdige. Die sosiale stand van die gesin, sowel as die godsdienstige en lewens- en wêreldbeskouing oefen invloed uit. Behalwe die gesinsinvloed het ons ook die invloed van vriende wat gedurende die jeugjare gewigtig is.

Die skool

Die skool se invloed spreek uit die lewens- en wêreldbeskouing, die ontdekking van die aanleg, die vorming van die persoonlikheids- en karaktertrekke, met altyd 'n oop oog en oor vir die ontdekking van 'n belangstellingsrigting. Daar gaan persoonlike invloed van die onderwyser uit, bewus sowel as onbewus, doelbewus of onopsetlik. Beroepsrigtings word deur die skool as geheel of indiwiduele onderwysers gepropageer met goeie of slegte gevolge, al na gelang van die invloed.

Beroep self

Die beroep self is 'n beïnvloedingsfaktor. Waar 'n beroep heeltemal onbekend is, bestaan daar tog geen moontlikheid dat dit by 'n keuselys ingesluit sal word nie. Soms, in die oorgrote meerderheid van gevalle, is oppervlakkige kennis omtrent 'n beroep juis die deurslaggewende faktor, terwyl 'n diepgaande kennis 'n moontlike keuse sou uitsluit. Die vooruitsigte wat die beroep bied is 'n deurslaggewende faktor, terwyl sosiale veiligheid en prestige die meeste aandag geniet. Laasgenoemde is baie goed te verstaan as ons daaraan dink dat die jeugdige besonder gevoelig is vir die sosiale. Sosiale prestige en ekonomiese welvaart word by die keuse van die professies bo werklike bekwaamheid en genot van werk self gestel; 'n waarheid wat ernstige aandag verdien, omdat laasgenoemde twee faktore baie belangrik is vir 'n suksesvolle aanpassing aan die beroep.

Eksterne faktore

Onder omgewingsinvloed verdien ook die eksterne faktor genoem te word. Oor hierdie faktore het die indiwidu geen beheer nie, en hy moet hulle slegs aanvaar. Hierdie faktore is veral van belang by die professies. Ons het in die eerste plek ekonomiese probleme. Die ouers is behoeftig en kan geen opleiding vir 'n professie bekostig nie, beurse is nie toereikend nie, en geld kan soms moeilik te lene gekry word. Die gesin kan ook so behoeftig wees dat die finansiële hulp onontbeerlik is,

sodat 'n beroep waar die opleidingstydperk korter is, gekies moet word. Die dood van 'n ouer kan ook die bepaalde ingeslane studieweg laat verander. As gevolg van finansiële tekort moet 'n professie waarvoor daar op die tuiste-dorp of stad voorsiening gemaak word, gekies word. Ander eksterne faktore is verandering van rigting as gevolg van siekte, 'n spraakgebrek, of een of ander onvoorsiene gebeure. Geldelike probleme is hier oorwegend die belangrikste en ook die mees algemene.

(iii) Wilsfaktor.

Ons belangstelling gaan hier nie uit na die omskrywing van die wil, of die ontwikkeling daarvan nie, maar na die rol wat die wil in die beroepskeuse speel. As ons bekwaamheid, aanleg, die persoonlikheid en karakter met die samewerkende wil in die beroepskeuse aantref, het ons 'n hoë mate van bevredigende aanpassing.

Die wil onderskei sig in die deursettingsvermoë. Dikwels word 'n mindere mate van talent met 'n sterk deursettingsvermoë tot verbasende hoogtes gestuur. Aan die ander kant is die gebrek aan deursettingsvermoë en wil juis die oorsaak waarom iemand wat tog die bekwaamheid, aanleg, die persoonlikheid, karakter en opleiding het soms nie 'n suksesvolle aanpassing kan maak nie. Die wilsfaktor is deurslaggewend by die keuse, en dit is die belangrikste bydraende faktor tot sukses, omdat dit 'n bewuste erkenning van 'n sterk innerlike begeerte is. Wanneer ons "wil" word alle kragte in diens van die wil ingespan, en ons vind dat hindernisse op die oog makliker oorkom word. Die wil is die stukrag agter inspanning, dit rig die belangstelling en verskerp die konsentrasievermoë, terwyl dit soms krities rekenskap eis. Die jeugdige wat weet wat hy wil se taak is dus halfpad gewonne.

(iv) Persoonlikheid en karakter.

Die belangrikheid van die rol wat persoonlikheid en karakter by die beroepslewe en beroepsaanpassing speel, is die mees algemeen erkende feit. Die moeilikheid lê egter daarin dat hoewel die belangrikheid daarvan erken word, daar nog weinig gedoen is om vas te stel watter persoonlikheidstrekke en karaktereienskappe nou juis belangrik is vir bepaalde professies en watter vorm neem die belangrikheid aan. Die direkte pogings aangewend in geval van 'n paar professies sal later onder 'n afsonderlike hoof in hoofstuk 2 bespreek word, en bepaal ons ons hier slegs by die algemene.

Die meeste pogings, in die diagnose van persoonlikheid en karakter i.v.m. die professies wat tot nog toe aangewend is, is die ondersoek na belangstellingsrigtings omdat vry algemeen aanvaar word dat belangstelling die beste grondslag vorm vir die beroepskeuse. Daar word dikwels met hierdie ondersoek uit die oog verloor dat belangstelling verskillende motiewe kan hê, dat indiwiduele belangstelling kan verskil, belangstelling nie konstant is nie maar al te dikwels van uiterlike beïnvloedingsfaktore afhanklik is. Bekwaamheid en belangstelling hou nie altyd verband nie, terwyl prestasie en belangstelling gewoonlik hoog korreleer. As al die studies i.v.m. belangstelling nagegaan word, vind ons dat daar geen ver-

gelyking tussen spesiale belangstelling en spesiale prestasie getref kan word nie.

Samevattend kan ons sê dat belangstelling wel 'n bydraende faktor tot die keuse van die professie is indien al die genoemde beïnvloedingsfaktore rakende belangstelling in aanmerking geneem word; dat daar wel belangstellingsneigings - soms definitief, soms vaag en soms glad nie - by die jeugdige gevind word; dat belangstelling op indiwiduele motiewe berus waarvan diagnose belangrik is vir die beroepskeuse, en dat ons veral by die professies belangstelling by die jeugdige op hierdie stadium nie as die enigste of selfs belangrikste bepalende faktor moet beskou nie.

(e) Samevatting.

Beroepspsigologie is nog betreklik jonk, want eers aan die begin van die 20e eeu het die menslike faktor in die beroep aandag begin geniet. Daar is onderskei tussen beroep, roeping en beroepsbewustheid. By die beroepskeuse was dit duidelik dat die jeugdige slegs vaag beroepsbewus is. Daar is etlike faktore wat die beroepskeuse beïnvloed soos omgewingsfaktore, die wilsfaktor, belangstelling en andere. Daar is op gelet dat sommige die mening toegedaan is dat die persoonlikheid en karakter by die beroep moet aanpas; terwyl ander beklemtoon dat die beroep by die persoonlikheid en karakter moet aanpas. Dit is sover nog 'n ope vraagstuk watter rol persoonlikheid en karakter by die suksesvolle uitoefening van die professie speel. Sou daar spesifiek kenmerkende persoonlikheidstrekke en veral karaktereienskappe wees vir bepaalde professies?

# HOOFSTUK II.

## Persoonlikheidsmeting en die Professies.

### A. Meting : Persoonlikheid en Karakter.

#### 1. Inleiding.

In hoeverre persoonlikheid en karakter gemeet kan word, hang af van die beskouing oor die aard en wese daarvan as sodanig. Dit het dan ook duidelik geblyk uit hoofstuk I dat daardie denkrigtings wat van die standpunt uitgaan dat persoonlikheid en karakter slegs in sy geheel benader en gesien moet word, sig moeilik leen tot die moontlikheid van objektiewe meting. Indeling in tipes is op sigself reeds 'n vorm van meting. Die grondslag waarop die verskillende tipe-indelings geskied, is die norm of maatstaf. Hoe noukeurig en hoe betroubaar genoemde maatstaf is, het ook uit die besware teen tipologie geblyk. Indien dit 'n objektiewe betroubare maatstaf was, sou daar nie so 'n groot verskeidenheid van tipe-indelings gewees het nie. Die grondslag by al die tipe-indelings is hoogs subjektief, en geheel en al afhanklik van die mens- en persoonlikheidsbeskouing van die bepaalde denkrigting.

Daar is ook op gelet dat bepaalde persoonlikheids- en karakterbeskouinge die moontlikheid inhou dat die geheel nagevors kan word deur middel van die bestudering van die onderdele. Hierdie beskouinge laat ruimte vir die gedagte dat dit wat bestaan wel gemeet kan word. Laasgenoemde denkrigtings het ook etlike pogings aangewend om Persoonlikheid en Karakter te meet.

Uit die bespreking van die christelike, en in besonder die calvinistiese beskouing, is dit duidelik dat hierdie denkrigting persoonlikheidstrekke en karaktertrekke as 'n veelheid in die eenheid sien : Persoonlikheid die wyer begrip met karakter die enger begrip. Dit beteken dat die bestaan van persoonlikheids- en karaktertrekke aanvaar word, waar die persoonlikheidstrek weereens die karaktertrek as enger begrip omvat. Genoemde aanvaarding stel dus die moontlikheid van meting van persoonlikheids- en karaktertrekke daar, indien daar 'n maatstaf gevind kan word. Dit wil egter nie sê dat daarmee bedoel word dat as persoonlikheids- en karaktertrekke sig leen tot meting, persoonlikheid en karakter as sodanig, soos uiteengesit onder hierdie beskouing gemeet is nie. Die beskouing laat slegs ruimte vir empiriese ondersoek. Omrede van hierdie ondersoek word sommige van die bestaande metingsbetodes in die volgende paragrawe nader ondersoek.

#### 2. Metingsmetodes.

Uit die aard van ons studie is dit onmoontlik om al die reedsbestaande metodes te noem, laat staan nog noukeurig en breedvoerig te bespreek, en daarom staan ons slegs kortliks by 'n paar o.i. belangrike metodes stil, en ook slegs in soverre dit die doel van die studie raak.

##### (a) Waarneming.

Waarneming as maatstaf kan op verskillende maniere gebruik word. Daar kan een of meer, korter of langer periodes wees. Die waarnemer self kan aktief deelneem,

bloot toeskou, of waarneem vanuit 'n posisie waar hy nie gesien word nie. Waarneming as metode word gebruik in geval van klein kinders, asook by sommige sielkundige ondersoeke. Soms word waarneming as metode nie op sigself nie maar in samewerking met ander metodes gebruik. Waar hierdie metode gebruik word met die doel om meer omtrent die persoonlikheid en karakter van die proefpersoon, die persoon wat waargeneem word, te wete te kom, bestudeer dit die gedrag van die betrokke persoon. Onder gedrag moet hier verstaan word die handelinge of reaksies van die waargeneemde, en veral die manier waarop hy reageer asook wat gesê word sowel as dit wat nie gesê of gedoen word nie. M.a.w. die hele doen en late van die persoon wat waargeneem word. Van die gedrag word dan persoonlikheids- en karakterneigings, of te wel persoonlikheids- en karaktertrekke afgelei. Op grond van hierdie afleidings word die persoonlikheid en die karakter van die proefpersoon beoordeel.

Symonds[1] onderskei twee tipes van waarneming. Eerstens is daar wat hy noem "finding observation" en tweedens "Directed Observation". Met "finding observation" word slegs blote waarneming bedoel. Die waarnemer moet op hoogte wees met sy "stof" naamlik dit wat hy gaan waarneem, en kennis dra van al die betrokke moontlikhede. Hierdie tipe waarneming is sterk afhanklik van die waarnemer se ervaring. "Directed Observation" geskied volgens 'n vooraf bepaalde en uitgewerkte plan waarin noukeurig neergelê is waarna opgelet moet word.

Waarneming is uiters subjektief, en subjektiwiteit is 'n besliste tekortkoming by 'n wetenskaplike ondersoek. Dit is egter baie moeilik om heeltemal sonder waarneming klaar te kom, daarom moet gesorg word om die subjektiewe faktore waar moontlik uit te skakel, en sover moontlik te beperk. Onderstaande feite is essensieel en moet pertinent in gedagte gehou word waar daar noukeurig waargeneem moet word.

1. Die sintuie moet sonder enige defek wees.
2. Die waarnemer moet wakker wees en alles moet sy volle aandag geniet.
3. Die waarnemer moet goed kan skat sonder om van spesiale instrumente gebruik te maak.
4. Die waarnemer moet fyn kan onderskei.
5. Die waarnemer mag nie aan enige patalogiese toestande onderworpe wees nie.
6. Die waarnemer moet onmiddellik 'n juiste verslag opstel.
7. Die waarnemer moet uiters noukeurig kan waarneem.
8. Die waarnemer mag nie bevooroordeeld wees nie, of aan ingewortelde gewoontes van interpretasie onderworpe wees nie.
9. Die waarnemer moet kan beskryf sonder om te interpreteer, en dit is baie moeilik.
10. Die waarnemer moenie opgewonde of andersins versteurd wees nie.

Hierdie metode as maatstaf van persoonlikheid en karakter kan nie sonder meer aanvaar word nie, en wel omrede die hoogs subjektiewe aard daarvan. Verder berus die beoordeling van die persoonlikheid en karakter slegs op gedrag soos hier bo genoem, en dit is oli. 'n ontoereikende beskouing.

1) Symonds P.M., Diagnosong Personality and Conduct, bl.30.

(b) Skattingskale.

Die skattingskale "meet" persoonlikheid en karakter hoofsaaklik op grondslag van bepaalde "trekke" en nie meer bepaald op grondslag van gedrag nie, waar ons onder gedrag moet verstaan soos uiteengesit onder (a). Die skattingskaal in al sy vorms, beoog om 'n bepaalde graad van 'n bepaalde "trek" aan te dui.

Die eerste stap by hierdie skale is om vas te stel watter karaktertrekke in die besondere geval belangrik is. Daardie "trekke" moet in die eerste plek baie duidelik omskryf kan word, en moet tot 'n mate objektief gemeet kan word. Derdens moet daar spesifieke graadverskille van 'n bepaalde "trek" aangedui word. Bv. in geval waar die "trek" "netheid" beoordeel moet word, moet duidelik aangedui word of die proefpersoon baie netjies, gewoon netjies of slegs bevredigend netjies is. Hieruit is baie duidelik dat "trekke" wat te doen het net persoonlike voorkoms bv. sig in hierdie geval meer leen ter beoordeling as "beginsel-trekke". So bv. is dit makliker om organisasietalent te beoordeel as "opregtheid". Bestudeer ons die skattingskale dan is dit duidelik dat die nadruk op "trekke" wat onder eersgenoemde groep kan sorteer, val. Vergelyk in hierdie verband Liard[1] se "Personal Inventory Diagnostic Analyses of Effective Leadership". Hierdie toets is opgestel vir volwassenes, en meer spesifiek vir diegene wat in die nywerheid betrokke is. Hier word twaalf persoonlikheids- en karaktertrekke wat skynbaar belangrik is vir leierskap, genoem. Onder die "trekke" wat genoem word, vind ons : selfvertroue, organisasietalent en lewenshoudings bv. die houding teenoor die handel ens.; konstruktiewe denke e.d.m. Tweedens neem ons die "Graphic Report on Workers - Scale B"[2] Die sewe eienskappe hier genoem is : leervermoë, hoeveelheid werk verrig, ywer, inisiatief, vermoë om saam te werk, kennis van die werk.

Derdens word genoem "Rating Scale, Committee on Personality Measurement, American Council on Education".[3] Dit is 'n skattingskaal waar die volgende vyf persoonlikheids- en karaktertrekke genoem word: Voorkoms en houding, ywer, vermoë om ander te beheer, emosionele kontrole, hoe tyd en energie verdeel word.

Bogenoemde skattingskale kan verskillende vorms aanneem. Ons het eerstens ordening volgens toekenning van 'n bepaalde syfer; tweedens onderlinge vergelyking; derdens rangskikking in volgorde waar die graad van die bepaalde "trek" as grondslag dien; vierdens 'n vergelykende skatting. In laasgenoemde geval word die norm, 'n persoon, vir elke "trek" vooraf opgestel en word die proefpersone in vergelyking met die norm geskat.

Teen die skattingskale as maatstaf van persoonlikheid en karakter kan etlike besware ingebring word. Eerstens berus die skale op die beskouing dat persoonlikheid en karakter slegs die somtotaal van die aantal persoonlikheids- en karaktertrekke is. Tweedens beklemtoon dit die per-


1) Garrett Henry E. and Sneck M.R., Psychological Tests, Methods and Results, bls. 119.
2) Garrett and Sneck op. cit. bls. 119.
3) Garrett and Sneck op. cit. bls. 120.

soonlikheids- en karaktertrekke wat hoofsaaklik op uiterlike faktore berus soos voorkoms, bekwaamheidsvermoëns. Die rede hiervoor is die strewe na objektiwiteit. Hier word met ander woorde eerder aandag gegee aan die dop, hoe dit lyk en wat daar alles op gevind kan word, as aan die inhoud daarvan.

(c) Die grafiese skaal.[1]

Hierdie skaal word miskien die meeste as metingsmetode gebruik. "Trekke" word net kortliks maar duidelik omskryf. Van die beoordelaar word slegs verwag om sy merkie op die skaal, waar hy volgens oordeel die indiwidu skat, te maak. Die skaal is net 'n reguit lyn van vier of vyf duim lank waarop 'n bepaalde "trek" in graad aangedui word. Vergelyk onderstaande voorbeeld.

Betroubaarheid.




Vir berekeningsdoeleindes kan waardes aan elke eenheid toegeken word. Met bogenoemde as grondbeginsel is verskillende ander skale en vorms uitgewerk.

Die voordele verbonde aan hierdie skaal in vergelyking met die ander skattingskale kan as volg opgesom word : Dit kan maklik verstaan word; dit wek belangstelling en het baie min motivering aan die kant van die beoordelaar nodig; dit kan gou en maklik voltooi word; die beoordelaar is nie afhanklik van direkte hoeveelhede nie; daar is ruimte vir fyner onderskeidings; die skaal kan na willekeur verander word, en tog dieselfde mate van objektiwiteit behou; dit is 'n skaal wat universeel gebruik kan word; daar kan vergelykings getref word sonder dat die beoordelaar almal in elke afdeling hoef te ken.

Weereens moet daar gelet word op die persoonlikheids- en karakterbeskouing. Verder kan daar op gewys word dat die beoordelaars bevooroordeeld kan wees. Oor die twee belangrikste eise wat aan hierdie skaal gestel word, nl. objektiwiteit en betroubaarheid, is nog glad nie eensgesindheid bereik nie.

(d) Meting van persoonlikheid op grondslag van gedrag.

Onder gedrag moet hier verstaan word soos onder (a) uiteengesit.

Die volgende toetse kan onder hierdie afdeling genoem word : Eerstens die groep wat die invloed van kennis en oordeel op gedrag meet.[2] Die uitgangspunt by hierdie toetse is die gedagte dat kennis gedrag beïnvloed. As

1) Garrett and Sneck op. cit. bls. 108.
2) Symonds op. cit. bls. 263.

voorbeeld vir hierdie soort toetse kan die "Gates - Strong Test in Health Knowledge"[1] genoem word. Onderstaande is 'n voorbeeld. 'n Aantal bewerings word gemaak, 'n antwoord gegee, en dan hoef daar slegs 'n kruisie voor die bewering, waar dit volgens die proefpersoon korrek inpas, gemaak te word. Volgens die antwoorde wat die gedrag van die persoon veronderstel te wees, word die persoonlikheidstrekke afgelei.

"Keeping school desks neat and floor free from papers should be done by
. . . . . . . . the teacher
. . . . . . . . the janitor
. . . . . . . . the principal
. . . . . . . . the pupils
. . . . . . . . the parents."

Soortgelyke toetse met morele kennis, oordeel, etiese lewenshoudings ens. as grondslag is opgestel. Die waarde van genoemde toetse is afhanklik van die mate waarop kennis gedrag in die praktyk beïnvloed, d.w.s. in hoeverre dit waar is dat as daar kennis omtrent 'n saak gedra word, dié kennis in die praktyk toegepas word, en op die wyse die gedrag beïnvloed. Of die waarheid van bogenoemde gedagte, nl. as die mens kennis dra hy volgens die kennis handel, altyd as konsekwent beskou kan word, kan nog nie sonder verdere bewyse aanvaar word nie. Lesse soos ons dit uit die daaglikse praktyk leer, staan taamlik skepties teenoor hierdie feit. Hierdie skeptisisme word ook nog beklemtoon deur die feit nl. dat bogenoemde toetse in die algemeen met intelligensie toetse korreleer; maar nie met ander persoonlikheids- en karaktertoetse nie.[2]

Die besware teen bogenoemde toetse kan kortliks as volg opgesom word : Volgens hierdie toetse is kennis en gedrag sinoniem. Gedrag laat gewoonlik geen rekord na wat later op die gemak bestudeer kan word nie. Dit is uiters moeilik om die proefpersoon onbewus van die feit dat hy getoets word, te hou. Daar is heelwat faktore wat hierdie toetse beïnvloed bv. gewoontes, aanwysinge wat deur die toetsafnemer gegee word sowel as die prestige van die toetsafnemer. Die toets is ook afhanklik van die gedagte nl. in hoeverre die proefpersoon die uitslag as belangrik beskou. Praktiese moeilikhede verbonde aan hierdie toetse is die toepassing daarvan en die berekening van die resultate. Genoemde toetse het dus vir ons as maatstaf van persoonlikheids- en karaktertrekke geringe waarde, en as maatstaf van persoonlikheid en karakter as sodanig van geen waarde nie.

(e) <u>Fisiologiese en Biochemiese grondslae</u>.

(i) <u>Fisiologiese meting van emosies</u>.

Uit die bespreking van persoonlikheid en karakter was dit duidelik dat daar denkrigtings is wat persoonlikheid en karakter slegs op 'n Fisiologies-biologiese basis wil verklaar. Verder was dit ook duidelik dat ander beskouinge temperament met emosies as stukrag 'n belangrike rol in persoonlikheid en karakter toeken; terwyl al

---

1) Symonds op. cit. bls. 287.
2) Symonds op. cit. bls. 287.

die beskouinge in persoonlikheid en karakter 'n fisiologies-biologiese aspek waarin die emosies 'n baie belangrike rol speel, erken, en daarom moet die fisiologies-biologiese metings kortliks aandag geniet.

Wanneer ons emosies werklik fisiologies sou wou meet, sou dit beteken dat alle veranderinge in al die organe waar dit mag plaasvind of ook glad nie plaasvind nie gemeet moet word. Verder moet daar ook seker gemaak word dat alle afskeidings wat gelyktydig in al die organe mag plaasvind, en in sommige organe nie mag plaasvind nie, gemeet moet word. Dit beteken dat sulke toetse uiters moeilik sou wees, en met ons huidige kennis ook 'n mate van gevaar inhou. Verder kan hierdie toetse slegs onder hoogs gekontroleerde eksperimentele toestande in die laboratorium uitgevoer word. 'n Alles omvattende toets wat alle metings gelyktydig doen, is nog nie toegepas nie, en dit bly 'n vraag of dit ooit uitgevoer sou kon word. Gedeeltelik is daar reeds en word daar nog steeds ondersoek ingestel.

Daar is eerstens die sphygmograaf wat die polsslag en die hartklop meet. Ons kan ons egter nie geheel en al op die meting van die polsslag en hartklop as maatstaf vir emosionele veranderinge verlaat nie, en wel om die veelvuldige beïnvloedingsfaktore wat in aanmerking geneem moet word. Onder hierdie beïnvloedingsfaktore kan o.a. die volgende genoem word :

(i) Daar is seksverskille.[1)]
(ii) Die verskil in liggaamlike grootte.
(iii) Die ouderdom.
(iv) Die temperatuur van die bloed.
(v) Verdowingsmiddels.
(vi) Liggaamlike oefeninge.
(vii) Dit hang af of daar gestaan of gesit word.
(viii) Hoe kort gelede daar geëet is.
(ix) Volgens Starling[2)] veroorsaak die sluk reaksie 'n versnelling in die pols.
(x) Die bloeddruk.[3)]
(xi) Die emosionele veranderinge.

Dit is dus duidelik dat as daar veranderinge in die polsslag en hartklop sou wees, dit slegs een uit die elf kere die gevolg van emosies of 'n emosie kan wees.

<u>Bloeddruk as maatstaf.</u>

Om die bloeddruk te meet word die sphygmo-manometer gebruik. Net soos in die geval van die polsslag en hartklop is hier soveel faktore behalwe die emosionele wat invloed op die bloeddruk uitoefen dat enige veranderinge wat mag plaasvind aan verskillende of verskeie faktore

---

1) Burton-Opitz, R. A Text-book of physiology, bls. 273.
2 Blatz W.E., The Cardiac, Respiratory and Electrical Phenomena Involved in the Semotion of Fear, Journal of Experimental Psychology, 8 : 109 - 132 (1925).
Landis C., Gulette R., and Jacobsen C., "Criteria of Emotionality", Pedagogical Seminary and Journal of Genetic Psychology, 32, 1925 bls. 209 - 254.
2) Starling E.H., Principles of Human Physiology, bls. 803.
3) Dieselfde as onder 1).

toegeskryf kan word. Beïnvloedingsfaktore wat hier opgenoem kan word is :

(i) Die bloeddruk is afhanklik van die bloedvolume.
(ii) Die bloeddruk is afhanklik van die hartpompe.
(iii) Die bloeddruk is afhanklik van die elastisiteit van die bloedvate.
(iv) Die bloeddruk is afhanklik van die omtrekweerstand waaronder verstaan word die weerstand van die kleinere bloedvate in die onmiddellike omgewing.
(v) Bloeddruk is afhanklik van die swaartekrag.
(vi) Seksverskille oefen invloed uit op die bloeddruk.
(vii) Die liggaamlike grootte oefen invloed uit.
(viii) Die ouderdom oefen invloed uit op die bloeddruk.
(ix) Asemhaling.
(x) Die Traube-Hering golwe.
(xi) Die bloeddruk is afhanklik van hoe lank of hoe kort gelede 'n maaltyd geniet is.
(xii) Liggaamlike oefening.
(xiii) Koue en warm baaie.
(xiv) Vermoeidheid.
(xv) Menstruasie en swangerskap.
(xvi) Pyn.
(xvii) Koue.
(xviii) Klierafskeidings bv. skildklierafskeidings.
(xix) Emosies. 1)

Onder hierdie groep toetse kan nog die meting van die bloedvolume, asemhalingstoets en andere genoem word. Daar is in hierdie gevalle ook net soveel ander beïnvloedingsfaktore bo en behalwe emosies dat hierdie toetse ook nie as maatstaf kan geld nie.

Besware wat teen die meting van emosies op fisiologiese grondslag ingebring kan word, is : Eerstens dat emosies slegs een van die baie faktore is wat verantwoordelik is vir die fisiologiese veranderinge. Tweedens dat die instrument wat vir die meting gebruik kan word net in 'n laboratorium aard. Derdens dat die laboratorium omstandighede kunsmatig is en dus verskil van die natuurlike. Vierdens moet die proefpersoon dikwels kennis dra omtrent die aard en doelwit van die toets, en die kennis beïnvloed die waarde van die toets. Vyfdens is die meting afhanklik van die emosionele vatbaarheid van die proefpersoon. Sesdens is die feit dat dit uiters moeilik is om toetse met dieselfde asook verskillende proefpersone te herhaal. In die sewende plek is dit duidelik dat daar slegs sprake van vergelyking kan wees as alle moontlike beïnvloedingsfaktore, asook die eksperimentele omstandighede presies dieselfde by elke proefpersoon en elke toets is.

Op grond van die besware teen die toetse self as spesifieke maatstaf van emosies ingebring, asook op grond van die persoonlikheid- en karakterbeskouing kan hierdie toetse dus nie as afdoende metingsmetode van persoonlikheid en karakter beskou word nie.

---

1) (i) - (xix) Burton Opitz, R. A Textbook of Physiology, bls. 370.
Landis, C., A Method of Obtaining Records of Constant Blood Pressure, American Journal of Psychology, 1923, No. 34, bls. 470.
Starling, op. cit. bls. 850.

(ii) Biochemiese meting van persoonlikheid en karakter.

Rich[1] het 'n verband tussen die suurgehalte in die speeksel en urine aan die een kant en persoonlikheids- en karaktereienskappe aan die ander kant gevind. So bv. is persone met 'n lae gehalte urinesuur maklik prikkelbaar, en is die omgekeerde ook waar. Die metode van meting van genoemde sure hoort net soos in geval van die fisiologiese metings in die laboratorium tuis. Hier kan dus ook dieselfde besware ingebring word as geopper onder die fisiologiese metings. Verder is daar by hierdie metode, net soos in geval van die reedsgenoemde fisiologiese metings, soveel beïnvloedingsfaktore wat in aanmerking geneem moet word dat die invloed op die persoonlikheidsreaksies en emosies self slegs bykomend is. Omtrent hierdie ondersoek laat Symonds[2] hom as volg uit : "One can only speculate as to the possible causes of the relationship between these physiological factors and personality factors. It is known, for instance, that glandular secretion is rendered easy or difficult by a change in the acidity of the blood. An increase in the acid character of the blood tends to retard glandular secretion. If these personality differences are due to extent of the secretion of the adrenal or pututiary or other glands of internal secretion, and the activity of these glands is directly related to the acidity of the bodily tissues, then the explanation of Rich's findings is clear. But this is only a hypothesis.

"Again the creatinine excretion may be a measure of glandular activity. If glandular products act as catalyzers in hastening or retarding metabolism, this fact would be shown by the products of metabolic activity. Consequently if emotional excitability is also a function of glandular activity, it may be measured in this roundabout way by the products of metabolism. These again are only speculations.

"Chemical determinations of personality are certain to loom importantly in future work, which may uncover important facts bearing on the causes of personality differences."

Dat die klierafskeidings en chemiese werkinge van die liggaam invloed uitoefen op die persoonlikheid en karakter word deur geen denkrigting in hierdie verband betwyfel nie; maar voordat dit as een en enigste bepalende faktor beskou kan word, sal daar nog baie meer kennis omtrent die klierstelsel en die werkinge daarvan opgedoen moet word. Al het ons egter ook al die kennis, maak die klierstelsel, volgens ons aanvaarde Persoonlikheids- en karakterbeskouing, slegs 'n onderafdeling uit van een aspek van die persoonlikheid en karakter nl. die fisiologiese. Op grond van bogenoemde feite, en spesifiek laasgenoemde gedagte kan die biochemiese meting nie as 'n toereikende maatstaf beskou word nie.

---

1) Rich G.J., A Biochemical approach to the study of personality - Journal of Abnormal and Social Psychology, 1928 No. 23, bls. 158 - 175.
2) Symonds op. cit. bls. 440.

(f) Indiwiduele metodes.

Onder hierdie metodes noem ons eerstens die meting van die omgewing en kulturele agtergrond, tweedens die kliniese metodes en derdens die onderhoud. Die eersgenoemde metode loop met 'n ompad, en het baie min met direkte persoonlikheids- en karaktermeting te doen dat ons dit daarby laat. Die tweede beperk sig in die algemeen tot die studie van spesifieke gevalle soos bv. die psigoanalitiese metode, en word dus hier ook net daar gelaat. Laasgenoemde metode nl. die onderhoud verdien kortliks aandag.

(i) Onderhoud as metingsmetode.

In die onderhoud as metingsmetode word daar drie tipes onderskei. Eerstens is daar die diagnostiese onderhoud waar die doelwit is om meer omtrent die menings, lewenshoudings en persoonlike ervarings van die persoon met wie die onderhoud gevoer word t.w. die proefpersoon, uit te vind. Hierdie vorm van onderhoud is dubbel subjektief. Eerstens is die proefnemer van die subjektiewe inligting van die proefpersoon afhanklik en tweedens is die oordeel van die proefnemer subjektief.

Die tweede tipe onderhoud het as doelwit slegs inligting. Hier gaan dit nie om die proefpersoon en die self nie; maar om inligting wat die proefpersoon kan verskaf. In hierdie geval word die graad van subjektiwiteit bepaal deur die feit nl. in hoeverre die inligting die proefpersoon raak. As dit heeltemal buite persoonlike aangeleenthede val, sal dit meer objektief wees as wanneer dit die persoon van die proefpersoon raak. Die voordeel verbonde aan hierdie tipe onderhoud is dat inligting wat op hierdie manier verkry word, vergelyk kan word met die inligting oor dieselfde onderwerp verkry van ander proefpersone.

Die derde tipe onderhoud sluit behandeling ook in. Hierdie tipe onderhoud word bv. gebruik deur sosiale werkers, psigiaters, dokters, sielkundiges, die meeste kliniese werkers en andere. Hierdie tipe onderhoud stuur in die eerste plek nie spesifiek af op persoonlikheids- en karaktermeting nie, omdat die onderhoud kennis omtrent die persoonlikheid en karakter met die oog op rehabilitasie het, en nie net persoonlikheids- en karakterbeoordeling beoog nie.

Waar dit gaan om meting van persoonlikheid en karakter is die onderhoud as metingsmetode uiters subjektief in soverre dit die proefpersoon sowel as die proefnemer raak. Wat die proefnemer betref, kan die subjektiewe tot 'n mate uitgeskakel word deur meer as een proefnemer se oordeel oor dieselfde proefpersoon te vergelyk. Daar word heel dikwels van hierdie metode gebruik gemaak waar nadere inligting omtrent 'n persoon verlang word, maar dit kan nie om genoemde redes as 'n wetenskaplik bevredigende maatstaf ter meting van persoonlikheid en karakter beskou word nie.

(ii) Woord-assosiasie toets.

Die uitgangspunt van hierdie metode as meting van persoonlikheid en karakter veronderstel dat persoonlikheid en karakter deur middel van gedrag, soos voorheen uiteengesit, gemeet kan word. Hierdie metode maak gebruik van

lyste met prikkelwoorde waarop die proefpersoon moet reageer. Die proefpersoon kan versoek word om al die woorde wat met 'n bepaalde prikkelwoord geassosieer word binne 'n bepaalde tydsbestek te gee. Hierdie vorm van assosiasie noem Garrett en Sneck[1] "continuous association." Die proefpersoon kan ook versoek word om die eerste woord wat hom na die prikkelwoord te binne skiet te noem. Laasgenoemde noem die skrywers "dis crete association.". Omtrent die woord-assosiasie as metode laat Symonds[2] hom as volg uit: "The Free Association method stands apart as unique among experimental techniques and as one of the most potent tools for the diagnosis of conduct." By hierdie toetse is die reaksiewoord net so belangrik as die reaksietyd.

Hierdie metode van ondersoek is veral op die volgende gebiede toegepas (i) psigo-analise, (ii) om persoonlikheidsverskille aan te dui (iii) kranksinnigheid (iv) om omgewingsinvloed vas te stel, ens.

Daar is nog glad nie eenstemmigheid bereik oor die feit nl. in hoeverre die Woord-assosiasie toets 'n wetenskaplike diagnose van persoonlikheid is nie. Die rede hiervoor is in die eerste plek dat hierdie metode afhanklik van die proefnemer se interpretasie is, en die interpretasie weer op sy beurt afhanklik van persoonlikheids- en karakterbeskouing van die proefnemer. Hier word aan die begin veronderstel 'n bepaalde persoonlikheids- en karakteropvatting en sekere assosiasiewoorde sal op bepaalde persoonlikheidsafwykinge dui. Verdere probleme i.v.m. hierdie metode as metingsmetode van persoonlikheid en karakter is dat dit slegs indiwidueel toegepas kan word en baie tyd vereis. Dit kan moeilik gekontroleer word of "vry-assosiasie" werklik vry is. Verder vereis hierdie metode dat die proefnemer eie oordeel moet gebruik, wat dit as metode ook weer subjektief maak. Of dit as 'n werklike metingsmetode van persoonlikheid en karakter as sodanig beskou kan word, val te betwyfel omdat dit 'n sekere opvatting veronderstel en dan uitgaan om te meet of die opvatting, die persoonlikheid en karakter daar is. Waartoe hierdie metode sig wel leen, is die vasstelling van persoonlikheids- en karakterafwykinge.

(iii) Projeksie-toetse.

Onder die projeksie-toetse word kortliks genoem die Rohrschach toets, die Thematic Apperception toets en der Baumtest.

(a) Die Rohrschach-toets.[3]

Die opvatting omtrent persoonlikheid en karakter wat as uitgangspunt vir die Rohrschach-toets aanvaar word, word deur Klopfer en Kelley[4] as volg saamgevat : "The general psychological assumptions made in Rorschach

1) Garrett en Sneck, op. cit. bls. 106.
2) Symonds, op. cit. bls. 361.
3) Greene E.B., Measurements of Human Behavior, bls.529.
Klopfer B., en Kelley, D., The Rohrschach Technique, bls. 1 - 452.
Rapaport D. Diagnostic Psychological Testing, Volume II. bls. 13.
4) Klopfer en Kelley, op. cit. bls. 221.

interpretation are so few and simple that nobody will have any compunction about accepting them. Thus, it is assumed that the actions and reactions of human beings are stimulated or prompted both from without and from within. The stimulation from without has never been doubted. It seems equally clear that most psychologists agree in assuming that promptings from within form a working part of actual life".

Die persoonlikheids- en karakterbeskouing aanvaar verder die beginsel van introverte-ekstroverte tipes net in dié sin nl. dat sommige mense hoofsaaklik deur prikkels van binne aangespoor word, en ander deur prikkels van buite. Die persoonlikheidsbeskouing aanvaar ook die ernstige invloed van die kulturele faktore en die druk wat dit uitoefen op die aangebore neiginge, en as gevolg waarvan al die emosionele probleme ontstaan. Die struktuele aspekte van die persoonlikheid wat as grondslag in die toets aanvaar word, kan as volg saamgevat word: Eerstens tot watter mate die persoon sy aangebore impulse beheer. M.a.w. watter metodes deur die persoon gebruik word om sy impulse te inhibeer, te onderdruk, te rig en te stabiliseer. Tweedens die aanpassing en volwassenheid wat Klopfer en Kelley[1] as volg opsom : "Here the interest centers on the extent to which the subject seems to follow his natural inclinations, to possess tendencies to run away from himself, to fear his imagination, to shy away from his own ideas, to fear contact with the outside world, or to display other signs of insecurity or anxiety.

"The general level of maturity on which these tendencies or conflicts are handled is also evaluated here - whether these tendencies lead to infantile reactions or to mature solutions."

Derdens het ons wat genoem word Die Erlebnistyp waaronder verstaan moet word tot watter mate die persoon reageer op prikkels van buite, en tot watter mate daar op prikkels van binne af gereageer word.

Die toets self bestaan uit 'n reeks van tien kaarte met elkeen 'n toevalsvlek daarop. Hierdie toevalsvlek is gebonde aan ruimtelike ritmiek gedeeltelik verkry deur simmetrie, maar tog eenvoudig van struktuur. Die eerste vyf kaarte is swart en die ander vyf gekleurd. Die proefnemer moet hier oplet na die vorm wat waargeneem word nl. as gehele, dele en besonderhede, en of dit skerp, minder skerp of vaag waargeneem word. Waar kleur en vorm die antwoord beïnvloed moet daarop gelet word of die vorm of die kleur beklemtoon word. As die vorm hoofsaak en die kleur bysaak is, word die antwoord as vorm-kleur geïnterpreteer; is die kleur hoofsaak en die vorm bysaak is die interpretasie kleur-vorm. As die vorm in die antwoord geignoreer word, en net die kleur in aanmerking geneem word, is die kleur primêr.

Daar is 'n ingewikkelde voorgeskrewe metode[2] waarvolgens die toetskaarte geïnterpreteer moet word.

---

1) Klopfer en Kelley, op. cit. bls. 223.
2) Bochner R., The Clinical Application of the Rohrschach Test, Second Edition, bls. 12.

Die Rohrschach-toets veronderstel om die intelligensie aspek van persoonlikheid, die algemene persoonlikheidstruktuur te toets.[1] Daar kan ook verskillende beelde van die abnormale persoonlikheid gevorm word. As fantasie-proef is hierdie toets afhanklik van Rohrschach se beskouing oor die fantasie wat waarneming en opvatting insluit.[2]

Omtrent die diagnostiese waarde van die toets is daar nog nie eensgesindheid bereik nie. Volgens Rapaport[3] het hierdie toets belangrike diagnostiese waarde wanneer die formele aspek en nie so groot die inhoud daarvan beklemtoon word. Van die vormbeskouing van die proefpersoon kan afgelei word hoe laasgenoemde se gedagtes fungeer. Ook het al die afdelings van die toets nie dieselfde diagnostiese waarde nie. Daar moet eerder op die verskillende aspekte van die toets as op die toets in sy geheel gelet word.[4] Zullinger[5] beklemtoon die diagnostiese waarde van die toets in die kliniese ondersoek. Lewis[6] som die diagnostiese waarde van hierdie toets as volg op : "When applied by those thoroughly trained in its use, it reveals the basic organization of the personality structure, including the fundamental affective and cognitive structures of mental life. The method enabls the investigator to recognize the spontaneous tendencies which form the basis of the subject's personality with a higher degree of reliability than has been demonstrated by any other experimental technique. More-over it is notably less time-consuming than any other clinical observation procedure which permits the formulation of conclusions of comparable validity.

"The Rohrschach method is remarkably effective in estimating the intellectual status of an individual; in revealing the richness or poverty of his psychic experience; in making known his present mood; and in showing the extent of his intuitive ability as well as in disclosing special talents and aptitudes. By virtue of its unique function in these areas, the value of the technique is becoming increasingly clear to psychalogists in social service work, personnel administration, and vocational guidance.

"In psychiatry, the validity of the method as a diagnostic instrument has been established. It points the way to new understanding of mental disorders, and it has gained a reputation for its service in identifying borderline cases and in differentiating among psychoses, neuroses, and organic brain disorders. Because the method differentiates reliably between normal groups with varying personality traits and subjects with mental disorders, it is finding a use in the United States, Canadian, British and German armed forces for the detection of the unfit."

Die waarde van die Rohrschach-toets as hulpmiddel by die bepaling van persoonlikheids- en karaktertrekke word ernstig beperk deur die feit dat die proefnemer altyd eers 'n diepgaande studie van die toets en interpretasietegniek

---

1) Klopfer en Kelley, op.cit. bls. 231.
2) Nel B.F., Die fantasie van Blanke en Naturelle skoolgaande kinders, bls. 62.
3) Rapaport, op. cit. blse. 102, 109, 110.
4) Ibid. bls. 369.
5) Zullinger H., Jugendliche Diebe im Rohrschach, bls. 153.
6) Klopfer en Kelley, op. cit. Voorwoord bls. ix - x.

moet maak. Die toetsafnemer kan slegs 'n hoogsgeskoolde persoon wees. Verder beperk die noodgedwonge persoonlikheids- en karakterbeskouing die algemene gebruik van hierdie toets. Die toets kan omrede sy samestelling en die interpretasietegniek nie grootskaals toegepas word nie, en veral nie in groot groepe nie. Hoewel die toets toekomsmoontlikhede skyn in te hou, is die praktiese moeilikhede genoem nog ernstige struikelblokke, en wel struikelblokke wat terdeë in die oog gehou moet word waar hierdie toets as algemene hulpmiddel by die bepaling van persoonlikheids- en karaktertrekke, in geval van beroepskeuse gebruik, gaan word.

(b) <u>Thematic Apperception test.</u>[1)]

Hierdie toets bestaan uit drie stelle kaarte. In elke stel is daar 'n reeks van tien prente. Een stel word aan beide mans en vrouens getoon, een slegs aan mans en die ander slegs aan vrouens. Van die proefpersoon word verwag om na aanleiding van die prentjie 'n eie verhaal, mondeling op te bou. Hierdie verhaal kan deur die proefnemer neergeskryf word. Daar is verskillende gewysigde asook spesifiek-toegepaste vorme van hierdie toets.

Die interpretasie van die toets geskied op grond van die inhoud en formele eienskappe apart geneem, en dan weer in verband met mekaar geneem. Die interpretasie is 'n ingewikkelde proses en dit vereis 'n deeglike studie van die voorgeskrewe metode.

Die toets maak daarop aanspraak dat dit persoonlikheidsafwykinge reikende van randgevalle van neurose tot ernstige abnormale geestesafwykinge, kan diagnoseer.

Die beperkinge verbonde aan hierdie toets lê in die beperking van die materiaal, aan die ander kant probeer hierdie toets om byna alle probleme van die moderne dinamiese psigologie en psigopatologie te omsluit.

Omtrent die diagnostiese waarde van hierdie toets laat Rapaport hom as volg uit:[2)] "This test, like the others, requires the patient to think and to verbalize his thoughts. The patients thinking and verbalization are in their formal aspects shaped by the pathological mode of thinking that is characteristic of the illness itself..... The diagnostic indications of the T.A.T. arise from the fact that the patient talks continuously about a wide variety of situations, affects and motifs without opportunity of checking back : in this situation he easily reveals his characteristic or pathological mode of thinking."

---

1) Harrison, R., The Thematic apperception and Rohrshach methods of personality investigation in clinical practice, bls. 49 - 74.
   Harrison R., and Rotter J.B., A note on the reliability of the Thematic apperception Test, bls. 97 - 99.
   Stutz M., The Unique contributions of the Thematic apperception Test to a developmental study, bls. 704.
   Wyatt F., Formal aspects of the Thematic Apperception Test, bls. 491.

2) Rapaport D., Diagnostic Psychological Testing, Volume II, bls. 439.

Die belangrikste mikpunt van hierdie toets is die patologiese afwykinge en om hierdie afwykinge te "ontdek" vereis 'n diepgaande studie van die toets. Daar word nie spesifiek aandag aan die algemene normale aspekte van persoonlikheid en karakter gegee nie, behalwe in die opsig dat die normale 'n bepaalde handelingskoers veronderstel en word daar anders gereageer of gedink, is dit 'n psigologiese afwyking. In hierdie opsig is die T.A.T. dan ook baie meer beperk as die Rohrshach. Verder kan dieselfde besware as wat teen die Rohrshach ingebring is, ook hier geopper word.

(c) Der Baumtest.

Die "Baumtest" bestaan daarin dat daar van die proefpersoon verwag word om 'n boom te teken. Belangrik is hier dat die proefpersoon aanneem dat sy tekenvaardigheid getoets word, terwyl dit glad nie die geval is nie. Die beste sou wees om die proefpersoon 'n vrugteboom te laat teken. Die vorm wat die getekende boom aanneem, lyk gewoonlik na 'n kruis wat gevorm word deur die stam en die takke. Hieruit spreek die teenstellings : liggaam - siel; aarde - hemel; verlede - toekoms; gemeenskap - enkeling. Volgens hierdie toets word die teenstelling in die siel in 'n ruimtesimboliek weergegee. Aan die vorm en oorhelling van die kruis na bo en onder, links of regs kan dan afleidings omtrent die persoonlikheidsneigings van die proefpersoon gemaak word.

Die diagnotiese waarde van hierdie toets is afhanklik van die psigologiese beskouing van die opsteller daarvan, asook aan die simboliek daaraan toegeskryf by die interpretasie wat 'n ernstige studie vereis. Omtrent die diagnostiese waarde van die toets laat Esser hom as volg uit : "Het is met de boomtest als met die graphologische onderzoekingen gesteld, beide vragen een sterk invoelende vermogen en grote oefening." 1) Verder kan hier nog die besware geopper teen die Rohrschach en die T.A.T. in die algemeen, ingebring word. Boonop word gewys op die dualistiese persoonlikheidsbeskouing wat nie aansluit by die aanvaarde beskouing in hierdie studie nie.

(g) Die Questionnaire.

Die Questionnaire as metingsmetode word baie algemeen gebruik. Die betroubaarheid van die Questionnaire is afhanklik van die samestelling daarvan, die noukeurige omskrywing van die vrae en toetsstof, die praktiese waarde van die vrae, die doel van die ondersoek, die proefpersone as sulks en die aantal proefpersone.

Daar is etlike voorbeelde waar die Questionnaire as metingsmetode vir persoonlikheid en karakter gebruik is. Daar is bv. Allport se : "A Scale for measuring Ascending - Submission in Personality". Die doel van die toets is "to discover the disposition of an individual to dominate his fellows (or to be dominated by them) in various face-to-face relationships of every-day life." Daar is drie verskillende vorms, een vir mans, een vir vrouens en een vir mans sowel as vrouens. Onderstaande voorbeelde is tipes van vrae wat gestel word.

---

1) Esser P.H., Karakterkennis en Neurosenleer, tweede deel, vls. 220 - 221.

(a) Vir mans sowel as vrouens.

"At church, a lecture, or entertainment, if you arrive after the program has commenced and find that there are people standing, but also that there are front seats available which might be secured without 'piggishness' or discourtesy, but with considerable conspicuousness, do you take the seats?

habitually . . . .
occasionally . . . .
never . . . . ."

(b) Vir mans.

"In witnessing a game of football or baseball in a crowd have you intentionally made remarks (witty, encouraging, disparaging, or otherwise) which were clearly audible to those around you?

frequently . . . . .
occasionally . . . .
never . . . . . . . "

(c) Vir vrouens.

"If you made purchases at Woolworth's or at any bargain counter, would you mind your friends' knowing it?

sometimes . . . . .
no . . . . . . . . "

Na berekening is 'n betroubaarheidsfaktor van .74 vir mans en .78 vir vrouens gevind.[1]

Die doelwit in hierdie vraelys is in die eerste plek 'n lewenshouding.

'n Tweede voorbeeld wat hier genoem kan word, is dié van Donald Laird : "Colgate Mental Hygiene Tests, Personal Inventory B2." In hierdie vraelys word daarop gemik om abnormale sosiale en emosionele trekke vas te stel by volwassenes. Daar is altesame ses-en-sestig vrae wat volgens die grafiese skaal beantwoord moet word. Hierdie vrae is verder in drie afdelings ingedeel en elkeen van hierdie afdelings veronderstel om bepaalde afwykings te "meet".

'n Derde voorbeeld is die "Emotional Maturity Scale" deur R.R. Willoughby. Hierin word sekere bewerings gemaak en die proefpersoon moet daardie bewerings wat hy as toepaslik op homself afmerk. Dieselfde skaal kan ook deur iemand anders, 'n proefnemer, oor die proefpersoon afgemerk word.

'n Betroubaarheidsfaktor-wat moontlik hoër kan wees - van .54 word gegee.[2] Daar kan nog etlike voorbeelde van soortgelyke ondersoeke genoem word. Die besware asook die voordele van hierdie metings is dieselfde as wat vir die Questionnaire in die algemeen geld. Uit genoemde as ook ander metingspogings is dit duidelik dat die nadruk slegs op aspekte van persoonlikheid en karakter val en hoofsaaklik op lewenshoudings. 'n Belangrike aspek wat hier buite

1) Garrett en Sneck, op.cit. bls. 131 - 132.
2) Garrett en Sneck, op.cit. bls. 132 - 133.

rekening gelaat word, is die motiewe waaruit die besondere "trekke" ontwikkel het en wat deeglik invloed uitoefen op die persoonlikheid en karakter in sy geheel.

As metingsmetode van die persoonlikheid en karakter self word die Questionnaire nie as te betroubaar beskou nie, omdat dit nie deurdring tot die kern nie. Dit is te afhanklik van die indiwidu sê persoonlike onderskeiding tussen kennis en oortuiging. Hierby kom nog dat die proefpersone nie almal dieselfde betekenis aan dieselfde term heg nie. Boonop heg die proefnemer en die proefpersoon ook nie dieselfde betekenis aan dieselfde term nie. Hier moet ook in gedagte gehou word dat die antwoorde op die vrae van 'n persoonlike aard is, en antwoorde op sulke vrae is gewoonlik nie te betroubaar nie. So bv. kan 'n persoon self daarvan oortuig wees dat hy 'n bepaalde "trek" besit; terwyl ander nie dieselfde oordeel toegedaan is nie. Suggestie kan invloed uitoefen; taal speel 'n belangrike rol en skiet dikwels te kort; die vrae kan nie die hele veld dek nie, terwyl heelwat proefpersone hulle self nie kan plaas nie. Die Questionnaire is soos meeste van die ander metodes besig om die geheel deur middel van onderdele te meet.

Onder die voordele verbonde aan die Questionnaire as metingsmetode met betrekking tot persoonlikheid en karakter kan genoem word : daar kan beoordeel word, en vergelykings getref word sonder dat die proefnemer persoonlik kennis dra van die proefpersoon of proefpersone. Die tydsfaktor vergelyk ook gunstig vir die Questionnaire, sowel as die wye keuse wat gelaat word by die beantwoording. 'n Belangrike voordeel is dat hier massa informasie ingewin kan word. Daar kan ook in ongeveer dieselfde mate as by ander metingsmetodes reeds genoem afleidings omtrent bestaande persoonlikheidsneigings gemaak word. Sodra die toetsmateriaal nie definitief op die meting van die persoonlikheid en karakter toegespits word nie, vergroot die betroubaarheid van die Questionnaire, dit is dan minder subjektief en meer objektief.

(h) <u>Die Battery toetse</u>.

'n Ander metode wat toegepas word by die meting van persoonlikheid en karakter is om gebruik te maak van 'n battery van toetse. Hier gaan dit nie om een toets nie maar om 'n verskeidenheid van toetse. Daar word gebruik gemaak van verskillende reedsbestaande toetse. So kan bv. Laird se "Diagnostic Analysis of Effective Leadership, Personal Inventory D." as eerste van 'n reeks toetse toegepas word. Hierdie toets probeer om twaalf lewenshoudings met 'n grafiese skaal vas te stel. Daarna kan as tweede toets in die reeks "North Carolina Rating Scale for Fundamental Traits"[1] van Allport toegepas word. Hierdie toets neem karaktertrekke in pare, werklik in uiterstes. So bv. is daar aan die een uiterste die omskrywing : "Baie stadig om te besluit". . . . en aan die ander uiterste : "Baie vinnig om te besluit." Tussen hierdie uiterstes 1 en 9 kan nog ander graadverskille aangedui word. Daar is vier-en-twintig van hierdie pare. Verder kan nog gebruik gemaak word van "Strong se Vacational Interest Blank"[2]

1) Garrett en Sneck, op. cit. bls. 119.
2) Garrett en Sneck, op. cit. bls. 129.

en ander Questionnaires met soortgelyke ondersoek as doelwit. Dit word aangeneem dat al die resultate van al die toetse in die reeks saam 'n beeld van die persoonlikheid en karakter weergee. Deur dus gebruik te maak van so 'n reeks toetse kan die aanwesigheid van sekere persoonlikheids- en karaktertrekke vasgestel word. Indien al die toetse presies sou meet wat hulle veronderstel word om te meet sou genoemde veronderstelling teoreties waar wees. Alhoewel sommige toetse op sigself 'n hoë betroubaarheidsyfer toon, is daar nog geen intensiewe studie gemaak van 'n bepaalde battery toetse en interkorrelasie betroubaarheidsfaktor gevind nie. Daar is wel gebruik gemaak van battery toetse. So bv. het Bingham[1] 'n battery van toetse vir sy ondersoek gebruik, maar hier is slegs aanvaar dat die indiwiduele toetse wel toets wat hul veronderstel word om te doen, en het die feit nl. hoe alles in die geheel inpas baie min aandag geniet. Laasgenoemde ondersoek sal dan ook vollediger aandag in 'n latere paragraaf geniet.

Praktiese probleme wat by die toepassing van so 'n battery toetse opduik is eerstens die tydsfaktor, tweedens is die proefnemer vir al die toetse nie dieselfde persoon nie, en die toetse is nie in so 'n hoë mate objektief nie, dat dit ernstige subjektiewe invloed as sulks en op hierdie manier nog ernstiger, uitsluit nie. Derdens vereis sommige toetse hoogs geskoolde kennis, vierdens kan sommige slegs indiwidueel toegepas word en is dit feitlik waardeloos waar die mikpunt groot getalle is.

(i) Samevatting.

Samevattend kan ons sê dat dit uit die bespreking van 'n paar van die belangrikste bestaande en mees bekende persoonlikheid- en karaktermetingstoetse blyk dat sommige of baie min of geen diagnostiese waarde vir persoonlikheid en karakter het nie; dat ander se waarde afhanklik is van die kennis en insig van 'n spesifieke denkrigting en voorgeskrewe interpretasie; dat nog ander slegs gedeeltelik waarde het. Aan die toepassing van 'n reeks toetse is veral praktiese moeilikhede verbonde. Dit is baie duidelik dat daar sover nog geen metingsmetode is wat as allesomvattend doeltreffend vir die meting van persoonlikheid en karakter beskou kan word nie. Dit sluit egter nie die toekomsmoontlikhede uit nie waar studie belangrike hulpmiddels kan aanbied nie.

## B. Meting van persoonlikheids- en karaktereienskappe in verband met die professies.

### 1. Inleiding.

Hoewel daar heelwat geëksperimenteer is op die gebied van die psigotegniek, is die pogings rakende die hoër lewensberoepe, ook genoem die professies, nog sporadies. Die eerste oorsaak vir hierdie skrale ondersoek moet gesoek word in die onbestendigheid van die beroepe. Onder onbestendigheid verstaan ons hier eerstens dat daar in die hoër beroepe verskillende stappe is, en waar die "werk" gedoen in elke stap verskil van dié van 'n ander stap. So bv.

1) Bingham W. van D., Aptitudes and Aptitude Testing - die hele werk -.

doen die gewone onderwyser as hy hoofonderwyser word heeltemal ander werk as in die vorige stap nl. toe hy onderwyser was. Tweedens word daar gedurige veranderinge van professies aangetref bv. die onderwyser word joernalis of medikus en so meer. Om rede bogenoemde onbestendigheid in die professies besluit Prak[1] dan ook dat ons nie die hele mens in die beroep moet gaan soek nie; terwyl Utitz[2] twee kante van die karakter daarstel nl. die gewone sy van die karakter en die beroepskarakter.

'n Ander belangrike rede vir die skrale ondersoek is die vraagstuk omtrent persoonlikheids- en karakterdiagnose self soos in die voorafgaande paragrawe geblyk het. Hiertoe kan nog net die gedagte gevoeg word of daar by die jeugdige ten tyde van die beroepskeuse reeds peil getrek kan word op die aanwesige persoonlikheids- en karaktertrekke. Sou die persoonlikheids- en karaktertrekke as grondslag gebruik kan word om 'n diagnose te maak omtrent die suksesvolle uitoefening van die toekomstige beroep.?

Om rede al die moeilikhede verbonde aan die ondersoek rakende die persoonlikheids- en karaktertrekke in verband met die hoër lewensberoepe, aanvaar Prak dat slegs prognose op die gebied van intellektuele bekwaamheid van enige waarde is en laat hom as volg uit: "Vandaar ook, dat iedereen praat over domineerenden invloed van karakter en temperament voor de uitoefening van het beroep, maar dat nog nooit een commissie, die bevoegheden verleent, het heeft aangedurft of er zelfs maar over heeft gedacht om hierby aan deze zijde der persoonlijkheid gewicht toe te kennen. Concreet gezegd heeft men nooit serieus overwogen een diploma van arts of onderwijzer, van leerares of verpleegster te weigeren op grond dat de kandidaat een schurk is, een nurks, een kat of een heks. En ondanks alle theorie wordt in ieder geval, waar sulke ongunstige eigenschappen toevallig met voldoende zekerheid bekend zijn, aan een kandidaat met voldoende kennis en bekwaamheid het diploma zonder bezwaren uitgereikt. Mijns inziens is dat ook juist, want terwijl men het werk in de maatschappij met meer of minder success kan verdeelen naar aanleg en kunde is het ondoenlijk een verdeling te maaken naar eigenschappen van temperament en karakter. Men kan niet alle luie of lastige menschen op een vuurtoren of lichtschip zetten en het is wel zeker, dat de last, ook voor de omgeving, van een moeilijk temperament nog het makkelijkst is te verduren, wanneer de drager van dit temperament werk heeft, dat past bij zijn aanleg en capaciteiten. En de last word niet grooter of geringer naar mate het werk absoluut genomen meer of minder moeilijk of belangrijk is. Verder zelfs, moeilijkheden van neigingen, temperament en gedrag worden slechts veroorzaakt, doordat die taak op school of in de maatschappij voor het individu een over- of onderbelasting beteekent. En door een betere aanpassing, belasting naar draagkracht, vind herhaaldelijk een voorspoedige herstel, een regeneratie plaats." Met bogenoemde gevolgtrekking kan ons nie sonder meer saamstem nie, aangesien daar in die voorafgaande hoofstukke op gelet is dat daar baie ander beïnvloedingsfaktore is.

---

1) Prak, J.L., School, Beroep en Aanleg, bls. 206 - 207.
2) Utitz E., Charakterologie, bls. 321.

In onderstaande paragrawe volg die belangrikste pogings aangewend in verband met die ondersoek na persoonlikheid en karakter in die hoër lewensberoepe. Daar is nog verskeie pogings in wording, maar hierdie ondersoeke is nog nie vrygestel nie.

2. Bingham[1] se ondersoek.

Die metode wat Bingham gevolg het, kom kortliks op die volgende neer : Eerstens is die vereistes wat aan die betrekking of beroep gestel is, genoem. Daar word egter nie verduidelik hoe daar sekerheid omtrent die vereistes verkry is nie. Daarna volg die bespreking van die aanlegsfaktore en toetse asook belangstellingskale in verband daarmee. Een beroep word dan volledig bespreek en daarna die gevolgtrekking gemaak dat daar vir die ander hoër lewensberoepe presies op dieselfde manier te werk gegaan kan word.

(a) Ingenieurswese.

Volgens Bingham is ingenieurswese 'n wetenskap sowel as 'n kuns, en word hier ten doel gestel die kontrolering van kragte en die gebruik van die stof van die natuur tot voordeel van die mens. Die ingenieurswese self sluit 'n hele aantal professies in waarvan elkeen weer op sy beurt heelwat gemeenskapliks in die professies vind. Die aard van die werk, die opleiding en verantwoordelikheid stem tot 'n groot mate ooreen in soverre 'n helder denke in kwantitatiewe terme nodig is. Ingenieurs het te doen met juiste meting, matematiese berekenings, formules en statistieke. Hulle moet kennis dra van die eienskappe van stof, hulle moet die wette wat genoemde eienskappe verklaar, verstaan en ken. Verder word verwag dat 'n ingenieur 'n praktiese oordeel met betrekking tot geldwaardes moet hê; hy moet goed op hoogte van die uitvoerbaarheid en moontlikhede van sy taak wees.

Aanleg vir wiskunde is die mees betroubare aanlegsfaktor waarop die beroepskeuse in hierdie geval berus. "Indeed, a good reliable measure of his mathematical ability is by all odds the most significant single indicator of his aptitude for pursuing engineering studies."[2] Die keuring geskied op grond van wiskundige punte wat op skool behaal is, objektiewe toetse wat betrekking het op wiskundige aanleg nl. "Iowa placement Tests" of die toetse van die "Cooperative Test service of the American Council of Education."

'n Verdere vereiste wat deur die beroep gestel word, is die eienskap of vermoë om groottes, vorm en verband in ruimte waar te neem, om vinnig en helder oor hierdie verband te kan dink en afleidings te kan maak. Die meeste ingenieurs besit die vermoë om hulle taak in beeld in hul gedagte voor te stel. Om uit te vind of bogenoemde vermoë aanwesig is, word gebruik gemaak van een van die volgende toetse of van almal saam. Die toetse is : "The Minnesota Spatial Relations Test, The Kent-Shadow Form Board; The Yale Spatial Relations Test" en die Likert en Quasha hersiening van die Minnesota Paper Form Board.


1) Bingham W. van D., Aptitudes and Aptitude Testing.
2) Ibid., bls. 171.

(i) Die Minnesota Spatial Relations Test.

Hier het ons vier standaard vorms A.B.C.D. Uit elkeen is daar 58 stukkies wat verskil in vorm en grootte, gesny. Die toets bestaan daarin dat daardie afsonderlike stukkies elkeen op sy eie plek ingepas moet word.

Die doel van die toets is om te meet hoe vinnig en akkuraat die P.P. vorm en grootte kan beoordeel. 'n Voordeel verbonde aan hierdie toets is dat dit die proefnemer in staat stel om waarnemings i.v.m. die P.P. se persoonlikheids- en karakterneigings en gedrag te maak, bv. gaan die P.P. sistematies te werk? Hoeveel energie word verspil? Is daar volharding en selfbeheersing? Die toets duur van vyftien tot vyf-en-veertig minute. Die tydsbestek is afhanklik van die gebruik van een of meer van die toetsborde. Omtrent die betroubaarheid van hierdie toets laat Bingham[1] hom as volg uit: "The test is sufficiently reliable for purposes of individual diagnosis if all four formboards are used." Wil ons egter afleidings omtrent die beroepsrigting maak, kan daar nie op hierdie toets alleen staat gemaak word nie; maar moet dit saam met of in verband met ander toetse of kennis gebruik word.

(ii) Minnesota Paper Form-Board (Revised by R.Likert and W.H. Quasha).




Daar is 64 soortgelyke probleme soos op die tekening aangedui. By Ex is daar in die diagram twee geometriese vorms. By die ander afdelings elk een. Die taak is nou om uit te vind watter van die ander vyf vorms dieselfde voorkoms sou hê as die by Ex indien laasgenoemde saamgevoeg word. M.a.w. as die twee geometriese vorms by Ex saamgevoeg word, sou dit lyk soos A.B.C.D. of E?

1) Bingham, op. cit. bls. 310.

Bingham se bevinding is dat hierdie toets taamlik betroubaar is in soverre dit meganiese bekwaamheid toets. As keuses rakende meganiese bekwaamheid op grondslag van toets 1 en 2 gedoen word aan die een kant, en aan die ander kant slegs op toevalseleksie, sal gevind word dat in eersgenoemde geval die uitslag 23% meer korrek is as in geval van toevalseleksie. Hierdie toetse is volgens Bingham egter meer geskik om die aanleg vir meganika te ontdek as wat dit tot hulp is by die keuse van die ingenieursprofessie. Omtrent die geldigheid van genoemde toetse (i) en (ii) laat Bingham hom as volg uit : 1)"It is not known, however, how valid the test is, in making specific vocational forecasts; and so interpreting the meaning of a very high or a very low score as an indication of the presence or absence of an aptitude important for a particular vocation, a counsellor must rely on his own caution and good sense . . . Vocational school boys and industrial workers are not superior to academic groups in this test."

Ander faktore wat by die keuse van die ingenieursberoep in aanmerking geneem moet word, is die skoolprestasie in vakke soos fisika en chemie. Toetse wat hier behulpsaam kan wees, is die "Iowa Placement Tests of Physics aptitude and chemistry aptitude", en die "Stanford Scientific Aptitude test" van Zyve. Laasgenoemde toets gaan van die standpunt uit dat wetenskaplike bekwaamheid 'n samestelling van verskeie bekwaamhede is. Hierdie toets bestaan uit elf afdelings. In hierdie afdelings word o.a. die vermoëns om oordeel uit te stel, om foute te ontdek sowel as om onreëlmatighede te ontdek, om logies en oorspronklik te redeneer en om korrekte afleidings te maak, getoets. Die toets duur twee uur en is glad nie afhanklik van verwerfde kennis nie. Hoe hoër die toetsprestasie des te beter die kanse van die aspirant kandidaat om 'n sukses van die wetenskaplike studie te maak.

Aanleg vir tale is ook 'n vereiste by die ingenieursberoep, omdat daar logiese, duidelike verslae uitgeskryf moet word. Hiervoor word 'n goeie woordeskat en 'n prestasie bo die gemiddelde verwag.

Belangstelling, 'n baie belangrike faktor, word vasgestel met behulp van die "Vocational Interest Blank" van Strong. Daar is twee stelle vorms van A en B elk. Die een stel A en B word vir mans en die ander stel vir vrouens gebruik. Daar is 420 vrae. Hierdie vrae gaan oor beroepe asook persoonlike eienskappe. Die skaal waarvolgens die vrae afgemerk kan word, is : hou daarvan; hou nie daarvan nie; of staan onverskillig daarteenoor. Die belangstelling van diegene wat die hoër beroepe kies, verskil van die belangstelling van diegene wat die laer beroepe kies. Die nadruk val by eersgenoemde veral op die mate van tevredenheid wat die betrekking sal verskaf. Hier word slegs 'n algemene belangstellingsrigting verkry, en dit sou, volgens Bingham, van belang wees om die egtheid van die belangstelling in 'n spesifieke rigting te toets deur die aspirant kandidaat vir 'n bepaalde tyd prakties by 'n ingenieur behulpsaam te laat wees.

Bingham se gevolgtrekking is dat daar geen bepaalde persoonlikheidseise is wat essensieel verbonde aan die

1) Bingham, op. cit., bls. 309 - 310.

suksesvolle aanpassing by die spesifieke beroep is nie. Hoewel 'n groter aantal ingenieurs as verkoopsagente introverte persoonlikheidstrekke toon, wil dit nog glad nie sê dat iemand wat bepaald introverte persoonlikheidstrekke besit 'n suksesvolle ingenieur sal wees nie. In werklikheid is ingenieurs natuurlike leiers.[1] Die studie van persoonlikheid is dus met betrekking tot die ingenieursberoep self van minder belang as by die onderafdelings van die beroep. "Considerations of personality are therefore less apt to have weight at the time of deciding to study engineering than when choice of a particular type of work within an engineering profession is being made."[2] Eers wanneer die student in sy opleiding voor die keuse om te spesialiseer geplaas word, is kennis omtrent die persoonlikheid in sy geheel en meer bepaald van sekere vereiste trekke nodig. Daar is bv. diegene wat met verkoping en toesig te doen sal kry in teenstelling met diegene wat hulle op ontwerping en navorsing gaan toelê. In sulke gevalle sal akkumulatiewe inligting verkry aan hand van Allport se "Ascending-Submission Test", Thurstone se "Personality Inventory" en Woodworth se "Association Test" van nut wees. Dit is egter net hulpmiddels by die onderhoud. Bingham verkies indiwiduele metings soos die toediening van die "Minnesota Spatial Relations Test" en andere reeds genoem en wel omrede hulle waarde as persoonlikheidstoetse soos reeds genoem.

Samevattend moet, volgens Bingham, by die keuse van die ingenieursberoep op die volgende gelet word:[3]

"A counsellor engaged in helping a young man to decide whether to undertake a course of training for any of the engineering professions brings together for appraisal the evidence as to his interests and ambitions, and as to his aptitudes, particular his general scholastic aptitude and his special aptitudes for learning mathematics, for thinking about space relations, for understanding mechanisms, and for mastering the physical sciences. Superiority of performance in those school subjects and tests known to be indicative of these five kinds of aptitudes furnishes evidence of capacity to succeed in the study of engineering, and when coupled with a liking for engineering work and the necessary health, energy, drive and constancy of purpose, indicates a high probability of success in the practice of an engineering profession."

Dieselfde metingsmetodes hier bo onder die beroep, ingenieurswese, genoem, kan ook vir ander hoër beroepe bv. dié van predikant, onderwyser, bibliotekaris, joernalis, rekenmeester, argitek en andere gebruik word. Al die betrokke beroepe vereis 'n hoë verstandelike bekwaamheid en verleen elk van die genoemde beroepe 'n deurtog na meer gespesialiseerde rigtings in die beroep, sodat die persoonlikheid en temperament nie van belang is nie, aangesien daar vir elke besondere persoonlikheid en temperament wel 'n bepaalde afdeling gevind sal word. Dadelik egter voeg die skrywer hieraan toe dat elk van die genoemde beroepe sy eie bepaalde persoonlikheidseise stel, sodat die aspirant kandidaat moet sorg dat hy goed op hoogte met die

1) Bingham, op.cit. bls. 174.
2) Bingham, op. cit. bls. 174.
3) Bingham, op. cit. bls. 175.

eise van die beroep is, voordat hy heeltemal oortuig kan wees dat sy belangstelling vir 'n bepaalde rigting eg is, en vervolg verder : "Moreover, he should, if possible, make sure that he is not lacking in the special abilities ordinarily found to characterize those who make progress in it."[1] Wat hierdie eise waarna verwys word, is, word nie omskryf nie.

Die algemene verstandelike bekwaamheid waarna verwys is, lei Bingham[2] van die skoolprestasie en skolastiese toetse af. Die belangstelling word bepaal deur een van reedsgenoemde metingskale te gebruik wat geverifieer word met 'n praktiese uittoets periode.

(b) Studie in die Regte.[3]

Die intellektuele peil wat vir bogenoemde studie vereis word, is, indien wel, nie veel hoër as dié van die gemiddelde universiteitstudent nie. Die maatstaf by die beroepskeuse is die werklike aktiwiteite van prokureurs en advokate en die reedsgenoemde keuringsmetodes. Die aandag word daarop gevestig dat die meeste werk nie in die howe nie, maar op kantoor verrig word. 'n Tipiese aktiwiteit in die regsberoep is die leiding wat aan kliënte gegee word, d.i. raad gebaseer op tegniese kennis en gesonde oordeel. Selfs in gevalle waar sake wel bepleit word, word die leeue aandeel nog op kantoor gedoen. Hier word feite versamel, geanaliseer en aangestip; die plan van aksie opgestel, presedente gerangskik, ens. In die stede is die kans om sake in howe te bepleit maar gering; hier het ons ook met enge spesialisering op bepaalde gebiede soos kriminele reg; regspraktyk verbonde aan die opstel van kontrakte ens. te doen.

Taalkundige aanleg is nie die belangrikste vereiste in die studie van die regte nie. 'n Persoonlikheid wat die vertroue by die kliënte inboesem, is baie meer essensieel, en hierby kan nog gevoeg word 'n goeie begrip en gesonde oordeel. Daar is egter geen omskrywing wat hier onder persoonlikheid verstaan moet word nie. "A Vocational counsellor appraising a person's aptitudes for law looks first for evidence of brains, for indications that the young man or woman is much more than ordinarily intelligent, alert, analytical, sensible, able to learn quickly and to assimilate and marshal what he learns."[4] Verder word spesifieke eienskappe soos die vermoë om besonderhede te kan snap en in verband te bring; logiese redenasie, goeie geheue en lewendige verbeelding genoem.

Ferson en Stoddard[5] het vir hul toets : Law Aptitude Examination, die volgende eienskappe uitgesoek : "Capacity for accurate recall, comprehension of passages read, ability to reason by analogy, ability to reason analytically, and still in pure logic." Met die samestelling van hierdie toets is in die oog gehou dat die stof wat gebruik word sover moontlik direk op die beroep betrekking moet hê. Slegs in die afdeling waar die vermoë in die akkuraatheid, by die beoordeling van die logies korrekte afleidings getoets word, skyn dit of daar van hierdie beginsel afgewyk is.

1) Bingham, op.cit. bls. 176.
2) Bingham, op.cit. bls. 176.
3) Bingham, op.cit. bls. 177.
4) Bingham, op.cit. bls. 179.
5) Bingham, op.cit. bls. 180.

Die afdelings wat die vermoë om besonderhede te onthou, vermoë om te analiseer, analogiese redeneervermoë, begrip van moeilike leesstof toets, is almal óf uit wetsdokumente geneem, óf die inhoud daarvan het op een of ander manier betrekking op die regte. Die toets duur ongeveer 65 minute. Volgens Bingham is die toets betroubaar. "Used in a number of universities to forecase the ability of law students to pass the first year's work, it has proved to be a valid instrument."1)

Soortgelyke metings-ondersoeke is te Columbia en Yale opgestel. By die opstelling van hierdie toetse is gepoog om enige kennis van die regte te vermy. "The aim has been to set problems which do not presuppose legal knowledge, but which require exercise of the kinds of mental process involved in congent thinking."2) Hierdie toetse het ook 'n spesifieke doel nl. "to sample the candidate's aptitude for inductive reasoning of the type which that faculty aims to cultivate by means of the seminar method of teaching the principles of law."3)

Vir die meting van belangstelling word hier ook van Strong se Vocational Interest Blank gebruik gemaak. Bingham vind dat die grootste moeilikheid i.v.m. hierdie beroep is dat "neither the personal traits which attract and inspire a client's confidence nor the stamina and integrity which hold that confidence can be adequately sampled by means of tests."4) Weereens is daar geen duidelike omskrywings wat presies onder "personal traits" verstaan word nie. Aangesien die betroubaarheid van die verskillende persoonlikheidsmetings nie vir indiwiduele gevalle steek hou nie berus die keuring slegs op persoonlike onderhoud en meninge van ander persone oor die kandidaat. Die meninge word gewoonlik skriftelik ingewin. Daar is gevind dat diegene wat die beroepe in die regte kies, oor die algemeen meer sosiaal aangelê is as geneeshere, ingenieurs en wetenskaplikes, en daarom bestaan, volgens Bingham, die moontlikheid dat daar van Extroversion-Introversion of Ascending-Submission metingskale gebruik kan word; dog slegs in gevalle waar daar spesifiek onderskei moet word tussen die studie in regte aan die een kant en dié van medisyne en ingenieurswese aan die ander kant.

Bingham se samevattende gevolgtrekking is dat "The symptoms of aptitude for law are to be sought partly in the behavior characteristics of outgoing personalities, socially inclined; partly in definite signs of interest in the work lawyers do; but chiefly in the realm of intellect, since keenness of mind as measured by previous academic achievements and by tests of intelligence correlates well with the subsequent success both in law school and in legal practice. Specific tests of legal aptitude, as we have seen, undertake to sample a candidate's intellectual keenness in dealing with the very sorts of questions with which he as a law student must wrestle. Provided with the necessary information, he is required to comprehend it, to analize it, to reason about it, to draw inferences that are logically sound. The most valid estimates

1) Bingham, op.cit. bls. 180.
2) Bingham, op.cit. bls. 180.
3) Bingham, op.cit. bls. 180.
4) Bingham, op.cit. bls. 182.

regarding the probabilities of success in a school of law are based, however, not on any single measure of intellectual capacity, but on a combination of data, including previous achievements in college courses as well as scores in tests of Aptitude."1)

(c) Mediese Wetenskap, Chirurgie en tandheelkunde.

Bingham vind dit makliker om kandidate vir bogenoemde beroepe uit te soek as vir die studie in regte. Die keuring geskied in geval van bogenoemde beroepe tot 'n mate reeds voor die toelating tot die universiteit, aangesien 'n priliminêre kennis van dierkunde, vergelykende anatomie, bakteriologie en organiese skeikunde vereis word. Hoë prestasies in genoemde vakke is 'n sekere aanduiding van moontlike bekwaamheid. Verder moet op die volgende gelet word: noukeurigheid tot in die fynste besonderhede, geduld en versigtigheid. Die kandidaat moet aanleg toon vir aanleer van Griekse en Latynse woorde. Sy reuksin moet goed ontwikkel wees, terwyl die chirurg en tandheelkundige 'n goeie gesigsvermoë, 'n fyn tassin, 'n kalm en sterk hand en handige vingers moet hê. Voorstellings moet in drie demensies gemaak kan word, en voorstellingsbeelde van onsigbare stelsels bv. kliere, senuwees ens. moet gevorm kan word. "Add to these abilities the grit and steadiness of nerve as well as of hand, without which surgeon, oculist, or dentist is prone to disastrous slips at critical junctures, and we have the aptitudes most commonly mentioned as more essential for surgery than for general practice."2)

Volgens Bingham druip die meeste studente in tandheelkunde omdat hulle nie die meganiese ingewikkeldheid en handtegniek kan baasraak nie. Om hierdie rede is 'n handvaardigheidstoets vooraf noodsaaklik.

Die mediese beroep bied kanse vir persone met hul verskillende persoonlikheidstrekke asook temperamentele aanleg; terwyl selfs die belangstellingsrigting kan verskil.

Die bestaande keuringsmetode is 'n battery toetse sedert 1930 in gebruik en bekend as "Scholastic Aptitude tests for Medical Students." opgestel deur Moss.3) Hierdie battery toetse bestaan uit: (i) "Comprehension and Retention, (ii) Visual Memory, (iii) Memory for Content, (iv) Logical Reasoning, (v) Scientific Vocabulary, (vi) Understanding of printed material." Daar is egter nog geen korrelasiefaktor tussen hierdie toetsresultate en latere suksesse vasgestel nie. Daar is slegs 'n positiewe korrelasie tussen hierdie toetse en sukses in opleiding na vyf jaar getoon. Verder dien gelet te word op begripsvermoë, gesondheid en krag en sosiale aanpassingsvermoë.

Bingham vind dat betreklik min dames die mediese beroep volg.

By die mediese beroep, net soos in geval van die ander reedsgenoemde beroepe, hoef verskille in

1) Bingham, op. cit. bls. 183.
2) Bingham, op. cit. bls. 184.
3) Bingham, op. cit. bls. 184.

persoonlikheid en temperament nie in aanmerking geneem te word nie. Persoonlikheidstrekke oorvleuel mekaar in al die hoër lewensberoepe, sodat die poging ter bepaling van bepaalde trekke tevergeefs is.

(d) Samevatting.

In Bingham se studie oor die hoër lewensberoepe gaan hy uit van bepaalde vereistes vir die beroepe. Daar is egter geen wetenskaplike verduideliking oor die metode van vasstelling van die genoemde vereistes nie; asook waarom die genoemde vereistes die algemeen aanvaarde is nie.

Die toetse wat gebruik is, is hoofsaaklik vaardigheidstoetse en belangstellingstoetse wat, volgens Bingham self, slegs hulpmiddels en glad nie deurslaggewend is nie.

Samevattend kan ons uit voorafgaande studie aflei dat bekwaamheid, en hoofsaaklik intellektuele bekwaamheid, 'n belangrike rol in die hoër lewensberoepe speel. Pertinent is die gevolgtrekking omtrent persoonlikheid en karakter. Daar is 'n gedurige oorvleueling van persoonlikheidstrekke by al die hoër lewensberoepe volgens genoemde ondersoek. Hierdie oorvleueling dra daartoe by dat persoonlikheids- en karaktertrekke by die beroepskeuse feitlik buite rekening gelaat kan word. Hierdie gevolgtrekking toon nogal ooreenstemming met dié waartoe Prak, soos vroeër in die hoofstuk genoem, gekom het. Die verskil tussen Bingham en Prak lê hoofsaaklik hierin dat Prak geen waarde aan persoonlikheids- en karaktertrekke toeken nie; terwyl Bingham tog besondere persoonlikheidsneigings en -trekke vir al die beroepe erken.

Vir ons studie is die pertinente gevolgtrekking omtrent persoonlikheid en karakter in verband met die hoër lewensberoepe van besondere belang. Dit het dan ook gedien as 'n verdere aansporing tot die ondersoek.

3. Nel,[1] Die Psigologie van die Onderwyser.

Die doel van die studie, volgens die skrywer, is om die nadruk op die psigologiese eienskappe van die onderwyser en die onderwysberoep te laat val, met die oog daarop om 'n doeltreffende keuringsproses te probeer ontwikkel.

Eerstens bepaal die skrywer hom by die aard van die onderwys en die werk van die onderwyser. Onderwys is gesonde beïnvloeding feitlik sonder perke. Karakter is 'n belangrike eis, aangesien die onderwyser die belangrikste faktor in die proses van volksvorming is, en die formele opvoeding in sy hande berus. Die hele vraagstuk van onderwysseleksie spruit voort uit : (a) die invloed van die onderwyser en die beïnvloedbaarheid van die kind; (b) die invloed van die beoefening van die beroep op die beoefenaar self en sy gesinslewe; (c) die invloed op die werkgewer en sy administrasie.

1) Nel B.F., Die Psigologie van die Onderwyser.

Die onderwysberoep is een van die weinige beroepe wat die meeste kanse bied vir die volle bevrediging van die aktiwiteitsneiging by die mens. Die onderwyser mag niks verberg nie en moet hom bewus inspan om die kind te beïnvloed. Kenmerkend van die onderwyser is die veelsydigheid van eienskappe. Die hooffaktor wat in aanmerking geneem moet word, is dié wat by die uitvoering van enige werk in aanmerking moet kom, naamlik vaardigheid of bedrewenheid, bevoegdheid, temperament en karakter en belangstelling. Verder het in besonder betrekking op die onderwyser, beslistheid, orde, organisasie, die "hantering van 'n klas", en sluit bevoegdheid hier die vermoë om te leer, om vaardig te word in, terwyl belangstelling, liefde jeens kinders, simpatieke optrede, geduld, onselfsugtigheid en taktvolheid omvat. Die eienskappe by die onderwyser kan in verskillende strukturele samehang vorm.

Die noodsaaklikheid van die keuring van onderwysers word beklemtoon. Histories word die ondersoek i.v.m. die keuring van onderwysers onder voor- en naoorlogse hoofde ingedeel en die gevolgtrekking is kortliks die volgende: Dat 'n mens wel in staat sal wees om, na aanleiding van proefonderwys, te kan onderskei tussen gevalle wat sukses sal behaal en gevalle wat heeltemal 'n mislukking van die beroep sal maak. Die punte wat aan kandidate vir proefonderwys toegeken word, is 'n belangrike faktor vir doeltreffende seleksie van onderwysers. Wanneer persoonlikheid in sy geheel deur 'n ervare beoordelaar beoordeel word, het die beoordeling groter pragnostieke waarde. Daar is wel 'n verband tussen rangorde in die opleidingsinrigting en onderwyssukses. Die verband tussen persoonlikheid en onderwyssukses is afhanklik van wat onder persoonlikheid verstaan word en van indiwiduele beoordelaars. Die verband tussen onderwyssukses en die prestasie in afsonderlike vakke toon 'n lae korrelasie. As die minimum verstandspeil en akademiese bekwaamheid aanwesig is, word onderwyssukses deur persoonlikheidseienskappe en veral karakter en temperament bepaal. Voorervaring toon geen invloed op onderwyssukses nie.

Dit is uiters moeilik om 'n objektiewe waarderingskaal vir onderwysers op te stel. Daar is etlike pogings aangewend. Ons het onderstaande vereenvoudigde waarderingskaal van Cattell.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Intelligensie | uit | 10 | punte. |
| Persoonlikheid en wilskrag | " | 10 | " |
| Simpatie en taktvolheid | " | 10 | " |
| Onbevooroordeeldheid | " | 10 | " |
| Humorsin | " | 10 | " |
| Idealisme | " | 10 | " |
| Goedhartigheid | " | 5 | " |
| Entoesiasme | " | 5 | " |
| Volharding | " | 5 | " |
| Selfbeheer | " | 5 | " |
| Totaal | | 80 | |

Kerschensteiner se beskouing wat hoofsaaklik as grondslag van Nel se psigologie van die onderwyser dien, aanvaar vier belangrike kenmerke: (i) Die sterk aangebore neiging om indiwiduele mense te vorm

en die ervaring van die hoogste bevrediging in die beoefening hiervan. (ii) Die vermoë om aan hierdie neiging suksesvolle uiting te gee. Hierdie vermoë berus op aanleg. Met hierdie invoelingsvermoë gaan pedagogiese takt gepaard. (iii) Die opvoeder wend hom tot die onmondige en wordende mens. Hier word 'n fyn waarnemingsvermoë veronderstel om in staat te wees om 'n persoonlikheidsdiagnose te maak. (iv) Die voortdurende wil om die indiwiduele gees volgens sy eie aard tot 'n waardegestalte wat reeds in kiem aanwesig is uit te bou. Hierdie eis veronderstel dat die opvoeder self 'n karaktervolle mens moet wees, bepaalde eienskappe en veral wilstrekke moet toon.

Daar word onderskei tussen 'n saaklike en persoonlike instelling by die onderwyser. Voigt voeg hierby die intellektuele vermoë om kennis te kan meedeel.

Rivlin beklemtoon vyf persoonlikheidskenmerke: (i) beroepsywer, (ii) oortuiging van die belangrikheid van onderwys, (iii) selfversekering en selfvertroue wat die onderwyser in staat stel om die probleme in sy werk raak te sien en in die oplossing daarvan te glo. (iv) moet leerlinge kalm en onpartydig behandel.

Schut beklemtoon veral vertroue en vertroue wek as eienskap van die onderwyser, en noem verder liefde, begryping en regverdigheid.

Vanuit die benaderingskant van geesteshigiëne word veral die ongewenste eienskappe genoem nl. onbesonnenheid, ongeduldigheid, vooroordeel, oormatig streng en koud, sarkasties, te veel nadruk lê op wedywering en liggaamlike straf, gebrek aan selfvertroue en oorgevoeligheid. Persoonlikheidsmoeilikhede word by die onderwyser toegeskryf aan sy persoonlike lewe, die verhouding waartoe hy tot die gemeenskap staan en sy eie professionele lewe. Die onderwyser moet veral waak om nie in 'n groef te kom nie.

Waar die onderwyser vanuit die oogpunt van die kind gesien word, word Keilhacker se bevinding breedvoerig bespreek. Die voorkeur ten opsigte van die geslag van die onderwyser, is net van toepassing op dogters, en is afhanklik van hul ouderdom. Ouer dogters gee voorkeur aan dames om die volgende redes: humane (sosiale) verhouding, om leiding te ontvang. Sommige dogters verkies mans omdat hulle regverdiger en minder humeurig is. Wat die onderrig aspek betref, word die mans oor die algemeen bo dames verkies, omdat hulle interessanter is, en hulle kan ook meer die behoeftes tot liggaamlike aktiwiteite (sport ens.) bevredig. Oor die algemeen is die ideaal by alle kinders dat die onderwyser tug en orde moet kan handhaaf. Verder word voorkeur aan die middeljarige onderwyser gegee, omdat hulle kinders beter kan begryp en hulp kan verskaf in die oplossing van hul konflikte. Verder word fatsoenlikheid, eenvoud en waardigheid van die onderwyser verwag, en moet hy saaklik en duidelik kan meedeel.

Opvoedkundiges en kinders stem ooreen in die nadruk wat hulle op die volgende eienskappe lê : liefde vir die kind, invoelingsvermoë d.w.s. begryping, regverdigheid, outoriteit, leierskap, sosiale

aanleg, selfvertroue, vakkennis, vermoë om mee te deel, goeie algemene vorming, liggaamlike en geestelike gesondheid, 'n waardige houding.

(a) Die Huidige Keuringsmetodes - Unie S.A. Volgens Nel.[1)]

(i) Transvaal.

Leerlinge wat hulle vir die onderwysberoep wil bekwaam, word plaaslik hoofsaaklik deur die skoolhoof en kringinspekteur beoordeel. Daarna deur 'n keurkomitee bestaande uit: Die plaaslike inspekteur van onderwys, die Hoof van die Onderwysinrigting, die Hoof van 'n hoër skool, die Hoof van 'n laer skool, 'n Beroepsvoorligter en 'n senior personeellid van die opleidingsinrigting. Hier word inligting ingewin omtrent:

(i) Algemene gesondheidstoestand, deelname aan sport, belangstelling in sport, algemene voorkoms, gebreke, spraak.

(ii) Intellektuele eienskappe nl. verstand, besondere talente, leeslus.

(iii) Etiese eienskappe nl. gemanierdheid, "aktiewe geaardheid", eie belang, "selfvertroue", gedrag.

(iv) Sosiale eienskappe nl. deelname aan sosiale aktiwiteite, verenigingslewe, houding teenoor onderwysers, geskiktheid vir platteland of stad.

(v) Godsdiens - positief, neutraal of onverskillig.

(vi) Persoonlikheid nl. uiterlike voorkoms, aantreklikheid al dan nie, opgewek al dan nie, leierskap.

(vii) Algemeen: Humorsin, billikheidsgevoel, verdraagsaamheid, geduld, beslistheid, verantwoordelikheidsbesef.

Gedurende die opleiding bestaan die keuring daarin nl. dat studente wat onbekwaam geag word, afgeraai word. Diensdoende onderwysers word gegradeer.

(ii) Die O.V.S.

Hier word studente plaaslik gekeur deur die inspekteur wat die kandidaat persoonlik spreek, en daarna die skoolhoof raadpleeg. Die keuring berus dus in werklikheid ook weer by die skoolhoof. Gedurende die opleiding word studente wat nie as bekwaam geag word nie afgeraai.

(iii) Kaap Provinsie.

Die keuring is hier ook weer in die hande van die inspekteur en die skoolhoof waar die inspekteur darem 'n leidraad in die hand gestop word. Gedurende die opleiding geskied uitskakeling op grond van gedrag, gebrek aan aanleg en druip.

---

1) Nel, op. cit.

(iv) Natal.

Natal laat aanvanklik die beoordeling heeltemal in die hande van die skoolhoof. Die inspekteur sif eers later. In die waarderingskaal word 'n poging aangewend om 'n indruk van die karakter en persoonlikheid van die kandidaat te kry, ook word daar 'n poging aangewend om die moontlike geskiktheid vir die onderwys betrekking by die betrokke kandidaat te bepaal.

Die tekortkomings in die beoordelingskemas som Nel as volg op :

(a) Onsielkundige samestelling en indeling.

(b) Gebrek aan 'n waarderingsmetode.

(c) Afwesigheid van meer spesifieke onderwysers-eienskappe.

(d) In sommige gevalle te eenvoudig en in ander gevalle te omvattend en analiserend.

(e) Afwesigheid van 'n leidraad vir die beoordeling van afsonderlike eienskappe.

Sy gevolgtrekking is: "Aangesien hoofde en inspekteurs nie so sielkundig geskool is om fyn sielkundige ontledinge te maak nie, is dit raadsaam dat die gedeelte van die vorm wat met karakter en temperament sowel as spesifieke onderwyserseienskappe te doen het, eenvoudig opgestel word en dat dit 'n maklike waarderingsmetode bevat, Al namate sielkundiges betrokke is in die keuring, in die stadium kan die vorm so saamgestel word dat dit meer ontledend van aard is."[1])

Uit 'n verdere bespreking van die probleme i.v.m. die beoordeling van kandidate blyk dat die oordeel van die hoof omtrent die leerlinge sonder 'n aanvullende onderhoud vrywel waardeloos is, en Nel beveel aan dat:

(i) Hoofde voorsien moet word van 'n eenvoudige dog wetenskaplike opgestelde vraelys in verband met die psigologiese eienskappe wat vereis word vir die onderwys beroep.

(ii) Die hoof sy oordeel moet aanvul deur 'n doelgerigte onderhoud met die betrokke kandidaat.

(iii) Aangesien die hoof nie altyd die wetenskaplike grondslag en sielkundige beoordelingsvermoë besit nie, moet die onderhoud bygewoon en gelei word deur 'n sielkundige. Baie belangrik is die wetenskaplike wyse waarop die onderhoud gevoer word.

Die heilsame invloed van leningsbeurse word betwyfel, en die vraag geopper of die onderwysberoep die geskikste kandidate trek. Die gevolgtrekking hieromtrent is: [2])"Daar is dus 'n sterk vermoede dat die keuse van die onderwysberoep in baie gevalle,

1) Nel, B.F., op. cit. bls. 142.
2) ibid. bls. 156.

hoofsaaklik sover dit die mans betref, nie 'n eerste keuse is nie en dat die leningsbeursstelsel - waar dit van toepassing is - as belangrike oorsaaklike faktor beskou moet word."

Daar word aanbeveel dat die outoriteite van die opleidingsinrigtings en van die onderwysprofessie as geheel, kennis maak met die gehalte van die student wat van plan is om tot die professie toe te tree.

Die metode aanbeveel, is die metode van onderhoud met 'n gespesialiseerde tegniek, terwyl die volgende faktore in aanmerking geneem moet word : Persone moenie net psigologiese kennis besit nie, maar ook 'n hoë mate van sielkundige invoelingsvermoë, verder moet hulle aan die onderwys verbonde wees, opgelei wees en praktiese ervaring besit. Hulle moet simpatiek in hulle optrede wees, moet goeie waarnemers en onbevooroordeeld wees. Vrae moet met sielkundige oorleg gestel word, en 'n gestandaardiseerde prosedure is belangrik. Onderstaande skaal is 'n aanskoulike voorstelling van die persoonlikheidswaardering.


<u>Persentasiewaardes.</u>

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12

1 Standvastigheid en wilskrag 11.11
2 Volharding en ywer 10.0
3 Goedhartigheid (liefde) 8.9
4 Simpatie en takt 7.1
5 Idealisme 7.0
6 Klaskamertegniek 6.4
7 Onbevooroordeeldheid 5.5
8 Humorsin 5.2
9 Entoesiasme 5.2
10 Verstand 5.2
11 Selfbeheer 4.6
12 Kulturele agter-4.4 grond
13 Ordelikheid en 4.2 netheid
14 Kennis van 3.9 sielkunde en pedagogiek
15 Vakkennis 3.1
16 Sosiale 2.5 geskiktheid
17 1.6 Liggaamlike gesondheid
18 1.4 Buite belange
19 1.2 Algemene voorkoms
20 .7 Wakker gees
21 .5 Ondernemend
22 .4 Konserwatisme.

Die volgende skaal is met die oog op die keuring van nuwelinge opgestel.

VEREENVOUDIGDE SKAAL. 1)




1) Vir 'n vollediger uiteensetting raadpleeg Nel. op.cit. bls. 226 - 233.

Nel sluit af met 'n ~~voorgestelde keuringsmetode~~ waar as volg ~~te werk gegaan~~ moet word : [1]

(i) Die inwinning van vertroulike inligting omtrent moontlike kandidate in die middelbare skool en die waardering van sodanige kandidate deur die Hoof met behulp van sy ondersysers(esse).[2]

(ii) Dan volg 'n persoonlike onderhoud ~~tussen~~ kandidate en keurders genoem onder (i).

(iii) Tydens die opleiding geskied die keuring deur middel van :- [3]

(a) proeflesse.
(b) algemene prestasie.
(c) buite aktiwiteite.
(d) toepassing van die waarderingskaal aan die end van die studietydperk.

(iv) Kontrolemetodes[4] waar die korrelasies tussen die volgende beoordelingsmetodes uitgewerk moet word:

(a) Die waarderinge van hoofde van skole en die waarderinge op grond van die onderhoudmetode.

(b) Waarderinge op grond van proeflesse en waarderinge op grond van die toepassing van die waarderingskaal aan die end van die opleidingstydperk.

(c) Waarderinge van die hoofde van skole volgens die vereenvoudigde waarderingskaal en die finale beoordelinge volgens die meer omvattende waarderingskaal.

(d) Tussen die finale beoordelinge aan die end van die opleidingsperiode en latere onderwyssukses soos deur inspekteurs en ander outoriteite vasgestel op grond van die toepassing van die opgestelde waarderingskaal.

In die slotopmerking word daarop gewys dat ons huidige kennis van sielkunde ons nie daartoe in staat stel om 'n volmaakte skema op te stel nie.

Samevattend kan ons sê dat hierdie studie van Nel 'n ernstige poging is. Die probleem word vanuit verskillende gesigspunte benader. Persoonlikheid en karakter in verband met die hoër lewensberoep geniet werklik aandag en die outeur kom met konkrete voorstelle.

C. <u>Samevatting</u>.

Daar is etlike metingsmetodes bespreek waarvan sommige slegs geringe waarde het, andere meer waarde, terwyl party baie waardevol is. Kenmerkend van al die metodes is dat hoe daar ook al na objektiwiteit gestreef word, die subjektiewe element maar nie heeltemal uitgeskakel kan word nie. Sommige metingsmetodes word gekenmerk deur die betreklike eenvoud

---

1) 2) Nel. op. cit. bls. 239 - Die Gebruik van 'n Persoonlikheidsinventaris soos uitgewerk op bls. 242 - 245 word voorgestel.
3) ibid. bls. 240.
4) ibid. bls. 240 - 241.

daarvan; andere weer vereis 'n ernstige tegniese studie voordat gesaghebbende gevolgtrekkings gemaak kan word. Sommige metingsmetodes is beperk tot indiwiduele Ppe.; terwyl ander sig meer leen tot massameting. Heelwat van die metingsmetodes spits hul toe op die afwykende, terwyl andere die normale as mikpunt het.

Waarneming as metingsmetode is uiters subjektief, dog soms die enigste aangewese metode soos in geval van klein kindertjies. Die skattingskale is indiwiduele metings om graduele verskille in bepaalde persoonlikheids- en karaktertrekke aan te dui. Van hierdie metingsmetodes nl. die skattingskale, word die grafiese skaal miskien die meeste gebruik, en is omrede die voordele genoem waardevol. Die metingsmetodes wat op die grondslag berus, nl. dat kennis die maatstaf van gedrag en derhalwe van persoonlikheids- en karaktertrekke is, het vir ons geringe waarde. Die waarde van die Fisiologiese asook Biochemiese metinge is ook gering, omrede die gebrek aan wetenskaplike kennis aan die een kant, en die hoogs gespesialiseerde wetenskaplike laboratorium aard daarvan aan die ander kant. Die onderhoud as metode, hoewel subjektief, het waarde, dog prakties vir ons doel feitlik van geen waarde nie, en wel om die indiwiduele aard daarvan. Die Woord-assosiasie-toets, die projeksie toetse, nl. die Rohrschach, Thermatic apperception en Baumtest het elkeen sy besondere waarde, maar bly steeds indiwiduele metodes wat hoofsaaklik toegepas word met die oog op die soeke na afwykinge, en vereis boonop 'n diepgaande studie in die toepassing sowel as die uitleg daarvan.

Die Questionnaire as metode is ook subjektief, dog as metingsmetode is daar heelwat voordele aan verbonde. Hierdie metode kan 'n groot aantal asook uitgesoekte Ppe. bereik, wat omrede die getalle die subjektiwiteit verminder en die objektiwiteit benadruk. Die resultate behaal met groot getalle kan vergelyk word. Daar is ook geen nadere kennis omtrent die Ppe. nodig nie. Die proefnemer kan vooraf die bepaalde "trekke" taamlik noukeurig omskryf, sodat die vrae op die punt af beantwoord kan word. Die tydsfaktor word uitgeskakel en dit is eenvoudig om te beantwoord. Hoewel dit subjektief is in soverre die Pp. homself beoordeel, skakel dit weer 'n ander faktor nl. dat 'n karaktertrek wel aanwesig is, die Pp. daarvan bewus is en dit noem; terwyl dit nie as sodanig deur 'n waarnemer opgemerk sou gewees het nie. Bv. 'n persoon mag die "trek" vrees besit, dog geen uiterlike tekens daarvan toon nie en so bly die waarnemer daar onbewus van. Aan die ander kant moenie uit die oog verloor word dat die mens geneig is om die "goeie" te vergroot en die "swakke" te verklein waar dit die self aangaan. Kortom die Questionnaire as metode leen hom op die huidige oomblik die beste tot grootskaalse toepassing en ondersoek.

Daar is verder gelet op metingsmetodes toegepas in verband met die hoër lewensberoepe. Bingham het 'n deurtastende studie van etlike van die hoër lewensberoepe gemaak. Hy kom tot die slotsom dat bekwaamheid, en veral intellektuele bekwaamheid, die belangrikste rol in die hoër lewensberoepe speel. Volgens Bingham is daar gedurige oorvleueling van persoonlik-

heids- en karaktertrekke by al die hoër lewensberoepe, en wil by persoonlikheids- en karaktertrekke by die hoër lewensberoepe buite rekening laat, hoewel nie heeltemal uitskakel soos Prak doen nie. Nel aan die anderkant kom in sy ondersoek tot die gevolgtrekking dat persoonlikheid en karakter by die onderwyser nie sterk genoeg beklemtoon kan word nie, en dit is interessant dat hy in teenstelling met Prak "verstand" by die onderwyser taamlik laag op die skaal plaas.

Dit was juis hierdie verskil in uitkoms tussen Bingham en Nel se ondersoek wat verdere aanleiding tot hierdie studie gegee het.

# A F D E L I N G  II B.

## HOOFSTUK III

1. Probleemstelling

(a) Doelstelling.

Die doel van hierdie ondersoek is die bestudering van persoonlikheid en karakter in verband met bepaalde professies; meer bepaald die verband tussen sekere karaktereienskappe, en wel veertien, en ses professies: Argitekte, die regsprofessies, die mediese professie, die rekenmeestersprofessie, die onderwysprofessie en die vir predikante van drie Hollandse Kerke. Die ondersoek wil probeer vasstel of daar bepaalde karaktereienskappe of groepe eienskappe is wat meer spesifiek kenmerkend van een besondere of bepaalde professie is.

Daar word hier uitdruklik beklemtoon dat ons hierdie studie net as 'n grondslag vir meer uitgebreide ondersoeke beskou. Ons dink daaraan dat indien hierdie ondersoek positiewe resultate oplewer daar voortgegaan kan word met die opstelling van toetse of 'n reeks toetse vir elke professie. Hierdie toetse sou dan as leidrade kan dien veral in geval van beroepsleiding. Wat die uitslag ook al mag wees, hetsy negatief of positief sou dit tenminste lig werp op sommige opvoedkundige vraagstukke rakende die beroepskeuse, of andersins as aansporing vir verdere ondersoek dien. By behandeling moet opgemerk word dat, alhoewel ons baie goed bewus is van verskillende benaderingsmoontlikhede, ons ons slegs tot een van die benaderingskante bepaal soos reeds genoem en ook uit die verdere verwerking sal blyk.

(b) Die Professies.

Onder elke professie word die moontlike hoofvertakkinge ingesluit. So bv. word advokate en prokureurs albei onder die regsprofessie ingesluit, alhoewel ons daar heeltemal bewus van is dat die spesifieke "take" wat elke groep verrig verskil en dat daar ook onderlinge omstandigheidsverskille is. Dieselfde geld ook in die onderwys professie waar ons die prinsipaal, die hoër skool en laer skool onderwyser het. Genoemde verskynsel is kenmerkend van al die gekose professies in 'n mindere mate. Die onbestendigheid en rekbaarheid van die professies word dus goed onder die oë gesien.
Onderstaande is die algemene indeling:

(I) Argitekte.
(II) Regsprofessie.
(III) Mediese professie
(IV) Rekenmeesters.
(V) Onderwysprofessie.
(VI) Die Predikante van al drie die Hollandse kerke

In hierdie verhandeling hou ons ons besig met die benadering van die genoemde probleem op die meer empiries opvoedkundig sielkunde grondslag.

Dit word verder beperk tot die persoonlikheid en karakter en nog nouer getrek om die karaktereienskappe, wat verder in die teks slegs met die woord eienskappe aangedui word, van ses bepaalde professies. Die statistiek word slegs as 'n hulpmiddel ingeroep en derhalwe ook beperk.

## B. Metode.

### 1 Die keuse van die metode van ondersoek.

By die keuse van die metode van ondersoek moes daar gesoek word na 'n metode wat ons direk in aanraking met die bepaalde professies sou bring. Die proefpersone (ppe) moes in die beroep self staan, en wat nog belangriker is, hulle moes hul beroep self beoordeel en moet derhalwe vertroud wees met die eise van hul beroep. Die metode moes prakties uitvoerbaar en so ekonomies moontlik wees. By oorweging omtrent die vorm wat hierdie metode die beste sou dien, is besluit om die Questionnaire te gebruik en wel om die volgende redes:-

(a) Die Questionnaire stel ons in staat om 'n baie groot aantal ppe te bereik.

(b) Daar is geen nadere kennis omtrent die ppe nodig nie.

(c) Dis die mees ekonomiese metode.

(d) Die vrae kan so gestel word dat dit direk op die doel afstuur en tog nog ruimte laat vir indiwiduele menings van ppe.

(e) Die antwoorde bied moontlikhede vir 'n objektiewe beoordeling en vergelyking.

(f) Die ppe kan anoniem bly.

### 2 Die opstelling van die vraelys.

Vooraf is 'n taamlik uitgebreide studie van die vraelys en veral die vraelys as metingsmetode i.v.m. Persoonlikheid en karakter en in besonder karaktereienskappe gemaak. Daarna het die eienskappe wat moontlik genoem kan word aandag geniet en 'n lys is saamgestel. Hierdie lys is herhaaldelik oorweeg en heroorweeg. Daarna is die lys aan die kritiek van kenners onderwerp, en daarop is die algemeen menslike en besonder wyse eienskappe soos selfhandhawing, selfonderwerping, introversie, ekstroversie e.d.m. uitgeskakel, omdat die eienskappe 'n besonder ruim betekenis het en moeilik omskryf asook nie noukeurig en saaklik omskryf kan word nie. Die uiteindelike uitkoms is die lys van veertien eienskappe. In die eerste plek moet onder die eienskappe verstaan word die alledaagse betekenis daaraan geheg. Slegs in sommige gevalle is 'n ietwat ruimer betekenis bygevoeg. So kan daar bv. in geval van akkuraatheid miskien net presiesheid met syfers verstaan word, en daarom die verruiming tussen hakies. Bogenoemde geld ook vir ander nadere omskrywings. Die rede verder hiervoor is dat met die opstel van die vraelys dit baie gou duidelik was dat vir hierdie algemene ondersoek die lys nie baie lank behoort te wees nie, sodat dit vir al die beroepe kan geld.

en dat daar in latere, verdere studies meer uitgebreide en fyner diskriminerende lyste vir die afsonderlike beroepe opgestel moes word. Die omskrywings moes bydra tot die betekenisbeperking en -verruiming om die invloed van betekenisafwyking asook moontlike begripsverenging, so gering moontlik te maak. So bv. kan onder "skranderheid" net slim m.a.w. 'n hoë I.K. verstaan word, terwyl die ruimer betekenis daarvan by die opstel van die vraelys in gedagte gehou is.

Uit die beantwoording van die vraelyste is dit duidelik dat die eienskappe as omvattend beskou is, aangesien die persentasie eienskappe bygevoeg nie hoog was nie, en in sommige gevalle glad nie bygevoeg is nie. Die resultate toon ook nêrens dat die betekenis van die eienskappe enigsins onduidelik of verwarrend vir die ppe was nie. Hiermee wil ons egter nie te kenne gee dat daar geen ruimte vir verbetering is nie. Hierdie lys is toe in Afrikaans alfabeties opgestel. Die Engelse vertaling is nie alfabeties gerangskik nie, maar dieselfde volgorde as die in die afrikaanse lys is behou om die verwerking van die resultate te vergemaklik. Die Engelse vertaling lees dan ook foutief waar staan "alphabetically arranged" en dit moes in werklikheid weggelaat gewees het. Vergelyk in hierdie verband onderstaande vraelys.

## VRAELYS.

ONDERSOEK NA PERSOONLIKHEIDS- EN KARAKTEREIENSKAPPE I.V.M. DIE HOËR LEWENSBEROEPE.

Oral en veral op die gebied van onderwys word die behoefte gevoel aan meer wetenskaplike kennis omtrent die persoonlikheidseienskappe en karaktertrekke wat by bepaalde beroepe aanpas. In besonder het die hoër lewensberoepe - wat die studie met betrekking tot persoonlikheid en karakter betref - feitlik nog geen aandag hier te lande of in die buiteland geniet nie. En dit is juis in geval van voorligting i.v.m. die hoër lewensberoepe dat die behoefte aan wetenskaplike kennis omtrent die moontlike en waarskynlike persoonlikheidseienskappe en karaktertrekke gevoel word. Om hierdie rede het ondertekende die bostaande probleem vir navorsing gekies met die oog op die verwerwing van die doktorsgraad. Ons poog om die saak streng wetenskaplik te benader, en daarvoor is uitgebreide ondersoekingswerk noodsaaklik. Vir gegewens i.v.m. hierdie studie het ons die hulp van ervare persone in die bepaalde beroepe nodig. Omdat ons oortuig daarvan is dat u hulp van onskatbare waarde is, wend ons ons tot u in die vertroue dat u hiervoor te vind sal wees. Ons is daarvan bewus dat u tyd oorbelas is, maar wat ons van u verlang sal werklik nie veel inbreek op u besette tyd maak nie. Ons wil u slegs lastig val om onderstaande vorm vir ons in te vul. Dit sal werklik nie lank neem nie. Sal u asseblief help?

Hieronder volg 'n alfabeties opgestelde lys persoonlikheidseienskappe waaraan etlikes vir die beoefening van u beroep onontbeerlik is. Dan is daar weer ander wat minder belangrik is, nog ander

wat slegs wenslik is, en ten slotte ook wel wat onbelangrik is. Die versoek is nou dat u vir ons 'n indeling volgens onderstaande voorbeeld op die vorm self maak.

Hier volg die voorbeeld:-

| EIENSKAPPE | Baie Belangrik | Belangrik | Wenslik | Onbelangrik |
|---|---|---|---|---|
| DEURSETTINGSVERMOË (sluit hierby in uithoudingsvermoë) | x(2) | | | |
| MOED | | | x | |
| REGVERDIGHEIDSIN (sluit hierby in betroubaarheid) | x(1) | | | |
| SKATTINGSVERMOË | | x | | |
| EERLIKHEID | x(3) | | | |

Uit bostaande voorbeeld moet u aflei dat vir 'n bepaalde beroep daar drie eienskappe is wat baie belangrik is vir sukses in daardie beroep, een wat ook wel belangrik is, en een wat slegs wenslik is. Maar die drie wat baie belangrik is, is nie ewe baie belangrik nie, maar wel in die volgorde wat die syfertjies met die kringetjie aandui : 1) Regverdigheidsin, 2) Deursettingsvermoë 3) Eerlikheid.

Vul nou asseblief die vorm onderaan na voorbeeld van bostaande in. U moet in gedagte hou dat een of meer eienskappe ewe baie belangrik kan wees. In so 'n geval plaas u dieselfde syfers na daardie betrokke kruisies. Enige aantal van die eienskappe kan baie belangrik, belangrik, wenslik, onbelangrik wees. Bostaande is slegs 'n beperkte voorbeeld. Bestudeer onderstaande lys en ENIGE VERDERE BELANGRIKE EIENSKAPPE I.V.M. U BEROEP KAN U HIERONDER NA DIE OOP SYFERS INVUL.

Daarna volg die uiteensetting in tabelvorm soos vervolg op die volgende bladsy. Daarna is die vraelys gedruk. Die vraelys is om ekonomiese redes op albei kante gedruk en in die middel geperforeer, soos duidelik blyk uit bylae A.

| NR. | EIENSKAPPE | Baie Belangrik | Belangrik | Wenslik | Onbelangrik |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | AKKURAATHEID (sluit hierby in punktueelheid) | | | | |
| 2. | DEURSETTINGSVERMOË (sluit hierby in uithoudingsvermoë) | | | | |
| 3. | EERLIKHEID | | | | |
| 4. | GEDULD. | | | | |
| 5. | GELOOF (Godsdienstig) | | | | |
| 6. | HARDWERKENDHEID (sluit hierby in belangstelling in werk en konsensieusheid) | | | | |
| 7. | INISIATIEF (sluit hierby in vindingrykheid) | | | | |
| 8. | LEIERSKAP (sluit hierby in verantwoordelikheidsgevoel en samewerking met andere) | | | | |
| 9. | MOED. | | | | |
| 10. | PRAKTIESE SIN. | | | | |
| 11. | REGVERDIGHEIDSIN (sluit hierby in betroubaarheid) | | | | |
| 12. | SELFBEHEERSING. | | | | |
| 13. | SKRANDERHEID (sluit in verstandigheid en oordeelkundigheid) | | | | |
| 14. | SOSIALE INSIG (sluit hierby in om mense te hanteer, takt en beleefdheid) | | | | |
| 15. | | | | | |
| 16. | | | | | |
| 17. | | | | | |
| 18. | | | | | |
| 19. | | | | | |
| 20. | | | | | |
| 21. | | | | | |

As ons die vraelys bestudeer, sien ons dat ruimtes 15 - 21 oop gelaat is vir die ppe om volgens eie indiwiduele oordeel bykomende eienskappe in te voeg. Die vraelys maak voorsiening vir graad verskille. daar is vier kolomme onder die indelings. Baie belangrik, belangrik, wenslik en onbelangrik. In elke kolom kan 'n verdere graadverskil aangedui word deur die syfers 1,2,3, langs die kruisies waarmee die bepaalde trek in elke kolom aangedui is, te voeg.

Die instruksies is op die vraelys self in Afrikaans en Engels gedruk en voorsien van al die nodige inligting asook 'n voorbeeld ter verduideliking. Dit was nie nodig om die antwoorde van enige naamtekening van die ppe te voorsien nie. Die rede hiervoor was om die ondersoek so onpersoonlik en objektief moontlik te hou.

Self met die katologisering van die vraelyste is daar gepoog om so onpersoonlik en objektief moontlik te werk te gaan.

Die vraelyste sowel as die gefrankeerde koeverte is op die grondslag van die ppe gerangskik en as volg genommer.

| | | |
|---|---|---|
| A. | 1 - 2 | Advokate en prokureurs. |
| B. | 1 - 2 | Predikante van die Nederduits-Gereformeerde kerke. |
| C. | 1 - 2 | Predikante van die Gereformeerde Kerk. |
| D. | 1 - 2 | Predikante van die Hervormde Kerk. |
| E. | 1 - 2 | Medici. |
| F. | 1 - 2 | Rekenmeesters. |
| G. | 1 | Argitekte. |
| O.P.S.U. | | Onderwysers. |

## 3. Proefnemer en Proefpersone.

Die vorm van die ondersoek asook die metode is van so 'n aard dat die proefnemer slegs die skryfster is.

Die ppe. is (1) beoefenaars van die professie self, d.w.s. wat daagliks self die professie uitoefen, (II) dosente aan die universiteite en, of opleidingskolleges. Daar is dus in elke professie tenminste twee groepe ppe. Die uitgestuurde vraelyste én gefrankeerde koeverte is volgens die ppe ingedeel en wel as volg genommer:

| | | |
|---|---|---|
| A1 | : | Doserende leerkragte in die regsfakulteite aan die opleidingsentra. |
| A2 | : | Advokate en prokureurs. |
| B1 | : | Doserende leerkragte, teologiese fakulteit N.G. Kerk. |
| B2 | : | Dienende leraars van die N.G. Kerk. |
| C1 | : | Doserende leerkragte, teologiese fakulteit Gerefo rmeerde kerk. |
| C2. | : | Dienende leraars van die Gereformeerde Kerk. |
| D1 | : | Doserende leerkragte, teologiese fakulteit Hervormde kerk. |
| D2 | : | Dienende leraars van die Hervormde kerk. |
| E1 | : | Doserende leerkragte aan die mediese fakulteit. |

E2 : Mediese praktisyns.
F1 : Rekenmeesters opleidingsentra.
F2 : Rekenmeesters.
G1 : Argitekte.
G2 : Doserende leerkragte aan die universiteite.
O : Onderwysers Hoërskole - prinsipale ingesluit.
P : Onderwysers aan die laerskool.
S : Opleidingsentra - personeel.
U : Prinsipale van die Departement van Onderwys Kuns en Wetenskap.

Die professies is alfabeties ingedeel, terwyl die onderindelings numeries was. Hierop is die onderwysprofessie 'n uitsondering. Die rede vir die afwyking hier is dat 'n numeriese onderindeling van O miskien verwarrend kon wees en rangskikking en opberging heelwat moeiliker sou maak. Daar is gevind dat bogenoemde indeling, rangskikking en opberging baie vergemaklik het en ook heelwat tyd en werk bespaar het.

Daar is verder getrag om by al die professies soveel as moontlik ppe te betrek en ook soveel verspreid as moontlik te maak. Daar is waar moontlik verteenwoordigende groepe gekry en die platteland en stad is nie teenmekaar opgeweeg nie, dog die een die ander laat oorheers nie. Laasgenoemde geld nie vir al die professies nie, omdat sommige uit die aard daarvan in die stede gekonsentreerd was.

## C. Algemene opmerking oor die gegewens.

### 1. Beantwoording van vraelys.

Die ppe met uitsondering van die argitekte, het buitegewoon goed reageer. Geen antwoorde is van die argitekte ontvang nie en hierdie professie en derhalwe uitgeskakel. Vir die oorblywende vyf professies is daar altesaam 4600 vraelyste uitgestuur en 2979, 66.93 persent, is voltooid terug ontvang. Uit tabel 1 blyk die stand van die antwoorde baie duidelik.

TABEL I

Stand van uitgestuurde en voltooide vraelyste vir professies.

| BEROEP | UITGESTUUR | ONTVANG | % |
|---|---|---|---|
| Rekenmeesters | 300 | 300 | 100 |
| Mediese praktisyns | 1200 | 562 | 46.83 |
| Predikante N.G. (b) | 660 | 561 | 85 |
| Predikante G (c) | 80 | 64 | 80 |
| Predikante H (d) | 60 | 17 | 28.3 |
| Gemiddeld | 800 | 642 | 80.25 |
| Onderwysers | 1300 | 800 | 61.54 |
| Advokate en prokureurs | 1000 | 675 | 67.5 |
| TOTAAL | 4600 | 2979 | 64.76 |

Uit die groot aantal antwoorde in tabel 1 uiteengesit, en uit die hoë persentasie voltooide vraelyste wil ons aflei dat die ppe die ondersoek in 'n ernstige lig beskou het. Belangstellende briewe asook notas op die vraelys self aangebring, is 'n verdere bewys dat hierdie ondersoek nie net deur opleidingsinrigtings as aktueel beskou word nie, maar dat ook persone in die professie self die behoefte aan 'n maatstaf voel. Die volgende uittreksels uit briewe en voetnotas word ter stawing van laasgenoemde mening hier bo uitgespreek, aangehaal. "This is not only a very interesting but also very important study"1) This is an important subject and it is appreciated that the survey is only in respect of 'Traits'...."2) "...... If you do tabulate the results of this survey I would be very interested in seeing the final result"3). "Dit is 'n besonder interessante studie en ek sou graag die eindresultaat wou sien"4) "Sukses met u baie belangrike ondersoek"5) "This survey is an absolute necessity"6) "Dit is 'n belangrika studie"7) "A very important survey"8).

## 2. Beïnvloedingsfaktore by die beantwoording.

By die voltooiing van die vraelys moet die moontlikheid van verskillende beïnvloedingsfaktore in aanmerking geneem word. Daar is eerstens die persoonlike ervaring van die pp. So kon 'n prokureur bv. wat nie al te suksesvol is nie daardie eienskappe afmerk wat volgens sy mening van hom 'n suksesvolle prokureur sou gemaak het, soos al te duidelik blyk uit 'n naskrif van een van die ppe. "I have probably given highest marks to the traits which I most lack, as I am not really sucessful in my profession as attorney". Hierdie houding kon egter nie die resultate wesentlik beïnvloed nie, omdat die doel ook in hierdie geval die eienskappe wat positief bydraend is, is; die aantal ppe was ook groot genoeg om enige nadelige invloed wat hiervan kon uitgaan te reduseer en die hoë reaksiepersentasie maak hierdie soortgelyke invloed vir al die professies minimaal.

Die verskillende ervaringsfases asook omstandighede - bewegingsterrein en besondere omgewing - kan ook individuele resultate beïnvloed, maar ook hier beperk die aantal ppe die algemene invloed.

'n Belangrike beïnvloedingsfaktor is die lewens - en wêreldbeskouing, en dit raak hier in besonder die eienskap, Geloof. Hierdie eienskap kan in alle professies as die alles-omvattende beskou word deur ppe wat 'n ernstige christelike en nader calvinisties christelike lewensbeskouing toegedaan is, terwyl dit deur ander ppe as onbelangrik beskou kon word. Hierdie feit benadeel egter nie die resultate nie, maar

1) Rekenmeester.
2) Rekenmeester.
3) Rekenmeester.
4) Dokter
5) Predikant.
6) Predikant.
7) Onderwyser.
8) Advokaat.

kan bydra tot baie belangrike gevolgtrekkings in die ondersoek. Aangesien die algemene persentasie ppe so hoog is vir al die beroepe, en slegs vir een beroep minder as 500 nl. 300 is, kan hierdie positiewe of negatiewe invloed net waardevol vir die ondersoek wees. Hier moet beklemtoon word dat die ppe al die ppe vir die betrokke professie, die rekenmeesters is, en dit hier nie slegs gaan om 'n aantal uit die professie nie.

3. Interpretasie moontlikhede.

By die beantwoording van die vraelys is daar 14 x 4 x 3 = 168 interpretasiemoontlikhede. Daar is altesaam veertien eienskappe wat elk as "Baie belangrik", "Belangrik", "Wenslik" of "Onbelangrik" afgemerk kan word. Pp A kon dus eienskap nr. 1 nl. akkuraatheid as baie belangrik, B as belangrik, C as wenslik, D as onbelangrik aandui. Elkeen van hierdie ppe kon weer die eienskap as baie belangrik, belangrik ens .1), 2) of 3) aangedui het. Hierdeur is die invloed van die toevalsyfers by die resultate baie gering gemaak. Sterk positiewe of negatiewe resultate het dus wel waarde as die getal ppe boonop in aanmerking geneem word. Op hierdie staduim verduidelik ons die lees van die eerste tabel in die reeks tabelle wat onder elke afsonderlike professie bespreek word en wat ook duidelikheid aan al die ander daarop volgende tabelle sal verleen, sodat dit nie nodig is om dit by die bespreking te herhaal nie.

Die voorbeeld wat ons hier gekies het, is die een vir Rekenmeesters wat natuurlik weer in die indiwiduele bespreking ingevoeg sal word.

Tabel 2 op die volgende bladsy is 'n opsomming van die resultate van 10 ppe vir die professie, Rekenmeesters. Die eienskappe is in dieselfde volgorde soos op die vraelys gerangskik. Horisontaal is die eienskappe 1 - 14 en vertikaal die graad: "Baie belangrik","Belangrik", "Wenslik" en "Onbelangrik" weer onderverdeel in sterkte van graad en word met die syfers 1, 2 en 3 aangedui. In die laaste kolom het ons die groot totaal. As ons nou die eienskap "akkuraatheid" as voorbeeld noem, dan vind ons in die kolom onder Baie belangrik in die derde onderafdeling onder Totaal die getal 7. Dit beteken dat altesaam 7 ppe "akkuraatheid" as "baie belangrik" beskou het. Gaan ons nou na die tweede kolom onder AANTAL, en na kolom 1 die NOMMER dan lees dit dat 4 uit die 7 "akkuraatheid" as die aller "baie belangrikste" beskou het en met 1) afgemerk het. Dit beteken dat 4 dit eerste in rangskikking geplaas het en as ons verder kyk vind ons dat 2 dit tweede en 1 derde geplaas het. - Die nadruk val hier op die 1) wat beteken dat baie belangrik nie sterk genoeg beklemtoon kan word nie- Daar het dus 70 persent van die ppe akkuraatheid as "baie belangrik" afgemerk. Gaan ons na die volgende hoofkolom onder "Belangrik" is daar 3 ppe wat "akkuraatheid" as belangrik beskou, een het dit eerste in rang, een tweede en een derde geplaas. Geeneen van die ppe het "Akkuraatheid" as wenslik of onbelangrik beskou nie. Uit die totaal van 10 het 7 "akkuraatheid" dus as "Baie belangrik" en 3 as "Belangrik" afgemerk. Op hierdie manier kan ons al die eienskappe aflees.

TABEL II

OPSOMMINGSTAND VAN EIENSKAPPE REKENMEESTERS PPE GROEP II AANTAL.

| NO | TREK | BAIE BELANGRIK | | | | BELANGRIK | | | | WENSLIK | | | | ONBELANGRIK | | | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | No. | Aan-tal | To-taal | % | No | Aan-tal | To-taal | % | No. | Aan-tal | To-taal | % | No | Aan-tal | To-taal | % | |
| 1 | Akkuraatheid | 1<br>2<br>3 | 4<br>2<br>1 | 7 | 70 | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>1 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 1<br>2<br>3 | 3<br>0<br>0 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 4<br>2<br>1 | 7 | 70 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 3 | Eerlikheid | 1<br>2<br>3 | 6<br>1<br>1 | 8 | 80 | 1<br>2<br>3 | 0<br>1<br>1 | 2 | 20 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 4 | Geduld | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>1 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 2<br>0<br>0 | 2 | 20 | 1<br>2<br>3 | 3<br>2<br>2 | 7 | 70 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 5 | Geloof | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>1 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>0 | 2 | 20 | 1<br>2<br>3 | 0<br>7<br>0 | 9 | 70 | 10 |
| 6 | Hardwerkendheid | 1<br>2<br>3 | 0<br>4<br>2 | 6 | 60 | 1<br>2<br>3 | 0<br>2<br>1 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 7 | Inisiatief | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>0 | 2 | 20 | 1<br>2<br>3 | 4<br>2<br>1 | 7 | 70 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 10 |
| 8 | Leierskap | 1<br>2<br>3 | 0<br>2<br>1 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>1 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>2 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 9 | Moed | 1<br>2<br>3 | 0<br>1<br>2 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>1 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>2 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 2<br>0<br>0 | 2 | 20 | 10 |
| 10 | Praktiese sin | 1<br>2<br>3 | 0<br>1<br>2 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 2<br>1<br>1 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>1 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 11 | Regverdigheidsin | 1<br>2<br>3 | 2<br>3<br>0 | 5 | 50 | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>2 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 12 | Selfbeheersing | 1<br>2<br>3 | 0<br>1<br>1 | 2 | 20 | 1<br>2<br>3 | 2<br>2<br>1 | 5 | 50 | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>1 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 13 | Skranderheid | 1<br>2<br>3 | 1<br>2<br>2 | 5 | 50 | 1<br>2<br>3 | 2<br>1<br>1 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 14 | Sosiale Insig | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>2 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 0<br>1<br>3 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>0 | 2 | 20 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |

Wanneer die rangorders bepaal is, is daar gebruik gemaak van meerderheidspersentasies, en die graad sterkte as twee eienskappe b.v. onder Belangrik presies dieselfde rang in alle opsigte het, is die syfers onder Baie Belangrik in aanmerking geneem. Om die ooreenkomste en verskille van die eienskappe vir die verskillende professies van nader te bestudeer is daar heelwat gebruik van tabelle gemaak. In die studie self is tien tot twaalf verskillende tabelle vir elke professie opgestel. Om 'n vergelykende studie tussen die verskillende professies te maak, is eerstens die persentasie bereken.

Tweedens het ons die korrelasiekoeffisiënt bereken en wel volgens onderstaande formule en voorbeeld waarvan slegs die eindresultate in die teks te vinde is.

Korrelasiekoeffisiënt = $r$

$$r = \frac{S[(x_i - \bar{x})(y_i - \bar{y})]}{(n-1)\, s_x\, s_y}$$

$$= \frac{Cov(x,y)}{s_x\, s_y} \quad \text{waar}$$

$$Cov(x,y) = \frac{S[(x_i - \bar{x})(y_i - \bar{y})]}{(n-1)}$$

Vir die berekeningsdoeleindes is die volgende formule vir $Cov(x,y)$ gebruik:

$$Cov(x,y) = \frac{1}{n-1}\left[S(xy) - \frac{1}{n}\{S(x)\,S(y)\}\right]$$

Waar N die aantal pare waarnemings is en in ons geval 14. Die pare is as volg opgestel waar x = Rekenmeesters, y = Juriste is.

| PAAR NO | X | Y |
|---|---|---|
| 1 | $X_1$ | $Y_1$ |
| 2 | $X_2$ | $Y_2$ |
| 3 | $X_3$ | $Y_3$ |
| 4 | $X_4$ | $Y_4$ |
| 5 | $X_5$ | $Y_5$ |
| 6 | $X_6$ | $Y_6$ |
| 7 | $X_7$ | $Y_7$ |
| 8 | $X_8$ | $Y_8$ |
| 9 | $X_9$ | $Y_9$ |
| 10 | $X_{10}$ | $Y_{10}$ |
| 11 | $X_{11}$ | $Y_{11}$ |
| 12 | $X_{12}$ | $Y_{12}$ |
| 13 | $X_{13}$ | $Y_{13}$ |
| 14 | $X_{14}$ | $Y_{14}$ |

Dan is:

$$S(xy) = x_1 y_1 + x_2 y_2 + \ldots\ldots\ldots\ldots + X_{14} Y_{14}$$
$$S(x) = x_1 + x_2 + x_3 + \ldots\ldots\ldots\ldots + X_{14}$$
$$S(y) = y_1 + y_2 + y_3 + \ldots\ldots\ldots\ldots + Y_{14}$$

Verder is :

$$S_x^2 = \frac{1}{n-1}\{S(x^2) - \frac{1}{n}[S(x)]^2\}$$

waar $S(x^2) = x_1^2 + x_2^2 + x_3^2 + \cdots + x_{14}^2$

L.W. dat dit nie dieselfde is as $[S(x)]^2$ nie.

Verder

$$S_y^2 = \frac{1}{n-1}\{S(y^2) - \frac{1}{n}[S(y)]^2\}$$

$$S_x = \sqrt{S_x^2}$$

$$S_y = \sqrt{S_y^2}$$

Die voorbeeld wat volg is slegs in hooftrekke uitgewerk aangesien dit net duidelikheidshalwe weergegee is.

| EIENSKAP | NO | X | Y | $X^2$ | $Y^2$ | XY |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Eerlikheid | 1 | 92 | 85 | 8464 | 7225 | 7820 |
| Akkuraatheid | 2 | 83 | 62 | 6889 | 3844 | 5146 |
| Skranderheid | 3 | 70 | 71 | 4900 | 5041 | 4970 |
| Hardwerkendheid | 4 | 57 | 54 | 3249 | 2916 | 3078 |
| Praktiese sin | 5 | 41 | 49 | 1681 | 2401 | 2009 |
| Inisiatief | 6 | 37 | 30 | 1369 | 1521 | 1110 |
| Regverdigheidsin | 7 | 36 | 67 | 1296 | 4489 | 2412 |
| Deursettingsvermoë | 8 | 29 | 23 | 841 | 529 | 667 |
| Sosiale insig | 9 | 25 | 42 | 625 | 1764 | 1050 |
| Leierskap | 10 | 21 | 13 | 441 | 169 | 273 |
| Moed | 11 | 13 | 14 | 169 | 196 | 182 |
| Selfbeheersing | 12 | 7 | 27 | 49 | 729 | 189 |
| Geduld | 13 | 5 | 11 | 25 | 121 | 55 |
| Geloof | 14 | 3 | 13 | 9 | 169 | 39 |
| TOTALE | | 519 | 561 | 3007 | 31114 | 2900 |

30007

$\bar{y} = \frac{561}{14} = 40.07$

$\bar{x} = \frac{519}{14} = 37.07$

$S_x^2 = \frac{1}{13}[\frac{3007}{1} - \frac{1}{14}(519)^2]$

$= 828.23$

$S_x = \sqrt{828.23} = ?$

$S_y^2 = \frac{1}{13}[\frac{3114}{1} - \frac{1}{14}(561)^2]$

$= 664.15$

$S_y = \sqrt{664.15}$

$= 25.77$

$Cov(x,y) = \frac{1}{13}(\frac{2900}{1} - \frac{519 \times 561}{14})$

$= 631$

$b = \frac{631}{828.23}$ ?

$b = \frac{Cov(xy)}{S_x^2}$ ?

$r = \frac{631}{\sqrt{828.23 \times 664.15}}$

$= \frac{631}{28.77 \times 25.77}$

$= \frac{631}{741}$

$= +.89$

Die grondslag van die berekening was "Baie Belangrik"

1) Die Formule verwys ook na S.S. Willes: Elementary Statistical Analysis.

Vierdens het ons vasgestel of die ~~verskille~~ wat getoon word duidend of nie-duidend is nie. In die ~~berekening~~ is onderstaande formule gebruik, en berus die berekening op 99 persent basis.

$$\frac{x_1}{x_i} - \frac{x_2}{x_j} \pm z_\alpha \sqrt{\frac{\bar{x}_1(1-\bar{x}_1)}{n_1} + \frac{\bar{x}_2(1-\bar{x}_2)}{n_2}}$$

[Groot steekproef, oneindige universum]

I Eerlikheid

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | Universum |
| Rekenmeesters | $X_1$ | = | .92 | $1-X_1$ | = | .08 | N = | 300 | $N_1$ |
| Juriste | $X_2$ | = | .8533 | $1-X_2$ | = | .1467 | N = | 665 | $N_2$ |
| Medici | $X_3$ | = | .5291 | $1-X_3$ | = | .4709 | N = | 550 | $N_3$ |
| Predikante | $X_4$ | = | .6916 | $1-X_4$ | = | .3084 | N = | 642 | $N_4$ |
| Onderwysers | $X_5$ | = | .5058 | $1-X_5$ | = | .4942 | N = | 776 | $N_5$ |

Die verskil tussen Rekenmeesters en Juriste:

Grense : $(.92 - .8533) \pm 2.576\sqrt{\frac{.92 \times .08}{300} + \frac{.8533 \times .1467}{665}}$

$= .0667 \pm 2.576 \times .0208$

$= .0667 \pm .0536$ (Logritmes is gebruik by die berekening).

Nul lê nie tussen hierdie grense nie en daarom is die verskil duidend.

Vyfdens het ons altesaam 32 grafieke opgestel om verskillende vergelykings te tref.

(a) Vier waarop die stand van al vyf die professies in al veertien eienskappe vir elke graad nl. "Baie Belangrik", "Belangrik", "Wenslik" en "Onbelangrik" aangedui word.

(b) Veertien waarop die stand van elke eienskap vir al vyf professies opgesom is.

(c) Veertien waarop die stand in elke eienskap vir al vier grade opgesom is.

Gekleurde ink is gebruik om die lees van die grafieke te vergemaklik.

Elke beroep word apart bespreek en wel onder vyf dele. Eerstens die algemene besonderhede, dan word twee dele gewy aan die bevindinge van elke groep ppe nl. groep 1 en groep 2, eersgenoemde die persone in die beroep self en laasgenoemde ook as doserende leerkragte en wel in kontrolerende hoedanigheid. Die derde deel gaan oor die twee groepe saam, terwyl die vierde die eienskappe wat deur die ppe self bygevoeg is behandel. In die vyfde kom ons tot voorlopige gevolgtrekkings vir die spesifieke professies. In hoofstuk V waar die verskillende professies vergelyk word, word soms effens afgewyk van bogenoemde metode om voor die hand liggende redes.

Met die verwerking van die resultate was dit duidelik dat in die geval van die professies waar dit meer bepaald om die saak gaan soos in geval van die rekenmeesters is die afmerking en sekerheid omtrent die eienskappe meer beslis as by daardie professies waar die mens die beroepstof is. Daar word in eersgenoemde geval hoër positiewe en negatiewe persentasies bespeur.

# HOOFSTUK IV

## A JURISTE OF REGSPROFESSIE.

### 1. Inleiding.

| | |
|---|---|
| Aantal vraelyste uitgestuur | 1000 |
| Aantal voltooide vraelyste terug ontvang | 675 |
| Persentasie voltooid ontvang | 67.5 |
| Aantal Ppe groep 1 | 665 |
| Aantal Ppe groep 2 | 10 |
| TOTAAL | 675 |

Die Ppe in bogenoemde beroep het besonder goed gereageer. Daar is meer as tweederdes van die uitgestuurde vraelyste voltooid terug ontvang. Ons kan dit as bewys aanvaar dat die ppe die ondersoek in 'n baie ernstige lig beskou het. Dit toon ook dat die behoefte aan 'n maatstaf as hulpmiddel by die beroepskeuse nie slegs deur opleidingsentra gevoel word nie maar ook deur die persone wat in die beroep self staan. Die erns waarmee die vraelys aangepak is, spreek verder duidelik uit die aantal privaat briewe - die voetnotas op die vraelyste self uitgesonderd - wat die antwoorde vergesel het, en wat vir hierdie besondere beroep op 21 d.w.s. 3.1 persent te staan kom. Die ppe is oor stede sowel as die platteland versprei.

### 2. Bevindinge van ppe in groep 1.

Tabel III op die volgende bladsy is die weergawe van die stand van die antwoorde vir elke bepaalde eienskap, en wel in dieselfde volgorde soos die eienskappe op die vraelys voorkom.

Akkuraatheid.

Uit tabel III is dit duidelik dat akkuraatheid met 'n meerderheidspersentasie van "baie belangrik " belangrik nl. 26.92 as baie belangrik vir bogenoemde beroep beskou moet word. Hierdie afleiding word beklemtoon deur die groot aantal afgemerk onder baie belangrik 1), asook die klein persentasie onder wenslik en onbelangrik.

Deursettingsvermoë

Met 60.15 persent onder "belangrik" kan deursettingsvermoë as "belangrik" vir die beroep geag word. Die "belangrikheid" word verder beklemtoon deur die aantal ppe wat dit nr. 1, nl. 377 uit 400 afgemerk het, en weereens benadruk die klein persentasie onder wenslik en onbelangrik die afleiding.

Eerlikheid.

Daar is 'n meerderheidspersentasie van 61.12 onder "baie belangrik" en hieruit lei ons af dat eerlikheid as beslis "baie belangrik" vir die juriste deur ppe in groep 1 beskou word.

## TABEL III

Stand van antwoorde vir 14 eienskappe volgens vraelys ppe groep 1, aantal 665

| NR | EIENSKAP | B.B. | | | | B | | | | W. | | | | O | | | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | |
| 1 | Akkuraatheid | 1<br>2<br>3 | 189<br>105<br>119 | 413 | 62.11 | 1<br>2<br>3 | 210<br>3<br>21 | 234 | 35.19 | 1<br>2<br>3 | 17<br>1<br>0 | 18 | 2.71 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 665 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 1<br>2<br>3 | 49<br>42<br>56 | 147 | 22.11 | 1<br>2<br>3 | 377<br>3<br>20 | 400 | 60.15 | 1<br>2<br>3 | 117<br>0<br>1 | 118 | 17.74 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 665 |
| 3 | Eerlikheid | 1<br>2<br>3 | 483<br>35<br>49 | 567 | 85.26 | 1<br>2<br>3 | 94<br>0<br>0 | 94 | 14.14 | 1<br>2<br>3 | 4<br>0<br>0 | 4 | .6 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 665 |
| 4 | Geduld | 1<br>2<br>3 | 4<br>30<br>35 | 69 | 10.35 | 1<br>2<br>3 | 292<br>10<br>34 | 336 | 50.53 | 1<br>2<br>3 | 245<br>11<br>3 | 259 | 38.95 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | .15 | 665 |
| 5 | Geloof | 1<br>2<br>3 | 73<br>3<br>9 | 85 | 12.78 | 1<br>2<br>3 | 37<br>3<br>6 | 46 | 6.91 | 1<br>2<br>3 | 187<br>2<br>7 | 196 | 29.47 | 1<br>2<br>3 | 329<br>8<br>1 | 338 | 50.83 | 665 |
| 6 | Hardwerkendheid | 1<br>2<br>3 | 188<br>98<br>77 | 363 | 54.59 | 1<br>2<br>3 | 266<br>4<br>12 | 282 | 42.41 | 1<br>2<br>3 | 19<br>0<br>0 | 19 | 2.86 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | .15 | 665 |
| 7 | Inisiatief | 1<br>2<br>3 | 70<br>46<br>83 | 199 | 29.92 | 1<br>2<br>3 | 258<br>23<br>10 | 291 | 43.76 | 1<br>2<br>3 | 161<br>4<br>7 | 172 | 25.86 | 1<br>2<br>3 | 3<br>0<br>0 | 3 | .51 | 665 |
| 8 | Leierskap | 1<br>2<br>3 | 29<br>23<br>33 | 85 | 12.78 | 1<br>2<br>3 | 269<br>29<br>22 | 320 | 48.12 | 1<br>2<br>3 | 186<br>17<br>6 | 209 | 31.43 | 1<br>2<br>3 | 43<br>6<br>2 | 51 | 7.67 | 665 |
| 9 | Moed | 1<br>2<br>3 | 35<br>0<br>56 | 91 | 13.68 | 1<br>2<br>3 | 265<br>8<br>27 | 290 | 43.61 | 1<br>2<br>3 | 185<br>12<br>2 | 199 | 29.92 | 1<br>2<br>3 | 82<br>2<br>1 | 85 | 12.78 | 665 |
| 10 | Praktiese sin | 1<br>2<br>3 | 108<br>223<br>0 | 331 | 49.77 | 1<br>2<br>3 | 126<br>6<br>35 | 167 | 25.11 | 1<br>2<br>3 | 56<br>28<br>6 | 90 | 13.53 | 1<br>2<br>3 | 77<br>0<br>0 | 77 | 11.59 | 665 |
| 11 | Regverdigheid sin | 1<br>2<br>3 | 329<br>42<br>77 | 448 | 67.34 | 1<br>2<br>3 | 105<br>9<br>7 | 121 | 18.2 | 1<br>2<br>3 | 84<br>3<br>1 | 88 | 13.23 | 1<br>2<br>3 | 7<br>1<br>0 | 8 | 1.2 | 665 |
| 12 | Selfbeheersing | 1<br>2<br>3 | 93<br>49<br>28 | 170 | 25.56 | 1<br>2<br>3 | 338<br>14<br>28 | 380 | 57.14 | 1<br>2<br>3 | 87<br>0<br>7 | 94 | 14.14 | 1<br>2<br>3 | 21<br>0<br>0 | 21 | 3.16 | 665 |
| 13 | Skranderheid | 1<br>2<br>3 | 434<br>28<br>7 | 469 | 70.53 | 1<br>2<br>3 | 132<br>7<br>14 | 153 | 23.01 | 1<br>2<br>3 | 43<br>0<br>0 | 43 | 6.47 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 665 |
| 14 | Sosiale Insig | 1<br>2<br>3 | 175<br>63<br>42 | 280 | 42.11 | 1<br>2<br>3 | 242<br>7<br>14 | 263 | 39.56 | 1<br>2<br>3 | 108<br>7<br>7 | 122 | 18.35 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 665 |

Geduld

Geduld toon 'n meerderheidspersentasie onder "belangrik" en geduld moet dus op hierdie staduim as belangrik vir bogenoemde professie beskou word.

Geloof

Met 'n meerderheidspersentasie van 21.36 moet ons tot die gevolgtrekking kom dat geloof as "onbelangrik" beskou word vir bogenoemde professie.

Hardwerkendheid.

Dit is duidelik dat die grootste persentasie ppe hardwerkendheid as "baie belangrik" vir die beroep beskou wat beklemtoon is deur die groot aantal ppe wat dit onder nr. 1) afgemerk het, asook die geringe persentasies onder "wenslik" en "onbelangrik."

Inisiatief.

Inisiatief behaal die hoogste persentasie onder "belangrik" en plaas ons dit op grond daarvan as belangrik vir die juriste.

Leierskap.

Leierskap toon 'n meerderheidspersentasie van 16.69 en ons aanvaar op hierdie staduim dat leierskap as "belangrik" beskou moet word.

Moed.

Moed moet volgens die persentasies as "belangrik" vir die professie beskou word, op grond van 'n persentasie meerderheid van 12.69.

Praktiese sin.

Praktiese sin word deur die grootste persentasie ppe as "baie belangrik" beskou met 'n meerderheidspersentasie van 24.66.

Regverdigheidsin.

Regverdigheidsin moet onder "baie belangrik" geplaas word en wel met 'n meerderheidspersentasie van 49.14 en benadruk deur die groot aantal ppe wat dit onder 1) geplaas het.

Selfbeheersing.

Selfbeheersing word onder "belangrik" geplaas met 'n meerderheid van 31.58 persent.

Skranderheid.

Op grond van die hoë persentasie behaal, kan skranderheid dus as "baie belangrik" vir die juriste gereken word. Die meerderheidspersentasie is hier 47.52.

Sosiale Insig.

Sosiale insig moet op hierdie staduim volgens meerderheidspersentasie onder "baie belangrik" geplaas word, hoewel dit slegs 2.56 persent is.

Rangorde van eienskappe metn "baie belangrik" as grondslag ppe groep 1, aantal 665

TABEL LV

| NR. | EIENSKAP | R.O. | B.B. | | B | | W | | O | | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | |
| 3 | Eerlikheid | 1 | 567 | 85.26 | 94 | 14.14 | 4 | .6 | 0 | 0 | 665 |
| 13 | Skranderheid | 2 | 469 | 70.53 | 153 | 23.01 | 43 | 6.47 | 0 | 0 | 665 |
| 11 | Regverdigheidsin | 3 | 448 | 67.34 | 121 | 18. 2 | 88 | 13.23 | 8 | 1.2 | 665 |
| 1 | Akkuraatheid | 4 | 413 | 62.11 | 234 | 35.19 | 18 | 2.71 | 0 | 0 | 665 |
| 6 | Hardwerkendheid | 5 | 363 | 54.59 | 282 | 42.41 | 19 | 2.86 | 1 | .15 | 665 |
| 10 | Praktiese sin | 6 | 331 | 49.77 | 167 | 25.11 | 90 | 13.53 | 77 | 11.59 | 665 |
| 14 | Sosiale Insig | 7 | 280 | 42.11 | 263 | 39.58 | 122 | 18.35 | 0 | 0 | 665 |
| 7 | Inisiatief | 8 | 199 | 29.92 | 291 | 43.76 | 172 | 25.86 | 3 | .51 | 665 |
| 12 | Selfbeheersing | 9 | 170 | 25.56 | 380 | 57.14 | 94 | 14.14 | 21 | 3.16 | 665 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 10 | 147 | 22.11 | 400 | 60.15 | 118 | 17.74 | 0 | 0 | 665 |
| 9 | Moed | 11 | 91 | 13.68 | 290 | 43.61 | 199 | 29.92 | 85 | 12.78 | 665 |
| 8 | Leierskap | 12 | 85 | 12.78 | 320 | 48.12 | 209 | 31.43 | 51 | 7.67 | 665 |
| 5 | Geloof | 13 | 85 | 12.78 | 46 | 6.91 | 196 | 29.47 | 338 | 50.83 | 665 |
| 4 | Geduld | 14 | 69 | 10.38 | 336 | 50.53 | 259 | 38.95 | 1 | .15 | 665 |
| | TOTAAL | | 3717 | 39.89 | 3377 | 36.25 | 1631 | 17.52 | 585 | 6.18 | 9310 |

(b) Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag

Rangskik ons die eienskappe van die hoogste tot die laagste is tabel IV die uitkoms.

Bestudeer ons tabel IV van naderby vind ons in die eerste plek, 'n geleidelike daling in die persentasieverskille onder "baie belangrik". So verskil skranderheid van eerlikheid met 14.73 persent, regverdigheidsin van skranderheid met 3.19 en verder af 5.23, 7.52, 4.82 en 7.66 persent tot en met sosiale insig waar die meerderheidspersentasie onder "baie belangrik"val. Daarna vind ons 'n sprong van 12.19 persent en dan weer minder as tien persent. Vergelyk ons verder die persentasie - verskille vir elke eienskap tussen "baie belangrik" en "belangrik" is die uitkoms van eerlikheid in dalende volgorde 61.12, 47.52, 49.14, 26.92, 12.18, 24.66 en 2.53 persent tot by sosiale insig. Hierna val die positiewe meerderheidspersentasie onder "belangrik". Die persentasieverskille tussen "baie belangrik" en "belangrik" vir die eerste ses eienskappe is so hoog dat ons tot die gevolgtrekking geraak dat daar met besliste sekerheid aanvaar kan word dat hierdie ses eienskappe nl. eerlikheid, skranderheid, regverdigheidsin, akkuraatheid, hardwerkendheid en praktiese sin as kenmerkend "baie belangrik" vir die juridici beskou kan word. Sosiale insig, 'n grensgeval, sal op grond van die meerderheidspersentasie ook onder "baie belangrik" ingeskakel word hoewel nie met 'n hoë persentasieverskil nie.

Vind ons die persentasieverskil tussen "baie belangrik" en "belangrik" met die positiewe meerderheid onder "belangrik" is die verskille vanaf inisiatief tot by geduld as volg : 13.64, 21.58, 38.04, 29.93, 35.34, - 5.87, 40.15 persent. Op grond van die minus persentasie skakel ons "geloof" verder uit tot later. Neem ons nou dieselfde eienskappe in dieselfde volgorde met die persentasieverskil tussen "belangrik" en "wenslik" met die oog op die positiewe meerderheid onder "belangrik" is die resultaat, met "geloof" uitgeskakel, die volgende : 27.90, 43, 42.41, 12.69, 16.69, 11.58 persent respektiewelik. Volgens die eersgenoemde persentasieverskille sowel as laasgenoemde is dit baie duidelik dat die genoemde eienskappe nl. inisiatief, selfbeheersing, deursettingsvermoë, moed, leierskap en geduld as beslis kenmerkend en wel onder "belangrik" vir genoemde professie beskou moet word.

Daar kan net hier daarop gewys word dat die verskil tussen "wenslik" en "belangrik" ook in geval van geloof negatief is, nl. - 22.56 persent.

Met die berekening van die duidenheid van die verskille tussen "baie belangrik" en "belangrik" en "wenslik" ens. is die uitslag in alle gevalle positief. Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat op grond van :

i) die meerderheidspersentasie
ii) die groot persentasie verskille onderling en tussen die grade self,
iii) die duidenheid van die verskille,

Tabel V op die volgende bladsy, in soverre dit die graadindeling betref as betroubaar beskou kan word.

TABEL V.

Graadindeling van eienskappe Ppe groep 1 665.

| Baie Belangrik | Belangrik | Wens-lik | Onbelang-rik | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Eerlikheid | Inisiatief | - | Geloof | 3 |
| Skranderheid | Selfbeheersing | - | - | 2 |
| Regverdigheidsin | Deursettings-vermoë | - | - | 2 |
| Akkuraatheid | Moed | - | - | 2 |
| Hardwerkendheid | Leierskap | - | - | 2 |
| Praktiese sin | Geduld | - | - | 2 |
| sosiale insig | - | - | - | 1 |
| 7 | 6 | 0 | 1 | 14 |

3. Bevindinge van Ppe groep 2, aantal 10

(a) Algemeen.

Hierdie groep ppe, aantal 10, is die dosente. Omdat die aantal so min is, kan die gegewens in hierdie geval verkry slegs as vergelykend en kontrolerend gebruik word. Die ooreenkomste en verskille kan egter vir ons belangrike aanduidings wees. Tabel VI op die volgende bladsy is 'n opsomming van die bevindings van hierdie groep ppe.

Word ie eienskappe in rangorde met "baie belangrik" as grondslag opgestel, is tabel VII die uitkoms op bladsy 98 .

Vergelyk ons tabel VII met tabel IV vind ons 'n hoë mate van ooreenkoms in rangorde by die volgende eienskappe: eerlikheid, skranderheid, akkuraatheid, regverdigheidsin, inisiatief, moed, leierskap, selfbeheersing, geduld en geloof. Die verskille in geval van hardwerkendheid en sosiale insig is o.i. moontlik net aan die geringe aantal ppe in groep 2 toe te skryf. Opvallend is die verskille rakende deursettingsvermoë en praktiese sin. 'n Moontlike verklaring is eerstens die aantal ppe nl. net 10 en tweedens die rol van die menslike faktor waaronder ons verstaan dat die ppe hier nie alleenlik die professie in gedagte gehad het nie, maar ook die student, en het die student met deursettingsvermoë bv. moontlik die oordeel beïnvloed.

Word daar 'n uittreksel uit tabel VIII gemaak, en die eienskappe onder die grade volgens persentasie-meerderheid gegroepeer, is die stand van die eienskappe soos in tabel VIII weergegee.

TABEL VI

Stand van antwoorde vir 14 eienskappe volgens vraelys ppe groep 2, aantal 10.

| NR. | EIENSKAP | B.B. | | | | B. | | | | W. | | | | O. | | | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Nr. | Aan-tal | To-taal | % | Nr. | Aan-tal | To-taal | % | Nr. | Aan-tal | To-taal | % | Nr. | Aan-tal | To-taal | % | |
| 1 | Akkuraatheid | 1<br>2<br>3 | 3<br>3<br>2 | 8 | 80 | 1<br>2<br>3 | 2<br>0<br>0 | 2 | 20 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 1<br>2<br>3 | 4<br>1<br>2 | 7 | 70 | 1<br>2<br>3 | 2<br>0<br>0 | 2 | 20 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 3 | Eerlikheid | 1<br>2<br>3 | 6<br>2<br>1 | 9 | 90 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 4 | Geduld | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>0 | 2 | 20 | 1<br>2<br>3 | 4<br>0<br>0 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 4<br>0<br>0 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 5 | Geloof | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 6<br>0<br>0 | 6 | 60 | 1<br>2<br>3 | 2<br>0<br>0 | 2 | 20 | 10 |
| 6 | Hardwerkendheid | 1<br>2<br>3 | 1<br>2<br>2 | 5 | 50 | 1<br>2<br>3 | 4<br>0<br>0 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 7 | Inisiatief | 1<br>2<br>3 | 2<br>1<br>2 | 5 | 50 | 1<br>2<br>3 | 4<br>0<br>0 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 8 | Leierskap | 1<br>2<br>3 | 2<br>1<br>1 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 3<br>0<br>0 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 3<br>0<br>0 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 9 | Moed | 1<br>2<br>3 | 3<br>1<br>0 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 4<br>0<br>0 | 4 | 40 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 2<br>0<br>0 | 2 | 20 | 10 |
| 10. | Praktiese sin | 1<br>2<br>3 | 2<br>1<br>0 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 2<br>0<br>0 | 2 | 20 | 1<br>2<br>3 | 2<br>0<br>0 | 2 | 20 | 1<br>2<br>3 | 3<br>0<br>0 | 3 | 30 | 10 |
| 11 | Regverdigheidsin | 1<br>2<br>3 | 2<br>3<br>1 | 6 | 60 | 1<br>2<br>3 | 3<br>0<br>0 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 12 | Selfbeheersing | 1<br>2<br>3 | 2<br>1<br>0 | 3 | 30 | 1<br>2<br>3 | 6<br>0<br>0 | 6 | 60 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 10 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 13 | Skranderheid | 1<br>2<br>3 | 5<br>4<br>1 | 10 | 100 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |
| 14 | Sosiale Insig | 1<br>2<br>3 | 3<br>1<br>1 | 5 | 50 | 1<br>2<br>3 | 5<br>0<br>0 | 5 | 50 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 10 |

Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag ppe groep 2, aantal 10.

TABEL VII

| NR. | EIENSKAP | R.O. | B.B. | | B | | W | | O | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | |
| 13 | Skranderheid | 1 | 10 | 100 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 10 |
| 3 | Eerlikheid | 2 | 9 | 90 | 0 | 0 | 1 | 10 | 0 | 0 | 10 |
| 1 | Akkuraatheid | 3 | 8 | 80 | 2 | 20 | 0 | 0 | 0 | 0 | 10 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 4 | 7 | 70 | 2 | 20 | 1 | 10 | 0 | 0 | 10 |
| 11 | Regverdigheidsin | 5 | 6 | 60 | 3 | 30 | 1 | 10 | 0 | 0 | 10 |
| 14 | Sosiale Insig | 6 | 5 | 50 | 5 | 50 | 0 | 0 | 0 | 0 | 10 |
| 6 | Hardwerkendheid | 7 | 5 | 50 | 4 | 40 | 1 | 10 | 0 | 0 | 10 |
| 7 | Inisiatief | 8 | 5 | 50 | 4 | 40 | 1 | 10 | 0 | 0 | 10 |
| 9 | Moed | 9 | 4 | 40 | 4 | 40 | 0 | 0 | 2 | 0 | 10 |
| 8 | Leierskap | 10 | 4 | 40 | 3 | 30 | 3 | 30 | 0 | 0 | 10 |
| 12 | Selfbeheersing | 11 | 3 | 30 | 6 | 60 | 1 | 10 | 0 | 0 | 10 |
| 10 | Praktiese sin | 12 | 3 | 30 | 2 | 20 | 2 | 20 | 3 | 30 | 10 |
| 4 | Geduld | 13 | 2 | 20 | 4 | 40 | 4 | 40 | 0 | 0 | 10 |
| 5 | Geloof | 14 | 1 | 10 | 1 | 10 | 6 | 60 | 2 | 20 | 10 |
| | TOTAAL | | 72 | 51.43 | 40 | 28.57 | 21 | 15 | 7 | 5 | 140. |

TABEL VIII

Graadindeling van Eienskappe ppe groep 2, 10

| BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | WENSLIK | ONBELANGRIK | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|
| Skranderheid | Selfbeheersing | Geloof | Praktiese sin | 4 |
| Eerlikheid | Geduld | | | 2 |
| Akkuraatheid | | | | 1 |
| Deursettingsvermoë | | | | 1 |
| Regverdigheidsin | | | | 1 |
| Sosiale Insig | | | | 1 |
| Hardwerkendheid | | | | 1 |
| Inisiatief | | | | 1 |
| Moed | | | | 1 |
| Leierskap | | | | 1 |
| 10 | 2 | 1 | 1 | 14 |

Word tabel VIII met tabel V vergelyk het ons onderstaande ooreenkomste onder "baie belangrik" nl. akkuraatheid, eerlikheid, hardwerkendheid, regverdigheidsin en skranderheid. Die verskille is hier inisiatief, leierskap, moed en sosiale insig. Die persentasieverskil tussen "baie belangrik" en "belangrik van eersgenoemde twee eienskappe is baie gering, en in geval van laasgenoemde is daar geen verskil nie. Boonop is daar slegs duidenheid in die verskille tussen "baie belangrik" en " belangrik" ingeval van selfbeheersing en geduld. Laasgenoemde is dus vir ons van belang aangesien dit ooreenkoms toon met die duidenheid in tabel V ongeag die geringe aantal ppe. Opvallend is die verskil rakende praktiese sin wat in tabel V as beslis "baie belangrik" aangeduiword, dog hier dieselfde persentasie onder "baie belangrik" as onder "onbelangrik" behaal. Die enigste rede hiervoor is o.i. die aantal ppe.

Ons kan samevattend sê dat die ooreenkomste in die bevindinge van die ppe in groep 2 met die van die ppe in groep 1 groter is as die verskille. Die bevindinge in geval van groep 2 bevestig dus in hooftrekke die bevindinge van groep 1.

[illegible] Samevatting en uitkoms van resultate groepe 1 en 2

Gooi ons die twee groepe bevindinge bymekaar is die resultaat tabel IX, op die volgende bladsy.

Vergelyk ons tabel IX met tabel IV vind ons dat:

i) die rangorde van die eienskappe presies dieselfde bly.
ii) die persentasie verskille tussen die eienskappe onderling onder elke graad kolom is baie gering.

So bv. is die persentasie verskil in tabel IX en IV vir die eienskap eerlikheid onder "baie belangrik" .07 persent en verder volgens rangorde .43, - .08, .16, -.07, .29, - .11, .3, .07, .7, .39, .41,- .04, .14 persent respektiewelik.

TABEL IX

Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag ppe groep 1 en 2

| NR. | EIENSKAP | R.O. | B.B. | | B | | W | | O | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | |
| 3 | Eerlikheid | 1 | 575 | 85.33 | 94 | 13.93 | 5 | .74 | 0 | 0 | 675 |
| 13 | Skranderheid | 2 | 479 | 70.96 | 153 | 22.6 | 43 | 6.37 | 0 | 0 | 675 |
| 11 | Regverdigheidsin | 3 | 454 | 67.26 | 124 | 18.37 | 89 | 13.19 | 8 | 1.19 | 675 |
| 1 | Akkuraatheid | 4 | 421 | 62.37 | 236 | 34.96 | 18 | 2.67 | 0 | 0 | 675 |
| 6 | Hardwerkendheid | 5 | 368 | 54.52 | 286 | 42.37 | 20 | 2.96 | 1 | .15 | 675 |
| 10 | Praktiese sin | 6 | 334 | 49.48 | 169 | 25.04 | 92 | 13.63 | 80 | 11.85 | 675 |
| 14 | Sosiale Insig | 7 | 285 | 42.22 | 268 | 39.7 | 122 | 18.07 | 0 | 0 | 675 |
| 7 | Inisiatief | 8 | 204 | 30.22 | 295 | 43.7 | 173 | 25.63 | 3 | .44 | 675 |
| 12 | Selfbeheersing | 9 | 173 | 25.63 | 386 | 57.19 | 95 | 14.07 | 21 | 3.11 | 675 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 10 | 154 | 22.81 | 402 | 59.56 | 119 | 17.63 | 0 | 0 | 675 |
| 9 | Moed | 11 | 95 | 14.07 | 294 | 43.56 | 199 | 29.48 | 87 | 12.89 | 675 |
| 8 | leierskap | 12 | 89 | 13.19 | 323 | 47.85 | 212 | 31.41 | 51 | 7.56 | 675 |
| 5 | Geloof | 13 | 86 | 12.74 | 47 | 6.9 | 202 | 29.93 | 340 | 50.37 | 675 |
| 4 | Geduld | 14 | 71 | 10.52 | 340 | 50.37 | 263 | 38.96 | 1 | .15 | 675 |
| | TOTAAL | | 3789 | 40.09 | 3417 | 36.05 | 1652 | 17.48 | 592 | 6.05 | 9450 |

111) die duidenheid in die verskille in rangorde vir die eienskappe onderling met "baie belangrik" as grondslag vir die twee tabelle vergelyk soos die stand in tabel X aandui. Dit beteken dat daar ook presiese ooreenstemming is. Die plus en minus tekens tussen die eienskappe beteken duidenheid en nie - duidenheid van die verskille nie. Die verskil tussen eerlikheid en skranderheid is duidend.

TABEL X

| NR. R.O | EIENSKAP TABEL IV | EIENSKAP TABEL IX |
|---|---|---|
| 1 | Eerlikheid | Eerlikheid |
| | + | + |
| 2 | Skranderheid | Skranderheid |
| | + | + |
| 3 | Regverdigheidsin | Regverdigheidsin |
| | + | + |
| 4 | Akkuraatheid | Akkuraatheid |
| | + | + |
| 5 | Hardwerkendheid | Hardwerkendheid |
| | + | + |
| 6 | Praktiese sin | Praktiese sin |
| | + | + |
| 7 | Sosiale Insig | Sosiale Insig |
| | + | + |
| 8 | Inisiatief | Inisiatief |
| | + | + |
| 9 | Selfbeheersing | Selfbeheersing |
| | + | + |
| 10 | Deursettingsvermoë | Deursettingsvermoë |
| | + | + |
| 11 | Moed | Moed |
| | - | - |
| 12 | Leierskap | Leierskap |
| | - | - |
| 13 | Geloof | Geloof |
| | + | + |
| 14 | Geduld | Geduld |

As ons die eienskappe volgens persentasie meerderheid onder die grade, soos in tabel V gedoen nou in rangorde indeel op grond van die meerderheidspersentasie onder elke afsonderlike graad is die uitkoms tabel XI op die volgende bladsy.

Hier is die grondslag verder die bevindings van albei groepe ppe, nl. Tabel IX.

Die rangorde onder "baie belangrik" bly konstant en die verskille onder hierdie graadindeling is almal duidend soos uit tabel XI blyk. Vir ons beklemtoon dit dus dat die gegewens betroubaar is. Die rangorde onder "belangrik" is nie dieselfde vir die eienskappe soos dit onder "baie belangrik" is nie. Die verskille is hier duidend met uitsondering van die tussen leierskap en inisiatief en inisiatief en moed.

TABEL XI

Rangorde onder graadindeling met duidenheid, ppe groep 1 + 2, 675

| BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | WENS-LIK | ONBE-LANGRIK | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Eerlikheid | Deursettingsver-moë | - | Geloof | 3 |
| + Skranderheid | + Selfbeheersing | | | 2 |
| + Regverdigheidsin | + Geduld | | | 2 |
| + Akkuraatheid | + Leierskap | | | 2 |
| + Hardwerkendheid | - Inisiatief | | | 2 |
| + Praktiese sin | - Moed | | | 2 |
| + Sosiale Insig | | | | 1 |
| 7 | 6 | 0 | 1 | 14 |

TABEL XII

Moontlike indeling van eienskappe vir die juridici volgens 675 ppe.

| BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | WENS-LIK | ONBELANGRIK. |
|---|---|---|---|
| Eerlikheid | Deursettingsver-moë | - | Geloof |
| Skranderheid | Selfbeheersing | | |
| Regverdigheid-sin | Geduld | | |
| Akkuraatheid | Leierskap | | |
| Hardwerkendheid | Inisiatief | | |
| Praktiese sin | Moed | | |
| Sosiale Insig | | | |

As ons by die rangorde onder "belangrik" ook die persentasie onder "baie belangrik" bereken is die orde:
Selfbeheersing
Deursettingsvermoë
Inisiatief
Leierskap
Geduld
Moed

Daar is slegs positiewe duidenheid tussen deursettingsvermoë en inisiatief en inisiatief en leierskap. Op gronde van die groter duidenheid in die verskille behou ons dus die rangorde soos in tabel XI.

Ons kom dus samevattend tot die gevolgtrekking dat daar volgens ons gegewens wel vir die juriste bepaalde spesifiek kenmerkende eienskappe is en wel in graad en rangorde soos opgestel in tabel XII gebaseer op, die meerderheidspersentasie en positiewe duidenheid van die verskille.

## 5. Eienskappe bygevoeg deur ppe self.

(a) Ppe groep 1

Tabel XIII gee die stand van die eienskappe deur ppe in groep 1 bygevoeg weer.

TABEL XIII

Eienskappe bygevoeg deur ppe groep 1, aantal 15 uit 665

| NR. | EIENSKAP | NR. | B.B. | | B. | | W. | | O. | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aantal | Totaal | Aantal | Totaal | Aantal | Totaal | Aantal | |
| 15 | Selfvertroue | 1<br>2<br>3 | 5<br>10<br>0 | 15 | - | - | - | - | - | 15 |
| 16 | Sin vir Humor | 1<br>2<br>3 | 7<br>3<br>3 | 13 | - | - | - | - | - | 13 |
| 17 | Taalvermoë | 1<br>2<br>3 | 5<br>2<br>7 | 14 | - | - | - | - | - | 14 |
| | TOTAAL | | | 42 | | | | | | 42 |

Selfvertroue behaal 'n totaal van 15 onder "baie belangrik", taalvermoë 14 en 'n sin vir humor 13 . Hierdie getalle is baie klein nl. .23, .19 en .21 persent respektiewelik uit 665. Maar behoort by 'n verdere ondersoek meer aandag te geniet.

In tabel XIV het ons die eienskappe bygevoeg deur ppe in groep 2.

TABEL XIV.

Eienskappe bygevoeg deur ppe groep 2, aantal 2.

| NR | EIENSKAP | | B.B. | | B. | | W | | O | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Nr. | Aantal | Totaal | Aantal | Totaal | Aantal | Totaal | Aantal | Totaal. | |
| 15 | Taalvermoë | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | - | - | - | - | - | - | 1 |
| 16 | Openbare Optrede | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | 1<br>0<br>0 | 1 | - | - | - | - | 2 |
| 17 | Agtergrond | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>0 | 2 | - | - | - | - | - | - | 2 |

Dit is opvallend dat slegs taalvermoë deur albei groepe ppe genoem is en wel onder "baie belangrik". Openbare optrede word deur twee ppe onder "baie belangrik" en "belangrik" een elk respektiewelik genoem, terwyl agtergrond - (breeding) is tussen hakies ingevoeg - deur 2 ppe as "baie belangrik" bygevoeg is.

6 Meninge deur ppe self uitgespreek.

Onderstaande aanhalings spreek baie duidelik vir hulself.

"Die vorm mag skynbaar dom voltooi wees maar die aard van 'n prokureur se werk is so omvattend dat bogemelde eienskappe almal uiters belangrik is".

"To me all the traits are most important."

"Dit is uiters moeilik om te besluit of 'n eienskap "baie belangrik" of "belangrik" is daar dit uit die aard van die werk van 'n prokureur van omstandighede afhang watter eienskap die belangrikste is, en moet al die eienskappe as "baie belangrik" beskou word.

"Al die eienskappe is uiters belangrik".

"Profession:advocate: All traits most important"

"To me all the traits are most important"

"All the traits are most important in every walk of life".

"By die voltooiing van hierdie vraelys was dit baie duidelik dat al die genoemde eienskappe uiters belangrik vir die regsprofessie is".

"Al die eienskappe baie belangrik".

"According to my experience all the traits are most important".

"Omstandighede bring mee dat elkeen van die eienskappe deur u genoem op een of ander tydstip baie belangrik is en daarom het ek ook almal as baie belangrik aangetoon."

"All most important"

"Alle sukses! Vir my is al die eienskappe egter baie belangrik".

"For a legal profession all the traits are most important".

"A very interesting survey. To me all the traits are most important".

"Vir ons beroep is elke goeie eienskap onmisbaar. As godsdienstig beteken christelikheid in die beste sin, dit is om jou naaste lief te hê soos jouself is dit ook baie belangrik; dogmaties plaas ek dit onder onbelangrik".

"Al die eienskappe is beslis onmisbaar".

"Profession :Attorney : All traits most important".

"Dit is uiters moeilik om te besluit of 'n eienskap baie belangrik of belangrik is. Vir my skyn al die eienskappe na heelwat wik en weeg baie belangrik".

"Attorneys - all traits most important - not applicable to those of whom the profession is merely a means to an end".

"Na jare van ervaring is al die eienskappe vir my ewe belangrik".

"I consider the traits marked "most important" as of equal importance" - Al die eienskappe is onder "baie belangrik" afgemerk.

"In law much depends on the type of practice and therefore all the the traits are marked most important."

Behalwe bogenoemde voetnotas is twee uit die een - en - twintig briewe wat spesifiek die probleem nl. dat daar nie in graad onderskei kan word nie, maar al die eienskappe nie "baie belangrik" beskou moet word, onder die aandag bring.

Die briewe beklemtoon pertinent die belangrikheid van die ondersoek en kan ons tot die oortuiging kom dat die vraelyste met die noukeurigste sorg beantwoord is, en daarom dat die gevolgtrekkings ook waardevol sal wees.

## 7 Samevatting.

Samevattend vind ons dat daar altesame 675 ppe aandag aan die noukeurige beantwoording van die vraelys bestee het. Uit die bevindinge van die ppe in groep 1 is dit duidelik dat daar beslis tot positiewe gevolgtrekkings geraak kan word. Nieteenstaande die geringe aantal ppe in groep 2 is die uitslag as kontrolerend by groep 1 baie belangrik. Die uitslag toon ons dat daar wel spesifiek kenmerkende eienskappe vir die regsprofessie is. Verder is dit duidelik dat daar wel graadindelings van "baie belangrik", "belangrik" ens. kan wees en dat daar onderlinge rangorde verskille is. Die eienskappe

soos opgestel in tabel XII kan dus op hierdie staduim vir genoemde professie aanvaar word, en wel as betrou-baar op grond van hierdie gegewens.

## B MEDIESE PROFESSIE.

### 1. Inleiding.

| | |
|---|---|
| Aantal vraelyste uitgestuur | 1200 |
| Aantal voltooide vraelyste terug ontvang | 562 |
| Persentasie voltooide vraelyste ontvang | 46.83 |
| Aantal ppe groep 1 | 550 |
| Aantal ppe groep 2 | 12 |
| Totaal | 562 |

Die proefpersone het heel bevredigend gereageer, hoewel die persentasie nie so hoog is soos vir die juridici nie, is 46.83 persent tog 'n bewys dat die saak, ondersoek, in 'n ernstige lig beskou is. Hierdie erns spreek ook uit 'n aantal voetnotas sowel as ongevraagde briewe wat die beantwoorde vraelyste vergesel het. Van hierdie briewe, die voetnotas uitgesonderd, was daar 19 d.w.s. 3.38 persent van die totale aantal ppe. Ppe het veral beklemtoon dat die gradering van die eienskappe heelwat hoofbrekens besorg het. Die ppe is oor die stede sowel as die platteland versprei.

### 2 Bevindinge van ppe in groep 1.

Tabel XV gee die stand van die antwoorde vir elke bepaalde eienskap en wel in dieselfde volgorde as die vraelys weer.

#### Akkuraatheid

Volgens tabel XV op die volgende bladsy, val die nadruk op die graad "belangrik". Slegs 55 ppe nl. 10 persent beskou dit as "wenslik" en net 5, .91 persent beskou dit "onbelangrik."

#### Deursettingsvermoë

Ook in die geval van deursettingsvermoë val die nadruk op "belangrik" met 'n meerderheidspersentasie van 9.09.

#### Eerlikheid

Eerlikheid plaas ons onder "baie belangrik" met 52.91 persent en die nadruk op 1.

#### Geduld.

Geduld val volgens die meerderheidspersentasie onder "belangrik" en word weereens klem gelê op nr. 1.

TABEL XV.

Stand van antwoorde vir 14 eienskappe volgens vraelys ppe groep 1, aantal 550.

| NR | EIENSKAP | B.B. | | | | B. | | | | W. | | | | O | | | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Nr. | Aantal | Totaal. | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | |
| 1 | Akkuraatheid | 1 | 86 | 177 | 32.18 | 1 | 287 | 313 | 56.91 | 1 | 41 | 55 | 10 | 1 | 5 | 5 | .91 | 550 |
| | | 2 | 37 | | | 2 | 13 | | | 2 | 9 | | | 2 | 0 | | | |
| | | 3 | 54 | | | 3 | 13 | | | 3 | 5 | | | 3 | 0 | | | |
| 2 | Deursettingsvermoë | 1 | 141 | 229 | 41.64 | 1 | 220 | 279 | 50.73 | 1 | 38 | 42 | 7.64 | 1 | 0 | 0 | 0 | 550 |
| | | 2 | 34 | | | 2 | 38 | | | 2 | 4 | | | 2 | 0 | | | |
| | | 3 | 54 | | | 3 | 21 | | | 3 | 0 | | | 3 | 0 | | | |
| 3 | Eerlikheid | 1 | 154 | 291 | 52.91 | 1 | 166 | 206 | 37.54 | 1 | 38 | 49 | 8.91 | 1 | 4 | 4 | .73 | 550 |
| | | 2 | 64 | | | 2 | 15 | | | 2 | 6 | | | 2 | 0 | | | |
| | | 3 | 73 | | | 3 | 25 | | | 3 | 5 | | | 3 | 0 | | | |
| 4 | Geduld | 1 | 73 | 169 | 30.73 | 1 | 216 | 250 | 45.45 | 1 | 113 | 131 | 23.82 | 1 | 0 | 0 | 0 | 550 |
| | | 2 | 24 | | | 2 | 21 | | | 2 | 8 | | | 2 | 0 | | | |
| | | 3 | 72 | | | 3 | 13 | | | 3 | 10 | | | 3 | 0 | | | |
| 5 | Geloof | 1 | 88 | 109 | 19.82 | 1 | 39 | 55 | 10 | 1 | 238 | 252 | 45.82 | 1 | 99 | 134 | 24.36 | 550 |
| | | 2 | 13 | | | 2 | 12 | | | 2 | 16 | | | 2 | 8 | | | |
| | | 3 | 8 | | | 3 | 4 | | | 3 | 8 | | | 3 | 27 | | | |
| 6 | Hardwerkendheid | 1 | 300 | 417 | 75.82 | 1 | 102 | 112 | 20.34 | 1 | 17 | 17 | 3.09 | 1 | 4 | 4 | .73 | 550 |
| | | 2 | 66 | | | 2 | 5 | | | 2 | 0 | | | 2 | 0 | | | |
| | | 3 | 51 | | | 3 | 5 | | | 3 | 0 | | | 3 | 0 | | | |
| 7 | Inisiatief | 1 | 72 | 116 | 21.09 | 1 | 207 | 309 | 56.18 | 1 | 100 | 113 | 20.55 | 1 | 8 | 12 | 2.18 | 550 |
| | | 2 | 27 | | | 2 | 66 | | | 2 | 8 | | | 2 | 4 | | | |
| | | 3 | 17 | | | 3 | 36 | | | 3 | 5 | | | 3 | 0 | | | |
| 8 | Leierskap | 1 | 24 | 39 | 7.09 | 1 | 123 | 160 | 29.09 | 1 | 245 | 315 | 57.27 | 1 | 23 | 36 | 6.55 | 550 |
| | | 2 | 9 | | | 2 | 15 | | | 2 | 43 | | | 2 | 8 | | | |
| | | 3 | 6 | | | 3 | 22 | | | 3 | 27 | | | 3 | 5 | | | |
| 9 | Moed | 1 | 25 | 42 | 7.64 | 1 | 213 | 310 | 56.36 | 1 | 131 | 169 | 30.73 | 1 | 25 | 29 | 5.27 | 550 |
| | | 2 | 1 | | | 2 | 63 | | | 2 | 23 | | | 2 | 2 | | | |
| | | 3 | 16 | | | 3 | 34 | | | 3 | 15 | | | 3 | 2 | | | |
| 10 | Praktiese sin | 1 | 198 | 312 | 56.73 | 1 | 112 | 142 | 25.82 | 1 | 52 | 84 | 15.27 | 1 | 12 | 12 | 2.18 | 550 |
| | | 2 | 60 | | | 2 | 13 | | | 2 | 10 | | | 2 | 0 | | | |
| | | 3 | 54 | | | 3 | 17 | | | 3 | 22 | | | 3 | 0 | | | |
| 11 | Regverdigheidsin | 1 | 119 | 207 | 37.64 | 1 | 128 | 176 | 32 | 1 | 129 | 162 | 29.45 | 1 | 5 | 5 | .91 | 550 |
| | | 2 | 38 | | | 2 | 26 | | | 2 | 21 | | | 2 | 0 | | | |
| | | 3 | 50 | | | 3 | 22 | | | 3 | 12 | | | 3 | 0 | | | |
| 12 | Selfbeheersing | 1 | 88 | 190 | 34.55 | 1 | 177 | 240 | 43.64 | 1 | 74 | 96 | 17.45 | 1 | 11 | 24 | 4.36 | 550 |
| | | 2 | 44 | | | 2 | 41 | | | 2 | 9 | | | 2 | 10 | | | |
| | | 3 | 58 | | | 3 | 22 | | | 3 | 13 | | | 3 | 3 | | | |
| 13 | Skranderheid | 1 | 332 | 421 | 76.55 | 1 | 89 | 105 | 19.09 | 1 | 24 | 24 | 4.36 | 1 | 0 | 0 | 0 | 550 |
| | | 2 | 44 | | | 2 | 4 | | | 2 | 0 | | | 2 | 0 | | | |
| | | 3 | 45 | | | 3 | 12 | | | 3 | 0 | | | 3 | 0 | | | |
| 14 | Sosiale Insig | 1 | 315 | 426 | 77.45 | 1 | 90 | 111 | 20.18 | 1 | 6 | 13 | 2.36 | 1 | 0 | 0 | 0 | 550 |
| | | 2 | 59 | | | 2 | 9 | | | 2 | 7 | | | 2 | 0 | | | |
| | | 3 | 52 | | | 3 | 12 | | | 3 | 0 | | | 3 | 0 | | | |

Geloof

Volgens beskouing val geloof met 45.82 onder "wenslik" en moet dit as sterk "wenslik" beskou word omdat die nadruk op nr. 1) val, want uit 252 ppe plaas 238 dit onder 1)

Hardwerkendheid.

Die klemtoon val hier op "baie belangrik" veral met die groot aantal ppe wat dit onder nr. 1 geplaas het en wel 300 uit 417.

Inisiatief.

Die hoogste persentasie vir inisiatief val onder "belangrik" en plaas ons dit daar met 'n meerderheid van 36.09 persent.

Leierskap.

Volgens tabel XV beskou die hoogste persentasie ppe leierskap as "wenslik".

Moed.

Moed moet met 'n hoë persentasie as "belangrik" aanvaar word.

Praktiese sin.

Praktiese sin laat die nadruk op "baie belangrik" val met 'n meerderheid van 30.91 persent.

Regverdigheidsin.

Dit is interessant dat daar onder geeneen van die grade 'n besliste meerderheidspersentasie is nie. Hier is die hoogste persentasie 37.64 en wel onder "baie belangrik"

Selfbeheersing.

Selfbeheersing met 'n meerderheidspersentasie van 9.09 val onder "belangrik".

Skrandeheid.

Skrandeheid word met 'n meerderheidspersentasie van 57.46 onder "baie belangrik" geplaas en hier word die "baie belangrikheid" beklemtoon deurdat 332 uit 421 ppe dit onder nr. 1) afgemerk het.

Sosiale Insig.

Sosiale insig word deur die grootste persentasie ppe as "baie belangrik" beskou.

(b) Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag.

Bestudeer ons tabel XVI op die volgende bladsy vind ons dat die persentasie onder "baie belangrik" vir die eerste drie eienskappe nl. sosiale insig, skranderheid, en hardwerkendheid baie na aan mekaar is. Die verskil is .9 en .73 persent respektiewelik, daarna is die daling meer geleidelik met uitsondering van die laaste twee eienskappe en wel as volg: 19.09, 3.82, 11.27, 4 persent tot en met regverdigheidsin. Hierdie genoemde eienskappe nl. sosiale insig, skranderheid, hardwerkendheid, praktiese sin, eerlikheid en dan weer regverdigheidsin toon 'n meerderheidspersentasie onder "baie belangrik" aangesien regverdigheidsin in volgorde na deursettingsvermoë wat reeds onder "belangrik" 'n meerderheidspersentasie toon, kom, sal ons dit vereers buite bespreking laat.

Die eienskappe wat nou volgens meerderheidspersentasie onder "baie belangrik" val, is dus sosiale insig, skranderheid, hardwerkendheid, praktiese sin en eerlikheid. Die onderlinge persentasieverskille is soos reeds genoem met uitsondering van die eerste drie geleidelik en hoog. Ook die persentasieverskille tussen "baie belangrik" en "belangrik" is ook hoog vanaf sosiale insig tot en met eerlikheid 57.27, 57.46 55.46 30.91 en 15.46 persent respektiewelik. Voorlopig kan ons dus sê dat die eienskappe : sosiale insig, skranderheid, hardwerkendheid, praktiese sin en eerlikheid as "baie belangrik" vir die mediese professie beskou moet word.

Kyk ons na die meerderheidspersentasies onder "belangrik" het ons : Deursettingsvermoë, selfbeheersing, akkuraatheid, geduld, inisiatief en moed. Ons laat regverdigheidsin ook hier eers buite rekening. Die persentasieverskille hier tussen "baie belangrik" en "belangrik" is 9.09, 9.09, 24.73, 14.72, 35.09 en 48.72 persent respektiewelik. Die verskil tussen "belangrik" en "wenslik" vir dieselfde eienskappe is : 43.09, 26.19, 46.91, 21.63, 35.33 en 25.63 persent respektiewelik. Hierdie groot persentasieverskille laat ons voorlopig tot die gevolgtrekking kom dat bogenoemde eienskappe as "belangrik" vir die mediese professie aanvaar kan word.

Onder "wenslikheid" toon net geloof en leierskap 'n meerderheidspersentasie. Die verskil tussen "belangrik" en "wenslik" is 35.82 en 28.18 persent respektiewelik en tussen "wenslik" en "onbelangrik" 21.46 en 50.72 persent respektiewelik. Dit beteken dat ons geloof en leierskap onder "wenslik" groepeer.

Die enigste eienskap waar die meerderheidspersentasie onder "baie belangrik" val met slegs 37.64 is regverdigheidsin, en daarom, slegs om die meerderheidspersentasie sover groepeer ons dit onder "baie belangrik".

Ons kan dus op grond van (i) die meerderheidspersentasie, (ii) die persentasieverskille tussen die grade "baie belangrik", "belangrik" ens. en (iii) die duidenheid van die persentasieverskille tussen die

## TABEL XVI

Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag, ppe groep 1,550

| NR. | EIENSKAP | R.O. | B.B | | B | | W | | O | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | |
| 14 | Sosiale Insig | 1 | 426 | 77.45 | 111 | 20.18 | 13 | 2.36 | 0 | 0 | 550 |
| 13 | Skranderheid | 2 | 421 | 76.55 | 105 | 19.09 | 24 | 4.36 | 0 | 0 | 550 |
| 6 | Hardwerkendheid | 3 | 417 | 75.82 | 112 | 20.36 | 17 | 3.09 | 4 | .73 | 550 |
| 10 | Praktiese sin | 4 | 312 | 56.73 | 142 | 25.82 | 84 | 15.27 | 12 | 2.18 | 550 |
| 3 | Eerlikheid | 5 | 291 | 52.91 | 206 | 37.45 | 49 | 8.91 | 4 | .73 | 550 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 6 | 229 | 41.64 | 279 | 50.73 | 42 | 7.64 | 0 | 0 | 550 |
| 11 | Regverdigheidsin | 7 | 207 | 37.64 | 176 | 32 | 162 | 29.45 | 5 | .91 | 550 |
| 12 | Selfbeheersing | 8 | 190 | 34.55 | 240 | 43.64 | 96 | 17.45 | 24 | 4.36 | 550 |
| 1 | Akkuraatheid | 9 | 177 | 32.18 | 313 | 56.91 | 55 | 10 | 5 | .91 | 550 |
| 4 | Geduld | 10 | 169 | 30.73 | 250 | 45.45 | 131 | 23.82 | 0 | 0 | 550 |
| 7 | Inisiatief | 11 | 116 | 21.09 | 309 | 56.18 | 113 | 20.55 | 12 | 2.18 | 550 |
| 5 | Geloof | 12 | 109 | 19.83 | 55 | 10 | 252 | 45.82 | 134 | 24.36 | 550 |
| 9 | Moed | 13 | 42 | 7.64 | 310 | 56.36 | 169 | 30.73 | 29 | 5.27 | 550 |
| 8 | Leierskap | 14 | 39 | 7.09 | 160 | 29.09 | 315 | 57.27 | 36 | 6.55 | 550 |
| | TOTAAL | | 3147 | 40.87 | 2768 | 35.95 | 1522 | 19.77 | 263 | 3.42 | 7700 |

grade tot die slotsom kom dat tabel XVII 'n weergawe van die eienskappe onder die verskillende grade vir die mediese beroep is.

TABEL XVII

Graadindeling van eienskappe. Ppe groep 1, aantal 550.

| BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | WENSLIK | ONBELANGRIK | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|
| Sosiale Insig | Deursettingsvermoë | Geloof | - | 3 |
| Skranderheid | Selfbeheersing | Leierskap | | 3 |
| Hardwerkendheid | Akkuraatheid | | | 2 |
| Praktiese sin | Geduld | | | 2 |
| Eerlikheid | Inisiatief | | | 2 |
| Regverdigheidsin | Moed | | | 2 |
| 6 | 6 | 2 | | 14 |

3. Bevindinge van ppe groep 2, aantal 12.

(a) Algemeen.

Hierdie groep ppe staan in die beroep self, maar is terselfdertyd ook dosente. Om genoemde rede verskil hierdie groep ppe van die ander doserende groepe in die ander beroepe. Hierdie selfde rede behoort ook die vergelyking deste interessanter te maak. Die getal is egter klein en word die gegewens hier verkry ook slegs as vergelykend en kontrolerend gebruik. Tabel XVIII op die volgende bladsy is 'n opsommende weergawe van die bevindinge van hierdie groep ppe.

As die gegewens in tabel XVIII in rangorde met "baie belangrik" as grondslag gerangskik word, is die uitkoms tabel XIX op bladsy 114 .

Vergelyk ons die eienskappe onder "baie belangrik" dan is daar onsekerheid omtrent hardwerkendheid en geduld, eersgenoemde toon presies dieselfde persentasie onder "baie belangrik" as onder "belangrik" en geduld weer onder "baie belangrik" en "wenslik" daarom is dit ook met 'n vraagteken afgemerk.

As kontrolerend vergelyk tabel XX heelgunstig met tabel XVII. Die verskille is hier o.i. toe te skryf aan die geringe aantal ppe.

Met die oog op die hoë persentasie onder "baie belangrik", die groot verskil tussen "baie belangrik" en "belangrik" nl. 41.88 persent moet hardwerkendheid as beslis "baie belangrik" vir die professie beskou word.

Inisiatief,

Inisiatief met 'n verskil van 13.56 persent word onder "belangrik" geplaas.

Leierskap.

Leierskap gee 'n verskil van 14.82 persent tussen "baie belangrik" en "belangrik" en moet dus as "baie belangrik" beskou word.

Moed.

Moed plaas ons onder "belangrik" met die verskil tussen "belangrik" en "wenslik" van 10.95 persent.

Praktiese sin.

Praktiese sin word onder "wenslik" geplaas en is die verskil tussen "belangrik" en "wenslik" 3.09 persent.

Regverdigheidsin.

Regverdigheidsin val onder "baie belangrik" met 'n verskil van 39.69 persent tussen "baie belangrik" en "belangrik".

Selfbeheersing.

Die verskil tussen "baie belangrik" en "belangrik" is 41.11 persent en daarom val selfbeheersing onder "baie belangrik" vir hierdie professie.

Skranderheid.

Skranderheid word onder "belangrik" geplaas met 'n verskil van 17.27 persent tussen "belangrik" en "wenslik".

Sosiale Insig.

Sosiale Insig val onder "baie belangrik" met 'n verskil van 41.63 persent tussen "baie belangrik" en "belangrik".

(b) Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag.

Rangskik ons die eienskappe van die hoogste tot die laagste persentasie is tabel XXXVII op die volgende bladsy die uitkoms.

# TABEL XXXVII

Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag ppe groep 1, aantal 776

| NR. | EIENSKAP | R.O. | B.B. | | B. | | W. | | O. | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aan-tal | % | Aan-tal | % | Aan-tal | % | Aan-tal | % | |
| 6 | Hardwerkendheid | 1 | 549 | 70.75 | 224 | 28.87 | 3 | .38 | 0 | 0 | 776 |
| 11 | Regverdigheidsin | 2 | 528 | 68.04 | 220 | 28.35 | 28 | 3.61 | 0 | 0 | 776 |
| 14 | Sosiale Insig | 3 | 522 | 67.27 | 199 | 25.64 | 51 | 6.57 | 4 | .51 | 776 |
| 12 | Selfbeheersing | 4 | 514 | 66.24 | 195 | 25.13 | 64 | 8.25 | 3 | .38 | 776 |
| 4 | Geduld | 5 | 499 | 64.3 | 187 | 24.1 | 89 | 11.47 | 1 | .13 | 776 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 6 | 442 | 56.96 | 294 | 37.89 | 31 | 3.99 | 9 | 1.16 | 776 |
| 8 | Leierskap | 7 | 411 | 52.96 | 296 | 38.14 | 68 | 8.76 | 1 | .13 | 776 |
| 3 | Eerlikheid | 8 | 406 | 52.32 | 295 | 38.06 | 75 | 9.66 | 0 | 0 | 776 |
| 5 | Geloof | 9 | 336 | 43.29 | 243 | 31.31 | 189 | 24.36 | 8 | 1.04 | 776 |
| 7 | Inisiatief | 10 | 282 | 36.34 | 395 | 50.9 | 99 | 12.76 | 0 | 0 | 776 |
| 1 | Akkuraatheid | 11 | 268 | 34.54 | 400 | 51.55 | 108 | 13.92 | 0 | 0 | 776 |
| 13 | Skranderheid | 12 | 180 | 23.19 | 359 | 46.26 | 225 | 28.99 | 12 | 1.55 | 776 |
| 9 | Moed | 13 | 149 | 19.2 | 353 | 45.49 | 268 | 34.54 | 6 | .76 | 776 |
| 10 | Praktiese sin | 14 | 102 | 13.14 | 304 | 39.18 | 328 | 42.27 | 42 | 5.41 | 776 |
| | TOTAAL | | 5188 | 46.79 | 3964 | 36.59 | 1626 | 15.13 | 86 | .79 | 10864 |

Bestudeer ons tabel XXXVII van naderby vind ons in die eerste plek 'n geleidelike daling in die persentasie vanaf hardwerkendheid tot en met praktiese sin. Die persentasieverskille tussen die eienskappe onderling onder "baie belangrik" is nie hoog nie, die grootste sprong is tussen akkuraatheid en skranderheid nl. 11.35 persent. Die persentasieverskille onder "baie belangrik" onderling vir die eerste vyf eienskappe is baie gering nl. 2.71, .77, 1.03 en 1.94 persent respektiewelik. Hierna word daar meer oneweredige spronge in die verskille opgemerk.

Let ons op die meerderheidspersentasie onder die verskillende grade dan vind ons dat nege eienskappe volgens meerderheidspersentasie onder "baie belangrik" val en wel : Hardwerkendheid, regverdigheidsin, sosiale insig, selfbeheersing, geduld, deursettingsvermoë, leierskap, eerlikheid en geloof. Die persentasie verskille vir hierdie eienskappe tussen "baie belangrik" en "belangrik" is : 51.98, 39.69, 41.63, 41.11, 40.2, 19.09, 14.82, 14.26 en 11.98 respektiewelik. Hierdie persentasie verskille is so hoog dat ons voorlopig tot die gevolgtrekking kom dat genoemde nege eienskappe wel as "baie belangrik" vir die onderwysprofessie beskou kan word. Bo en behalwe dat die persentasieverskille so hoog is tussen "baie belangrik" en "belangrik" is al die verskille duidend en moet ons genoemde eienskappe op grond van hierdie duidenheid as beslis kenmerkend "baie belangrik" vir die onderwysprofessie beskou.

Eienskappe met 'n positiewe meerderheidspersentasie onder "belangrik" is : Inisiatief, akkuraatheid, skranderheid en moed. Die persentasieverskille tussen "baie belangrik" en "belangrik" vir hierdie eienskappe is : 14.56, 17.01, 23.07, 26.29 persent respektiewelik. Die verskille tussen "belangrik" en "wenslik" vir genoemde eienskappe is : 38.14, 17.63, 17.27 en 10.95 persent respektiewelik. Op grond van hierdie hoë persentasieverskille aanvaar ons weereens voorlopig dat genoemde vier eienskappe nl. inisiatief, akkuraatheid, skranderheid en moed wel as "belangrik" vir die onderwysprofessie beskou behoort te word. Die verskille tussen "baie belangrik" en "belangrik" sowel as tussen "belangrik" en "wenslik" is almal positief duidend en daarom kan genoemde vier eienskappe dus as spesifiek kenmerkend en wel "belangrik" vir die onderwysprofessie beskou word.

Praktiese sin val op grond van meerderheidspersentasie onder "wenslik". Die verskil tussen "belangrik" en "wenslik" is 3.09 persent en tussen "wenslik" en "onbelangrik" is 36.86 persent respektiewelik. Albei hierdie verskille is duidend en daarom plaas ons genoemde eienskap as kenmerkend van die onderwysprofessie en wel as "wenslik".

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat tabel XXXVIII op die volgende bladsy in soverre dit die graadindeling van die eienskappe vir die onderwysprofessie betref betroubaar is en wel op grond van:

(1) Die persentasiemeerderheid.
(11) Die groot persentasieverskille van die eienskappe tussen die verskillende grade.
(111) Die duidenheid van al die verskille hierbo genoem.

TABEL XXXVIII

Graadindeling van eienskappe ppe groep 1, 776

| BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | WENS-LIK | ONBE-LANGRIK | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| Hardwerkendheid | Inisiatief | Prak-tiese sin | - | 3 |
| Regverdigheidsin | Akkuraatheid | | | 2 |
| Sosiale Insig | Skranderheid | | | 2 |
| Selfbeheersing | Moed | | | 2 |
| Geduld | | | | 1 |
| Deursettings-vermoë | | | | 1 |
| Leierskap | | | | 1 |
| Eerlikheid | | | | 1 |
| Geloof | | | | 1 |
| 9 | 4 | 1 | - | 14 |

3 Bevindinge van ppe groep 2, aantal 24

(a) Algemeen.

Hierdie groep ppe, aantal 24, is die doserende leerkragte aan universiteite sowel as aan onderwyskolleges. Die aantal is slegs 24 en daarom gebruik ons die gegewens in hierdie geval verkry slegs as vergelykend en kontrolerend by groep 1. Tabel XXXIX op die volgende bladsy is 'n opsomming van die stand van die eienskappe en wel in volgorde soos dit op die vraelys verskyn.

Word die eienskappe in rangorde op grond van die persentasie met "baie belangrik" as grondslag gerangskik, is tabel XL op bladsy 142 die uitkoms.
Die drie eienskappe nl. selfbeheersing, sosiale insig en geduld behaal al drie 66.6 persent daarom is die grootste syfer onder nr. 1 onder "baie belangrik" hier gebruik as deurslaggewend vir die rangorde.

## TABEL XXXIX.

Stand van antwoorde vir 14 eienskappe volgens vraelys ppe groep 2, aantal 24.

| NR. | EIENSKAP | B.B. | | | | B. | | | | W. | | | | O. | | | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Nr. | Aan-tal | To-taal | % | Nr. | Aan-tal | To-taal | % | Nr. | Aan-tal | To-taal | % | Nr. | Aan-tal | To-taal | % | |
| 1 | Akkuraatheid | 1 2 3 | 5 2 2 | 9 | 37.5 | 1 2 3 | 6 1 3 | 10 | 41.6 | 1 2 3 | 3 1 1 | 5 | 20.83 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 1 2 3 | 5 3 6 | 14 | 58.3 | 1 2 3 | 7 1 2 | 10 | 41.6 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 3 | Eerlikheid | 1 2 3 | 6 1 4 | 11 | 45.83 | 1 2 3 | 7 2 1 | 10 | 41.6 | 1 2 3 | 2 1 0 | 3 | 12.5 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 4 | Geduld | 1 2 3 | 8 3 5 | 16 | 66.6 | 1 2 3 | 4 0 2 | 6 | 25 | 1 2 3 | 1 1 0 | 2 | 8.3 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 5 | Beloof | 1 2 3 | 7 1 2 | 10 | 41.6 | 1 2 3 | 6 1 1 | 8 | 33.3 | 1 2 3 | 5 0 1 | 6 | 25 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 6 | Hardwerkendheid | 1 2 3 | 8 5 6 | 19 | 79.17 | 1 2 3 | 5 0 0 | 5 | 20.83 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 7 | Inisiatief | 1 2 3 | 2 1 5 | 8 | 33.3 | 1 2 3 | 7 2 2 | 11 | 45.83 | 1 2 3 | 2 2 1 | 5 | 20.83 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 8 | Leierskap | 1 2 3 | 7 2 4 | 13 | 54.16 | 1 2 3 | 8 0 2 | 10 | 41.6 | 1 2 3 | 1 0 0 | 1 | 4.16 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 9 | Moed | 1 2 3 | 1 1 2 | 4 | 16.6 | 1 2 3 | 9 3 1 | 13 | 54.16 | 1 2 3 | 6 0 1 | 7 | 29.16 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 10 | Praktiese sin | 1 2 3 | 1 1 2 | 4 | 16.6 | 1 2 3 | 5 2 2 | 9 | 37.5 | 1 2 3 | 8 1 1 | 10 | 41.6 | 1 2 3 | 1 0 0 | 1 | 4.16 | 24 |
| 11 | Regverdigheidsin | 1 2 3 | 7 1 4 | 12 | 50 | 1 2 3 | 10 0 1 | 11 | 45.83 | 1 2 3 | 1 0 0 | 1 | 4.16 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 12 | Selfbeheersing | 1 2 3 | 10 3 3 | 16 | 66.6 | 1 2 3 | 6 0 1 | 7 | 29.16 | 1 2 3 | 1 0 0 | 1 | 4.16 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 13 | Skranderheid | 1 2 3 | 6 1 2 | 9 | 37.5 | 1 2 3 | 11 0 2 | 13 | 54.16 | 1 2 3 | 1 1 0 | 2 | 8.3 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |
| 14 | Sosiale Insig | 1 2 3 | 9 3 4 | 16 | 66.6 | 1 2 3 | 5 1 0 | 6 | 25 | 1 2 3 | 2 0 0 | 2 | 8.3 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 24 |

## TABEL XL.

Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag ppe groep 2

aantal 24

| NR. | EIENSKAP | R.O. | B.B. | | B. | | W. | | O. | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | |
| 6 | Hardwerkendheid | 1 | 19 | 79.17 | 5 | 20.83 | 0 | 0 | 0 | 0 | 24 |
| 12 | Selfbeheersing | 2 | 16 | 66.6 | 7 | 29.16 | 1 | 4.16 | 0 | 0 | 24 |
| 14 | Sosiale Insig | 3 | 16 | 66.6 | 6 | 25 | 2 | 8.3 | 0 | 0 | 24 |
| 4 | Geduld | 4 | 16 | 66.6 | 6 | 25 | 2 | 8.3 | 0 | 0 | 24 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 5 | 14 | 58.3 | 10 | 41.6 | 0 | 0 | 0 | 0 | 24 |
| 8 | Leierskap | 6 | 13 | 54.16 | 10 | 41.6 | 1 | 4.16 | 0 | 0 | 24 |
| 11 | Regverdigheidsin | 7 | 12 | 50 | 11 | 45.83 | 1 | 4.16 | 0 | 0 | 24 |
| 3 | Eerlikheid | 8 | 11 | 45.83 | 10 | 41.6 | 3 | 12.5 | 0 | 0 | 24 |
| 5 | Geloof | 9 | 10 | 41.6 | 8 | 33.3 | 6 | 25 | 0 | 0 | 24 |
| 1 | Akkuraatheid | 10 | 9 | 37.5 | 10 | 41.6 | 5 | 20.83 | 0 | 0 | 24 |
| 13 | Skranderheid | 11 | 9 | 37.5 | 13 | 54.16 | 2 | 8.3 | 0 | 0 | 24 |
| 7 | Inisiatief | 12 | 8 | 33.3 | 11 | 45.83 | 5 | 20.83 | 0 | 0 | 24 |
| 9 | Moed | 13 | 4 | 16.6 | 13 | 54.16 | 7 | 29.16 | 0 | 0 | 24 |
| 10 | Praktiese sin | 14 | 4 | 16.6 | 9 | 37.5 | 10 | 41.6 | 1 | 4.16 | 24 |
| | TOTAAL | | 161 | 47.92 | 129 | 38.39 | 45 | 13.39 | 1 | .29 | 336 |

Vergelyk ons tabel XL met tabel XXXVII vind ons dat in albei tabelle hardwerkendheid heel bo staan met 'n persentasie hoër as 70. Slegs regverdigheidsin toon 'n groot plekverskuiwing. Sosiale Insig en selfbeheersing ruil slegs plekke om boonop dien daarop gelet te word dat in tabel XXXVII die persentasie verskil slegs .77 en in tabel XL 0 is. Al die ander eienskappe inisiatief uitgesonderd toon 'n hoë ooreenkoms in rangorde. Hierdie groot ooreenkomste in die twee tabelle bring ons tot die gevolgtrekking dat tabel XL 'n bevestiging van tabel XXXVII is.

Word die eienskappe in tabel XL volgens persentasie meerderheid die verskillende grade ingedeel dan is tabel XLI die resultaat.

TABEL XLI

Graadindeling van eienskappe ppe groep 2, 24

| Baie belangrik | Belangrik | Wens-lik | Onbe-langrik | Totaal. |
|---|---|---|---|---|
| Hardwerkendheid | Akkuraatheid | Prak-tiese sin | - | 3 |
| Selfbeheersing | Skranderheid | | | 2 |
| Sosiale Insig | Inisiatief | | | 2 |
| Geduld | Moed | | | 2 |
| Deursettingsvermoë | | | | 1 |
| Leierskap | | | | 1 |
| Regverdigheidsin | | | | 1 |
| Eerlikheid | | | | 1 |
| Geloof | | | | 1 |
| 9 | 4 | 1 | - | 14 |

Vergelyk ons tabelle XLI en XXXVIII is daar geen verskille nie slegs ooreenkomste. Dit beteken vir ons dat die resultate van die ppe in groep 2 die gegewens verkry in geval van groep 1. bevestig.

## 4. Samevatting en uitkoms van resultate groepe 1 en 2.

Neem ons die bevindinge van die twee groepe ppe saam is die uitkoms tabel XLII op die volgende bladsy

## TABEL XLII

Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag ppe groep 1 en 2

| NR | EIENSKAP | R.O. | B.B. | | B. | | W. | | O. | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aantal | % | aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | |
| 6 | Hardwerkendheid | 1 | 568 | 71 | 229 | 28.63 | 3 | .37 | 0 | 0 | 800 |
| 11 | Regverdigheidsin | 2 | 540 | 67.5 | 231 | 28.85 | 29 | 3.65 | 0 | 0 | 800 |
| 14 | Sosiale Insig | 3 | 538 | 67.25 | 205 | 25.63 | 53 | 6.63 | 4 | .5 | 800 |
| 12 | Selfbeheersing | 4 | 530 | 66.25 | 202 | 25.25 | 65 | 8.13 | 3 | .37 | 800 |
| 4 | Geduld | 5 | 515 | 64.38 | 193 | 24.12 | 91 | 11.38 | 1 | .12 | 800 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 6 | 456 | 57 | 304 | 38 | 31 | 3.88 | 9 | 1.12 | 800 |
| 8 | Leierskap | 7 | 424 | 53 | 306 | 38.25 | 69 | 8.62 | 1 | .12 | 800 |
| 3 | Eerlikheid | 8 | 417 | 52.13 | 305 | 38.12 | 78 | 9.75 | 0 | 0 | 800 |
| 5 | Geloof | 9 | 346 | 43.25 | 251 | 31.37 | 195 | 24.38 | 8 | 1 | 800 |
| 7 | Inisiatief | 10 | 290 | 36.25 | 406 | 50.75 | 104 | 13 | 0 | 0 | 800 |
| 1 | Akkuraatheid | 11 | 277 | 34.63 | 410 | 51.25 | 113 | 14.12 | 0 | 0 | 800 |
| 13 | Skranderheid | 12 | 189 | 23.63 | 372 | 46.5 | 227 | 28.37 | 12 | 1.5 | 800 |
| 9 | Moed | 13 | 153 | 19.12 | 366 | 45.75 | 275 | 34.37 | 6 | .75 | 800 |
| 10 | Praktiese sin | 14 | 106 | 13.25 | 313 | 39.12 | 338 | 42.25 | 43 | 5.37 | 800 |
| | TOTAAL | | 5349 | 47.76 | 4093 | 36.54 | 1671 | 14.92 | 87 | .78 | 11200 |

Vergelyk ons tabelle XLII en XXXVII is daar geen verskil in die rangorde van die eienskappe onder "baie belangrik" nie. Die persentasies toon ook geen groot verskille nie. Die duidenheid vir die verskille in rangorde onder "baie belangrik" in albei tabelle lees soos onderstaande tabel.

TABEL XLIII

Duidenheid van rangorde verskille onder "baie belangrik"

| R.O. | EIENSKAP TABEL XXVII | EIENSKAP TABEL XLII |
|---|---|---|
| 1 | Hardwerkendheid | Hardwerkendheid |
| | + | + |
| 2 | Regverdigheidsin | Regverdigheidsin |
| | - | - |
| 3 | Sosiale Insig | Sosiale Insig |
| | - | - |
| 4 | Selfbeheersing | Selfbeheersing |
| | - | - |
| 5 | Geduld | Geduld |
| | + | + |
| 6 | Deursettingsvermoë | Deursettingsvermoë |
| | + | + |
| 7 | Leierskap | Leierskap |
| | + | + |
| 8 | Eerlikheid | Eerlikheid |
| | + | + |
| 9 | Geloof | Geloof |
| | + | + |
| 10 | Inisiatief | Inisiatief |
| | - | - |
| 11 | Akkuraatheid | Akkuraatheid |
| | + | + |
| 12 | Skranderheid | Skranderheid |
| | + | + |
| 13 | Moed | Moed |
| | + | + |
| 14 | Praktiese sin | Praktiese sin |

Rangskik ons nou die eienskappe onder die graadindelings in rangorde op grond van meerderheidspersentasie is die uitkoms tabel XLIV, op die volgende bladsy.

Op grond van tabel XLIV kom ons dus samevattend tot die gevolgtrekking dat daar wel spesifiek kenmerkende eienskappe vir die onderwysprofessie is en dat hierdie eienskappe wel onder die verskillende grade ingedeel kan word op grond van die meerderheidspersentasie en die duidenheid van die verskille. Die rangorde berus slegs op meerderheidspersentasie en hier is die verskille nie almal duidend nie. Daar is sekerheid dat hardwerkendheid wel as die eerste onder "baie belangrik" beskou kan word, dog vier eienskappe nl. regverdigheidsin, sosiale insig, selfbeheersing en geduld kon net sowel plekke omgeruil het.

TABEL XLIV.

Rangorde onder graadindeling met duidenheid, ppe groep 1 en 2, 800.

| BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | WENSLIK | ONBELANGRIK |
|---|---|---|---|
| Hardwerkendheid | Akkuraatheid | Praktiese sin | |
| + | – | | |
| Regverdigheidsin | Inisiatief | | |
| – | + | | |
| Sosiale Insig | Skranderheid | | |
| – | – | | |
| Selfbeheersing | Moed | | |
| – | | | |
| Geduld | | | |
| + | | | |
| Deursettingsvermoë | | | |
| + | | | |
| Leierskap | | | |
| + | | | |
| Eerlikheid | | | |
| + | | | |
| Geloof. | | | |

Dieselfde onsekerheid het ons ingeval van akkuraatheid en inisiatief sowel as skranderheid en moed. Daar kan dus 'n moontlike indeling van die eienskappe onder graad vir die onderwysprofessie met betroubaarheid gedoen word, maar die rangorde is nie betroubaar vir alle verskille nie en moet ons dus met tabel XLV as moontlike indeling van die eienskappe vir die onderwysprofessie volstaan.

TABEL XLV.

Moontlike indeling van eienskappe vir die onderwysprofessie volgens 800 ppe.

| BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | WENSLIK | ONBELANGRIK |
|---|---|---|---|
| Hardwerkendheid | Akkuraatheid | Praktiese sin | |
| Regverdigheidsin | Inisiatief | | |
| Sosiale Insig | Skranderheid | | |
| Selfbeheersing | Moed | | |
| Geduld | | | |
| Deursettingsvermoë | | | |
| Leierskap | | | |
| Eerlikheid, | | | |
| Geloof. | | | |

5 Eienskappe bygevoeg deur ppe self.

(a) Ppe groep 1

Onderstaande tabel gee die stand van eienskappe bygevoeg deur ppe in groep 1 en wel 40.

TABEL XLVI

Eienskappe bygevoeg deur ppe groep 1, aantal 40

| NR. | EIENSKAP | NR. | B.B. | | B. | | W. | | O. | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aantal | Totaal | Aantal | Totaal | Aantal | Totaal | Aantal | Totaal | |
| 15 | Liefde | 1<br>2<br>3 | 14<br>1<br>4 | 19 | 3<br>0<br>0 | 3 | - | 0 | - | 0 | 22 |
| 16 | Netheid | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>0 | 2 | 8<br>0<br>1 | 9 | - | 0 | - | 0 | 11 |
| 17 | Humor | 1<br>2<br>3 | 2<br>0<br>1 | 3 | 6<br>0<br>5 | 11 | 0<br>2<br>0 | 2 | - | 0 | 16 |
| 18 | Leergierigheid. | 1<br>2<br>3 | 2<br>0<br>0 | 2 | 2<br>0<br>0 | 2 | - | 0 | - | 0 | 4 |
| 19 | Idealisme | 1<br>2<br>3 | 4<br>0<br>0 | 4 | 0<br>0<br>1 | 1 | - | 0 | - | 0 | 5 |
| 20 | Simpatie | 1<br>2<br>3 | 1<br>1<br>0 | 2 | 1<br>1<br>1 | 3 | - | 0 | - | 0 | 5 |
| | TOTAAL | | | 32 | | 29 | | 2 | | 0 | 63 |

Liefde behaal 'n totaal van 19 onder "baie belangrik" en 3 ppe ag dit "belangrik". Hierdie eienskap behaal ook die hoogste groot totaal nl. 22.

Humor behaal 'n groot totaal van 16, netheid 11, idialisme en simpatie 5 elk respektiewelik en leergierigheid 4.

Hierdie lysie is vir ons belangrik in soverre dit toon waarin die vooropgestelde eienskappe te kort skiet en behoort in geval van 'n verdere ondersoek aandag te geniet.

(b) Ppe groep 2.

TABEL XLVII

Eienskappe bygevoeg deur ppe groep 2, aantal 8.

| NR. | EIENSKAP | NR. | B.B. | | B. | | W. | | O. | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aantal | Totaal | Aantal | Totaal | Aantal | Totaal | Aantal | Totaal |
| 15 | Liefde | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 2<br>1<br>0 | 3 | 1<br>0<br>0 | 1 | - | 0 |
| 16 | Netheid | 1<br>2<br>3 | 2<br>0<br>0 | 2 | 4<br>0<br>0 | 4 | - | 0 | - | 0 |
| 17 | Humor | 1<br>2<br>3 | 6<br>1<br>1 | 8 | 2<br>1<br>0 | 3 | - | 0 | - | 0 |
| 18 | Leergierigheid | 1<br>2<br>3 | 0<br>2<br>1 | 3 | 1<br>1<br>0 | 2 | - | 0 | - | 0 |
| | TOTAAL | | | 13 | | 12 | | 1 | | |

Dit is opvallend dat die ppe in groep 2 vier eienskappe wat wel deur ppe in groep 1 genoem is, ook byvoeg. Dit beklemtoon die waarde van hierdie eienskappe, die tekortkoming in die vraelys en die eienskappe wat weldig in latere ondersoek aandag behoort te geniet.

6 Meninge deur ppe self uitgespreek.

Geeneen van die ppe in groep 1 en 2 vir hierdie professie het enige voetnota aangebring of 'n brief bygevoeg nie. Dit wil dus voorkom asof daar geen spesifieke mening was wat beklemtoon kon word nie as slegs die eienskappe bygevoeg.

7. Samevatting.

Altesaam het 800 ppe aandag aan die vraelys bestee. Volgens die bevindinge van die ppe in groep 1 is dit duidelik dat daar wel kenmerkende eienskappe vir die onderwysprofessie is, en dat hierdie eienskappe in grade ingedeel kan word en op grond van die meerderheidspersentasie en die duidenheid van die verskille is die graadindeling wel betroubaar. Die bevindinge van ppe groep 2 is 'n sterk bevestiging van díe vir groep 1. As die resultate van albei groepe saamgevoeg word, lei die uitkoms tot die gevolgtrekking wat die van groep 1 bevestig nl. dat tabel XLV, 'n moontlike graadindeling van die eienskappe vir die onderwysprofessie wel as betroubaar beskou kan word, maar dat die rangorde onder die verskillende grade nie vir alle gevalle betroubaar is nie.

## E PREDIKANTE.

### 1 Inleidend.

| | |
|---|---|
| Aantal vraelyste uitgestuur | 800 |
| Aantal voltooide vraelyste terug ontvang | 642 |
| Persentasie voltooid terug ontvang | 80.25 |
| Aantal ppe groep 1 | 628 |
| Aantal ppe groep 2 | 14 |
| TOTAAL | 642 |

Die ppe in hierdie professie het baie goed gereageer wanneer ons vir ons doel die antwoorde van die predikante van die drie Hollandse kerke saamvat. Die persentasie antwoorde terug ontvang spreek vir hulself. Dit is die tweede hoogste persentasie vir al vyf die professies onder bespreking. Die hoë persentasie antwoorde is ook nog van betekenis omdat 800 'n rapsie meer as driekwart van al die predikante in bediening vir 1950 was. Dat die ppe die ondersoek in 'n ernstige lig beskou het, spreek uit etlike briewe wat aan die vraelyste geheg is en wat altesaam op 32 te staan kom, d.w.s. 4.98 persent; asook die groot aantal voetnotas aangebring op die vraelyste self. Die ppe is oor die stede sowel as die platteland verspreid.

### 2. Bevindinge van ppe vir groep 1.

Tabel XLVIII op die volgende bladsy is 'n weergawe van die algemene stand van die eienskappe soos dit op die vraelys verskyn.

#### Akkuraatheid.

Volgens tabel XLVIII is dit duidelik dat akkuraatheid met 'n meerderheidspersentasie onder "belangrik" val. Die verskil tussen "baie belangrik" en "belangrik" is 12.33 persent.

#### Deursettingsvermoë

Die meerderheid ppe plaas deursettingsvermoë onder "baie belangrik" en is die verskil tussen "baie belangrik" en "belangrik" 9.87 persent.

#### Eerlikheid.

Eerlikheid word met 'n persentasieverskil van 39.49 tussen "baie belangrik" en "belangrik" onder, "baie belangrik" geplaas.

#### Geduld.

Geduld word volgens meerderheidspersentasie onder "belangrik" geplaas.

TABEL XLVIII

Stand van antwoorde vir 14 eienskappe volgens vraelyste groep 1, aantal 628

| NR. | EIENSKAP | B.B. | | | | B. | | | | W. | | | | O. | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | |
| 1 | Akkuraatheid | 1<br>2<br>3 | 58<br>48<br>45 | 151 | 24.04 | 1<br>2<br>3 | 249<br>40<br>65 | 354 | 56.37 | 1<br>2<br>3 | 100<br>13<br>10 | 123 | 19.59 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 628 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 1<br>2<br>3 | 91<br>85<br>146 | 322 | 51.27 | 1<br>2<br>3 | 159<br>33<br>68 | 260 | 41.4 | 1<br>2<br>3 | 32<br>9<br>5 | 46 | 7.32 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 628 |
| 3 | Eerlikheid | 1<br>2<br>3 | 186<br>148<br>97 | 431 | 68.63 | 1<br>2<br>3 | 146<br>15<br>22 | 183 | 29.14 | 1<br>2<br>3 | 11<br>2<br>1 | 14 | 2.23 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 628 |
| 4 | Geduld | 1<br>2<br>3 | 71<br>37<br>135 | 243 | 38.69 | 1<br>2<br>3 | 240<br>37<br>58 | 335 | 53.34 | 1<br>2<br>3 | 45<br>1<br>4 | 50 | 7.96 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 628 |
| 5 | Geloof | 1<br>2<br>3 | 574<br>14<br>39 | 627 | 99.84 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | .16 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 628 |
| 6 | Hardwerkendheid | 1<br>2<br>3 | 108<br>79<br>179 | 366 | 58.28 | 1<br>2<br>3 | 177<br>35<br>23 | 235 | 37.42 | 1<br>2<br>3 | 16<br>3<br>8 | 27 | 4.3 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 628 |
| 7 | Inisiatief | 1<br>2<br>3 | 39<br>26<br>26 | 91 | 14.49 | 1<br>2<br>3 | 270<br>57<br>54 | 381 | 60.67 | 1<br>2<br>3 | 101<br>15<br>35 | 151 | 24.04 | 1<br>2<br>3 | 5<br>0<br>0 | 5 | .8 | 628 |
| 8 | Leierskap | 1<br>2<br>3 | 101<br>94<br>208 | 403 | 64.17 | 1<br>2<br>3 | 116<br>17<br>46 | 179 | 28.5 | 1<br>2<br>3 | 37<br>2<br>3 | 42 | 6.69 | 1<br>2<br>3 | 3<br>1<br>0 | 4 | .64 | 628 |
| 9 | Moed | 1<br>2<br>3 | 65<br>44<br>93 | 202 | 32.17 | 1<br>2<br>3 | 181<br>52<br>86 | 319 | 50.8 | 1<br>2<br>3 | 94<br>6<br>7 | 107 | 17.04 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 628 |
| 10 | Praktiese sin | 1<br>2<br>3 | 34<br>13<br>34 | 81 | 12.9 | 1<br>2<br>3 | 184<br>27<br>73 | 284 | 45.22 | 1<br>2<br>3 | 200<br>20<br>31 | 251 | 39.97 | 1<br>2<br>3 | 11<br>1<br>0 | 12 | 1.91 | 628 |
| 11 | Regverdigheidsin | 1<br>2<br>3 | 111<br>82<br>183 | 376 | 59.87 | 1<br>2<br>3 | 133<br>31<br>65 | 229 | 36.46 | 1<br>2<br>3 | 14<br>8<br>1 | 23 | 3.66 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 628 |
| 12 | Selfbeheersing | 1<br>2<br>3 | 142<br>77<br>189 | 408 | 64.97 | 1<br>2<br>3 | 130<br>30<br>46 | 206 | 32.8 | 1<br>2<br>3 | 9<br>1<br>3 | 13 | 2.07 | 1<br>2<br>3 | 1<br>0<br>0 | 1 | .16 | 628 |
| 13 | Skranderheid | 1<br>2<br>3 | 43<br>46<br>62 | 151 | 24.04 | 1<br>2<br>3 | 176<br>53<br>75 | 304 | 48.41 | 1<br>2<br>3 | 14<br>12<br>38 | 164 | 26.11 | 1<br>2<br>3 | 9<br>0<br>0 | 9 | 1.43 | 628 |
| 14 | Sosiale Insig. | 1<br>2<br>3 | 134<br>70<br>169 | 373 | 59.39 | 1<br>2<br>3 | 166<br>23<br>17 | 206 | 32.8 | 1<br>2<br>3 | 36<br>5<br>8 | 49 | 7.8 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 628 |

Geloof.

Geloof word met 'n baie hoë meerderheidspersentasie onder "baie belangrik" geplaas en word beklemtoon deur die aantal ppe wat dit onder nr. 1 afgemerk het.

Hardwerkendheid.

Hardwerkendheid val met 'n meerderheidspersentasie onder "baie belangrik".

Inisiatief.

Inisiatief word onder "belangrik" met 'n hoë meerderheidspersentasie geplaas, en word die belangrikheid beklemtoon deur die groot aantal ppe wat dit onder nr. 1 afgemerk het.

Leierskap.

Leierskap word onder "baie belangrik" geplaas met 'n hoë persentasie.

Moed.

Moed moet as "belangrik" geag word op grond van die meerderheidspersentasie en die nadruk wat op nr. 1 val.

Praktiese sin.

Praktiese sin toon 'n meerderheidspersentasie onder "belangrik" en word beklemtoon deurdat 'n groot aantal ppe, meer as die helfte, wat dit onder "belangrik" afgemerk het, dit onder nr. 1 geplaas het.

Regverdigheidsin.

Die meerderheidspersentasie val in hierdie geval onder "baie belangrik".

Selfbeheersing.

Selfbeheersing moet ook volgens meerderheidspersentasie as "baie belangrik" geag word.

Skranderheid.

Skranderheid word as "belangrik" beskou en weereens word dit beklemtoon deurdat meer as die helfte ppe wat dit onder hierdie graad afgemerk het, dit onder nr. 1 geplaas het.

Sosiale Insig.

Die meerderheid ppe beskou sosiale insig as "baie Belangrik".

(b) Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag.

Rangskik ons die eienskappe van die hoogste tot die laagste persentasie behaal onder "baie belangrik" is tabel XLIX op die volgende bladsy die uitkoms.

## TABEL XLIX.

Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag, ppe groep 1, aantal 628.

| NR. | EIENSKAP | R.O. | B.B. | | B. | | W. | | O. | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | |
| 5 | Geloof | 1 | 627 | 99.84 | 1 | .16 | 0 | 0 | 0 | 0 | 628 |
| 3 | Eerlikheid | 2 | 431 | 68.63 | 183 | 29.14 | 14 | 2.23 | 0 | 0 | 628 |
| 12 | Selfbeheersing | 3 | 408 | 64.97 | 206 | 32.8 | 13 | 2.07 | 1 | .16 | 628 |
| 8 | Leierskap | 4 | 403 | 64.17 | 179 | 28.5 | 42 | 6.69 | 4 | .64 | 628 |
| 11 | Regverdigheidsin | 5 | 376 | 59.87 | 229 | 36.46 | 23 | 3.66 | 0 | 0 | 628 |
| 14 | Sosiale Insig | 6 | 373 | 59.39 | 206 | 32.8 | 49 | 7.8 | 0 | 0 | 628 |
| 6 | Hardwerkendheid | 7 | 366 | 58.28 | 235 | 37.42 | 27 | 4.3 | 0 | 0 | 628 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 8 | 322 | 51.27 | 260 | 41.4 | 46 | 7.32 | 0 | 0 | 628 |
| 4 | Geduld | 9 | 243 | 38.69 | 335 | 53.34 | 50 | 7.96 | 0 | 0 | 628 |
| 9 | Moed | 10 | 202 | 32.17 | 319 | 50.8 | 107 | 17.04 | 0 | 0 | 628 |
| 1 | Akkuraatheid | 11 | 151 | 24.04 | 354 | 56.37 | 123 | 19.59 | 0 | 0 | 628 |
| 13 | Skranderheid | 12 | 151 | 24.04 | 304 | 48.41 | 164 | 26.11 | 9 | 1.43 | 628 |
| 7 | Inisiatief | 13 | 91 | 14.49 | 381 | 60.67 | 151 | 24.04 | 5 | .8 | 628 |
| 10 | Praktiese sin | 14 | 81 | 12.9 | 284 | 45.22 | 251 | 39.97 | 12 | 1.91 | 628 |
| | TOTAAL | | 4225 | 48.14 | 3476 | 39.51 | 1060 | 12.05 | 31 | .35 | 8792 |

Bestudeer ons tabel XLIX is dit opvallend dat geloof wat eerste staan 31.21 persent hoër as die eienskap wat daarop volg, nl. eerlikheid is. Vanaf eerlikheid vind ons 'n geleidelike daling tot by deursettingsvermoë agste in rang. Daarna is daar weer 'n sprong van 22.58 persent tussen deursettingsvermoë en geduld. Vanaf geloof tot en met deursettingsvermoë is die meerderheidspersentasie onder "baie belangrik", en is die persentasieverskille tussen "baie belangrik" en "belangrik" vir hierdie agt eienskappe in volgorde 98.68, 39.49, 32.17, 35.67, 23.41, 26.59, 20.86, 9.87 persent respektiewelik. Op grond van die hoë meerderheidspersentasies onder "baie belangrik", asook dat alle verskille tussen "baie belangrik" en "belangrik" duidend is, aanvaar ons dus op hierdie stadium dat die eienskappe geloof, eerlikheid, selfbeheersing, leierskap, regverdigheidsin, sosiale insig, hardwerkendheid en deursettingsvermoë as "baie belangrik" vir die professie, predikante, beskou moet word.

Die eienskappe met 'n meerderheidspersentasie onder "belangrik" is : geduld, moed, akkuraatheid, skranderheid inisiatief en praktiese sin. Vind ons die verskil in persentasies tussen "baie belangrik" en "belangrik" vir hierdie eienskappe is dit 14.65, 18.63, 32.33, 24.37, 46.18, 32.32 persent respektiewelik en is almal duidend. Die persentasie verskille tussen "belangrik" en "wenslik" vir hierdie eienskappe is 45.38, 33.76, 36.78, 22.30 36.63, 5.25 persent respektiewelik en almal is duidend. Op grond van die meerderheidspersentasie sowel as die duidenheid van die verskille tussen die grade, beskou ons die eienskappe : geduld, moed, akkuraatheid, skranderheid, inisiatief en praktiese sin as "belangrik" vir die professie van predikante.

Ons kan dus op grond van die meerderheidspersentasie onder die graad, die groot persentasieverskille tussen die grade vir elke eienskap asook die duidenheid van al die verskille tot die gevolgtrekking kom dat tabel L wel betroubaar is in soverre dit die graadindeling betref.

TABEL L

Graadindeling van eienskappe Ppe groep 1, 628

| BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | WENSLIK | ONBELANG-RIK | TO-TAAL |
|---|---|---|---|---|
| Geloof | Geduld | - | - | 2 |
| Eerlikheid | Moed | - | - | 2 |
| Selfbeheersing | Akkuraatheid | - | - | 2 |
| Leierskap | Skranderheid | - | - | 2 |
| Regverdigheidsin | Inisiatief | - | - | 2 |
| Sosiale Insig | Praktiese sin | - | - | 2 |
| Hardwerkendheid | - | - | - | 1 |
| Deursettingsver-moë | - | - | - | 1 |
| 8 | 6 | - | - | 14 |

### 3. Bevindinge van ppe groep 2, aantal 14.

#### (a) Algemeen.

Hierdie groep ppe, aantal 14, is die doserende leerkragte. Hulle is min nl. 14 en daarom gebruik ons die gegewens in hierdie geval verkry slegs as vergelykend en kontrolerend by groep 1 in die lig van die ooreenkomste en verskille. Tabel LI is 'n opsomming van die stand van die veertien eienskappe vir hierdie groep ppe.

TABEL LI.

Stand van antwoorde vir 14 eienskappe volgens vraelys ppe groep 2, aantal 14.

| NR | EIENSKAP | B.B. | | | | B. | | | | W. | | | | O. | | | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | |
| 1 | Akkuraatheid | 1 2 3 | 3 1 0 | 4 | 28.57 | 1 2 3 | 3 0 3 | 6 | 42.86 | 1 2 3 | 4 0 0 | 4 | 28.57 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 1 2 3 | 3 3 2 | 8 | 57.14 | 1 2 3 | 2 1 1 | 4 | 28.57 | 1 2 3 | 2 0 0 | 2 | 14.29 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 3 | Eerlikheid | 1 2 3 | 5 4 4 | 13 | 92.86 | 1 2 3 | 1 0 0 | 1 | 7.14 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 4 | Geduld | 1 2 3 | 2 0 2 | 4 | 28.57 | 1 2 3 | 4 4 2 | 10 | 71.43 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 5 | Geloof | 1 2 3 | 14 0 0 | 14 | 100 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 6 | Hardwerkendheid | 1 2 3 | 7 7 0 | 14 | 100 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 7 | Inisiatief | 1 2 3 | 2 1 1 | 4 | 28.57 | 1 2 3 | 3 3 2 | 8 | 57.14 | 1 2 3 | 2 0 0 | 2 | 14.29 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 8 | Leierskap | 1 2 3 | 2 3 3 | 8 | 57.14 | 1 2 3 | 1 2 1 | 4 | 28.57 | 1 2 3 | 1 0 1 | 2 | 14.29 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 9 | Moed | 1 2 3 | 1 0 0 | 1 | 7.14 | 1 2 3 | 4 2 4 | 10 | 71.43 | 1 2 3 | 3 0 0 | 3 | 21.5 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 10 | Praktiese sin | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 3 4 2 | 9 | 65 | 1 2 3 | 5 0 0 | 5 | 35 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 11 | Regverdigheidsin | 1 2 3 | 4 4 3 | 11 | 78.5 | 1 2 3 | 1 1 1 | 3 | 21.5 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 12 | Selfbeheersing | 1 2 3 | 3 4 4 | 11 | 78.5 | 1 2 3 | 1 1 1 | 3 | 21.5 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 13 | Skranderheid | 1 2 3 | 2 1 3 | 6 | 47.86 | 1 2 3 | 3 1 2 | 6 | 47.86 | 1 2 3 | 1 0 1 | 2 | 14.29 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |
| 14 | Sosiale Insig. | 1 2 3 | 4 0 5 | 9 | 65 | 1 2 3 | 3 1 1 | 5 | 35 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 1 2 3 | 0 0 0 | 0 | 0 | 14 |

Word die eienskappe in rangorde met "baie belangrik" as grondslag gerangskik, is tabel LII die uitkoms.

TABEL LII

Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag ppe groep 2, aantal 14.

| NR | EIENSKAP | R.O. | B.B. | | B. | | W. | | O. | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | |
| 5 | Geloof | 1 | 14 | 100 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 14 |
| 6 | Hardwerkendheid | 2 | 14 | 100 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 14 |
| 3 | Eerlikheid | 3 | 13 | 92.86 | 1 | 7.14 | 0 | 0 | 0 | 0 | 14 |
| 11 | Regverdigheidsin | 4 | 11 | 78.5 | 3 | 21.5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 14 |
| 12 | Selfbeheersing | 5 | 11 | 78.5 | 3 | 21.5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 14 |
| 14 | Sosiale Insig | 6 | 9 | 65 | 5 | 35 | 0 | 0 | 0 | 0 | 14 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 7 | 8 | 57.14 | 4 | 28.57 | 2 | 14.29 | 0 | 0 | 14 |
| 8 | Leierskap | 8 | 8 | 57.14 | 4 | 28.57 | 2 | 14.29 | 0 | 0 | 14 |
| 13 | Skranderheid | 9 | 6 | 47.86 | 6 | 47.86 | 2 | 14.29 | 0 | 0 | 14 |
| 1 | Akkuraatheid | 10 | 4 | 28.57 | 6 | 47.86 | 4 | 28.57 | 0 | 0 | 14 |
| 4 | Geduld | 11 | 4 | 28.57 | 10 | 71.43 | 0 | 0 | 0 | 0 | 14 |
| 7 | Inisiatief | 12 | 4 | 28.57 | 8 | 57.14 | 2 | 14.29 | 0 | 0 | 14 |
| 9 | Moed | 13 | 1 | 7.14 | 10 | 71.43 | 3 | 21.5 | 0 | 0 | 14 |
| 10 | Praktiese sin | 14 | 0 | 0 | 9 | 65 | 5 | 35 | 0 | 0 | 14. |
| | TOTAAL | | 107 | 54.59 | 69 | 35.2 | 20 | 10.2 | 0 | 0 | 196 |

Vergelyk ons tabel LII met tabel XLIX vind ons dat in albei tabelle geloof heel bo staan. Opvallend is dat in tabel LII hardwerkendheid tweede is en ook met 100 persent. 'n Moontlike verklaring hiervoor is o.i. in die eerste plek die geringe aantal ppe en in die tweede plek dat ons hier met doserende leerkragte te doen het, en dat hulle die studente as hulle arbeidsmateriaal hulle moontlik laat beïnvloed het in die sin, dat die hardwerkende student wel bo uitkom. Eerlikheid bly goed konstant so ook regverdigheidsin, selfbeheersing, sosiale insig en deursettingsvermoë, dog leierskap skuif heelwat laer af in tabel LII en toon ook 'n laer persentasie. Die enigste moontlike verklaring hiervoor is o.i. die geringe aantal ppe. Die ooreenkomste is egter groter as die verskille. Omtrent die ander eienskappe is dit skranderheid wat eweveel onder "baie belangrik" en "belangrik" behaal, verder is die ooreenkomste belangriker as die verskille.

Maak ons 'n graadindeling op grond van meerderheidspersentasies is LIII die resultaat.

TABEL LIII

Graadindeling van eienskappe ppe groep 2, 14.

| BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | WENSLIK | ONBE-LANGRIK | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|
| Geloof | Akkuraatheid | - | - | 2 |
| Hardwerkendheid | Geduld | - | - | 2 |
| Eerlikheid | Inisiatief | - | - | 2 |
| Regverdigheidsin | Moed | - | - | 2 |
| Selfbeheersing | Praktiese sin | - | - | 2 |
| Sosiale Insig | - | - | - | 1 |
| Deursettingsver-moë | Skranderheid | - | - | 2 |
| Leierskap | - | - | - | 1 |
| 8 | 6 | - | - | 14 |

As ons tabelle LIII en L vergelyk stem die eienskappe onder die grade ooreen met uitsondering van skranderheid wat in geval van LIII met eweveel onder "baie belangrik" as "belangrik" tel; terwyl dit in tabel L onder "belangrik" pas. Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat tabel LIII tabel L bevestig.

4 Samevatting en uitkoms van resultate groepe 1 en 2.

As ons die uitslae vir albei groepe ppe bymekaar gooi, is die stand soos in tabel LIV op die volgende bladsy weergegee.

Vergelyk ons tabel LIV met tabel XLIX vind ons dat daar in rangorde onder "baie belangrik" 'n verskil is nl. dat skranderheid en akkuraatheid plekke omruil met slegs twee punte verskil, maar verder bly die posisies van die eienskappe dieselfde. Die persentasies onder die graad "baie belangrik" toon dieselfde verskynsels in albei tabelle nl. die groot sprong tussen die eerste en die tweede eienskap, daarna volg geleidelik verskille tot en met deursettingsvermoë waarna ons weer 'n groot sprong kry,

## TABEL LIV.

Rangorde van eienskappe met "baie belangrik" as grondslag ppe groep 1 en 2.

| NR | EIENSKAP | R.O. | B.B. Aan-tal | B.B. % | B. Aan-tal | B. % | W. Aan-tal | W. % | O. Aan-tal | O. % | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | Geloof | 1 | 641 | 99.84 | 1 | .16 | 0 | 0 | 0 | 0 | 642 |
| 3 | Eerlikheid | 2 | 444 | 69.16 | 184 | 28.66 | 14 | 2.18 | 0 | 0 | 642 |
| 12 | Selfbeheersing | 3 | 419 | 65.26 | 209 | 32.55 | 13 | 2.02 | 1 | .16 | 642 |
| 8 | Leierskap | 4 | 411 | 64.02 | 183 | 28.5 | 44 | 6.85 | 4 | .62 | 642 |
| 11 | Regverdigheidsin | 5 | 387 | 60.26 | 232 | 36.14 | 23 | 3.58 | 0 | 0 | 642 |
| 14 | Sosiale Insig | 6 | 382 | 59.5 | 211 | 32.71 | 49 | 7.63 | 0 | 0 | 642 |
| 6 | Hardwerkendheid | 7 | 380 | 59.18 | 235 | 36.76 | 27 | 4.2 | 0 | 0 | 642 |
| 2 | Deursettingsvermoë | 8 | 330 | 51.4 | 264 | 41.12 | 48 | 7.48 | 0 | 0 | 642 |
| 4 | Geduld | 9 | 247 | 38.46 | 345 | 53.74 | 50 | 7.79 | 0 | 0 | 642 |
| 9 | Moed | 10 | 203 | 31.62 | 329 | 51.25 | 110 | 17.2 | 0 | 0 | 642 |
| 13 | Skranderheid | 11 | 157 | 24.46 | 310 | 48.3 | 166 | 25.39 | 9 | 1.4 | 642 |
| 1 | Akkuraatheid | 12 | 155 | 24.14 | 360 | 55.92 | 127 | 19.78 | 0 | 0 | 642 |
| 7 | Inisiatief | 13 | 95 | 14.79 | 389 | 60.59 | 153 | 23.83 | 5 | .78 | 642 |
| 10 | Praktiese sin | 14 | 81 | 12.62 | 293 | 45.64 | 256 | 39.87 | 12 | 1.87 | 642 |
| | TOTAAL | | 4332 | 48.85 | 3545 | 39.44 | 1050 | 11.9 | 31 | .34 | 8988 |

en die meerderheidspersentasie nou ook onder belangrik val.

Die duidenheid vir die verskille in rangorde van die eienskappe onder "baie belangrik" word in tabel LV weergegee.

TABEL LV.

Duidenheid van onderlinge verskille.

| NR | EIENSKAP TABEL XLIX | EIENSKAP TABEL LIV |
|---|---|---|
| 1 | Geloof | Geloof |
| | + | + |
| 2 | Eerlikheid | Eerlikheid |
| | + | + |
| 3 | Selfbeheersing | Selfbeheersing |
| | - | - |
| 4 | Leierskap | Leierskap |
| | + | + |
| 5 | Regverdigheidsin | Regverdigheidsin |
| | - | - |
| 6 | Sosiale Insig | Sosiale Insig |
| | - | - |
| 7 | Hardwerkendheid | Hardwerkendheid |
| | + | + |
| 8 | Deursettingsvermoë | Deursettingsvermoë |
| | + | + |
| 9 | Geduld | Geduld |
| | + | + |
| 10 | Moed | Moed |
| | + | + |
| 11 | Skranderheid | Skranderheid |
| | - | - |
| 12 | Akkuraatheid | Akkuraatheid |
| | + | + |
| 13 | Inisiatief | Inisiatief |
| | + | + |
| 14 | Praktiese sin | Praktiese sin. |

Maak ons 'n graadindeling op grond van meerderheidspersentasie en dui terselfde tyd die rangorde onder elke graad aan asook die duidenheid van die verskille dan is tabel LVI op die volgende bladsy die uitkoms.

Daar is geen verskil tussen tabelle XLIX en LIV wat die graadindeling betref nie. Alle verskille tussen die grade bly duidend. Daar is egter nie altyd positiewe duidenheid vir die verskille in rangorde nie. So is daar geen duidenheid tussen leierskap en selfbeheersing nie, tussen regverdigheidsin en sosiale insig, sosiale insig en hardwerkendheid onder "baie belangrik" nie. Daar is slegs een verskil positief duidend onder "belangrik" nl. tussen inisiatief en akkuraatheid.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat tabel LVII betroubaar is in soverre dit die graadindeling betref, dog slegs gedeeltelik vir die rangorde. Tabel LVII op die volgende bladsy is dus 'n moontlike indeling van die eienskappe spesifiek kenmerkend as "baie belangrik" en "belangrik" vir die professie predikante. Dit kan

TABEL LVI

Rangorde onder graadindeling met duidenheid, ppe groep 1 en 2, 642

| BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | WENSLIK | ONBELANG-RIK | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|
| Geloof | Inisiatief | – | – | 2 |
| + | + | | | |
| Eerlikheid | Akkuraatheid | – | – | 2 |
| + | – | | | |
| Selfbeheersing | Geduld | – | – | 2 |
| – | – | | | |
| Leierskap | Moed | – | – | 2 |
| + | – | | | |
| Regverdigheidsin | Skranderheid | – | – | 2 |
| – | – | | | |
| Sosiale Insig | Praktiese sin | – | – | 2 |
| – | | | | |
| Hardwerkendheid | – | – | – | 1 |
| + | | | | |
| Deursettingsvermoë | – | – | – | 1 |
| 8 | 6 | 0 | 0 | 14 |

dus as 'n leidraad-maatstaf geld wat die verskil in graadindeling betref. Die rangorde onder grade berus hoofsaaklik op persentasiemeerderheid en sal dus slegs 'n aanduiding kan wees.

TABEL LVII

Moontlike indeling van eienskappe vir die predikante 642 ppe.

| BAIE BELANGRIK | BELANGRIK | WENS-LIK | ONBELANG-RIK | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|
| Geloof | Inisiatief | – | – | 2 |
| Eerlikheid | Akkuraatheid | – | – | 2 |
| Selfbeheersing | Geduld | – | – | 2 |
| Leierskap | Moed | – | – | 2 |
| Regverdigheid-sin | Skranderheid | – | – | 2 |
| Sosiale Insig | Praktiese sin | – | – | 2 |
| Hardwerkendheid | – | – | – | 1 |
| Deursettingsver-moë | – | – | – | 1 |
| 8 | 6 | – | – | 14 |

5. Eienskappe bygevoeg deur ppe self.

(a) Ppe groep 1.

Daar het nie minder as 24 ppe gebruik gemaak van die geleentheid om eienskappe by te voeg nie, en 8 eienskappe is bygevoeg.

As daar op die nadruk onder nr. 1 onder "baie belangrik" gelet word in tabel LVIII is dit duidelik dat by verdere studie hierdie tabel se eienskappe en veral vergewensgesindheid en nederigheid aandag behoort te geniet.

## TABEL LVIII

Eienskappe bygevoeg deur ppe groep 1, aantal 24.

| NR | EIENSKAP | B.B. | | | | B. | | | | W. | | | | O. | | | | TOTAAL. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | Nr. | Aantal | Totaal | % | |
| 15 | Liefde | 1<br>2<br>3 | 5<br>2<br>2 | 9 | 37.5 | 1<br>2<br>3 | 3<br>0<br>0 | 3 | 12.5 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 12 |
| 16 | Nederigheid | 1<br>2<br>3 | 16<br>2<br>2 | 20 | 83.3 | 1<br>2<br>3 | 0<br>2<br>0 | 2 | 8.3 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 22 |
| 17 | Ongeergdheid (nie liggeraak nie) | 1<br>2<br>3 | 2<br>3<br>1 | 6 | 25 | 1<br>2<br>3 | 10<br>0<br>0 | 10 | 41.6 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 16 |
| 18 | Onselfsugtigheid | 1<br>2<br>3 | 3<br>3<br>2 | 8 | 33.3 | 1<br>2<br>3 | 4<br>2<br>1 | 7 | 29.3 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 15 |
| 19 | Organisasie talent | 1<br>2<br>3 | 2<br>4<br>4 | 10 | 41.6 | 1<br>2<br>3 | 6<br>1<br>0 | 7 | 29.3 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 17 |
| 20 | Studiëus | 1<br>2<br>3 | 2<br>1<br>3 | 6 | 25 | 1<br>2<br>3 | 7<br>2<br>1 | 10 | 41.6 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 16 |
| 21 | Vergewensgesindheid | 1<br>2<br>3 | 15<br>6<br>3 | 24 | 100 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 24 |
| 22 | Vriendelikheid | 1<br>2<br>3 | 10<br>3<br>1 | 14 | 58.3 | 1<br>2<br>3 | 6<br>0<br>0 | 6 | 25 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 1<br>2<br>3 | 0<br>0<br>0 | 0 | 0 | 20 |

(b) Ppe groep 2.

Daar het 4 ppe gebruik gemaak van die geleentheid om eienskappe by te voeg en wel almal onder "baie belangrik" nr. 1. Vergelyk hier tabel LIX.

TABEL LIX.

Eienskappe bygevoeg ppe groep 2, 4

| Nr. | EIENSKAP | B.B. AANTAL. |
|---|---|---|
| 15 | Liefde | 3 |
| 16 | Mederigheid | 4 |
| 17 | Onselfsugtigheid | 3 |
| 18 | Vergewensgesindheid | 3 |

Dit is opvallend dat al vier bogenoemde eienskappe ook deur ppe in groep 1 genoem is.

6 Meninge deur ppe self uitgespreek.

Onderstaande meninge is of uit begeleidende briewe of van voetnotas geneem.

"Dit is beslis nie slegs 'n interessante ondersoek nie maar ook baie belangrik, alhoewel dit soms kopkrap gekos het om te besluit watter eienskap nou nog nie baie belangrik is nie."

"Voorwaar nie 'n maklike taak opgedra nie!"

"Dit is uiters moeilik om te besluit of 'n trek nou as baie belangrik nr. 1 of 3 afgemerk behoort te word."

"'n Uiters moeilike taak".

"Wanneer dit om mense gaan is al veertien trekke baie belangrik en kan heelwat nog bygevoeg word."

"'n Moeilike taak om te onderskei."

"Ek het baie hard probeer om volgens my beskeie mening aan die taak te voldoen, maar het dit baie moeilik gevind".

"Interessant, dog moeilik".

Nie minder as twaalf ppe het die mening omtrent in dieselfde woorde uitgespreek dat dit 'n belangrike ondersoek is, maar dat die afmerk van die eienskappe nogal hoofbrekens besorg het.

Tien het letterlik dieselfde opmerking gemaak nl. "Uiters moeilik!"

"U het nie juis 'n maklike taak vir my gestel nie,

en ek het selfs slapelose nagte gehad oor wanneer 'n trek nou eintlik "baie belangrik" nr. 1 of nr. 2 behoort te wees."

"Dit is moeiliker as wat dit lyk".

"Baie interessant maar moeilik, ek sou baie graag die eindresultaat wou sien."

7. Samevatting.

Die ppe vir bogenoemde professie het besonder goed gereageer en die erns is te bespeur in die begeleidende briewe en voetnotas. Uit die bevindinge van ppe groep 1 is dit baie duidelik dat daar wel spesifiek kenmerkende eienskappe onder die grade "baie belangrik", belangrik ens. vir die professie ingedeel kan word. Hierdie indeling is ook betroubaar omdat die verskille almal duidend is en die groep ppe so groot. Die bevindinge van ppe groep 2 bevestig die van groep 1 en daar is baie meer ooreenkomste as verskille.

Daar is gevind dat daar nie minder as agt eienskappe as "baie belangrik" beskou word en die res nl. ses is "belangrik". Hieruit wil ons aflei dat daar in genoemde professie meer "baie belangrike" eienskappe is as andersom.

deurslaggewende faktore is. Hiermee wil ons nie die werk van Bingham as nie steekhoudend omver gooi nie, maar wil slegs die oog open vir die invloed van karaktereienskappe op die suksesvolle uitoefening van 'n professie. Verder verskil ons van mening met genoemde outeur waar hy beweer dat daar geen bepaalde persoonlikheidseise is wat essensieel verbonde aan die suksesvolle aanpassing by 'n spesifieke professie is nie, aangesien ons gegewens duidelik die graadsterkte van die aanwesigheid van karaktereienskap, asook die aanwesigheid van die eienskap beklemtoon. Ons ondersoek benadruk eerlikheid as karaktereienskap, onontbeerlik in geval van suksesvolle beoefening van die rekenmeestersprofessie.

Verder verskil ons ook van Prak na wie ook in hoofstuk II verwys is. Volgems Prak is die enigste suksesvolle maatstaf intellektuele bekwaamheid. Ons bevindinge weerlê weereens o.i. hierdie veralgemening en kan ons nie anders as om die invloed van karaktereienskappe en meer bepaald die groepering van die eienskappe en die graadsterkte waarin die eienskap aanwesig is, te erken nie.

Volgens ons beskeie mening kan onderstaande samevattende tabel LXXI op die volgende bladsy as moontlike leidraad dien ter bepaling van suksesvolle beoefening van die professies.

TABEL LXXI

**Moontlike Eienskappe in graadsterkte, na bepaling van Baie Belangrik as standaard, vir 5 professies.**

| PROFESSIE | JURISTE | | MEDICI | | REKENMEESTERS | | ONDERWYSERS | | PREDIKANTE | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| EIENSKAPPE | | | | | | | | | | |
| GRAADSTERKTE | | % | | % | | % | | % | | % |
| | Eerlikheid | 85 | Sosiale Insig | 78 | Eerlikheid | 92 | Hardwerkendheid | 71 | Geloof | 100 |
| | Skranderheid | 71 | Skranderheid | 77 | Akkuraatheid | 83 | Regverdigheidsin | 68 | Eerlikheid | 69 |
| | Regverdigheid-sin | 67 | Hardwerkendheid | 76 | Skranderheid | 70 | Sosiale Insig | 67 | Selfbeheersing | 65 |
| | Akkuraatheid | 62 | Praktiese sin | 57 | Hardwerkendheid | 57 | Selfbeheersing | 66 | Leierskap | 64 |
| | Hardwerkendheid | 55 | Eerlikheid | 54 | Praktiese sin | 41 | Geduld | 64 | Regverdigheidsin | 60 |
| | Praktiese sin | 49 | Deursettingsver-moë | 41 | Inisiatief | 37 | Deursettingsver-moë | 57 | Sosiale Insig | 59 |
| | Sosiale Insig | 42 | Regverdigheidsin | 38 | Regverdigheidsin | 36 | Leierskap | 53 | Hardwerkendheid | 59 |
| | Inisiatief | 30 | Selfbeheersing | 35 | Deursettingsver-moë | 29 | Eerlikheid | 52 | Deursettingsver-moë | 51 |
| | Selfbeheersing | 26 | Akkuraatheid | 33 | Sosiale Insig | 25 | Geloof | 43 | Geduld | 38 |
| | Deursettingsver-moë | 23 | Geduld | 31 | Leierskap | 21 | Inisiatief | 36 | Moed | 32 |
| | Moed | 14 | Inisiatief | 22 | Moed | 13 | Akkuraatheid | 35 | Skranderheid | 24 |
| | Leierskap | 13 | Geloof | 20 | Selfbeheersing | 7 | Skranderheid | 24 | Akkuraatheid | 24 |
| | Geloof | 13 | Moed | 8 | Geduld | 5 | Moed | 19 | Inisiatief | 15 |
| | Geduld | 11 | Leierskap | 8 | Geloof | 3 | Praktiese sin | 13 | Praktiese sin | 13 |

# H O O F S T U K VI

## OPVOEDKUNDIGE INPLIKASIES

### 1 Algemeen

Met die besprekings van die professies is onder elkeen afsonderlik 'n paragraaf aan die meninge van ppe afgestaan, en heelwat ppe het dit pertinent onder die aandag gebring dat (a) al veertien eienskappe "baie belangrik" vir al vyf professies is, en (b) dit uiters moeilik val om te besluit of 'n eienskap as "baie belangrik" of as "belangrik" afgemerk moet word, omdat al die eienskappe as "baie belangrik" vir die besondere professie geag word. Die mening nl. dat 'n goed geïntegreerde persoonlikheid en karakter 'n vereiste is vir die suksesvolle uitoefening van die beroep in die algemeen en die professies in besonder, word vry algemeen gebesig deur leek sowel as opvoedkundige. Daar word in opvoedkundige werke nadruk gelê op die rol wat persoonlikheid en karakter in die suksesvolle uitoefening van die beroep speel. M.a.w. die meninge deur die ppe uitgespreek, is die algemeen aanvaarde, dog tot hiertoe nog nie proefondervindelik bewys nie. Die vraag is nou in hoeverre bevestig die bevindinge van hierdie studie bogenoemde mening.

In die eerste plek het ons die uitgesproke meninge van die ppe self. Hierdie meninge dra gewig omdat dit gegee is sonder dat daarom versoek is, en daarom wil ons aanneem dat dit voortspruit uit 'n diepgevoelde oortuiging. Uit die totale aantal ppe vir al vyf professies, nl. 2979, het 107 d.i. 3.59 persent die gedagte beklemtoon. In die tweede plek vind ons dat die groot totaal onder die grade "Wenslik" en "Onbelangrik" baie klein is. Uit 'n totaal van 41,706 vir al vyf professies beskou 16.42 persent al die eienskappe as "Wenslik" en .3 persent dit as "Onbelangrik". Dit beteken dat byna 83 persent al die eienskappe as "Baie belangrik" of "Belangrik" beskou. Derdens bevestig tabel LXXII op die volgende bladsy dat etlike eienskappe minder as 1 persent onder "Wenslik" toon, en slegs "geloof" hoër

as 1 persent onder "Onbelangrik" is.

TABEL LXXII

Stand van al 14 eienskappe vir al 5 professies met grondslag: "Wenslik" en "Onbelangrik".

| EIENSKAP | WENSLIK | | ONBELANGRIK | |
|---|---|---|---|---|
| | AANTAL | % | AANTAL | % |
| Akkuraatheid | 320 | .76 | 5 | .01 |
| Deursettingsvermoë | 285 | .67 | 9 | .02 |
| Eerlikheid | 147 | .35 | 4 | .009 |
| Geduld | 692 | 1.66 | 16 | .038 |
| Geloof | 723 | 1.73 | 692 | 1. 66 |
| Hardwerkendheid | 82 | .19 | 5 | .01 |
| Inisiatief | 592 | 1.42 | 21 | .05 |
| Leierskap | 612 | 1.03 | 96 | .23 |
| Moed | 894 | 2.14 | 155 | .37 |
| Praktiese sin | 807 | 1.94 | 165 | .39 |
| Regverdigheidsin | 346 | .83 | 17 | .04 |
| Selfbeheersing | 442 | 1.06 | 58 | .14 |
| Skranderheid | 469 | 1.15 | 21 | .05 |
| Sosiale Insig | 391 | .94 | 6 | .014 |

Bogenoemde bevindinge bevestig dus die mening dat al veertien eienskappe ten minste as "belangrik" vir al vyf professies beskou moet word. Veralgemeen beteken dit dat genoemde vyf professies 'n goed geïntegreerde karakter met sterk ontwikkelde eienskappe vereis. Aangesien die professies, soos reeds in hoofstuk I daarop gewys, besonder onbestendig is, kan ons o.i. met reg verder veralgemeen, en aanvaar dat die professies 'n goed geïntegreerde persoonlikheid en karakter vereis. Dit beteken dat die uitslag van hierdie studie begenoemde mening positief bevestig, en dit bring ons tot 'n verdere stap waar ons bevindinge ook bewys dat twee eienskappe nl. eerlikheid en hardwerkendheid baie sterk deur al vyf professies beklemtoon word. Dit bring ons tot die vraag: wat beteken die bevindinge vir die opvoeding en onderwys in die algemeen en vir die beroepsleiding in besonder? 'n Vraag wat ons nie met al sy implikasies kan beantwoord sonder verdere studie nie, maar waar ons tog sal trag om een of ander aan te stip in die hierop volgende paragrawe.

## 2 Die Betekenis vir die opvoeding in die algemeen.

### (a) Die doel van die Opvoeding en Onderwys.

Die doel van die opvoeding en onderwys is die totstandbrenging van 'n volwaardige mens. Wat sluit dit nou alles in? Hieroor is daar al boekdele geskryf, en ons gaan dit nie probeer afhandel nie, maar wil slegs 'n onderafdeling aanraak, nl. dat die mens nie volwaardig is of kan wees nie as hy hom nie volkome kan in-en aanpas in die samelewing en aan die vereistes daardeur aan hom gestel, kàn voldoen nie. Ons beperk ons verder baie kortliks tot o.i. die belangrikste vereiste, nl. die suksesvolle beroepsaanpassing. Een van die belangrikste onmiddelike doelstellings moet dus wees voorbereiding ter aanpassing by die beroep, en hiermee word nie bloot verkryging van kennis bedoel nie, dog veel meer. Die bevindinge van hierdie studie is dat 'n belangrike vereiste vir die suksesvolle beroepsaanpassing 'n goed geïntegreerde karakter is. Dit beteken o.i. verder dat bo en behalwe dat die vae einddoel van die opvoeding en onderwys 'n goed geïntegreerde persoonlikheid en karakter beoog, die daaglikse onmiddellike doelstelling doelbewustelik karakteropvoeding moet wees. Al die hulpmiddels wat in diens van die opvoeding ter bereiking van die einddoel gestel word, moet opsetlik en bewustelik karaktervormend wees, en veral die middelbare skool waar die algemene voorvorming tot die professies geskied, behoort die onmiddelike doelstelling nie slegs die algemene karakterontwikkeling wat al die eienskappe insluit te wees nie, maar moet ook spesifiek daarop gemik wees om veral twee eienskappe, nl. "eerlikheid" en "hardwerkendheid", te beklemtoon. Die belangrikheid van voorafgaande gedagte, nl. dat dit die taak van die opvoeding en onderwys is om karaktervorming as onmiddelike doelstelling te hê, word verder benadruk deur die feit dat karaktereienskappe in hulle veelheid in karakter as die eenheid verwerf word. M.a.w. karakter word verwerf en dit is die taak van die opvoeding en die onderwys om doelbewus alle middelle ter verwerwing daarvan te gebruik. Ons wil hier afsluit met die vraag : Is karaktervorming 'n belangrike aspek in die ontwikkeling van 'n lewens - en wêreldbeskouing, 'n einddoel in ons opvoeding en onderwys?

(b) Hulpmiddels.

(i) Leerstof.

Die leerstof moet aanpas by die doel van die opvoeding en onderwys in die algemeen. In besonder vorm die leerstof in die middelbare skool die agtergrond vir die beroepskeuse, en het die vakkeuse alreeds 'n bepalende en beperkende invloed op die toekomstige professie. So b.v. vereis sommige professies Latyn of Wiskunde as vak. Die uitkoms van die studie beklemtoon karakterontwikkeling met die oog op suksesvolle beoefening van die professie, en daarom is dit noodsaaklik dat met die samestelling van die leerplan die sedelike vorming, en vir die christelike beskouing die religieuse, net so sterk die aandag moet geniet as die sekulêre. Die sekulêre mag dus nie oorbeklemtoon word of los staan van die religieuse nie, want juis in die saambinding van die sekulêre en die religieuse lê die karaktervormende waarde. In hierdie saambinding het ons verkryging van kennis gepaardgaande met karakterontwikkeling. Vind ons hierdie saambinding daagliks in die praktiese onderrig?.

By die leerstof wil ons vir ons doel ook die buitemuurse aktiwiteite en veral sport in al sy vertakkinge insluit, omdat dit so 'n belangrike rol speel. Word hier nie gulde geleentheid vir karakterontwikkeling gebied nie? Kry ons hier die saambinding hierbo genoem? Veral die buitemuurse aktiwiteite bied die gulde geleentheid om die twee belangrike en sterkbeklemtoonde eienskappe, nl. eerlikheid en hardwerkendheid baie sterk te bevorder. Die leerstof moet dus eerstens nie net gesien word as 'n middel ter verkryging van kennis nie, maar moet die sedelike vir ons samevattend die religieuse, en die sekulêre saambindend streef na karaktervorming in verkryging van kennis.

(ii) Metode

Of die metode nou analities of senteties, induktief of deduktief, aktief of passief is, moet dit nie net die verkryging van kennis beoog nie, maar ook karaktervormend wees. Juis die metode waarop kennis verkry word, kan bepaalde karaktereienskappe bv. hardwerkendheid, inisiatief, leierskap, akkuraatheid ens. versterk. Daarom moet die karaktervormende aspek van die metode nooit buite

rekening gelaat word nie, eerder doelbewuste aandag geniet.

(iii) Tug

Tug beteken kort saamgevat die behou van die regte pad, of wanneer daar afgedwaal is die terugbring daarheen. Tug is dus karaktervormend. Die vraag is dus of ons dissipline, veral op die primêre skool, gehoorsaamheid aan gesag, stiptelikheid, eerlikheid en hardwerkendheid ontwikkel. Lei die skoolse tug reeds in 'n mate tot selftug? Hoeveel aandag geniet selftug in die middelbare skool? Selftug is tog 'n belangrike aspek in karaktervorming, en in hoeverre laat ons die nadruk daarop val? Die bevindinge van hierdie studie wil ook hier die soeklig rig. Sonder selftug kan geen sterk ontwikkelde karaktereienskappe verkry word nie, sonder selftug het ons geen goed geïntegreerde persoonlikheid en karakter nie.

(iv) Die Opvoeder.

'n Ander baie belangrike aspek van die opvoeding en onderwys in die algemeen waarop die bevindinge van die studie die aandag vestig, is die opvoeder en met name die onderwyser(es). Die onderwyser is belangriker as enige metode. Sy voorbeeld vorm die karakter in die opvoeding. Het hy selfbeheersing, eerlikheid, hardwerkendheid, lojaliteit en al die ander deugde, dan kweek die leerling dit ook aan. En hierdie hoë taak van die onderwyser moet steeds besef word, indien hy vrugbaar wil bydra tot die voorbereiding vir die professies.

(v) Die opvoedeling.

Dit is veral in die middelbare skool waar die opvoedeling hom besonder goed leen tot karaktervorming. Ons het hier te doen met die grootwordende, die ontwakende in alle opsigte, met iemand wat sterk klem lê op reg en verkeerd, goed of sleg, iemand wat vry wil wees, dog terselfder tyd gesag en tug erken. Ons het te doen met die jeugdige vir wie die voorbeeld bo alles strek. Die jeugdige eis in werklikheid karaktervorming, en ook die professies eis dit, daarom is die taak van die opvoeder in hierdie verband voor die hand liggend.

(vi) Skool.

Om die kind se karakter heg en stewig te bou, moet die skool 'n belydenis huldig wat in ooreenstemming is met die waardevolle dinge van die lewe. Onder alle omstandighede in die klaskamer en daarbuite, in alle verbande waarin die skool verkeer, moet vir die christen die eties-religieuse voorop gestel word indien die leerling doeltreffend voorberei moet word vir die professies volgens die eienskappe wat deur hierdie ondersoek as belangrik vir hulle aangetoon is.

(c) Samevatting.

Samevattend is dit duidelik dat hierdie studie die algemene mening, nl. dat 'n goed geïntegreerde karakter noodsaaklik is vir die suksesvolle beoefening van die professies en die beroep in die algemeen, bevestig. Dit stel dan ook die doel van die opvoeding en onderwys asook al die hulpmiddels onder die soeklig. Veral in die middelbare skool moet karaktervorming baie aandag geniet. Belangrike eise word in hierdie opsig aan die leerstof, die metode, die tug, die opvoeder, die skool en die organisasie daarvan gestel.

3 Implikasies in verband met Beroepsvoorligting.

(a) Algemeen.

In die vorige paragrawe het ons daarop gelet dat hierdie studie die algemene karaktervorming beklemtoon, en veral in hierdie verband van betekenis vir die opvoeding en onderwys in die algemeen is. Die vraag is dan nou watter waarde dit het vir die besondere en moderne benadering van beroepsvoorligting in die skool.

In die vorige hoofstuk het ons tot die gevolgtrekking gekom dat nieteenstaande die ooreenkomste tussen die karaktereienskappe vereis deur die vyf professies daar baie belangrike verskille is tussen bogenoemde eienskappe en dat hierdie verskille vir ons van positiewe betekenis is. Dit is juis in hierdie verskille, nl. die groepering van die eienskappe, die rangorde van die eienskappe onder die verskillende grade, die persentasies behaal en die duidendheid van die persentasieverskille waarin die

spesifiek kenmerkendheid van die eienskappe vir 'n bepaalde professie gesoek moet word. Dit was verder duidelik dat daar 'n positiewe duidendheidsverskil vir die eienskappe tussen die vier grade is, m.a.w. daar is wel "Baie belangrike", "Belangrike", "Wenslike" en "Onbelangrike" eienskappe vir elke professie en hierdie indeling toon 'n hoë betroubaarheid. Daar is verder op gewys dat die nadruk nie hier op die aan - of afwesigheid van 'n eienskap val nie, maar op die graadsterkte waarin die eienskap aanwesig is, en dat die spesifiek kenmerkendheid van 'n eienskap vir 'n bepaalde professie gesoek moet word in hierdie graadsterkte. 'n Illustrerende voorbeeld in hierdie verband is die eienskap, eerlikheid. Eerlikheid is vir al vyf professies onder "Baie belangrik" afgemerk; maar daar is 'n groot verskil in die graadsterkte van eerlikheid vereis vir die onderwysprofessie aan die een kant, en die graadsterkte vereis vir die rekenmeestersprofessie aan die ander kant. Dieselfde geld vir die eienskap, hardwerkendheid. Dit was ook baie duidelik dat hoewel daar soms gemeenskaplike eienskappe onder dieselfde graad is, die hele groep nie gemeenskaplik is nie. M.a.w. in die groepe eienskappe vir twee professies mag daar ooreenstemmende eienskappe wees, maar die verskil lê in die bykomende eienskappe ingeval van een professie. Dit beteken dat die verskil in die groepering van die eienskappe ons tot die gevolgtrekking laat kom dat die spesifiek kenmerkendheid van die eienskappe vir 'n bepaalde professie ook in die groepering daarvan lê. So bv. is daar vier ooreenstemmende eienskappe onder "Baie belangrik" ingeval van twee professies, nl. die regsprofessie in die rekenmeestersprofessie, maar die verskil lê daarin dat die regsprofessie meer eienskappe onder "Baie belangrik" vereis as die rekenmeestersprofessie en daarom moet daar ook nadruk op die groepering gelê word. Verder het die rangorde van 'n eienskap onder 'n bepaalde graad in die algemeen ook betekenis vir die spesifiek kenmerkendheid van daardie eienskap vir die bepaalde professie wanneer ons twee of meer van die professies vergelyk. Eerlikheid kan weer as voorbeeld geneem word. Dit is as "Baie belangrik" vir al vyf professies gereken; maar daar is 'n groot verskil in rangorde tussen die rekenmeestersprofessie aan die een kant en die onderwysprofessie aan die ander kant. Daar is dus rigtinggewende spesifiek kenmerkende eienskappe vir 'n bepaalde professie en wel

soos in tabel LXXI weergegee. Die vraag is nou wat is die implikasies van hierdie bevindinge in verband met beroepsvoorligting?.

(b) Beroepsvoorligting.

Daar is verskeie definisies en omskrywings van beroepsvoorligting. Daar kan tussen 'n vooroorlogse en 'n na-oorlogse omskrywing onderskei word [1]. In die ouer, die vooroorlogse omskrywings, het die nadruk op die advies, die raad wat gegee is, geval. Dit was die taak van die beroepsvoorligter om jeugdige of ander soeker volgens eie mening met raad te bedien. Hy sou aanraai wat die beste sou wees om te doen. Die meer resente beskouinge beklemtoon die eie, die selfkeuse met insig. Die nadruk val hier op die jeugdige wat self moet kies. Dit is die taak van die beroepsvoorligter om hom deur selfkennis, beroepskennis, beroepsvereistes en ander moontlike hulpmiddels sover te bring dat daar 'n persoonlike keuse gedoen word. Baie kort wil ons beroepsvoorligting omskryf as die poging, d.w.s. die kennis, die metodes en ondersoeke, wat aangewend word om die persoon, en die jeugdige in besonder, te lei tot self - en beroepsinsig, om uiteindelik as 'n volwaardige mens in die volste sin van die woord by die beroep te kan in - en aanpas sodat hy 'n indiwiduele, 'n sosiale en 'n beroepsbate sal wees. Om hierdie doelwit te bereik, is daar verskillende aspekte wat in aanmerking geneem moet word. Dit val egter nie in die bestek van hierdie studie om al die aspekte te behandel nie, en daarom noem ons, sonder enige breedvoerige uiteensetting, net 'n paar aspekte waarop o.i. die bevindinge van hierdie studie betrekking het.

(i) Algemene aanpassing.

Daar is reeds gewys op die mening wat veral deur die Geesteshigiëne voorgestaan word, nl. dat iemand met 'n goed geïntegreerde karakter en persoonlikheid hom by enige beroep met welslae kan in - en aanpas. In hoeverre word bogenoemde mening deur die bevindinge van hierdie studie gesterk?

---

1) Groenewald, A.J., 'n Handleiding in Beroepsvoorligting, bls 8 - Die skeiding hier tussen voor - en na-oorlogse is die tweede wêreldoorlog-

Die bevindinge het in die eerste plek die noodsaaklikheid van 'n goed geïntegreerde karakter vir suksesvolle beoefening van die professies benadruk, en daarom kan ons aflei dat die bevindinge, bogenoemde mening gedeeltelik bevestig. Dit benadruk "gedeeltelik" omdat die bevindinge ook bewys dat 'n goed geïntegreerde karakter nie aanspraak op 'n onbeperkte suksesvolle in - en aanpassing kan maak nie, want uit die bevindinge is dit duidelik dat daar ook spesifiek kenmerkende eienskappe vir bepaalde professies is. M.a.w. daar is ook gedifferensieerde aanpassing in geval van die behandelde vyf professies. Dit is ook 'n aanduiding dat 'n soortgelyke bevinding by nadere ondersoek in geval van ander professies opgelewer mag word. Volgens die bevindinge is daar dus in die eerste plek algemene karakteraanpassing, maar gepaardgaande met spesifiek kenmerkende eienskappe waar die nadruk op die graadsterkte van die aanwesigheid val. Sou hierdie bevindinge veralgemeen kan word? Na aanleiding van bogenoemde gevolgtrekking behoort tabel LXXI 'n positiewe hulpmiddel net diagnostiese waarde vir die beroepsvoorligting te wees.

(ii) Beroepskeuse.

Wanneer beroepskeuse ter sprake kom, word die rol wat persoonlikheid en karakter speel steeds bygebring,[1] hoewel daardie rol in al sy aspekte nog nie wetenskaplik en proefondervindelik vasgestel is nie. Hierdie ondersoek het gedeeltelik aandag aan hierdie rol gegee, en wel aan een aspek daarvan, nl. karakter en meer bepaald karaktereienskappe in verband met vyf professies. Die gevolgtrekking waartoe die bevindinge ons laat kom het, was dat algemene karakterontwikkeling, asook spesifiek kenmerkende karaktereienskappe, 'n baie belangrike rol in die suksesvolle beoefening van die professies speel. Die vraag is nou : Watter betekenis het die bevindinge vir die beroepskeuse as sodanig?

---

1) Vergelyk in hierdie verband Groenewald A.J., 'n Handleiding in Beroepsvoorligting, blse. 20, 45, 52, 62, 75, 79, 93, 96 e.d.m. waar telkens in hierdie verband na ander werke ook verwys word.

(iii) Beroepskeuse - die Jeugdige.

Soos in hoofstuk I aangetoon, is daar etlike beïnvloedingsfaktore wat by beroepskeuse in aanmerking geneem moet word. En een van hierdie faktore is die karakter van die aspirant vir 'n bepaalde beroep. Dit wil sê hy moet homself ontleed en vasstel of hy wel oor die eienskappe beskik wat in aanvraag is by daardie beroep, en wat sy moontlikhede is om hulle te verwerf of te ontwikkel. Om so 'n selfanalise waar te neem, is feitlik bo die vuurmaakplek van die jeugdige self weens sy onrypheid en weens die delikaatheid van die aard van die saak. Selfs volwassenes kan moeilik so 'n oordeel oor homself vel. Hier moet die hulp van die wetenskaplike meting ingeroep word sodat andere by die jeugdige kan vasstel:(a) tot watter mate hy oor die gevraagde eienskappe beskik, en (b) hoedanig hy aangelê is om daardie eienskappe aan te kweek. Hierdie ondersoek het slegs aangetoon wat daardie eienskappe moet wees, en met ons huidige kennis kan ons nie verder gaan as die gebruik van algemene objektiewe waarneming van die kant van die opvoeder waarvolgens hy dan leiding aan die leerling kan gee.

(iv) Beroepsopvoeding.

Waar die beroep reeds gekies is, en daar beroepsopvoeding gegee word, kan kennis van hierdie bevindinge wat die professies betref insiggewend wees. Hieruit kan afgelei word watter eienskappe vir watter professie sterk beklemtoon moet word in die opvoedingsproses. Op watter wyse die opvoedeling in daardie verband opgevoed moet en kan word, val buite die bestek van hierdie ondersoek.

(v) Wanaanpassing.

'n Ernstige probleem waarmee daar in al die vorms en aspekte van die beroepslewe gekamp word, is wanaanpassing. Wanneer daar wanaanpassing is, gaan daar veel vir die indiwidu, die gemeenskap en die beroep self verlore. Ook in verband met die vraagstuk van heropvoeding in die beroep het hierdie

ondersoek tot 'n mate 'n antwoord gegee. Die oorsaak van die wanaanpassing mag in die karakter van die beoefenaar van die beroep geleë wees deurdat juis daardie eienskappe wat noodsaaklik vir die sukses-volle beoefening van die beroep is, by hom ontbreek. Met die bevindinge van hierdie ondersoek kan vasgestel word of dit die geval is, en terapeutiese werk kan toegepas word.

(vi) Samevatting.

Samevattend vind ons dat die uitkoms van hierdie studie waardevol vir die beroepsvoorligter kan wees. Dit voorsien in 'n belangrike behoefte wat die vyf professies betref, aangesien dit hier die karakter-aspek waarna gesoek moet word proefondervindelik probeer vasstel het. Die selfkennis en die beroeps-kennis kan in hierdie geval daaraan getoets word. Die studie beklemtoon karakterontwikkeling en aangesien karakter verwerf word, word beroepsopvoeding wat die karakteraspek betref, hier bevorder. Dit is ook 'n hulpmiddel in die voorkoming van wanaanpassing, en bied terapeutiese moontlikhede.

# Ondersoek na Persoonlikheids- en Karaktereienskappe i.v.m. die Hoër Lewensberoepe

Oral en veral op die gebied van onderwys word die behoefte gevoel aan meer wetenskaplike kennis omtrent die persoonliksheidseienskkappe en karaktertrekke wat by bepaalde beroepe aanpas. In besonder het die hoër lewensberoepe—wat die studie met betrekking tot persoonlikheid en karakter betref—feitlik nog geen aandag hier te lande of in die buiteland geniet nie. En dit is juis in geval van voorligting i.v.m. die hoër lewensberoepe dat die behoefte aan wetenskaplike kennis omtrent die moontlike en waarskynlike persoonlikheidseienskappe en karaktertrekke gevoel word. Om hierdie rede het die ondergetekende die bostaande probleem vir navorsing gekies met die oog op die verwerwing van die doktorsgraad. Ons poog om die saak streng wetenskaplik te benader, en daarvoor is uitgebreide ondersoekingswerk noodsaaklik. Vir gegewens i.v.m. hierdie studie het ons die hulp van ervare persone in die bepaalde beroepe nodig. Omdat ons oortuig daarvan is dat u hulp van onskatbare waarde is, wend ons ons tot u in die vertroue dat u hiervoor te vind sal wees. Ons is daarvan bewus dat u tyd oorbelas is, maar wat ons van u verlang sal werklik nie veel inbreek op u besette tyd maak nie. Ons wil u slegs lastig val om onderstaande vorm vir ons in te vul. Dit sal werklik nie lank neem nie. Sal u asseblief help?

Hieronder volg 'n alfabeties opgestelde lys persoonlikheidseienskappe waaraan etlikes vir die beoefening van u beroep onontbeerlik is. Dan is daar weer ander wat minder belangrik is, nog ander wat slegs wenslik is, en tenslotte ook wel wat onbelangrik is. Die versoek is nou dat u vir ons 'n indeling volgens onderstaande voorbeeld op die vorm self maak.

Hier volg die voorbeeld:—

| *EIENSKAP* | *Baie Belangrik* | *Belangrik* | *Wenslik* | *Onbelangrik* |
|---|---|---|---|---|
| **DEURSETTINGSVERMOË** (sluit hierby in uithoudingsvermoë) | x (2) | | | |
| **MOED** | | | x | |
| **REGVERDIGHEIDSIN** (sluit hierby in betroubaarheid) | x (1) | | | |
| **SKATTINGSVERMOË** | | x | | |
| **EERLIKHEID** | x (3) | | | |

Uit bostaande voorbeeld moet u aflei dat vir 'n bepaalde beroep daar drie eienskappe is wat *baie belangrik* is vir sukses in daardie beroep, een wat ook wel *belangrik* is, en een wat slegs

# Enquiry into Personality and Character Traits in connection with the Higher Professions

In every walk of life, and especially in the sphere of education, is the need felt for more scientific knowledge about the personality and character traits which apply to specific professions. Practically no attention has as yet been paid, either in this country or in countries overseas to the study of personality and character, especially as far as the higher professions are concerned. This need for scientific knowledge regarding the possible and probable traits of character and personality, is particularly felt in the case of vocational guidance in connection with the higher professions. For this reason the undersigned has chosen the abovementioned problem for research purposes, with a view to obtaining the Doctor's degree. We are endeavouring to approach the matter from a purely scientific standpoint and for that purpose extensive research work is necessary. For particulars in this connection we need the help and co-operation of experienced persons in the various professions. As we are convinced of the fact that you are able to render invaluable assistance in this matter, may we ask you to give us a few moments of your very limited time, and to fill in the form below? Your co-operation will be very highly appreciated.

Below is a list of traits, alphabetically arranged, several of which are essential for your profession. There are some which are less important, others which are merely desirable and finally those which are unimportant. May we ask you to mark them on the form, according to the example given below?

*EXAMPLE:*—

| *TRAIT* | *Most Important* | *Important* | *Desirable* | *Unimportant* |
|---|---|---|---|---|
| **PERSEVERANCE** (including endurance) | x (2) | | | |
| **COURAGE** | | | x | |
| **SENSE OF JUSTICE** (including reliablity) | x (1) | | | |
| **SENSE OF ESTIMATE** | | x | | |
| **HONESTY** | x (3) | | | |

From the above example we must conclude that for success in a specific profession three traits are most important, one is important, while one is merely desirable. The three which are

*wensllik* is. Maar die drie wat baie belangrik is, is nie ewe baie belangrik nie, maar wel in die volgorde wat die syfertjies met die kringetjie aandui: 1) Regverdigheidsin, 2) Deursittingsvermoë 3) Eerlikheid.

Vul nou asseblief die vorm onderaan na voorbeeld van bostaande in. U moet in gedagte hou dat een of meer eienskappe *ewe baie belangrik* kan wees. In so 'n geval plaas u dieselfde syfers na daardie betrokke kruisies. Enige aantal van die eienskappe kan baie belangrik, belangrik, wenslik, onbelangrik wees. Bostaande is slegs 'n beperkte voorbeeld. Bestudeer onderstaande lys en **ENIGE VERDERE BELANGRIKE EIENSKAPPE I.V.M. U BEROEP KAN U HIERONDER NA DIE OOP SYFERS INVUL.**

| *Nr.* | *EIENSKAP* | *Baie Belangrik* | *Belangrik* | *Wenslik* | *Onbelangrik* |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | **AKKURAATHEID** (sluit hierby in punktueelhied) | | | | |
| 2. | **DEURSETTINGSVERMOë** (sluit hierby in uithoudingsvermoë) | | | | |
| 3. | **EERLIKHEID** | | | | |
| 4. | **GEDULD** | | | | |
| 5. | **GELOOF** (Godsdienstig) | | | | |
| 6. | **HARDWERKENDHEID** (sluit hierby in belangstelling in werk en konsensieusheid) | | | | |
| 7. | **INISIATIEF** (sluit hierby in vindingrykhied) | | | | |
| 8. | **LEIERSKAP** (sluit hierby in verantwoordelikheidsgevoel en samewerking met andere) | | | | |
| 9. | **MOED** | | | | |
| 10. | **PRAKTIESE SIN** | | | | |
| 11. | **REGVERDIGHEIDSIN** (sluit hierby in betroubaarheid). | | | | |
| 12. | **SELFBEHEERSING** | | | | |
| 13. | **SKRANDERHEID** (sluit in verstandigheid en oordeelkundigheid) | | | | |
| 14. | **SOSIALE INSIG** (sluit hierby in om mense te hanteer, takt en beleefdheid) | | | | |
| 15. | | | | | |
| 16. | | | | | |
| 17. | | | | | |
| 18. | | | | | |
| 19. | | | | | |
| 20. | | | | | |
| 21. | | | | | |

SKEUR ASSEBLIEF DIE VORM WAT U VOLTOOI HET AF EN STUUR DIT IN MEEGAANDE GEADRESSEERDE KOEVERT AAN:—

Mej. C. Calitz,
Hoër Huishoudskool,
Potchefstroom.

Dankie

most important, differ however, in the degree of importance and the order of merit is denoted thus thus:— 1) Sense of justice. 2) Perseverance. 3) Honesty.

Please be so kind as to fill in the form below according to the example given overleaf, bearing in mind that more traits than one may be equally very important, in which case the same figures may be placed against the crosses concerned. Any number of traits may be *most important*, *important*, *desirable*, and *unimportant*. The above is merely given as an example.

**PLEASE ADD ANY OTHER IMPORTANT TRAITS WHICH YOU CONSIDER NECESSARY FOR YOUR PROFESSION.**

| *No.* | *TRAIT* | *Most Important* | *Important* | *Desirable* | *Unimportant* |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | **ACCURACY** (including punctuality) | | | | |
| 2. | **PERSEVERANCE** (including endurance) | | | | |
| 3. | **HONESTY** | | | | |
| 4. | **PATIENCE** | | | | |
| 5. | **FAITH** (Religious) | | | | |
| 6. | **DILIGENCE** (including interest in work and conscientiousness) | | | | |
| 7. | **INITIATIVE** (including resourcefulness) | | | | |
| 8. | **LEADERSHIP** (including sense of responsibility and ability to co-operate) | | | | |
| 9. | **COURAGE** | | | | |
| 10. | **PRACTICAL ABILITY** | | | | |
| 11. | **SENSE OF JUSTICE** (including reliability) | | | | |
| 12. | **SELFCONTROL** | | | | |
| 13. | **INTELLIGENCE** (including sensible and able to judge) | | | | |
| 14. | **SOCIAL INSIGHT** (including ability to manage people, tact and courtesy) | | | | |
| 15. | | | | | |
| 16. | | | | | |
| 17. | | | | | |
| 18. | | | | | |
| 19. | | | | | |
| 20. | | | | | |
| 21. | | | | | |

PLEASE DETACH THE FORM YOU HAVE COMPLETED AND RETURN IN THE ENCLOSED ADDRESSED ENVELOPE TO:—

Miss C. Calitz,
Housecraft Highschool,
Potchefstroom.

Thank You

Potchefstroom Herald—814

## BIBLIOGRAFIE


Adler, G., Technik der Individualpsychologie, Berth, München, 1928.

Adler, G., Praxis and Theorie der Indiwidualpsychologie, Berth, München, 1930.

Barschak, Erna, Die Idee der Berufsbildung und Ihre Einwirkung auf Berufserziehung im Gewerbe, Quelle Meyer, Leipzig, 1929.

Bavinck, H., De Opvoeding der Rijpere Jeugd, J.H. Kok, Kampen, 1916.

Bigot, Kohnstamm en Palland, Leerboek der Psychologie, Wolters Groningen, 1933.

Bingham, W., Aptitudes and Testing, Harper Brothers, New York, revised edition, 1942.

Blackford, K.M.W., Reading Character at Sight, Independent Corporation, New York, 1918.

Blackford, K.M.W. and A. Newcomb, The Job, the man, the Boss, Doublesley Co., New York, 1925.

Brooks, F.D. The Psychology of Adolescence, Houghton Mifflin, Boston, 1929.

Büchner, R., The Clinical Application of Rohrschach Test, Second edition, Greene and Stratton, New York, 1945.

Burton, O.R., a Textbook of Physiology, W.B. Saunders Co., New York, 1920.

Child, C.M., Physiological foundations of behavior, Henry Holt and Co., New York, 1924.

Coetzee, J. Chris. Psigo Analise deel I en II, J.L. van Schaik, Pretoria, 1928, 1929.

Coetzee, J. Chris, Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 2de druk, Universiteit Uitgewers en Boekhandelaars, Stellenbosch, 1948.

Daskill, J.F., Fundamentals of Objective Psychology, Houghton Miffin, Boston, 1928.

Davis, J.B., Vocational and Moral Guidance, Quinn and Co., Boston 1914.

Esser, P.H. Karakterkennis en Neurosenleer deel II J.H. Kok, N.V. Kampen 1952.

Ewald, G., Temperament und Charakter, Springer, Berlin, 1924.

Edwards, A.L., Statistical Analysis for Students in Psychology and Education, Rinehart and Co., New York, 1946

Findlay, J.J., Foundations of Education, University of London press, London, 1928.

Freud, S., Vorlesungen zur Einführung in die Psigoanalise, Wien, Leipzig, 1918.

Freud, S., Das Ich und das Es, Wien, Leipzig, 1923.

Freud. S., Jenseits des Lustprinzips, Wien, Leipzig 1923.

Freyer D., The Measurement of Interests, Henry Holt and Co., New York, 1931.

Garrett, H.E., and Sneck, M.R., Psychologinal Tests, Mothods and Results, Harper and Brothers, New York, 1933

Gates, A.I., Psychology for Students of education, The Macmillan Co., New York, 1931.

Gilliland, A.R., Genetic Psychology, Ronald Press Co., New York, 1933.

Gray, J.S. Psychological Foundations of Education, American Book Co., New York, 1935.

Greene, E.B. Measurements of Human Behavior, The Odyssey Press, New York, 1941.

Groenewald, A.J. Handleiding en Beroepsvoorligting, Impala Universiteits Uitgewersdiens, Johannesburg, 1952

Guiliford, J.P., Fundamental Statistics in Psychology and Education, McGraw - Hill, Book Co., New York, 1942.
Häberlin, Der Charakter, Bazil Verlag, Bazil, 1925.
Heymans, G., Speciale Psychologie, Deel I en II, F. Bohm, Haarlem de Erven, 1929.
Hoffman, W., Die Reifezeit, von Quelle und Meyer, Leipzig, 1930.
Hoffman, W., Das Problem des Charakter Aufbaus, Springer,Berlin, 1926.
Hoffman, W., Charakter und Umwelt, Springer, Berlin, 1929.
Homburger, F., Vorlesungen über Psychopatologie des Kindesalters, Springer, Berlin, 1926.
Hugo, T.J., Karaktertiepes van kinders en hulle behandeling, J.B. Wolters, Groningen, den Haag, 1918.
Jaensch, E.R., Eidetic Imagery, Trubner and Co., Ltd., London, 1930.
Jung, C.G., Die Beziehungen zwischen dem Ich und dem Unbewussten, Hirzel, Zürich, 1934.
Jung, C.G., Das Unbewusste im normalen und kranken Seelenleben, Hirzel, Zürich, 1926.
Jung, C.G., Psychologische Typen, Hirzel Zürich, 1922

Katz, D., and Allport, F.H., The Craftsman, Syrocuse Press, New York, 1931.
Keller, F.J. Principles of Vocational Adjustment, J.B., Lippencott Co., New York, 1925.

Kerschensteiner, G., Charakterbegriff und Charaktererziehung, Quelle und Meyer, Leipzig, 1929.
Keyter, J de W., Opvoeding en Onderwys, Nasionale pers, Bloemfontein, 1936.
Kitson, H.D., The Psychology of Vocational Adjustment J.B. Lippencott Co., New York, 1925.
Klages F., Die Grundlagen der Charakterkunde, S. Hirzel Zürich, 9de druk, 1948.
Klopfer B., and Kelley, D., The Rhohrschach Technique, Yonkers-on-Hudson, New York, 1946.
Kluckhahn C., and Murray H.A., Personality in Nature, Society and Culture, second edition, Blackwells, Oxford, 1953.
Koffka, K., Principles of Gestalt Psychology, Lund Humphries, 3rd impression, London,1950.
Köhler, W., Gestalt Psychology, G. Bell and Sons Ltd., London, 1930.
Kohnstamm, P.L., Persoonlijkheid in Wording, H.D. Tjunk Willinck en Zoon, Haarlem, 1929.
Kohnstamm, P.L., Modern Psychologische opvattingen omtrent Godsdienst en Religie - Een kritisch overzicht, N.V. Boekhandel W. ten Have, Amsterdam, 1931.
Kretschmer, E., Korperbau und Charakter, Springer, Berlin, 1931.
Kroh, O., Entwicklungspsychologie des Grundschulkindes, Beyer und Söhne, Langeszala, 1935.
Langeveld, M.J., Inleiding tot de studie der Paedagogische Psychologie, J.B. Wolters Uitgewersmaatschappij, Groningen, 1937.
Lausche, C.H.(jr), Principles of Personel Testing, Mc-Craw-Hill Book Co., New York, 1948.
Lersch P, Anfbau der Person, J.A. Berth, München, 1951
Lombroso, C., Crime, Its causes und Remedies, Little Brown and Co., New York, 1911.
Mace, C.A. and Vernon C.E. Current trends in British Psychology, Methuen and Co. Ltd., London, 1953.
Mc Dougall, W., An Introduction to Social Psychology, Methuen and Co. Ltd., London 1945.
Mc Dougall, W., An Outline of Psychology, Methuen and Co. Ltd., London, 1933.

Mc Numm, Q., Psychological statistics, John Wiley and Sons, New York, 1949.
Morf, Gustav, Praktische Charakterkunde, Bühler und Werder, Bern, 1945.
Morrison, H.C., Basic Principles in Education, Houghton Mifflin, Boston, 1934.
Müller, F.R., vertaal deur Ronge, R.H., De voornaamste Richtingen in de Hedendaagsche Psychologie, Erven J. Beÿleveld, Utrecht 1949.
Myers, G.E., The Problem of Vocotional Guidance, The Macmillan Co., New York, 1927.
Nel, B.F., Die Fantasie van Blanke en Naturelle skoolgaande kinders, N,V. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1935.
Nel, B.F., Die Psychologie van die Onderwys, N.V. Swets en Zeitlinger, Amsterdam, 1947.
Prak, J.L., School, Beroep en Aanleg, J.B. Wolters, Groningen, 1932.
Rapaport, D., Diagnostic Psychological Testing, Volume I and II, The yearbook Publishers Inc., Chicago, 1946.
Reih, W., vertaling deur Wolfe, T.P., Character Analysis, Lowe and Brydone Printers Ltd., London, 1950.
Rhodes, E.C., Elementary Statistical Methods Lund Humphries, London, 1948.
Roback, A.A., The Psychology of character Kegon Paul, T. Trubner and Co., Ltd., London 1931.
Rombouts, J.M., Persoonlijkheid, J. Ploegma, Zeist, 1927
Sacks, H., Psychologie und Berufsberatung, Langenscher, Langeszala, 1924.
Salmon, A., Sosiale Diagnose, Springer, Berlin, 1926.
Schilfgarde, P., Gestalt Psychologie, Wolfgang Köhler, Erven J. Beÿleveld, Utrecht, 1951.
Scheidman, E.S., Thematic Test Analysis, Greene and Stratton, New York, 1951.
Schwezinger, G.S., Heredity and Environment, the Macmillan Co., New York, 1933.
Sheldon, W.H., The Varieties of Human Physique, an introduction to constitutional psychology, The Macmillan Co., New York, 1931.
Sheldon, W.H., The Varieties of Temperament, A psychology of constitutional Differences, Macmillan Co., New York, 1931.
Smith, M., An Introduction to Industrial psychology, Cassel and Co., Ltd., London, 1948.
Spranger, E., Lebensformen, Halle, Leipzig, 1925.
Spranger, E., Psychologie des Jugend Alters, Quelle und Meyer, Leipzig, 1925.
Strong, R., Councelling Technics in College and Secondary School, Harper Brothers, New York, 1949.
Starling, E.H., Principles of Human Physiology, Churchill London, 1920.
Symonds, P.M., Diagnosing Personality and Conduct, D. Appleton Century Co., New York, 1931.
Szondi, L. Experimetale Triebdiagnostik, Franke, Bern, 1947.
Thorndike, E.L. Prediction of Vocational Success, Oxford University Press, London, 1934.
Tippett, L.H.C., Statitics, Oxford University press, London, 1947.
Tracy, F., The Psychology of Adolescence, The Macmillan Co., New York, 1925.
Thorpe, L.P., Psychological Foundations of Personality, Mc Graw-Hill Book Co., New York, 1938.
Utitz E., Charakterologie, Pan Verlag, Rolf Heise, Charlottenburg, 1929

Van Rensburg, J.A.J., Your Future Career, Langmans Green and Co., London, 1940.
Waterinck. J., Hoofdlijnen der Zielkunde, N.V. Gebr. Zomer en Keunigs, Wagenenigen, 1942.
Waterinck, J., De mens in het Bedryf, N.V. Gebr. Zomer en Keunigs, Wageningen, 1951.
Waterinck. J., Theorie der Opvoeding, J.H. Kok, Kampen, 1951.
Watson, J.B., Psychology from the standpoint of a Behaviorist, Lippencott Co., New York, 1929.
Weber, M., Wirtschaft und Gesellschaft, Grundriss der Sosialökonomik, III ten Abteilung, 1922.
Wellek, A., Die Polarität im Aufbau des Charakters, A. Franke, Bern, 1950.
Wertheimer, F.I, Untersuchung zur Lehre von der Gestalt Psychologische Forschung, Quelle Meyer, Leipzig, 1912.
Wilks, S.S., Elementary Statistical Analysis, Princeton University press, New York, 1949.
Wright, S, Applied physiology, Oxford University press, London, 1942.
Zullinger, H., Jugendliche Diebe im Rohrschach, Formversuch, Quelle und Meyer, Leipzig, 1938.

## TYDSKRIFTE.


| | | |
|---|---|---|
| Journal of Abnormal and Social Psychology | Nr. | jaar |
| | 16 | 1921 |
| | 20 | 1926 |
| | 22 | 1926 |
| | 23 | 1928 |
| | 40 | 1945 |
| Americon Psychologist Volume 6, nr. | 9 | 1928 |
| Volume 8, nr. | 4 | 1953 |
| British Journal of Educational psychology | Nr. | jaartal |
| | 1 | 1931 |
| | 15 | 1933 |
| Journal of Experimental Psychology | 8 | 1925 |
| | 6 | 1926 |
| | 11 | 1931 |
| Psychological Bulletin | 34 | 1941 |
| | 39 | 1942 |
| Psychological Review | 40 | 1933 |
| American Journal of Psychiatry | 7 | 1928 |